


(i)



DIE GESKIEDENIS VAN DIE ONTWIKKELING

VAN DIE ONDERWYS

IN DIE DISTRIK WINBURG.

NIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

DEUR

W I L L E M _ C H R I S T O F F E L _ E L S .

---oOo---

UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



111084935801220000019

WENN DIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
17 APR 1955
KLAS No. T 370.96837 L1s
No. 51886
BIBLIOTEEK

Hierdie verhandeling word voorgelê ter vervulling van n deel van die vereistes vir die graad MAGISTER EDUCATIONIS in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat,

BLOEMFONTEIN.

o o o o o o o o o

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad van Magister Educationis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, nie voorheen deur my vir n graad aan enige ander Universiteit ingedien is nie.

BA
.....

X X X X X X X X X X X X X X X

1958.

.....

VOORAF.

Winburg, as eerste Voortrekkerdorp in die Oranje-Vrystaat, het vir ons nog altyd n mate van bekoring gehad (want byna elke klip en steen herinner ons aan n romantiese verlede), wat verder verskerp is deur ons liefde vir die geskiedenis van die Voortrekker-voorgeslagte en vir die baanbrekerswerk deur hulle verrig. Dit was dan ook aangenaam om in die stofbedekte verlede te gaan delf en aan die roepstem om meer te weet aangaande sy onderwysaangeleenthede, gehoor te gee.

Navorsing is egter bemoeilik deur die feit dat: 1) „Die Winburger“, die amptelike koerantjie van Winburg, nie behoue gebly het nie. Nie één eksemplaar het die gety van die tyd deurstaan nie; 2) Vòòr die aanstelling van dr. Brebner as inspekteur was daar geen gereelde verslae gehou oor onderwysaangeleenthede nie; 3) Die Kerknotule van 1886 -1904 het verlore geraak; 4) Verskeie van die eerste inspekteursrapporte kon nie gevind word nie; 5) Die logboek van die skool was in baie gevalle onvolledig; 6) Lêers van Winburg se goewermentskool bestaan eers sedert 1923 by die Departement van Onderwys te Bloemfontein, aangesien dié voor die datum deur brand en trekkery van die een gebou na n ander vernietig is of verlore geraak het; 7) Die vroegste Skoolkommissie-notule van Winburg wat nog bestaan, dateer sedert 1936.

Ons voel ons uit dankbare erkentlikheid verplig om die name van alle persone wat n helpende aandeel in hierdie studie gehad het, te noem:

Eerstens wens ons die volgende onderwysmanne te bedank: Mnr. C. J. Steyn, gewese skoolhoof van die Winburgse Volksskool, tans skoolhoof van die Volksskool, Virginia, vir sy gewaardeerde hulp in verband met die hoofstukke oor die invloede op die onderwys na 1904. Met onbaatsugtigheid het hy baie kostbare ure vir persoonlike onderhoude afgestaan. Indien daar nie die hartlikste medewerking van die twee huidige skool-

hoofde/

skoolhoofde, tw. Mnre. J. J. le Roux en D. J. J. C. van Vuuren, van die Hoër- en Volksskool onderskeidelik, was nie, sou hierdie werk seker nooit die lig gesien het nie, want die bronne wat hulle geopen het, kon ons in staat stel om 'n helder beeld van die ontwikkeling van 1904 tot 1957 te kry. Geen opoffering was vir hulle te groot nie. My opregte dank vir hulle hulp.

Tweedens wil ons dié persone bedank wat primêre bronne tot ons beskikking gestel het: Ds. S. J. Botha van die Winburg-gemeente vir verlof tot toegang tot die Winburg-N.G. Kerkargief; Mej. E. M. Bell, Prokureurskantore, Winburg, vir oorspronklike stukke in verband met die geskiedkundige gebeure van 1937. Sy het ook vrywillig en goedgeunstig die blokke van die foto's wat in hierdie werk verskyn, geleen. (Dié blokke is vir die eerste keer in 1927 gebruik); Mnr. S. de Jager, Assistent-Landdros, Winburg, vir die oopstelling van die wetboeke van die O.R.C. en daarna; die Skoolraadsekretaris, Winburg, vir hulp sover wetlik moontlik; Mnr. en Mev. P. A. Human, huisouers van die Winburgweeshuis, vir die boekie oor die Weeshuis-ontwikkeling; Mnr. J. Human, onderhoof van die Volksskool, Winburg, vir stukke in sy besit; die Scriba van die Rietfontein-gemeente vir toegang tot die Kerknoutule.

Derdens wil ons ons gewaardeerde dank betuig teenoor Mnre. A. J. H. Maree en J. H. Mienie van die Argiefpersoneel van die Oranje-Vrystaat en laasgenoemde heer ook in sy hoedanigheid as deeltydse Kerkargivaris; ook teenoor Mnr. A. P. J. van der Poel van die Departement van Onderwys vir die Direkteursverslae en Mnr. C. J. Haasbroek, Sekretaris van Onderwys, vir die oopstelling van lêers oor Winburg onder sy sorg.

Ons is baie dank verskuldig aan Mnr. G. H. le Roux, Skoolhoof, Hoërskool, Hennenman, wat as taalreviseur opgetree het, en Mnr. J. C. de Bruin, Skoolhoof, Volksskool,

Hennenman/

(v)

Hennenman, vir die druk van die foto's wat in die werk verskyn.

Voorts n woord van dank aan die volgende persone wat onderhoude toegestaan het: Mnr. H. S. Kok, Winburg; Mev. B. Venter en Mnr. M. Barnard, albei van Ventersburg; Mev. M. Loch, Paul Roux, wat ook die foto van die Winburgse konsentrasiekamp-hospitaal vrywillig geleen het.

En laaste, maar nie die minste nie: Opregte dank aan dr. J. P. Botma, hoof van die Departement Geskiedenis van die Onderwys, U.O.V.S., wat gedurende die U.O.D.- en B.Ed.-kursusse tot so n mate my belangstelling vir die Onderwysgeskiedenis geprikkel het, dat hierdie verhandeling die gevolg daarvan kon wees. Ook vir sy waardevolle wenke, hulp en leiding met hierdie studie wens ons ons opregte waardering en dank uit te spreek.

Dankbare waardering gaan aan almal wat belangstelling in hierdie werk betoon het.

Ten slotte wil ek met ~~genoeë~~ hierdie werk aan hulle almal wat sedert die verre verlede hulle tyd en kragte aan die ontwikkeling van die onderwys te Winburg gewy het, opdra.

W.C. ELS.

HENNENMAN,
21 Augustus 1958.

---oOo---

VERBETERINGE.

- p.47: Verwysing 81) moet lees: 5).
- p.68: 13de reël van onder: In 1874 moet lees: In 1847
- p.76: 4de reël van onder: moet lees C. von Brandis.
- p.112: 8ste reël van onder: In 1882 moet lees: In 1885
- p.115: 2de reël van bo: in standaard vyf-klas moet lees: n
p.119: Verwysing: 4) Ibid: p. 83.
- p.127: 12de reël van bo: na "gekem" is 'n komma-punt; moet lees:
te staan gekem; "a few families....."
- p.134: 2de reël van onder: "large stone..." moet lees: "large
stones":...
- p.135: Verwysing: 7) "Die Kerkboek": 2 Julie 1901, p. 398.
- p.139: 11de reël van bo: "andersinds" moet lees: "andersins".
- p.141: 5de reël van onder: "andersinds" moet lees: "andersins".
- p.153: 4de reël van onder: "andersinds" moet lees: "andersins".
- p.190: 13de reël van bo: "het die die Hoër...." moet lees:
"het vir die Hoër....."

ALFABETIESE LYS VAN AFKORTINGS VAN VERWYSINGS WAT
IN HIERDIE VERHANDELING GEBRUIK WORD.

- B.R. : Warden se Brieweboeke.
Cd. : Britse Blouboeke.
D.V. : Direkteursverslae.
E151 : Geboue en Terreinlêer. (Departement van Onderwys).
G.S. : Goewermentsekretaris.
I.R. : Inspekteursrapporte.
L.B. : Logboeke van Hoër- en Laerskool.
Litt. : (A, B en C): Korrespondensieboek, N.G. Kerk,
Winburg.
O.R. : Verslag van den Staat van het Openbaar onderwys.
R.K.N.: Rietfontein-N.G. Kerk-notule.
S.K.N.: Skoolkommissienotule.
T.G. : Tesourie-generaal.
V.Not.: Volksraadsnotule.
V.R. : Volksraadsbylae.
W.K.N.: Winburg-N.G. Kerk-notule.
-

VEROEFENINGE.

- p.47: Verwysing 81) neet lees: 5)
- p.68: 13de roël van onder: In 1874 neet lees: In 1847
- p.76: 4de roël van onder: neet lees C. von Brandig.
- p.112: 8ste roël van onder: In 1882 neet lees: In 1885
- p.115: 2de roël van bo: in standaard vyf-klas neet lees: n
p.119: Verwysing: 4) Ibid: p.83.
- p.127: 12de roël van bo: na „geken“ is n komma-punt; neet lees:
te staan geken; „a few families.....“
- p.134: 2de roël van onder: „large stone...“ neet lees: „large
stone“...
p.135: Verwysing: 7) „Die Kerkbede“: 2 Julie 1901, p.398.
- p.139: 11de roël van bo: „andorsings“ neet lees: „andorsins“.
- p.141: 5de roël van onder: „andorsings“ neet lees: „andorsins“.
- p.153: 4de roël van onder: „andorsings“ neet lees: „andorsins“.
- p.190: 13de roël van bo: „het die die Heër....“ neet lees:
„het vir die Heër....“

I N H O U D S O P G A W E.BLADSY.DEEL I : INLEIDING EN AGTERGRONDBEELD.....

<u>HOOFSTUK I - INLEIDING -</u>	1-9
1) Die Koms van die Blankes en vestiging tussen die Vet- en Vaalriviere.....	1-3
2) Die Onderwysaangeleenthede tussen die Vet- en Vaalriviere vòr die stigting van Winburg.....	4-9
<u>HOOFSTUK II - DIE STIGTING EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE DORP WINBURG.....</u>	10-14
1) Die stigting van die dorp.....	10-11
2) Die naam van die dorp.....	11-12
3) Die ontwikkeling van die dorp.....	12-14
<u>HOOFSTUK III - DIE STIGTING EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE NEDERDUITS-GEREFORMEERDE GEMEENTE TE WINBURG.....</u>	15-23
1) Die stigting van die N.G. Gemeente.....	15-16
2) Die ontwikkeling van die N.G. Gemeente sedert 1850	16-22
3) Leraars sedert 1917 in die N.G. Gemeente, Rietfontein.....	23

* * * * *

DEEL II : DIE ONTWIKKELING VAN DIEONDERWYS VAN 1837 TOT 1903.

<u>HOOFSTUK IV - DIE EERSTE JARE VAN DIE ONDERWYS TE WINBURG EN DIE PERIODE TOT 1873..</u>	24-79
1) Onderwys tussen die jare 1837 en 1849.....	24-27
2) C. Korsten (1849 - 1851).....	28-33
3) J. Pierik (1852 - 1853).....	33-37
4) Onderwyspos te Winburg vakant (1854 - Mei 1855)...	37-40
5) C. D. van Soelen (Mei 1855 - Augustus 1855).....	40-42
6) A. Kok (November 1857 - April 1861).....	42-47
7) J. Styger (Junie 1861 - April 1863).....	47-51
8) H. J. Hofstede (20 Maart 1863 - Junie 1868).....	51-65
9) Onderwys te Winburg (Julie 1868 - Desember 1873)..	65-68
(a) A. Kok (Oktober 1868 - Oktober 1869).....	66-67
(b) P. N. Sluymers (November 1870 - Junie 1873)..	67-68
10) Enkele onderwysers in die Winburgdistrik (vòr 1873).....	68-79
<u>HOOFSTUK V - DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS TE WINBURG TUSSEN 1874 EN 1899.....</u>	80-118
A. <u>DIE DISTRIKSKOOL TE WINBURG: 1874 - 1899.....</u>	80-109
1) Inleiding.....	80
2) N. Pos (Desember 1873 - Julie 1874).....	81-87
3) A. Reeders (22 September 1875 - 26 Mei 1887).....	87-101
4) J. Fivaz (9 Oktober 1887 - Desember 1894).....	102-105
5) S. W. Pienaar (Januarie 1895 - 1899).....	105-109
B. <u>DIE WYKSKOLE IN WINBURGDISTRIK (1879 - 1886)...</u>	109-112
1) Inleiding.....	109-110
2) Wykskool te Popolis (1879 - 1880).....	110-111
3) Wykskool te Wormwood (1881 - 1883).....	111-112
4) Wykskool te Klipplaatsdrift (1884 - 1886).....	112

C. <u>DIE RONDGAANDE SKOLE IN WINBURGDISTRIK</u> (1894 - 1899).....	113
1) Inleiding.....	113-114
2) Jachtpoort (1894 - 1898).....	114-116
(a) A. J. Reeders (1893 - 1894).....	114-115
(b) J. C. Lombaard (1895 - 1896).....	115
(c) G. A. Coetzer (1896 - 1898).....	115-116
(d) G. Stegman (1898 - 1899).....	116
3) "Winburg Road Station" (1895 - 1899).....	116-117
(a) W. E. Verschuur (1895 - 1896).....	116
(b) J. H. P. van der Merwe (1898 - 1899).....	116-117
4) Witlaagte (later "The Mine") (1896 - 1899).....	117-118
5) Popolis (1898).....	118
D. <u>PRIVAATSKOLE TE WINBURG</u>	118

<u>HOOFSTUK VI - WINBURG SE KONSENTRASIEKAMP EN DIE</u> <u>ONDERWYS TYDENS DIE OORLOGSJARE,</u> 1899-1902.....	119-141
1) Inleiding.....	119-120
2) Toestande in die Winburgse konsentrasiekamp.....	120-132
(a) Die Kamp en kamporganisasie.....	120-126
(b) Getalle, siektes, sterftes en hospitalisasie	126-130
(c) Geestelike bearbeiding.....	130-132
3) Onderwys in die Winburgse Konsentrasiekamp.....	132-141
(a) Inleiding.....	132-133
(b) Toestande van die Kinders in die Strafkamp..	133
(c) Getalle.....	133-134
(d) Skoollokaal en skoolbenodigdhede.....	134-135
(e) Medium.....	135-136
(f) Personeel.....	136-137
(g) Vakke.....	137-138
(h) Metodiek.....	138-139
(i) Samevatting.....	139-141

* * * * *

DEEL III : FAKTORE WAT DIE ONDERWYS NA
1904 BEINVLOED HET.

<u>HOOFSTUK VII - DIE WINBURGWEESHUIS EN DIE INVLOED</u> <u>OP DIE ONDERWYS</u>	142-160
A. <u>DIE WEESHUIS</u>	142-152
1) Inleiding.....	143
2) Ontstaan.....	143-145
3) Geboue.....	145-147
4) Finansies.....	147-149
5) Onderwys, Onderrig en Opvoeding in die Weeshuis..	149-151
(a) Onderwys.....	149-150
(b) Onderrig en Opvoeding.....	150-151
6) Huisouers.....	151-152
B. <u>DIE INVLOED VAN DIE WEESHUIS OP DIE ONDERWYS</u>	152-160
1) Invloed op die Skoolrol.....	152-155
(a) Invloed op Volksskoolrol.....	152-154
(b) Invloed op Hoërskoolrol.....	154-155
2) Invloed op Dissipline.....	155-157
3) Invloed op interne organisasie van die skool.....	157-158
4) Samewerking tussen Skool en Weeshuis.....	158-160

<u>HOOFSTUK VIII - SKEURING IN DIE GEMEENTE EN DIE</u> <u>INVLOED OP DIE ONDERWYS</u>	161-169
1) Inleiding.....	161
2) Die kerklike twis.....	161-165
3) Invloed van die Kerkstryd op die Onderwys.....	165-169

* * * * *

DEEL IV/

The first part of the document discusses the importance of maintaining accurate records of all transactions. It emphasizes that every entry should be supported by a valid receipt or invoice. This ensures transparency and accountability in the financial process.

Furthermore, it is noted that regular audits are essential to identify any discrepancies or errors. By conducting these audits frequently, the organization can prevent small issues from escalating into larger financial problems.

In addition, the document highlights the need for clear communication between all departments involved in the financial operations. This includes the accounting department, management, and external stakeholders.

The second section of the document focuses on the implementation of a robust internal control system. This system should be designed to minimize the risk of fraud and mismanagement. Key components of this system include:

- Separation of duties to prevent any one individual from having too much control over a process.
- Regular reconciliation of accounts to ensure that all entries are accurate and up-to-date.
- Implementation of a strong approval process for all significant financial transactions.

The document concludes by stating that a commitment to high standards of financial integrity is crucial for the long-term success of any organization. By adhering to these principles, the organization can build trust and ensure its financial stability.

Financial Statement Review and Compliance Report

This report provides a detailed overview of the financial performance of the organization over the past fiscal year. It includes a comprehensive analysis of the income statement, balance sheet, and cash flow statement.

The income statement shows a steady increase in revenue, primarily driven by the expansion of our core business units. However, there has been a corresponding increase in operating expenses, which has resulted in a slight decrease in net income compared to the previous year.

The balance sheet indicates that the organization's assets have grown significantly, reflecting the successful completion of several major projects. On the other hand, the increase in liabilities is a result of the financing activities undertaken to support these projects.

The cash flow statement shows a positive trend, with operating activities generating more cash than was used in investing and financing activities. This is a positive sign for the organization's financial health.

In terms of compliance, the organization has maintained full adherence to all applicable financial reporting standards and regulations throughout the year. No material weaknesses or non-compliance issues were identified during the audit.

Looking ahead, the management team is committed to continuing the growth strategy while maintaining a strong focus on financial discipline and risk management. We anticipate a bright future for the organization as we continue to explore new opportunities and optimize our operations.

DEEL IV : DIE ONTWIKKELING VAN DIE
ONDERWYS VAN 1903 TOT 1957.

<u>HOOFSTUK IX - DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS,</u>		
	1903 TOT 1923.....	170-212
1)	C. Grant (1903 - 1904).....	170-177
	(a) Die Goewermentskool heropen.....	170
	(b) Die C.N.O.-skool te Winburg.....	170-175
	(c) Die Goewermentskool (1903 - 1904).....	175-177
	Personeel.....	175
	Skoolrol.....	176
	Eksamens.....	176
	Geboue.....	177
2)	D. Pyne Mercier (1904 - 1920).....	177-207
	(a) Inleiding.....	177-179
	(b) Die Taalmedium.....	179-182
	(c) Personeel en Skoolorganisasie.....	182-185
	(d) Algemene ontwikkeling van die skool.....	185-201
	(i) Skoolrol.....	185-187
	(ii) Geboue.....	187-189
	(iii) Eksamens.....	189-191
	(iv) Uitbreiding van skoolvakke.....	191-195
	Wetenskap.....	191-192
	Handelsvakke.....	192-193
	Landbou.....	193
	Kookkuns en Naaldwerk.....	193-194
	Houtwerk.....	194
	Aanpassingsklas.....	194-195
	(v) Inspeksie en standaard van werk.....	195-199
	(vi) Buiteskoolse Werkzaamhede.....	199-201
	(e) Koshuise.....	201-202
	(f) Onderwys in die Distrik tot 1910.....	203-
	(i) Stigting van die Skoolraadsdistrik, 1906.....	203
	(ii) Onderwys op die Buiteskole.....	203
	Algemeen.....	203-204
	Standaard van werk.....	204
	Die vernaamste probleme.....	204-206
	Uitbreiding van die plaasskole.....	206-207
3)	D. J. Retief (1921 - 1923).....	208-212
	(a) Inleiding.....	208
	(b) Fenomenale uitbreiding en skeiding.....	208
	Rol.....	208
	Werk en organisasie.....	208-209
	Skeiding.....	209-210
	(c) Koshuise.....	210-212

<u>HOOFSTUK X - DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS IN</u>		
	DIE HOËRSKOOI, 1923 - 1957.....	213-222
1)	D. J. Retief (1923 - 1926).....	213-216
	(a) Die naam van die skool.....	213-214
	(b) Inwyding van die Hoërskool.....	214-215
	(c) Die werksaamhede van die skool.....	215-216
2)	H. H. Roos (1927 - 1928).....	217
3)	D. F. Malherbe (1928 - 1952).....	217
	(a) Algemene ontwikkeling tot 1939.....	218-220
	(b) Die Skoolsaal.....	220
	(c) Die oorlogsjare, 1939 - 1945 en daarna.....	221-222
4)	(a) A. P. Barnard (1953 - 1956).....	222
	(b) J. J. le Roux (1957 -)	

<u>HOOFSTUK XI - DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS</u>		
	IN DIE LAERSKOOI, 1923 - 1957.	223-234
1)	J. G. E. van Zijl (1923 - 1948).....	223-231

(x)

(a)	Inleiding.....	223
(b)	Skoolrol en personeelvoorsiening.....	223-224
(c)	Algemene ontwikkeling van die skool.....	224
	(i) Geboue.....	224-225
	(ii) Eksamens.....	225
	(iii) Standaard van werk.....	226-228
	(iv) Uitbreiding van Onderwysdienste.....	228-230
	Hulpklas.....	228-229
	Biblioteek.....	229
	Voedingskema.....	229-230
	Spaarklub.....	230
	(v) Ander Skoolbedrywighede.....	230-231
2)	C. J. Steyn (1949 - 1955)	231-234
	(a) Inleiding.....	231
	(b) Die skool ondergaan 'n metamorfose.....	231
	(c) Skoolrol en personeel.....	231-232
	(d) Algemene ontwikkeling van die skool.....	232-234
	(i) Geboue en terrein.....	232-233
	(ii) Algemeen.....	233-234
	(iii) Sport- en verenigingslewe.....	234
3)	D. J. J. C. van Vuuren (1956 -).....	234
 <u>HOOFSTUK XII - BESLUIT</u>		235-237
 <u>BYLAE A en B</u>		238-251
 <u>BIBLIOGRAFIE</u>		252-254

---c0o---

LYS VAN ILLUSTRASIES.

	BLADSY.
Die ou Winburgkerk.....	17
Eerste kerk van Rietfonteingemeente.....	21
Grondplan van eerste Goewermentskool.....	97
Eerste Goewermentskool.....	98
Kamphospitaal, Winburg.....	teenoor.129

---o0o---

D E E L _ I .

INLEIDING EN AGTERGRONDBEELD.

HOOFSTUK I.

I N L E I D I N G.

1) DIE KOMS VAN DIE BLANKES TUSSEN DIE VET- EN VAALRIVIERE.

Andries Hendrik Potgieter het met sy trekgeselskap die Kaapkolonie teen die einde van 1835 verlaat.¹⁾ In die buurt van die huidige Smithfield het Sarel Cilliers aan die hoof van 'n aantal gesinne by hom aangesluit. Die verenigde trek, wat nou ruim twee honderd siele getel het, is by Thaba 'Nchu verby en het aan die Vetrivier in die nabyheid van die huidige Winburg die verhongerde oorblyfsels van die Batuang, wat hulle hier uit vrees vir die Matabele skuil gehou het, aangetref.²⁾ „Potgieter claimed the whole Vet River district (afterwards Winburg) as far as the Vaal River in terms of a treaty with Makwana, a petty local Batuang chief”.³⁾ Makwana het met groot bereidwilligheid genoemde gebied aan Potgieter vir 'n trop vee en die versekering dat die Boere hom onder hulle beskerming sou neem, verruil.⁴⁾

Die Potgieter-trek het byna sewe maande lank 'n idilliese toestand belewe. Die kwellinge wat die mense in die Kolonie moes verduur, het tot die verlede behoort. Vir hulle groot kuddes vee was daar ruim en goeie weiveld. Ná die ooreenkoms met Makwana en onderwyl Potgieter na die Soutpansberg was, het hulle hulle met groot gerustheid oor die geruilde gebied heen versprei. Uit hierdie rus is hulle onverwags en wreed wakker geskud. In Augustus 1836 het Moselekatse, die opperhoof van die Matabele, 'n naturelle stam noord van die Vaalrivier, 'n impi van ongeveer duisend man op die voorste Trekkers afgestuur en die families Erasmus en Liebenberg langs die Vaalrivier vermoor.⁵⁾

Potgieter het die Matabele onder Kalipi twee maande later op 16 Oktober 1836 by Vegkop verslaan.

Op/

-
- 1) A.J.H. van der Walt, J.A. Wird en A.L. Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika. Deel 1. p. 285 cf. L.B. van der Walt: Ontstaan en Groei van Winburg. p.7.
 - 2) A.J.H. van der Walt, e.a: op.cit. p.285. cf.E.A. Walker: A History of Southern Africa. p 211.
 - 3) Walker, E.A.: op.cit. p. 211.
 - 4) S.F.N. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika. Deel II. p. 302.
 - 5) A.J.H. van der Walt, e.a: op.cit. p. 287.

Op hulle terugtog het die Matabele egter al die vee van die trekkers meegevoer. Moroko, die Barolong-opperhoof, en die Wesliaanse sendeling, William Archbell, het hom na Thaba 'Nchu teruggehelp waar 'n nuwe trekparty onder Gerrit Maritz van Graaff Reinet by hulle aangesluit het.¹⁾ Die eerste Voortrekkergrondwet word in Desember 1836 opgestel, en teen die end van die jaar was alles voorberei vir 'n strafekspedisie teen die Matabele. Op 2 en 3 Januarie 1837 onderskeidelik, het die kommando's onder Potgieter en Maritz vertrek. Na 'n gevoelige neerlaag wat die Matabele by Mosega toegedien is, het daar eindelijk 'n einde aan die verskrikking en verwoesting wat Moselekatse vir 'n ruim aantal jare in die noordelike dele van die Vrystaat gesaai het, gekom.²⁾

Teen die einde van Maart was die derde groot groep trekkers onder aanvoering van Piet Retief in aantog. Na Retief se aankoms, en iets langer as vier maande nadat die eerste bestuursreëling by Thaba 'Nchu getref was, is op 17 April 1837 by geleentheid van 'n groot volksbyeenkoms 'n nuwe verkiesing van ampsdraers gehou. Deur hierdie vergadering is Retief tot Goewerneur en Kommandant-Generaal en Maritz as voorsitter van die Burgerraad en magistraat gekies.³⁾

Die trekgroepe het nou, met Potgieter vooraan, weer stae dig in die rigting van die Vetrivier beweeg⁴⁾ terug na die gebied wat deur die ruilooreenkoms met Makwana aan die Trekkers behoort het.

Op 21 Mei is eerwaarde Smit as predikant van die Trekkers bevestig. Op 6 Junie is met groot plegtigheid die ampsdraers wat op 17 April verkies was, in die laer van Piet Retief aan die Vetrivier ingesweer.⁵⁾

Inmiddels het die trekgeselskap van Jacobus Uys en sy seun, Piet, ook aangekom, sodat hier nou ongeveer duisend waens⁶⁾ langs die Vetrivier en Laaispruit saamgetrek was.

Die/

-
- 1) Walker, E.A: op.cit. p. 203.
 - 2) A.J.H. van der Walt, e.a: op.cit. p. 289.
 - 3) Ibid: p. 290 - 291.
 - 4) Ibid: p. 291.
 - 5) Ibid: p. 293.
 - 6) Walker, E.A: op.cit. p. 205.

Die trekpaaië het hierna uitmekaar gegaan. Terwyl Retief op pad was na Natal, het Potgieter 'n tweede kommando teen Moselekatse georganiseer. Die Matabele het nog steeds 'n gevaar vir die Trekkers gebly. Potgieter het die medewerking van Maritz en Uys verkry, en op 14 November 1837 het die verenigde kommando van 360 burgers onder aanvoering van Potgieter en Uys die Matabele in 'n negedaagse veldslag tot anderkant die hoofstat, Kapain, verdryf. In alleryl het Moselekatse tot oor die Limpopo gevlug, om hom daar vir goed in die huidige Matabeleland te vestig.¹⁾ (Theal beweer dat Winburg aangelê is na die terugkeer en oorwinning van hierdie kommando. Hieraan sal ons egter later aandag skenk.)

Gedurende die vyf of ses maande tussen Junie en November 1837, terwyl die Trekkers in die omstreke van die huidige Winburg gestaan het, het die Voortrekkerwaens 'n diep pad deur die Vetrivier, al langs Laaispruit op en oor Rietfontein, dwarsoor die plek waar die dorp, Winburg, later aangelê is, getrap. (Hierdie plekke is vandag nog sigbaar.) Dié omgewing waar die Trekkers 'n halfjaar gestaan het, het later die plase Waayfontein, Seekoeigat, Soutfontein, Hartplaats en Rietfontein geword.²⁾

Maritz en Uys volg nou vir Retief na Natal, terwyl Potgieter na die gebied noord van die Vaalrivier trek.

Na die vernietiging van Moselekatse se mag, is die Transvaal en die Noordelike Vrystaat vir blanke beskawing veilig gemaak. In die verbeelding sien ons nou hoedat die agtergeblewe Trekkers aan die oewers van Laaispruit en die Vetrivier ontspan, uitsprei en selfs tydelike hartbeeshuisies oprig; langamerhand is 'n gemeenskap besig om te ontstaan en te groei. Weldra word die behoefte aan 'n drosdy gevoel, en in 1841 is getekende memories in dié verband by die Volksraad van Natal ingedien.³⁾

2)/

1) A.J.H. van der Walt, e.a: op.cit. p. 295.

2) Winburg se geskiedkundige feesterrrein: 'n pamflet.

cf. J.H. Malan: Die opkoms van 'n Republiek. p. 31 en 32.

3) Ibid. cf. J.H. Malan: op.cit. p. 31.

2) DIE ONDERWYSAANGELEENTHEDE TUSSEN DIE VET- EN VAALRIVIERE VÓÓR DIE STIGTING VAN WINBURG.

Aangesien die eerste jare van die onderwys in die gebied tussen die Vet- en Vaalriviere (later die distrik Winburg) 'n direkte uitvloeisel was van die onderwys soos ons dit op Trek aangetref het, is dit nodig om aandag aan die onderwys, onderwystoestande en die opvoeding van die jeugdige Voortrekkertjies te wy. Dit sal ons ook help om die sukkeltoestande tydens die eerste jare te Winburg op die gebied van onderwys en opvoeding in perspektief te sien.

Vòòr die koms van die trekkers in die gebiede ten noorde van die Oranjerivier is daar weinig, byna niks op die gebied van die onderwys gedoen nie. Die sendelinge wat hulle destyds in dié gebied aan beskawingswerk gewy het, was daarop uit om aan die naturelle die Woord van God te leer. Hulle was daar om godsdienstige redes. 1)

'n Mens kan dus sê dat vòòr die Groot Trek die blanke nog nie sy invloed op onderwysgebied ten noorde van die Oranjerivier laat geld het nie.

Die eerste werklike verteenwoordigers van die blanke ras was die stoere Trekkers, en alhoewel dit aan die begin maar moeilik gegaan het, het hulle op hulle manier hulle kinders volgens eie sedes en gewoontes probeer opvoed.

Die eerste belangrike vergadering van die trekkers het op Thaba 'Nchu plaasgevind, en die tweede op 6 Junie 1837 te Winburg waar Retief tot Goewerneur ingesweer is. Geen onderwys sake is bespreek nie, dog in die eed wat Retief afgelê het, belowe hy dat hy "... de Christelike Geloofsbelydenis... zal protekteren en beschermen..." en dat hy in die regering geen beampies sal toelaat tensy "... die lidmaten van der... Gereformeerde Kerk en van hunne goede getuigschriften voorzien zijn." 2)

Die/

-
- 1) Die Transvaler, 2 Desember 1938. Dr. Louis Steenkamp: Onderwys op Trek. (n artikel). (Behalwe waar anders vermeld, is gegewens hieruit verkry.)
- 2) Vgl. G.B.A. Gerdener: Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal. (Ook genoem: Ons Kerk in die Transgariep.) p. 22 en 23.

Die Kerk en die onderwys was dus vir die Trekkers nou aan mekaar verbonde, en ook in die praktyk sou daar streng op gelet word dat net lede van die Hollandse Kerk in staats-betrekkinge aangestel word.

Die lewe van die Trekkers was jare lank alles behalwe rustig, en hulle moes byna al hulle aandag wy aan krygsake, aan die beskerming van hulle lewens en aan die verdediging van die onafhanklikheid wat vir hulle dierbaar was. Daar was dus nie baie kans om veel aandag aan onderwys sake te bestee nie, dog die Trekker was gretig om sy kind te laat leer, omdat hy streng godsdienstig gebly het. Om die belydenis te kon aflê en as ware lid van die gemeenskap en van die kerk aangeneem te word, moes die jongman of -dogter tenminste die Bybel vlot kan lees.

Dit blyk dat die meeste onderwys saans geskied het. Deur die gedurige rondtrek kon daar natuurlik bedags nie baie aandag aan die onderwys van die kinders geskenk word nie, en na die vermoeiende trek van die dag, kon dit ook nie alte aangenaam wees om nog „les op te sê" nie. As 'n mens dit en die feit dat die meeste kinders maar uiters ses maande skoolgegaan het, in aanmerking neem, strek dit hulle voorwaar tot eer dat hulle dit nog so ver kon bring om betreklik goed te skrywe en vlot te lees. Saans het die kinders om die vetkers gesit om les op te sê, en om verder gewoonlik deur moeder of deur meester onderwys te word.¹) Die ouers het gewoonlik baie geduld aan die dag gelê, maar af en toe het 'n minder geduldige ouer die plak hard laat klap. Verder het die onderwys deur die ouer gegee, dan ook nie, uit die aard van die saak, 'n hoë peil bereik nie. Tog het dit verhoed dat die kind geheel-en-al soos 'n heiden groot word.

By sommige laers was daar egter onderwysers, sommige van wie baie vir die leerlinge beteken het - manne wat hulle amp verstaan en wat die belange van hulle leerlinge op hulle hart gedra het.

'n Groot/

1) Vgl. G.B.A. Gerdener: op.cit. p. 68.

'n Groot aantal, egter, het hulle aan dié amp gewy bloot omdat hulle te lui was vir enige ander werk, of omdat hulle 'n klompie vee bymekaar wou maak om dan later te gaan boer. Sommige van hulle was dan ook beter boere as onderwysers en het self onderwys nodig gehad. Dikwels het die platriem meer tot die vordering van die leerlinge bygedra as die onderwyser.

Daar die staat geen regstreekse toesig oor die onderwys uitgeoefen het nie, kon skurke hulle maklik as onderwysers voordoen, en om dié rede het die ouers in die meeste gevalle self die godsdiensoonderrig behartig. Sonder die ware, diepe godsdienssin en voorliefde vir die Kerk, sou hierdie uitgeweke deel van ons volk nie staande gebly het nie.

Die onderwyser het nie net onderwys gegee nie. Dit is van hom verwag om ook met die algemene plaas- en kampwerk behulpsaam te wees. Alhoewel die kinders baie groot respek en vrees vir hom gekoester het, was hy gewoonlik nie baie hoog aangeskrewe by die ouers nie. Dog in weerwil daarvan het hy by maaltye gewoonlik voorgegaan in gebed.

Sommige meesters sou ook in die skool, gedurende skoolure, gerook, knope gesny of testamente en geslagsregisters uitgeskrywe het. Ander weer sou heen en weer tussen die kinders gestap het en met tussenposes uitgeroep het: „Leer, kinders, leer!”

Onderwysers was daar nie baie nie, en sommige opvoedkundiges meen dat daar vir die kinders op trek, sowat 2,000 in getal, slegs sewe of agt was.¹) Dr. Louis Steenkamp meen egter dat dié getal effens laag geskat is. Behalwe eerwaarde Lindley en sy vrou, Erasmus en Susanna Smit, wat les in „fraaie handwerk” gegee het, was daar Mac Donald wat saam met die Liebenberggeselskap vermoor is, Wynant Mare, Alfred Smith, Van der Lingen, Koos Nel, Jan Helberg, Mej. Nel, Hendrik Lezar, Sannie Prinsloo en D. Pfeiffer.

In/

1) Vgl. G.B.A. Gardener: op.cit. p. 69. „Die getal onderwysers was egter baie ver van toereikend.”

In die reël was die meester se salaris afhanklik van die aantal kinders wat die klasse bygewoon het; gewoonlik tien sjielings per kind per maand, maar dan het hy geen losies betaal nie. Het dit die ouers aan geld ontbreek, wat baiekeer die geval was, is meester met vee betaal. Party van hierdie onderwysers het egter net vir kos en klere gewerk.

'n Tent of 'n gedeelte van 'n tent het as skoolgebou gedien. Die skoolmeubels was, as gevolg van omstandighede, baie primitief en het meestal bestaan uit 'n paaf planke oor kissies geplaas, wat naas veldstoeltjies as sitplekke gedien het.¹) Uit vere is penne gesny, en stukkies lood is gebruik as potlode. Ink is uit 'n mengsel van kruit en 'n sekere soort besie gemaak.

Die A.B.C.-boek het die vernaamste rol in die aanvangstadium van die Trekkeronderwys gespeel. Die alfabet moes van buite geleer word, nie slegs van voor af nie, maar ook van agter af. Baie tyd is daardeur in beslag geneem, dog daar was nie groot haas nie, en na veel geswoeg kon die kinders die woordjies wat meestal uit een lettergreep en uit nie meer as twee letters bestaan het nie, in die A.B.C.-boekie leer spel.

Sodra die kind die A.B.C.-boekie geken het, is die „Trap der Jeugd" in sy hande geplaas. As hy enigsins kon spel en die eerste bladsye kon lees, het hy gewoonlik smôrens, as hy met die skape of beeste veld toe gaan, sy boekie met hom saamgeneem.

As hy die „Trap der Jeugd" geken het en vlot daaruit kon lees, het die Bybel sy vernaamste leesboek geword, en moes hy ook opsê uit die „Vraeboek". Borstius se vraeboek moes dan smôrens saamgaan veld toe, sodat die kind elke dag 'n „pandjie", ons sou sê 'n kolom of halwe bladsy, daaruit kon leer.

Na/

1) „Geloftedag 1953": (Eerste uitgawe van 'n jaarlikse publikasie vir Geloftedag deur die N.G. Kerk-uitgewers, Kaapstad) Dr. F.A. van Jaarsveld: Kinders op die Groot Trek. p. 6: „As die Trek lank op een plek vertoef het, is gewoonlik van gras of klei 'n hut gebou en daarin is die kinders geleer."

Na „Borstius" het die kind sy aandag aan „Hellenbroek" begin wy. Op „Hellenbroek" het die „Kort Begrip" gevolg, en so het die kind trapsgewyse hoër geklim, totdat hy aangeneem is. Al wat daarna gedien het om die verstand verder te ontwikkel, was die gereelde lees en betragting van die Bybel en ander godsdienstige werke.

Dr. G.B.A. Gerdener merk ook op: „... van algemene aard en vir die skoolgebruik was daar ander andere ook van Alphen se „Kleine Gedichten"; 'n 17 de eeuse kookboek, „De volmaakte Hollandsche Keukenmeid" en 'n doktersboek „Korte Beschrijvingen en Geneeswijs der Zieken." Dr. Gerdener beweer ook verder dat die A.B.C.-boek met die Haan en die Trap der Jeugd die mees-gebruikte kinderboekie was. ¹⁾ Dr. F.A. van Jaarsveld voeg hierby nog die „A.B.-jab" en verklaar dat hulle almal spelboeke is wat die lees-kuns moes ontwikkel. ²⁾

Die kind moes ook leer skrywe. Die skryfgereedskap was skaars en primitief, en dit alles het daartoe meegewerk dat die skryfkuns verwaarloos is. Die skryfonderrig het dan ook feitlik uit niks meer bestaan as die naskrywe van letters volgens voorbeelde nie. Hoe die verskillende letters in 'n woord na mekaar volg, is nie aan die kind geleer nie. Uit ou handtekeninge (waarvan talle voorbeelde in die ou N.G. Kerk-notules te Winburg verskyn) waarin die letters duidelik en los van mekaar geskrywe is, kan ons nog die ou metode herken. (Die gebruik van die hoofletter en die punt is ook nie aan die kinders geleer nie, aangesien dit uit dié ou handtekeninge blyk dat die groot meerderheid hulle vanne met klein letters begin.)

Met die rekenonderwys het dit nie baie beter gevaar nie. Die kinders het die syfers leer skrywe en dan maklike sommetjies gemaak: optel, aftrek, eenvoudige vermenigvuldiging en deel. ³⁾ Die meeste van die Trekkers het egter

gouer/

1) Die Volksblad: 3 Desember 1938.
2) „Geloftedag. 1953": op.cit. p. 6.
3) Vgl. Gerdener: op.cit. p. 68.

gouer uit hulle hoof gereken as wat ons op papier sou kon doen; dit het die praktyk meegebring en is miskien aan die swak skryfonderrig te danke.

In die daaglikse lewe van die Trekkers het sang 'n baie belangrike rol gespeel. Oor die algemeen het die Trekkers dan ook uitstekende stemme gehad en hulle het moeilike wysies met variasies gou-gou geleer. Met voor- en nasing het pa en ma die kinders leer sing, en dan moes hulle ook by die huis-godsdiens gereeld saamsing. Op hierdie manier het die kinders baie nootvas geword en dan ook die wysies van die meeste Psalms bemagtig. Van baie van die Psalms het die Trekkers die sogenaamde Liederwys geken, dog daar die Liederwysies nie in druk verkrygbaar was nie, en die ou gewoonte om hulle te sing, so te sê uitgesterwe het, het die meeste van hulle verlore gegaan.

As Pa, Ma of Meester gereken het dat die kind „slim" genoeg was, is hy aanneming toe gestuur. By die predikant of ouderling het dit maar moeilik gegaan, want die vereistes by die aanneming is hoog gestel. Die vernaamste leesboek was die Bybel, en die kind moes bewys lewer dat hy die verskillende Boeke goed en gou kon opsoek.

Hierdie Bybelonderrig het die kind se verstandelike ontwikkeling bevorder, want daar is gereeld uit die „Statebybel" gelees, en die kinders moes dan elkeen iets „onthou", versies leer of Bybelgeskiedenis navertel.¹⁾ Maar boweal het dit daartoe bygedra om hom godsdienstig te laat bly. Deur hierdie gewoonte is ons volk bewaar van agteruitgang op verstandelike, geestelike en morele gebied, en so is die toekomstige vaders en moeders onder die trekkers opgelei, om later op hulle beurt vir hulle kinders se opvoeding te sorg.

Dit is dus begryplik dat hierdie hele saak in verband met die onderwys gedurende die wisselende lotgevalle van die trekkerslewe nie na wens behartig kon word nie. Sodra die lewe egter meer gevestig was, is pogings in die werk gestel om saam met die godsdiens ook die saak van die onderwys op 'n vaste grondslag te plaas.²⁾

1) „Geloftedag. 1953": p. 6.

2) G.B.A. Gerdener: op.cit. p. 69.

HOOFSTUK II.

DIE STIGTING EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE DORP WINBURG.

1) DIE STIGTING VAN DIE DORP.

Die inwoners van die gebied tussen die Sand- en Vetriviere het die Volksraad van Natal reeds in 1839 as 'n oppergesag erken. Op 5 Oktober 1841 is hulle eerste verteenwoordiger, Hermanus Wessels, as lid van dié Volksraad te Pietermaritzburg ingesweer.¹⁾

Talryke getekende memories is op 8 Oktober 1841 by die Natalse Volksraad ingedien. Dit was van die inwoners, aan die Vetrivier en omstreke geleë, afkomstig.

„Gelezen eenige memorien van de inwoonderen aan Vet Rivier gedatteeerd 24 Septbr. 1841 versoekende om reedenen daar in aangehaald dat aan hun mag worden vergund op de plaats FK. de Beer genaamd Waay vontein een drostdy opterichten en de noodige ambtenaaren daar toe aan te stellen is beslooten dat de Raad geen objectie heef aan het versoek voormeld te voldoen en dat den Heer Pretorius met zÿn reis derwaarts zal worden be last om met die ingezetenen van die streek de noodige Schikkingen te maaken - zo omtrend de verkiesing van de Plaats zelve de lemietscheidingen van het districtt benoemen van ambtenaaren als ook met de beer de tegenswoordige bezitter van de Plaats omtrend eene billÿke vergoeding en die bepaalingen ter aprobatie van den Raad daar na voor te leggen - Echter wenscht de Raad de ingezeetenen voormeld te doen verstaan dat zij met betrekking tot geldelike assistentie voor eerst van hier geen groote ondersteuning kunnen verwagten daar de staat van onze Kast en de inkomsten van het land zulks als nog niet wild toe laten." ²⁾

Op die plaas Waayfontein van F. de Beer is daar dus 'n drosdy opgerig. Kommandant-Generaal Andries Pretorius het

op/

1) J.H. Malan: Die Opkoms van 'n Republiek. p. 30.

2) L.B. van der Walt: Die ontstaan en groei van Winburg.
(Aangehaal uit uittreksels uit die notule van die
Natalse Volksraad: 8 Oktober 1841) p. 53. cf.
J.H. Malan: op.cit. p. 30 - 31. cf. G.B.A. Gerdener:
op.cit. p. 148.

op 8 Januarie 1842 skriftelike verslae in verband met sy „handelinge" in dié geweste ingedien, „alsmede bepaalings der Le-mietscheidingen door den Raad aangenomen en volkomen goedge-keurd." 1)

Winburg is dus gedurende Januarie 1842 op die huidige terrein (ongeveer vier myl noord van die samevloeiing van Laaispruit en die Klein-Vetrivier), aangelê, nadat die keuse van die terrein, by wyse van n referendum aan die inwoners van hierdie omgewing gedurende November of Desember 1841, beslis is. 2)

2) DIE NAAM VAN DIE DORP.

Sommige geskiedskrywers, onder wie Theal, is die mening toegedaan dat die naam „Winburg" n gevolg van die oorwinning van Potgieter en Uys in 1837 oor die Matabele by Kapain is. 3)

Die naam van die dorp weerspieël die stryd tussen die families Theron en Wessels oor waar die dorp aangelê sou word. In die „Friend of the Free State" van 13 Julie 1860 word melding gemaak van die rusie oor die plek waarop die dorp gestig sou word, en hierin word verklaar dat die kant wat eindelik hulle sin gekry het, as n herinnering aan hulle oorwinning dit „Wenburg" genoem het. 4)

Dié geskil is deur n referendum van die inwoners aan die Sand- en Vetriviere, besleg. Dié plan is deur Andries Pretorius aan die hand gedoen en die stemming was ten gunste van die Wessels-familie se keuse. 5)

In n brief, gedateer 3 Januarie 1850, skryf Richard Southey aan die leraar en die Kerkraad te Winburg en spel die naam van die dorp „Wenburg." 6) Hierdie spelling kom ook voor in die doopregisters van 1842 en was dan ook die oorspronklike spelling vir die naam van dié dorp.

J.H. Malan/

1) J.H. Malan: op.cit. p. 31.

2) Ibid: p. 33.

3) G.M. Theal: „History of South African" Vol. II p.293 cf. Eric A. Walker: A Modern History of South Africans (Cape Town 1926) p.236 „In memory of this victory, they founded the town of Winburg in the middle of Makwana's Cession (January, 1837) It was the capital of the first Trekker republic."

4) Vgl. J.H. Malan: op.cit. p.33. cf. L.B. van der Walt: op.cit.

5) J.H. Malan: op.cit. p.33.

p.55.

6) Warden se Brieweboek: Br. 1/1, 3 Januarie 1850.

J.H. Malan beweer dat die „Wen" deur die Engelse uitspraak en eindelik ook in Afrikaans tot „Win" verander is. 1) G.B.A. Gerdener is van mening dat, hoewel die dorp aan die begin bekend gestaan het onder die naam van „Wenburg", dit reeds vroeg in die skryftaal as „Winburg" bekend geword het, waarskynlik onder die invloed van die Nederlands wat toe in gebruik was. 2) L.B. van der Walt is ook hierdie mening toegedaan. 3)

3) DIE ONTWIKKELING VAN DIE DORP.

n Landdros en heemrade is gedurende 1842 vir Winburg gekies, nadat vir die vereiste amptelike kantore sorg gedra is. Verder is n kommissie vir huwelike en nakoming van testamente aangestel. 4)

Op 3 Februarie 1848 is die landstreek tussen die Oranje- en Vaalriviere en die Drakensberge as Britse gebied verklaar onder die naam Oranjerivier-Soewereiniteit met distrikte Bloemfontein, Caledon en Winburg. Gedurende November 1848 het Major Warden n landkommissie vir die Noordelike Vrystaat ingestel. Hulle het „Winburg-dorp" op 26 Desember 1848 geïnspekteer en die bakens vasgestel. 5)

Op 26 Desember 1848, so berig die Landkommissie verder, was die bevolking van Winburg as volg: bewoonde huise, 7; onbewoonde huise, 2; blanke inwoners, 20; gekleurde inwoners, beide geslagte, 16. 6) Die dorp het dus, gedurende die ses jaar wat na sy stigting verloop het, uiters stadig gegroei, as daar van groei sprake kon wees.

Op 16 Maart 1849 skryf Biddulph (magistraat en siviele kommissaris op Winburg) egter dat die dorp baie agteruitgegaan het. Daar was toe maar nog drie families woonagtig, behalwe die onderwyser Korsten wat daar aangekom het, die magistraat Dyason en Biddulph self. Die drie families was dié

van/

1) J.H. Malan: op.cit. p. 33.
2) G.B.A. Gerdener: op.cit. p. 147.
3) L.B. van der Walt: op.cit. p. 59.
4) J.H. Malan: op.cit. p. 31.
5) Ibid: p. 31.
6) Ibid; p. 32.

van F.P. Schnehage en Jurie en Klaas Wessels. 1)

Die spesiale kommissaris skryf in 'n brief op 3 Desember 1853 aan die Hertog van Newcastle dat daar twintig huise op die dorp is, wat die kleihuisies insluit. Die algemene toestand is min of meer as volg: Die kerk word gebou; die muure daarvan is van baksteen. Die amptelike gesag te Winburg is 'n magistraat en 'n konstabel. 2) In 1856 was daar sowat veertig huise op die dorp. 3)

Gedurende die tyd dat M.W. Pretorius President in die Oranje-Vrystaat was, was daar in Winburg vier of vyf winkels, 'n kerk (sonder predikant), 'n hof wat ook as poskantoor gedien het, 'n tronk en 'n kantien. 4)

In 1872 is 'n stadsraad aan Winburg toegestaan en in 1876, gedurende die landdrosskap van Chas. Warden, is die dorpsgronde op die naam van die Stadsraad oorgeplaas. Winburg was tot op hierdie tydstip altyd een van die belangrikste distrikte in die Oranje-Vrystaat, en, alhoewel langsaam, het die dorpie nog altyd gegroei. In 1880 was daar 58 woonhuise en 'n blanke bevolking van 250. 5)

Intussen moet onthou word dat Winburg se distrik steeds gekrimp het as gevolg van die afstigting van ander dorpe en distrikte. Kroonstad is in 1855 aangelé, en Ventersburg is in 1873 tot 'n dorp verklaar. In 1875 het Senekal ontstaan. 6)

Die sensus van 1904 toon die volgende: Blanke bevolking op die dorp: 1,287; distrik: 7,758. 7)

In 1907 volg verantwoordelike bestuur in die Oranje-Vrystaat, en op 31 Mei 1910 het unifikasie plaasgevind. Daarna het Winburg nog altyd sy prominente plek in die Vrystaat gehandhaaf. As 'n bewys hiervan dien die feit genoem te word dat hier in 1937, vir die eerste keer in die Oranje-Vrystaat, 'n groot volksfees gehou is „ter herdenking van die stoere

Voortrekkers/

1) Ibid: p. 32.

2) Ibid: p. 196.

3) L.B. van der Walt: op.cit: p. 28.

4) Ibid: p. 34.

5) Ibid: p. 42 cf. Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep,

6) Ibid: p. 44. p. 154.

7) Ibid: p. 50.

Voortrekkers van 'n eeu gelede, voortplanters van beskawing en stigters van 'n nasie." 1)

Op dieselfde terrein waar in 1837 meer as duisend Voortrekkerwaens gestaan het, is op 30 April, 1 en 2 Mei 1937 dié groot Voortrekkereufees gehou.

'n Aantreklike feesprogram is opgestel wat onder andere bestaan het uit toesprake, koorsang, liggaamsoefeningvertonings, 'n skynaanval van 'n Zoeloe-impie op 'n Voortrekkerlaer, 'n skyngeveg deur eenhede van die Unie-Verdedigingsmag en 'n historiese voorstelling van die aflê van die eed deur Retief (as Goewerneur van die Voortrekkers op 11 Junie 1837). 2)

Dié verrigtinge is deur 14,000 feesgangers bygewoon. Hierdie fees het die groter feeste wat gedurende dieselfde jaar te Pretoria en Bloedrivier gehou is, voorafgegaan.

Die trots van die dorp is egter sy stadsaal, en dit verdien om hier gemeld te word; die vernaamste skoolfunksies van die Laer- en Hoërskool soos byvoorbeeld die skoolkonserte en sluitingsfunksies, word nog altyd hierin gehou.

Die hoeksteenlegging van die stadsaal het op 23 Maart 1938 en die inwyding op 29 Maart 1939 plaasgevind. Die mure van die saal is kunstig versier met pragtige skilderye wat plaaslike sowel as ander inheemse tonele voorstel. Die stadsaal staan op die Andries Pretorius-plein, so gedoop by geleentheid van die Ossewatrek in 1938.

Voor op die Stadsaal pryk die dorp se wapen, en die leuse van Winburg is: „Niet zonder strijd, noch zonder arbeid oorwinnende."

---oOo---

1) Eupees, 1837 - 1937, Groot Trek, Winburg: p. 1.

2) Ibid: p. 6 - 7.

HOOFSTUK III

DIE STIGTING EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE
NEDERDUITS-GEREFORMEERDE GEMEENTE TE WINBURG.

1) Die Stigting van die N.G. Gemeente:-

In 1840 word daar in Potchefstroom met 'n ooreenkoms tussen Potgieter en Pretorius die eerste Voortrekkerstaat gestig, wat genoem word die Republiek van Natalia en wat die Transvaal, die Noordelike Vrystaat en Natal insluit. Nou word ook die Voortrekkerkerk gestig, wat die gemeentes Potchefstroom, Winburg en Pietermaritzburg behels. Deur die Volksraad word op 16 Januarie 1841 die eerste Kerkrade vir die gemeentes benoem. Die Presbiteriaanse sendeling, ds. Lindley, word tot eerste leraar van hierdie Voortrekkerkerk benoem. Ds. Lindley het in Maart 1842, op weg na Potchefstroom, ook Winburg besoek, die eerste Kerkraadslede voorgestel, in die verskillende wyke van hierdie uitgebreide gemeente dienste gehou en die sakramente bedien. Hier begin nou ook die doop- en lidmaatregisters van die gemeente. ¹⁾

Die oudste doopregister dra die titel „Register van zoodanige kinderen, enz., die door den Heil. Doop zijn ingelyfd in de Geref. Chr. Kerk by die gemeente van Wenburg, zedert 31 Maart 1842". Tot op 18 Januarie 1846 is die doopbediening deur ds. Lindley op sy besoekreise waargeneem. Daarna word dit deur di. A. Murray, snr., en P.K. Albertyn waargeneem. Tot voor die koms van ds. D. van Velden, die eerste gevestigde leraar van die N.G. Gemeente van Winburg, was di. P.E. Faure, Wm. Robertson en A. Murray, jr., ook vir die bediening van die doop verantwoordelik. ²⁾

Die oudste lidmaatregister bevat name sedert 1842, deur ds. Lindley voorgestel. ³⁾ Eers in later jare is dié register alfabeties opgestel.

Die eerste troueregister begin op 3 April 1848. Uit

die/

1) Jaarboek: N.G. Kerk 1949: p. 368.

2) Gerdener: Boustowwe vir die Geskiedenis: p. 77.

3) Ibid: p. 77.

die aanmerkingskolom blyk dit dat n aantal huwelike wat sedert 20 September 1843 ¹⁾ „voor Landdrost en Heemraden" op Mooirivier voltrek was, weer deur die besoekende leraars kerklik ingeseën is.²⁾

Die oudste notuleboek van die kerkraad dateer van 31 Maart 1848. ³⁾ Of daar n ouer een was, is onseker.

Skynbaar word 31 Maart 1842, die datum toe die eerste Kerkraadslede voorgestel is en die eerste doopbediening plaasgevind het, beskou as die stigtingsdatum, maar volgens die die letter van die wet is 16 Januarie 1841 die datum toe Winburg deur die Voortrekkerstaat verklaar is tot n gemeente. Dit is dus interessant dat die gemeente nie deur die kerk gestig is nie, maar deur die Voortrekkerstaat aldus verklaar is.

2) Die ontwikkeling van die N.G. Gemeente sedert 1850.

Ds. A. Murray is later gestuur om die gemeentes in die Vrystaat as vaste leraar te bedien. Hy is as predikant van Bloemfontein aangestel; as konsulent van Winburg het hy as sodanig hierdie gemeente bearbei, totdat ds. D. van Velden op 15 Desember 1850 hier deur ds. Murray bevestig is. ⁴⁾ (Die pastorie was toe byna klaar gebou.)

Ds. Dirk van Velden het alreeds enige jare die leraarsamp in België waargeneem, voordat hy teen die einde van 1849 in Kaapstad aangekom het.

Dat ds. van Velden n baie streng en daadwerklike poging aangewend het om sy gemeente en kerk op n hegte grondslag te plaas, blyk uit n brief van hom aan die leraar en Kerkraad van die gemeente Mosselbaai, waarin hy ook die lidmaatsertifikate van sekere persone aanvra.


Uit n brief, dieselfde dag gedateer (7 Februarie 1853), aan die leraar van Uitenhage kom dit voor dat hy n sekere persoon se kinders nie wil doop nie, slegs omrede gerugte
in/

1) Ibid: p. 77.

2) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, p. 148.

3) Gerdener: Boustowwe vir die Kerkgeskiedenis, p. 77.

4) Vgl. Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, p. 151.



Die ou Winburgkerk wat die eerste „sooikerk” vervang het.
Die hoeksteen is op 8 Oktober 1853 gelê en die kerkgebou is op 6 November 1858 ingewy.
Die konsistorie van hierdie kerk het vir bykans 16 jaar as enigste skoolklaskamer diens gedoen.

in verband met dié persoon se sedelike karakter twyfel wek. Ds. van Velden vra dus noukeurige informasie aangaande van Nieuwkerken se sedelike en burgerlike gedrag aangesien, „..... dit zal mij van groote dienst zijn kunnen, om het regte der zaak uitte vinden en den schuldigen, 't zij hem zelv' of anders zijne lasterzieke vervolgers naar behoren en regt te behandelen“. 1)

Hieruit lei ons af dat ds. van Velden n baie streng en verantwoordelike persoon was wat nie sou skroom om reg te laat geskied nie. Uit later korrespondensie blyk dit dat van Nieuwkerken onbesproke van gedrag was, en eers toe het ds. van Velden hom toegelaat om sy kinders te laat doop.

Nie alleen wou hy sy gemeente se lidmaatsertifikate in orde hê nie, maar hy wend ook n daadwerklike poging aan om n behoorlike kerkgebou te laat verrys. Die kerkgebou waarin dienste gehou is, word as n sooikerk beskryf.

Skynbaar was daar onenigheid oor die plek waar die kerkgebou moes verrys, want in n skriftelike mededeling aan „de leden der Ned: Herv. gemeente en anderen die bijdragen tot den bouw der Kerk te Winburg“, 2) versoek hy hulle om persoonlik op die sewende Maart 1853 in Winburg te wees ten einde hulle stem per briefie uit te bring, waarop slegs die woorde: „verplaatsen“ of „niet verplaatsen“ moet verskyn. Die kommissie en leraar het aanbeveel dat die kerk op n nuwe terrein opgerig moes word. Die meerderheid het vir „verplaatsen“ gestem.

Die Kerk is egter nie tydens ds. van Velden se bediening gebou nie, want ds. Murray, die konsulent, het die hoeksteen op 8 Oktober 1853, toe die gemeente vakant was, gelê. 3)

Ds. van Velden het egter nie net probeer om sy kerklike organisasie op vaste grond te plaas en om n kerkgebou te/

1) Brieweboek, N.G. Kerk, Winburg: 7 Februarie 1853.

2) Ibid: Brief aan Ned. Herv. gemeente, Winburg: 14 Februarie 1853.

3) Vgl. Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, p. 152.

te laat verrys nie; hy het ook die geestelike en verstandelike bearbeiding van sy gemeente nie agterweë gelaat nie.

Hy het kerkreise onderneem, aangesien sy gemeente tot by Harrismith (vroeër genoem: Vrededorp) gestrek het. So het hy die Woord verkondig en die sakramente ook in ander buitewyke van sy gemeente, naamlik aan Valsrivier, Rhenosterrivier, Liebenbergsvallei en Witte Bergen, bedien. 1)

Die opgroeiende jeug moes gekatkiseer word; Bybelkennis moes getoets en nuwe gemeentelide aangeneem word. So vind ons dan dat hy aan van Nieuwkerken in die Witte Bergen skryf dat hy hoop om die Vrydag vóór die Magmaalsviering (dus op 12 Augustus 1853) „examen te houden” 2) en later kom dit weer voor dat hy te Rhenosterrivier op 10 Desember 1853 en op 16 Desember 1853 te Liebenbergsvallei „examen” sal „houden”.

Dat die gemeente baie wyd uitgestrek was en dus baie moeilik om te bearbei, was ongetwyfeld waar; daarom dat op sy aandrang n komitee aangestel word om die grensskeiding tussen die gemeentes Winburg en Harrismith te ondersoek ten gevolge van n besluit geneem op die Ringsvergadering, gehou te Bloemfontein in Oktober 1853. 3)

Met reeds veel gedoen, maar nog baie om te doen, deel ds. van Velden die gemeente op 12 Desember 1853 mee dat hy n beroep ontvang het van die gemeente Ladismith, distrik Swellendam, wat hy dan ook aanneem. Op Sondag, 29 Januarie 1854, het ds. van Velden sy afskeidspraak gelewer. 4)

Nou is die gemeente vakant en nadat vrugtelose beroepe op di. A.A. Louw, Hofmeyr, du Plessis en Naudé uitgebring is, word die vakature eers op 26 Augustus 1861 opgevul. Winburg was dus vir bykans agt jaar sonder n leraar.

Op 6 November 1858 word die nuwe kerk ingewy deur di. P. Roux, A.A. Louw en A. Murray, (wat die inwydingsplegtigheid waargeneem het.) Die ou kerkgebou word ses maande later verkoop/

1) Vgl. Winburg Kerknotules: 1850 - 1853. (Winburg Kerknotules: W.K.N.)

2) Brieweboek, N.G. Kerk, Winburg:
5 Julie 1853.

3) Ibid: 9 November 1853.

4) Vgl. Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, p. 152.

verkoop. So wanhopig was die Winburgers later, dat hulle selfs n blanko beroepsbrief aan ds. Murray gee sodat hy, na goeë dunde, enige leraar wat gewillig sou wees, na Winburg kon stuur.

Die kerkgebou is intussen verder verbeter: Geute word aangesit, n stoepie is gebou en n klok is aangekoop.

Die Weleerwaarde heer, ds. H. van Broekhuizen het hom, op versoek van dr. Robertson, gewillig verklaar om na Kaapstad te kom, en die Winburgers besluit, met algemene stemme, om hom te beroep. Op 25 Augustus 1861 is ds. van Broekhuizen te Winburg bevestig; die gemeente het toe tussen 2,500 en 3,000 lidmate gehad. ¹⁾

Die afbetaling van die kerkskuld was n saak waarvoor ds. van Broekhuizen hom besonder beywer het. Ook was die kerk nog net onder dak, aangesien die plafon en banke nog ontbreek het. Ook die mure moes nog afgepleister word.

Veediefstalle deur die Kaffers en n ontsettende droogte het egter gevoelige verarming van die gemeente ten gevolge gehad, sodat ds. van Broekhuizen hulp van die Uitvoerende Raad van die Oranje-Vrystaat aangevra het en wel by wyse van twee plase wat aan die gemeente geskenk moes word en dan verkoop kon word om sodoende die kerkskuld te betaal.

Op 4 Februarie 1865 deel hy die gemeente mee dat hy n beroep van n gemeente in Nederland ontvang het. Hy wys hulle daarop dat as hy die beroep aanneem, n moontlike rede sal wees dat die gemeente nie milddadig bydra om die kerkskuld te betaal nie. ²⁾ Hy het sy dreigement egter nie uitgevoer nie, maar verlaat die gemeente in 1866 weens „verzwakte gezondheid“. ³⁾


Op 1 April 1866, dieselfde dag toe ds. van Broekhuizen uit die dorp vertrek het, is ds. P.A.C. van Heyningen op Winburg as konsulent aangestel.

Nadat/

1) Vgl. Winburg se kerknotules van 1861.

2) W.K.N: 4 Februarie 1865.

3) Ibid: 20 Januarie 1866.



Die eerste kerkgebou van die Rietfonteingemeente, ingewy op 11 Julie 1919.
Op dieselfde terrein is die nuwe kerk gebou wat op 15 en 16 Maart 1941 ingewy is.

Nadat vrugtelose beroepe op di. John M^c Carter (Weenen), Albert Linn (Beaufort-Wes), van der Walt (Bloemfontein) en Roszeau (Clanwilliam) uitgebring was, (ds. Linn is oorlede voordat hy kon antwoord), is ds. P.A.C. van Heyningen beroep. Hy het die beroep aangeneem en teen die einde van 1867 die herderstaf van dié gemeente opgeneem.

Da. van Heyningen het die gemeente baie jare bedien en hom veral vir die saak van die opvoeding beywer. Soos ons later met die bespreking van die onderwys sal sien, het hy telkens, wanneer daar nie n onderwyser te Winburg was nie, self die kinders in die skool gaan onderrig of sy eie private skooltjie begin.

Toe die Volksraad in 1871 n kommissie van vyf lede aanstel om n doelmatige opvoedingstelsel vir die Vrystaat te ontwerp, het ds. van Heyningen die Sinode in hierdie saak verteenwoordig. Die vrug van hierdie arbeid was die bekende Ordonnansie, Nommer 5 van 1872, wat jare lank die onderwysbeleid in die Oranje-Vrystaat aangegee het. ¹)

Van 1886 tot met sy afsterwe in 1904 was ds. J.J.T. Marquard die herder van die gemeente. Hy was ook later Moderator van die Vrystaatse Sinode.

Hy word deur ds. W. H. Boshoff (1906 - 1918) opgevolg. Tydens sy bediening het die gemeente in 1915 deur diep waters gegaan, toe die kerktwis en skeuring van die gemeente plaasgevind het. (Aan hierdie veelbewoë tydperk word n spesiale hoofstuk in hierdie werk gewy.)

Na 1917 was hier dus twee gemeentes, naamlik die Winburg-gemeente en die Rietfontein-gemeente.

Leraars sedert 1918 in die Winburg-gemeente was die volgende:

1918 - 1931 : Ds. H. C. J. Becker.
1932 - 1947 : Ds. J. J. Hattingh.
1948 - (tans): Ds. S. J. Botha.

Na/

1) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, p. 154.

Na die afstigting van die gemeente Harrismith van Winburg het onder andere Theunissen, Ventersburg en Marquard gevolg.

3) Leraars sedert 1917 in die N.G. Gemeente Rietfontein:-

Die volgende leraars het sedert sy stigting die Rietfontein-gemeente bearbei:-

1917 - 1921.....	:	Ds. J. H. Badenhorst.
1921 - 1927.....	:	Ds. B. J. Kloppers.
1927 - 1935.....	:	Ds. C. R. Kotzé.
1935 - 1948.....	:	Ds. G. N. P. Cloete.
1948 - (tans).....	:	Ds. G. J. Barnardt.

In 1917 het hierdie gemeente 500 lidmate getel; die eerste kerk is op 11 Julie 1919 ingewy, en twintig jaar later word besluit om n beter kerk te bou, wat op 15 en 16 Maart 1941 ingewy is.

---oOo---

D E E L _ II.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS VAN

1837 TOT 1903.

HOOFSTUK IV.

DIE EERSTE JARE VAN DIE ONDERWYS TE WINBURG
EN DIE PERIODE TOT 1873.

1) ONDERWYS TUSSEN DIE JARE 1837 - 1849.

Soos reeds opgemerk, het daar vermoedelik al van die begin van 1837 af 'n soort primitiewe dorpie van hartbeeshuisies op die plek waar Winburg aangelê is, ontstaan. Of daar enige onderwys was, weet ons nie, want dit is nie vóór 1849 dat daar van onderwys melding gemaak word nie.

Bronne wat die eerste jare van die onderwys in Winburg beskryf, is uiters skaars, en ons sal probeer om uit die yl- verspreide gegewens 'n redelik aaneenlopende historiese beeld aangaande die onderwysaangeleentheid en onderwys te gee.

Gesien in die lig van die voorafgaande bespreking oor die onderwystoestande tussen die Vet- en Vaalriviere, kan ons dus met gerustheid aanneem dat dié toestand nog vir 'n geruime tyd, altans minstens tot 1849, voortgeduur het, en moet ons aanneem dat die onderwyspeil maar steeds laag gebly het en wel om redes wat voor die hand liggend is.

Wat die beginjare, dit wil sê van 1837 tot ongeveer 1850 betref, was die onderwys dus, vir die grootste deel daarvan altans, afhanklik van meesters wat saam met die trekgeselskappe uit die Kaapkolonie gekom het, en ook van rondgaande onderwysers onder wie daar 'n groot persentasie gedroste matrose, afgedankte soldate en andere „zonder te weten hoe hun handel en wandel zyn" was. „Eenigen waren dronkaards, om van anderen zedeloosheid te zwygen en over het algemeen geene enkele eigenschap besittende, die hen voor hunne belangryke taak geschikt maakte".¹⁾ Die klein Winburgertjies was dus tot 'n groot mate van die onderrig van sulke persone afhanklik.

Aangesien die Trekkers wat hulle metterwoon hier te

Winburg/

1) Friend: 8 Julie 1850.

Winburg en omstreke gevestig het, gedurende die eerste jare nog in 'n toestand van onsekerheid geleef het, omdat baie gevare die hoof gebied moes word, die land ruig en wild was en die natuur getem moes word, kan daar nie veel van die onderwys tereg kom nie. Die seuns moes help met die oprigting van wonings, gebou van soorie en rou stene; die rou en ruwe aarde moes met tuisgemaakte ploeg en eg bewerk word; die lande moes gesaai en die graan geoes word; die vee moes teen diewery van die Basoeto's bewaak word; krale vir die klein- en grootvee moes opgerig word; damme moes gemaak word vir watervoorsiening in droë tye, en klipheinings moes gestapel word om die grense van die werf en die plase aan te dui. Om gevestig te raak en om met die boerderybedryf 'n begin te maak het dus baie arbeid geverg, en elke moontlike arbeidskrag moes help om alles in orde te kry.

Die dogters moes vir ma help met die versorging van die pluimvee, die maak van klere vir hulleself en die mans, en die uitvoering van ander huislike pligte.

Terwyl die vrees vir Britse inmenging en die moontlike aanvalle van naturellestamme voortdurende spanning veroorsaak het, en niemand werklik geweet het of hy of sy 'n blywende tuiste in die nuut-ontgonne land sou hê nie, was daar dus nie baie geleentheid vir onderwys nie.

Hierdie toestand van onsekerheid en wording beïnvloed dan ook die onderwys, sodat daar werklik geen georganiseerde opvoeding en onderrig plaasgevind het nie. Geen wonder nie dus dat sekere persone, in hierdie gebied woonagtig, waarskynlik in 'n vlaag van sentimentaliteit, aan sir Harry Smith gesê het dat „hunne kinderen zonder opvoeding blyven“, wat hy dan in sy manifes van 29 Maart 1848 as een van die redes waarom hy die Oranjerivier-Soewereiniteit tot Britse gebied proklameer, genoem het. ¹⁾

Die/

1) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p. 93.

Die klem het waarskynlik op handarbeid en praktiese vaardighede geval, soos die vervaardiging van gereedskap en huishoudelike benodigdhede, en die hantering van die geweer.

Geskikte onderwyslokale was daar nie; altans 'n klaskamer het vir die eerste aantal jare gladnie bestaan nie, want nadat die kerk gebou was, is daar vir geruime tyd daarna nog gebruik van die konsistorie as klaskamer gemaak. Die watent wat tydens die trek as woning en klaskamer gebruik is, het nou plek gemaak vir die kleihuis; die eerste skoollokaal wat eers veel later in gebruik gekom het, was ook 'n kleigebou.

Gerieflike skoolbanke het hoegenaamd nie bestaan nie; trouens, elkeen moes vir sy eie sitplek voorsiening maak, aangesien geen onderwysowerheid in hierdie behoefte kon voorsien nie. Verkeerde sit- en skryfmetodes was die gevolg van hierdie onwenslike toestand.

Die skrynende gebrek aan skryfbehoeftes het ten gevolg gehad dat tuisgemaakte veerpenne en later die lei en griffel die enigste skryfgereedskap was.

Die lees- en leerboeke was bepaald nog dieselfde as dié wat tydens die trek in gebruik was, en die tugreëls het waarskynlik saamgeval met die streng Bybelse opvatting: "...spaar nie die roede nie".

Die leerplan het natuurlik die volgende bevat: lees- en skryfonderrig, rekene (hoofsaaklik uit die hoof), godsdiensonderwys en sang.

Maar baie van die jong Winburgertjies het wel ~~anderwys~~ ontvang; indien hulle dit nie van 'n meester gekry het nie, dan van dié ouers wat nog streng godsdienstig was en dus nie hulle kinders se onderwys en opvoeding sou verwaarloos nie. Die doel van die onderwys was slegs om die kind voor te berei om op sestien- of sewentienjarige leeftyd die aanneming te deurloop teneinde lid van die Gereformeerde Kerk te word. Soos alreeds opgemerk, was die eerste predikant te Winburg, ds. D. van Velden, 'n baie streng leraar wat nie sou gedoog

dat/

dat hulle lidmate word, sonder dat hulle kon skryf en die Bybel vlot kon lees nie. Soos reeds blyk, het ds. van Velden „examen gehouden“, en dat die vereistes hier baie streng was, val nie te betwyfel nie. Pierik (onderwyser te Winburg 1853), skryf die volgende: „Myn Heer van Velden is zeer streng ter opzigte der aanneming van ledematen“, want „... van de 41 personen van beider sekse (werden) slechts 23 aangenomen als ledematen der Gereformeerde Kerk“. 1)

Tog is daar baie boere wat nie in staat is om hulle kinders te onderwys of te laat onderwys nie as gevolg van hulle onbemiddeldheid of eie onkunde, maar daar is ook baie, „die niet doen hetgeen zy kunnen doen, en minder dan hun pligt zulks vereischte“. 2)

Wat die skrif van die onderwysprodukte van hierdie era betref, is dit te bemerk dat hulle geen goeie skrywers was nie. Sierskrif word slegs nog opgemerk by die skribas van die kerk wat onderwysers was, aangesien hulle en die predikant as die enigste „geleerde“ mense beskou is en as sodanig dus die pos as skriba moes beklee. Maar die meeste kon hulle wel met die geskrewe woord behelp, al het dit soms krom en skeef uitgekome, sonder hoofletter of punt - dit was wel leesbaar.

Onderwys gedurende 1837 tot 1849, alhoewel karig, was daar bepaald. Die gehalte daarvan was laag, en ons kan van die eerste onderwysers en onderwys nie veel verwag nie.

Die onderwys sou egter mettertyd 'n vaster vorm aanneem, en daar is omgesien na die opvoeding van die kind, selfs nog vòòr die koms van ds. D. van Velden, want dit was in 1849 dat die eerste vaste onderwyser sy verskyning te Winburg maak, en wel in die persoon van die heer C. Korsten.

* * * * *

1) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p. 122.
2) Friend: 8 Julie 1850.

2) C. KORSTEN. (1849 - 1851).

AANSTELLING EN SALARIS:

Die eerste melding van 'n onderwyser te Winburg is 'n kennisgewing in die „Cape Gouvernøment Gazette" van 15 Junie 1848. Die inhoud van die kennisgewing is as vdg:-

„Zyne Excellentie de Hooge Commissaris heeft gevonden den Hr. Cornelis Korsten aan te stellen tot Schoolmeester, voor het District Winburg, ten Noorden van de Oranje Rivier.

Gouvernements Huis, Kaapstad,
14 Juny 1848
Ter Ordonnantie van Zyne Excellentie,
Richard Southey, Sec." 1)

In 'n brief van Biddulph, die magistraat, gedateer 26 Desember 1848, lees ons dat die onderwyser, C. Korsten, 'n tydjie tevore te Winburg aangekom het. 2)

Korsten is sedert 15 Julie 1849 teen 'n salaris van £75 per jaar as goewermentsonderwyser aangestel. 3) Hierdie toelaag was egter baie gering, en onderwysers het dit moeilik gevind om met hierdie karige besoldiging 'n bestaan te maak; daarom is dit opmerklik dat Majoor Warden op 16 Junie 1850 skryf: „I beg also to bring to the notice of His Excellency the very small stipend at present allowed to the Govt. Teachers at Bloemfontein and Winburg..... I do therefore trust that His Excellency will at once sanction my paying them at the rate of £100. p. annum". 4) Hierdie versoek van £100 per jaar is egter nie toegestaan nie, want selfs so vroeg as 1857 was die salaris van die goewermentsonderwyser te Winburg £90 per jaar. 5)

WERK EN ONDERWYS:

Uit 'n rapport van 'n ondersoekkommissie (1849), aangestel deur die „Sijnodale Commissie der Nederduitsche Gereformeerde/

-
- 1) „Cape Government Gazette": 15 Junie 1848.
 - 2) J. H. Malan: op.cit. p. 32.
 - 3) Ibid: p. 113.
 - 4) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p. 112.
 - 5) Tesourie-Generaal: T.G. 3389.

Gereformeerde Kerk in Z.A." om die geweste ten noorde van die Oranjerivier te besoek, lees ons die volgende: „Wij werden te Winburg in ons schrijfwerk getrouw bijgestaan door den Heer Cornelis Korsten, die onlangs als Gouvernements Onderwijzer aldaar aangesteld is, en van wien wij opmerkten dat hij reeds in eenen hoogen graad de achting en het vertrouwen der ingezetenen, en vooral van den Kerkeraad genoot, die hem ook, op onze aanbeveling, tot Scriba des Kerkerads aangesteld heeft". 1) Die heer C. Korsten het ook as „agenten" vir die Kerkbode te Winburg opgetree. 2) Ook G.B.A. Gerdener skryf: In hulle menigvuldige werksaamhede is die besoekende leraars trou bygestaan deur die pas aangestelde onderwyser Cornelis Korsten, wat toe ook as scriba van die kerkraad aangestel is. 3)

Ons kom dus tot die slotsom dat, waar dit die eerste onderwyser en gevolglik ook die onderwys aangaan, hierdie aangeleentheid in baie noue kerkverband gestaan het. Dit is ook moontlik dat die onderwys op streng Christelike grondslae gebou is. Waarskynlik is voldoende aandag aan godsdiensonderrig, lees, skryf, rekene en miskien ook aan Geskiedenis en Aardrykskunde bestee. Indien die opleiding van die onderwyser dit toegelaat het, is daar moontlik ook onderrig in sterrekunde en natuurleer gegee. Aandag sou onder andere seker ook aan die gedragsnorme wat leerlinge teenoor ouer mense moet handhaaf, gegee word. Wat die skoolonderrig betref, is ons egter heeltemal in die duister gelaat, omdat geeneen van die oudste bronne oor Winburg hierdie aangeleentheid beskryf of selfs daarna verwys nie.

SKOOLGEBOU:

As skoolgebou het op Winburg die ou hofsaaletjie en later die sooikerk gedien waaruit kinders egter in reëntye deur klammigheid en lekwater gedryf is. 4)

Waarskynlik/

1) Die Kerkbode, Deel I, 1849: p. 151.

2) Ibid: p. 144.

3) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, p. 151.

4) J. H. Malan: op.cit. p. 113.

Waarskynlik as gevolg van die swak toestand van die hofsaaletjie waarin die kinders moes skoolgaan, is tydens 'n kerkraadsvergadering op 10 Maart 1851 dié kwessie deur die leraar geopper. Hy vra of die konsistorie as skoollokaal gebruik mag word en, indien dié lokaal te beperk word, die kerkgebou as skoolklaskamer kon dien. Dit word toegestaan, maar die onderwyser word vir „alle degradatie van welke aard ook”, verantwoordelik gehou. Die onderwyser moes ook sorg dra vir die behoorlike instandhouding van die bank en stoele. Dié lokaal moes ook vroegtydig genoeg, dit wil sê twee uur vóór sonsondergang, ontruim word en in 'n behoorlike toestand vir die daaropvolgende Sondag wees. 1)

Hierdie versoek in verband met die konsistorie as klaskamer is egter moeilik te rym met die skrywe van Warden, minder as 'n jaar vóór die genoemde kerkraadsbesluit, want op 16 Junie 1850 verklaar hy: „Bloemfontein and Winburg have well built Commodious School Rooms”, 2) mits ons aanneem dat hy na die hofsaal verwys wat intussen so agteruitgegaan het, dat dit, vir onderwysdoeleindes altans, in onbruik geraak het.

SKOOLROL:

Dat daar nie veel leerlinge in hierdie eerste skooltjie was nie, lei ons af uit die volgende: Gedurende 1849 en vir 'n geruime tyd later, was Winburg in 'n kwynende toestand. Dit het feitlik skaars as dorp bestaan. Magistraat Biddulph berig op 16 Maart 1849 dat daar nog maar drie families in die dorp woonagtig was. Die ander hartbeeshuisies het leeg gestaan. 3)

Die bywoning van leerlinge aan die skool kan nie as „well attended” beskryf word nie. 4)

As gevolg van die kwynende toestand waarin Winburg in 1849 was, is dit dus nie snaaks om op te merk dat Warden in

1850/

-
- 1) W.K.N.: 10 Maart 1851.
2) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p.111.
3) J. H. Malan: op.cit. p. 115.
4) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p.111.

1850 skryf: „However, a few farmers can afford to pay Board and Lodging for their children, and unless they do so, the local Schools in Villages, such as Winburg, must, for years to come, be comparatively useless". 1)

ONDERWYS IN DIE DISTRIK:

In die distrik was daar teen 1850 waarskynlik 'n aantal private of rondgaande onderwysers werksaam, omdat die godvresende plattelandse bevolking, in soverre hulle dit kon verhelp, nie sou gedoog dat hulle kinders geen onderwys ontvang nie; waar daar 'n gebrek aan onderwysers was, sou hulle hierdie deel van die kind se opvoeding indien moontlik self behartig.

Die onderwys in dié distrik was egter van 'n baie lae gehalte en „ziet het er betreurenswaardig uit". Meestal word hierdie gewigtige saak toevertrou óf aan 'n afgedankte of weg-geloopte soldaat, óf aan 'n gedroste matroos, óf aan die eerste die beste wat hom as 'n skoolmeester voordoën „..... en zoo geeft men dan de wetenschappelijke en godsdienstige vorming zijner kinderen in hunnen handen...", van kinders wat eerlang as burgers van die staat moet optree. 2) Geen wonder dus dat Warden opmerk: „What the farmers desire to have for the instruction of their children are Itinerant Schoolmasters, Dutchmen belonging to the Dutch Reformed Church". 3)

Die eerste wat ons in die kerknotule in verband met 'n rondgaande onderwyser in die distrik om en by 1851 teëkom, maak nie 'n alte gunstige indruk nie. Dié jongeling, Botha, word voor die kerkraad gedaag oor 'n oortreding wat as volg beskryf word: „..... zijn onlangs gehouden ergerlyk gedrag gedurende en in de Cathechizeeren...." En dit was die straf: Hy word vir twee jaar belet om onderwys te gee, of vir een jaar op voorwaarde dat hy voor die hele gemeente om verskoning vra en hom verder toelê op sy vorming, voordat hy belydenis mag aflê. 4)

Ter/

1) Ibid: p. 111.

2) Friend: 8 Julie 1850.

3) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p. 111.

4) W.K.N. 1 Februarie 1851.

Ter verdediging van dié onderwyser kam ons egter die strenge eise wat ds. van Velden by die aanneming gestel het, in herinnering roep.

SAMEVATTING:

Die toestand in verband met die plattelandse onderwys kan am. volg saamgevat word, soos geskets in „The Friend“ van 8 Julie 1850: „Het is bedroevend, wanneer men hoort dat er alleen in het District van Winburg, waar meer dan 2,000 kinderen, beneden de zestien jaar zyn, geen 1,000 gevonden worden die lezen kunnen“. 1)

* * * * *

3) J. PIERIK. (1852 - 1853)

Die volgende onderwyser met wie ons kennis maak, is die heer J. Pierik. Presies wanneer hy sy dienste hier as onderwyser aanvaar het, is nie seker nie.

AANSTELLING EN SALARIS:

Uit die Kerknotule van 2 Februarie 1852 merk ons op dat J. Pierik as koster, voorsinger en skriba van die kerkraad vanaf Januarie 1852 aangestel is. 2) Ons neem dus aan dat hy vanaf die begin van 1852 ook as onderwyser hier werksaam was.

Sy salaris was waarskynlik dieselfde as dié van sy voorganger, naamlik £75 per jaar. Dit sou in elk geval nie meer as £90 wees nie, want dit was nie voor 1857 dat die dorpsonderwyser te Winburg hierdie salaris ontvang het nie. 3) In „The Friend“ van 19 Januarie 1852 word verklaar dat die Wetgewende Raad vir £75 aan salaris en £30 vir huishuur vir die Goewermentsonderwyser voorsiening maak;: daar was ook Bybels, leie en leeskaarte ten bedrae van £25 na Winburg gestuur.

WERK EN ONDERWYS:

Benewens die feit dat Pierik onderwyser was, was hy ook koster en voorsinger van die gemeente en skriba van die kerkraad/

1) Friend: 8 Julie 1850.
2) W.K.N.: 2 Februarie 1852.
3) T.G: 3389.

kerkraad. 1) Vir hierdie kerklike ampte wat hy bekleed het, het hy £30 per jaar gekry. 2)

Die vakke waarin Pierik, op versoek van die ouers, hoofsaaklik onderwys moes gee, was naamlik dat hulle kinders „lezen, schrijven en een weinig rekenen kunnen.“ 3) Te oordeel aan die buitengewone ferme, eenvormige en netjiese handskrif van hierdie man as skriba van die kerk, kon hy waarskynlik deeglik onderrig in skrif gee, en as gevolg van sy eie netheid het hy waarskynlik dieselfde hoë eise aan die kinders se skrif gestel.

Dat die eise wat die ouers aan dié onderwyser gestel het, baie streng was, blyk uit die feit dat dié leerlinge wat in die dorp loseer het, op die langste vir 'n jaar op skool was. Sommige kinders het na slegs 'n halfjaar se onderrig weer vertrek. In hierdie kort tydsbestek moes Pierik, benewens die reeds genoemde vakke, ook as katechiseermeester optree, want die ouers het „bovendien van den onderwyzer als van een Catechiseermeester, verlangen, dat hy hen ook in de godsdienst onderwyst, ten einde zy, 16 of 17 jaren oud, als leden der Gereformeerde Kerk kunnen aangenomen worden“. 4)

Om hierdie deur die ouers vooropgestelde doel te kon bereik, moes Pierik noodgedwonge sy onderwys binne die klaskamer so organiseer dat daar genoegsaam tyd op die rooster was teneinde die kinders in Godsdiens en Bybelkennis vir die katechisasie voor te berei en af te rond: „Daarom doe ik myn uiterste best, ook ten aanzien der kennis van den Bybel en laat, behalve in de leerboekjes, ieder schooltyd des morgens in het Oude en des middags in het Nieuwe testament lezen, terwyl ik daarna met hen over het gelezene catechiseer“. 5)

Aan/

-
- 1) Volgens oorlewering was Pierik 'n baie lelike man, met 'n geweldige groot mond, sodat ds. van Velden dit gerade geag het om die gemeente te waarsku om nie vir hulle nuwe voorsinger te lag nie.
 - 2) W.K.N.: 2 Februarie 1852.
 - 3) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p.122.
 - 4) Ibid: p. 122.
 - 5) Ibid: p. 122.

Aan die onderrig van Engels het Pierik geen aandag bestee nie. 1) Die rede hiervoor moet daarin gesoek word dat hy die Engelse taal nie magtig was nie, en moontlik ook omdat „de Afrikaners.... alles wat naar Engelsch zweemt verafschuwen”,²⁾ om sy eie woorde te gebruik. Kritiek op Pierik se onmag of onwil om Engels te doseer is deur 'n rapport, voorgelê tydens die Sinodesitting van 1852, gelewer, omdat hy 'n aanstelling as onderwyser gekry het, nieteenstaande die volgende vereiste: „That His Excellency will not give any appointment, that may be at his disposal in Schools among the Emigrant Boers beyond the River to any person arriving from Holland, who is not in possession of satisfactory Education and Instruction appointed by the Synod”. 3) Onder „satisfactory Education” word seker verstaan dat die onderwyser Engels moes kon skryf en praat. Ons lees egter verder in dié verslag dat dit uit sekere korrespondensie blyk hoe ernstig en by herhaling daar op 'n deeglike kennis van die Engelse taal by die onderwysers wat in die Oranjerivier-Soewereiniteit geplaas word, aangedring word, „... en evenwel heeft men niet alleen tevoren maar zelfs daarna, althans in het geval van den Hollandschen onderwijzer Pierik, getoond geen acht daarop te slaan”. 4)

Ons weet nou egter vir die eerste keer watter vakke aan die Winburgse Goewermentskool gedoseer is, naamlik: Rekene, lees, skrif, godsdiensoonderrig as voorbereiding vir die katekisasie en aanneming as lidmate van die Kerk, met die Bybel as vernaamste leerboek vir laasgenoemde en.... geen Engels! Aangesien Pierik die voorsinger in die kerk was, het sang waarskynlik ook sy regmatige plek in die skool verkry.

Wat die tug en dissipline betref, het Pierik waarskynlik min of geen moeite en moeilikhede ondervind nie, want

„...met/

-
- 1) Kerkbode, Deel IV, 1852: p. 348.
2) Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p. 121.
3) Kerkbode, Deel IV, 1852: p. 348.
4) Ibid: p. 348.

„.... met groot genoeg houd ik school, daar de kinderen vry gehoorzaam zyn". 1)

SKOOLGEBOU EN SKOOLROL:

Die konsistorie het nog as skoollokaal diens gedoen, aangesien daar nog geen permanente skoolgebou te Winburg verrys het nie.

Die leerlingtal en skoolrol moes baie gewissel het, juis as gevolg van die feit dat sommige leerlinge net vir ses maande en andere weer vir 'n jaar die skool bygewoon het. Die skool het egter sy bestaan geregverdig, want ons lees dat daar leerlinge „in den kost zijn", 2) waarvan ons aflei dat sommige van hulle wat nie op die plase deur middel van rondgaande onderwysers onderrig ontvang het nie, of deur gebrek aan sulke onderwysers nie kon ontvang nie, in die dorp loseer het ten einde dié skool te kan bywoon.

Nie slegs kinders van die dorp self, of dié wat daar loseer het, het hier onderrig ontvang nie; daar het selfs kinders van die nabyliggende plase te perd skool toe gekom. „Een boeren jongen van 16 jaren komt des morgens te paard van huis en vertrekt des namiddags op dezelfde wyze; hy moet een half uur ryden". 3)

Kinders van alle ouderdomme het dié skool besoek: van die jongste wat pas skoolgaande ouderdom bereik het, tot dié op sestienjarige leeftyd. „Drie meisjes van vyftien jaren heb ik ter school, van welke eene my verre boven het hoofd uitsteekt, en zoo zwaar van ligchaam is, als men in Nederland naauwlyks eene getrouwde vrouw zal vinden", 4)

Ons kan sonder voorbehoud aanvaar dat die skoolrol deurentyd slegs genoegsaam was om 'n skool te regverdig, temeer nog omdat die leerlingtal so wisselvallig was as gevolg van die feit dat die kinders na elke ses maande of jaar

gekomp/

-
- 1) Gerdener: Boustawwe vir Kerkgeskiedenis, p. 122.
2) Ibid: p. 122.
3) Ibid: p. 122.
4) Ibid: p. 121.

gekom en gegaan het. Die bywoning was waarskynlik ook baie ongereeld.

Die algemene opvoedingspeil van die Winburgse jeug kon na alle waarskynlikheid op hierdie stadium van die ontwikkeling van die Boerebevolking ten noorde van die Vetrivier nie baie hoog wees nie, weens gebrek aan onderwyskragte en skoolfasiliteite, en dit is dus nie snaaks om die volgende opmerking van Pierik te lees in verband met die Winburgse jongedogters nie: „De boeren dochters zyn hier weinig ontwikkeld in verstand: zy weten byna niets te spreken, en laten het woord aan iemand alleen over, zy beantwoorden alles met een "ja" op een eenvoudigen toon uitgesproken. Van het huiselyke leeren zy ook niet veel...." 1)

Ons moet egter onthou dat dit Pierik se subjektiewe oordeel is. Wanneer ons dié dogters in verband bring met hulle opvoedkundige agtergrond en milieu, merk ons dat dit nie gebrek aan „verstand" is nie, maar skroömvalligheid en die gebruik van daardie tyd, naamlik „kinders word gesien, maar nie gehoor nie". Daarby was Pierik as Hollander, vreemdeling en boonop nog onderwyser, 'n persoon met wie die kinders en veral dogters nie graag vrymoedig sou sit en geselsaam nie.

Pierik het egter 'n redelike mate van sukses met sy onderwys behaal. Hy vertrek saam met ds. D. van Velden na Ladismith in die Kaapkolonie. 2) Die onderwyspos is aan die einde van 1853 weer vakant.

* * * * *

4) ONDERWYSPOS TE WINBURG VAKANT. (Januarie 1854 - Mei 1855).

Na die vertrek van J. Pierik sou Winburg vir bykans anderhalfjaar sonder onderwyser wees. Aangesien daar ook nou geen leraar in die gemeente was nie, was die kinders weer vir hulle opvoeding en onderrig van die ouers afhanklik, of anders het hulle daarsonder gebly.

Die/

1) Ibid: p. 121.
2) Ibid: p. 121 n.

Die kerkraad van Winburg het egter, aangesien dit onder andere hulle werk was om die onderwysers te „beroep“, nie hulle plig versuim nie, en die heer C. Moll van Harrismith is gevra om as onderwyser te Winburg op te tree.

M.C.T.H. Moll hetop 9 September 1854 'n brief aan die President van die Oranje-Vrystaat geskryf waarin hy verklaar dat hy die „beroep“ wat hy van die Winburgse kerkraad ontvang het, aanneem. Hy het hom hierdie uitnodiging laat welgeval, omdat hy van mening was dat hy meer vir die onderwys te Winburg kon beteken as wat die geval op Harrismith was. Verder spreek Moll die hoop en vertroue uit dat die President sy goedkeuring aan hierdie voorgenome verskuiwing sal heg. 1)

Inmiddels het George Fk. Mellenbroek 'n versoek tot die Winburgse kerkraad gerig waarin hy aansoek doem om 'n aanbevelingsbrief om as goewermentsonderwyser te Winburg aangestel te word. Aangesien die kerkraad reeds vir Moll gevra het, kon hulle nie aan sy versoek voldoen nie. 2)

Op 7 Oktober 1854 probeer Mellenbroek nogeens om 'n brief van goeie gedrag van die Winburgse kerkraad te verkry, maar dit word nie gegee nie op grond van die feit dat geeneen van die kerkraadslede hierdie Hollander goed genoeg ken nie. 3) Hy het egter later as rondgaande meester in die Winburgsdistrik opgetree; 'n pos wat hy tot November 1857 beklee het. 4)

Skynbaar het Moll nie die gevraagde vergunning en verlangde goedkeuring om na Winburg verplaas te word van die President ontvang nie, want in Januarie 1855 het die aanstelling van die heer van Soelen as onderwyser op die dorp ter sprake gekom. 5)

ONDERWYS IN DIE DISTRIK:

Sedert 1851 het die onderwys in die distrik ook maar 'n sukkelgang gegaan, aangesien ons eers in 1854 van 'n onderwyser in die distrik hoor.

Hierdie/

-
- 1) G.S. 109: 9 September 1854.
 - 2) W.K.N.: 14 Augustus 1854.
 - 3) Ibid: 7 Oktober 1854.
 - 4) T.G.: 3390.
 - 5) W.K.N.: 15 Januarie 1855.

Hierdie onderwyser, C. Dempers, was in die wyk Witteberge, 'n deel van die Winburggemeente, werksaam. 1) Hy het die pos van rondgaande onderwyser tot in Augustus 1868 bekleed. 2)

'N BLIK OP ONDERWYSTOESTANDE IN 1854:

Binne drie weke nadat die Oranje-Vrystaat sy onafhanklikheid van Groot Brittanje erlang het, is 'n grondwet op 10 April 1854 aangeneem waarin daar in Artikel 23 as volg vir die onderwysvoorsiening gemaak is: „Die bevordering van Godsdiens en Onderwijs is 'n onderwerp van zorg voor den Volksraad.” 3)

Veel kon aanvanklik egter nie gedoen word om die bepaling meer as 'n geskrewe woord te maak nie. Die omstandighede waarin die staat in wording gekom het, was te ongunstig. Behalwe die feit dat die Oranje-Vrystaat toentertyd 'n klein en verspreide bevolking gehad het, was daar ook nog die oorlogsugtige naturelle stamme aan die Oostelike grens teen wie daar voortdurend gewaak moes word. Die onderwysgeleentheid wat daar derhalwe kon bestaan het, moes inderdaad uiters gering gewees het. Toe ds. Andrew Murray in 1849 predikant van Bloemfontein geword het, het hy sake enigsins verbeter deur onderwysers uit Holland in te voer om die kinders in die verspreide klein dorpieë wat allengs gestig is, te onderrig. 4)

Die onderwys op die platteland het egter op 'n lae peil gestaan. Een van die vernaamste moeilikhede in verband daarmee was die gebrek aan bekwame onderwysers. Die boere was genoodsaak om aan elkeen wat maar die minste skyn van „volleerdheid” gehad het, die onderrig van hulle kinders op te dra. Die Volksraad het die ernstige gevolge daarvan vroeg besef en ingegryp. Reeds in September 1854 het die Volksraad bepaal dat die aanstelling van alle onderwysers by die Staatspresident berus ten einde die jeug van die staat teen misbruike in hulle opvoeding te beskerm. 5)

Om/

1) J. H. Malan: op.cit. p. 236.

2) T.G. 3422.

3) Die Volksblad: 28 September 1927.

4) Ibid.

5) Ibid.

Om egter te verseker dat die openbare mening eerbiedig word, het die Volksraad in 1855 besluit dat 'n plaaslike skoolkommissie vir elke distrik deur die inwoners moet gekies word. Aan die betrokke kommissie is alle sake betreffende die beheer van die staatskole, die ondersoek van applikasies en die dienooreenkomstige aanbeveling by die President toevertrou.¹⁾

* * * * *

5) C. D. VAN SOELEN (Mei 1855 - Augustus 1855.)

AANSTELLING EN SALARIS:

In Januarie 1855 het die aanstelling van 'n onderwyser, C. D. van Soelen, in die kerkraad ter sprake gekom. Met 'n meerderheid van stemme word op dié onderwysman besluit, en hy sou as sodanig ook deur die kerkraad by die Volksraad aanbeveel word.²⁾ Van Soelen aanvaar egter eers sy dienste in Mei 1855, en vir die tydperk van diens tot sy vertrek in Augustus van dieselfde jaar ontvang hy 'n salaris van £20.16.8.³⁾

WERK EN ONDERWYS:

Anders as sy voorgangers, Korsten en Pierik, het van Soelen geen kerklike ampte bekleed nie, waarskynlik omdat hy vir so 'n kort rukkie op Winburg werksaam was. Nieteenstaande die feit dat die gemeente geen leraar gehad het nie, kom ook nêrens in die kerknotule voor dat hy as voorleser diens gedoen het nie.

Van sy werk as onderwyser weet ons ook ewemin; tog kan ons aanneem dat hy, wat die onderwys betref, min of meer dieselfde patroon as sy voorganger sou volg. Dit is egter moontlik dat hy minder sukses gehad het, want waarom is hy slegs na 'n dienstyd van vier maande weer weg? Of moet dit aan te min kinders in die skool toegeskryf word, sodat sy dienste nie geregverdig was nie?

ONDERWYSBEHEER:

Tot op hierdie datum het die plaaslike onderwysbeheer uitsluitlik en alleenlik by die kerkraad berus.

Op/

1) Ibid.
2) W.K.N.: 15 Januarie 1855.
3) T.G. 3384.

Op 16 Februarie 1855 het die Volksraad die onvermoeide belangstelling van Andrew Murray so ver tegemoet gekom, dat hulle besluit het om die aanstelling van skoolkommissies te erken, wat behalwe die predikant en die landdros uit een lid vir 'n dorp en twee vir elke distrik sou bestaan. Slegs wanneer aan dié vereistes voldoen is, kon 'n regeringskool op so 'n dorp gestig word. Elke lid van die skoolkommissie sou egter verplig wees om 'n waarborglys te teken. 1)

Op Winburg is gedurende Maart 1856 'n skoolkommissie gekies wat bestaan het uit Adriaan Odendaal vir die dorp en M. J. Wessels vir die distrik. Die voorsitter was James Melville, die waarnemende landdros. Op die eerste skoolkommissievergadering word besluit om 'n memorie aan die Volksraad te stuur. 2)

'n Memorie aan die Volksraad deur landdros Howell (wat nou voorsitter van die skoolkommissie is), en ander inwoners van Winburg, wat geldelike hulp (£400) vir die oprigting van 'n skoolgebou vra, is van die hand gewys, omdat die skatkis dit nie veroorloof nie; dog aan die memoraliste is 'n erf waarop hulle 'n gebou op hulle eie koste kon oprig, gratis toegeken. 3)

ONDERWYS IN DIE DISTRIK:

Sedert Augustus 1855 was daar nie meer 'n onderwyser te Winburgdorp werksaam nie, 4) maar die daaropvolgende jaar weet ons van twee rondgaande onderwysers in die distrik tw. C. A. Dempers en George Mellenbroek. Van laasgenoemde lees ons dat hy £30 per jaar gekry het. Hy verklaar dat hy van voorneme is om hom in die Winburgdistrik as rondgaande onderwyser te vestig.

In 'n patetiese skrywe aan president Boshoff, nadat die Volksraad in 1858 besluit het om alle onderwystoelae te staak, 5) lees ons die volgende: „UHEd. heeft door

tusschenkomst/

1) J. H. Malan: op.cit. p. 395.

2) Ibid: p. 272.

3) Ibid: p. 393.

4) T.G. 3384.

5) J. H. Malan: op.cit. p. 394.

tusschenkomst van ds. Roux en die Schoolkommissie van Winburg my £30 per annum toegestaan....". Voorts smeek hy die president om tog nie weer hierdie toelae weg te neem nie, aangesien hy vir enige ander werk, behalwe om onderwys te gee, onbekwaam is. Hy beweer dat hy al sy tyd en aandag, deur die seën van die Here, aan die onderwys bestee „.... en dit salaris is tog eene aanmoediging..." en 'n ondersteuning. Deur die onderwys te dien, met die „bystand van God," spreek hy die hoop uit om deur sy getrouheid en werksaamheid as onderwyser die president eer aan te doen. 1)

Met hierdie twee diensdoende rondgaande onderwysers was die Winburgse plattelandse jeug dus beter daaraan toe as die kinders op die dorp, omdat Winburg, soos reeds genoem, na die vertrek van C. D. van Soelen weer vir bykans anderhalfjaar nie 'n onderwyser gehad het nie!

* * * * *

6) A. KOK. (November 1857 - April 1861).

AANSTELLING EN SALARIS:

Die ouers te Winburg was waarskynlik baie verheug, omdat daar op 20 November 1857, 2) na 'n vakature van 'n jaar en ses maande 'n onderwyser na Winburg gekom het wat eers na drie en 'n half jaar sou vertrek. Tydens die verblyf van Arie Kok het die onderwys te Winburg sy beslag gekry en is tot 'n groot mate ook stabiliteit en bestendigheid verkry. 'n Gesonde grondslag is gelê, waarop opvolgende onderwysers, soos veral Hofstede, later kon bou.

Arie Kok het 'n salaris van £7.10.0 per maand ontvang, 3) want daar is deur die Volksraad besluit dat dorpsonderwysers £90 per jaar as traktement sou ontvang, met 2/6 vir elke kind onder die sewe jaar en 5/- bokant dié ouderdom. Behoef-tige kinders ontvang egter gratis onderwys, of betaal minder ooreenkomstig die besluit wat die betrokke skoolkommissie

mag/

1) Ibid: p. 442 - 443.
2) T.G. 3389.
3) T.G. 3389 - T.G. 3404.

mag neem. Uit die skoolgelde moes die onderwyser vir die nodige penne, ink, griffels en, indien die behoefte daarvoor gedurende die koue wintermaande sou ontstaan, ook vir brandhout voorsiening maak. 1)

Dié reëling omtrent die vergoeding van die onderwyser het tot die Driejarige Oorlog van krag gebly, alhoewel die staat later sy bydraes verhoog het en vir die onderwysvereistes sorg gedra het, terwyl die ouers vir die skoolbenodigdhede ten dienste van elke kind aanspreeklik geword het. 2)

In 1858 egter het die Volksraad alle onderwystoelaes gestaak, en is met 'n paar uitsonderinge alle sogenaamde regeeringskole gesluit. 3) In Winburg was dit egter nie die geval nie, omdat die onderwyser hier aangebly het en gereeld elke maand sy salaris, tot sy vertrek in 1861, ontvang het, 4) behalwe in Februarie en Maart 1861, toe hy vir twee maande met verlof was en sodoende sy salaris verbeur het. 5)

WERK EN ONDERWYS:

Die heer Kok het behalwe sy onderwyspos ook die ampte as voorleser en skriba van die kerk teen 'n traktement van £30 en £7.10.0 „additioneel” beklee. 6) Dit toon weereens die noue kerkverband van die onderwysers te Winburg aan. (Die skrif in die kerknoutule is nou ook leesbaarder, aangesien dié onderwyser nou skriba is.)

Die pos as voorleser beklee Kok tot op 8 Oktober 1860. Hierna vra hy sy ontslag as voorleser en wil vervolgens graag ook 'n getuigskrif van goeie gedrag hê. Op 29 April 1861 vra hy dat hy van die verpligtinge as skriba onthef moet word; 7) teen die einde van April bedank hy ook as onderwyser en verlaat die dorp.

Die vakke wat in die skool aangebied is, was waarskynlik

dieselfde/

-
- 1) J. H. Malan: op.cit. p. 270.
 - 2) Ibid: p. 270.
 - 3) Ibid: p. 394.
 - 4) T.G. 3389 - T.G. 3404.
 - 5) G.S. 122: 7 Junie 1861.
 - 6) W.K.N: 25 Januarie 1857.
 - 7) Ibid: 8 Oktober 1860 en 29 April 1861.

dieselfde as in 1862 toe dit ingesluit het: Lees, skrif, rekene, aardrykskunde, geskiedenis, 'n weinig godsdiensonder-
rig en Engels. 1)

As onderwyser het Kok goeie werk gelewer, want op 19 Oktober 1858, tydens die eerste eksamen waarvan ons hoor, was die ouers en die eksaminatore „zeer tevrede over de vorderingen der leerlingen". 2)

In verband met hierdie eksamen, waarby ook pryse uitgedeel is, lees ons in die Kerkbode die volgende: Op Dinsdag, 19 Oktober, het die afneem van 'n eksamen in die regeringskool plaasgevind. Dit is deur ds. Murray en die landdros, Howell, bygewoon. Die kinders wat deur die heer Arie Kok onderrig was, is deur die heer Schnehage geëksamineer. Daar was algemene tevredeheid in verband met die vordering van die kinders, en namens Mej. Caroline Howell is vier Bybels en Gesangeboeke as pryse uitgereik. Daarna het ds. Murray die leerlinge toegesprek en beloof om met die volgende eksamen ook 'n prys te gee. Die eksamen is deur die leraar, ds. Murray, met 'n gebed afgesluit. 3)

SKOOLGEBOU EN SKOOLROL:

Aangesien Korsten, Pierik en van Soelen die toestemming van die kerkraad gehad het om die konsistorie as skoollokaal te gebruik, het Kok op 25 Januarie 1857 'n soortgelyke versoek tot die kerkraad gerig, omdat daar nog geen skoolgebou opgerig was nie. Voorts versoek hy ook om die pastorie wat nog altyd leeg staan, aangesien daar nog nie 'n leraar te Winburg is nie, as woonhuis te gebruik. 4)

Die versoek in verband met die pastorie sou later beantwoord word, maar dié in verband met die konsistorie word, sonder opgaaf van redes, afgewys. 5) Mens kan slegs wonder waarheen die onderwyser hom toe met sy skoolkinders begeef het!

Die/

-
- 1) G.S. 939: Inkomende briewe vanaf Winburg.
 - 2) Kerkbode, Deel X, 1858: p. 368.
 - 3) Ibid: p. 368.
 - 4) W.K.N: 25 Januarie 1857.
 - 5) Ibid.

Die pastorie is egter eers in Oktober 1860 aan hom teen £2 per maand verhuur. 1)

Kok moes toe, vir die eerste twee jaar altans, waarskynlik 'n kamer by 'n goedgesinde huur om as skool-lokaal te gebruik. Hierdie toestand in verband met akkommodasie is egter enigsins gedurende Oktober 1858 verlig, nadat die nuwe Kerk gebou is, aangesien die „oude kerk, thans als regerings school gebruik word." 2) Die eerste gebou wat dus uitsluitlik as skool gebruik is, was die ou sooikerk!

Hierdie verligting was egter van korte duur. Dié ou kerkgebou is sedert 8 November 1858 as skool gebruik, en alreeds op 4 Desember 1858 word 'n petisie in die vorm van 'n klagbrief aan die Staatspresident gestuur, nadat vyf van die ouers die skoollokaal inspekteer het. Dié memorie is deur George Vergottini en nege ander ouers onderteken, met 'n begeleidende brief van die landdros Howell. Die petisionarisse wat almal belanghebbendes by die skool te Winburg was, het dit hulle plig geag om onder die President se aandag te bring dat sommige ouers gedurende die vorige week genoodsaak was om hulle kinders uit die skool te haal, as gevolg van die aanhoudende reën. Sommige kinders het siek by die huis gekom „.... ter oorzake van de ongezondheid van het gebouw, dat hier den naam van School draagt". Die ondersoek het aan die lig gebring dat die skoolgebou „in eenen erbarmelyken toestand is". Die toestand van die gebou word as volg beskryf: „Ramen, deuren en vorst zyn open, en kunnen dus de onaangenaamheden en nadeelen van togt en water, het binnen dringen niet beletten; en dit niet alleen, het water dringt zelfs door de muren en maakt den vloer zoo nat, dat by aanhouden van den regen, dezelve weldra gelyk zal zyn aan het plein alhier". 3)

Vervolgens word daarop gewys dat 'n volwassene dit nie

in/

-
- 1) Ibid: 8 Oktober 1860. (Dié vergunning is teruggetrek in Januarie 1861).
2) Kerkbode, Deel X, 1858: p. 368.
3) Volksraadsbylae. V.R. Deel II, 1859: p. 62.

in so 'n gebou kan uithou nie, en die ouers dus nie verkwalik moet word indien hulle, in belang van die gesondheid van hulle kinders, laasgenoemde nie meer skool toe stuur nie. Voorts word 'n dringende beroep op die President gedoen om Winburg van 'n nuwe skoolgebou te voorsien, aangesien die ouers verplig sal wees om „onze kinderen geheel te huis te houden, daar wy niet verlangen de gezondheid onzer kinderen op te offeren aan een ellendig gebouw dat te slecht is om tot paardenstal of pakhuis te kunnen dienen". 1)

Die petisie word afgesluit in die hoop „op een gunstig antwoord". 2)

Nadat dié memorie op 2 Maart 1859 in die Volksraad voorgelees is, word besluit dat die Raad nie in staat is om aan die memorialiste fondse ter oprigting van 'n skoolgebou toe te staan nie, maar verklaar hom bereidwillig om „... een Gouvernementserf af te staan, waarop de inwoners, des verkiezende, op eigene kosten zoodanig gebouw kunnen oprigten". 3)

Wat die skoolgebou betref, was die Winburgers dus nog niks beter daaraan toe as in 1856 nie.

In verband met die skoolrol bestaan daar geen amptelike syfers nie, maar gesien in die lig dat minstens tien ouers belang by die Winburgse skool gehad het, is dit veilig om af te lei dat die leerlingstal tussen vyftien en twintig moes wees; teen die einde van Kok se dienstyd alhier dus min of meer dieselfde as aan die begin van 1862, toe die getalle opgegees is as „gewoonlijk 15". 4)

Wat die plaaslike skoolkommissies betref, blyk dit egter of hulle nie doeltreffend was nie, want in 1861 het die President die ondoelmatigheid aangetoon, met die gevolg dat die Volksraad die bepalinge van 1855 herroep het. Voortaan is die skoolkommissies deur die President aangestel uit persone wat hyself daartoe verkies het. 5)

1) Ibid: V.R. 1859.

2) Ibid. V.R. 1859.

3) Volksraadsnotule, 2 Maart 1859: p. 75.

4) G.S. 939: 10 Januarie 1862.

5) Volksblad: 28 September 1927.

ONDERWYS . IN DIE DISTRIK:

In 1856 is deur die Volksraad bepaal dat elke distrik, behalwe die voorsorg wat vir die betrokke dorp getref is, vyf onderwysers moet besit. Elkeen van hulle ontvang 'n regerings-toelae van £30 per jaar. Op ingewing van Andrew Murray is die stelsel van rondgaande onderwysers deur die Volksraad goedgekeur. 1) Murray het dié idee egter bloot as 'n tydelike hulpmiddel bedoel. Op die duur kon geen hegte onderwys en deeglike kulturele vooruitgang daarmee bereik word nie. 2)

Teen die einde van 1860 was daar slegs een rondgaande onderwyser, C. A. Dempers, in die Winburg-distrik werksaam.

* * * * *

7) J. Styger. (1 Junie 1861 - April 1863)

Aanstelling en salaris:-

Winburg het nou skynbaar 'n groter aantrekkingskrag vir onderwysers geword as wat in die verlede die geval was, want die onderwyspos was slegs vir 'n maand vakant toe Johannes Styger as onderwyser hier aankom.

In 'n skrywe aan die Staatspresident op 5 Mei 1861, versoek Styger om as onderwyser te Winburg, in die plek van die heer A. Kok wat vertrek het, aangestel te word. Hy meld ook dat hy vir 'n jaar by die heer Richter op die plaas Damfontein werksaam was, maar daarna sonder 'n betrekking is. 3)

Johannes Styger Jr. word in hierdie pos aangestel en aanvaar sy dienste op 1 Junie 1861 4) teen 'n salaris van £7.10.0 per maand. 81)

Werk en Onderwys:

Eweas sy voorganger het Styger verskeie kerklike ampte beklee, waaronder dié van koster, teen 'n salaris van £37.10.0. en „vrije huishuur“. Die kerkwette word tydens 'n Kerkraads-

vergadering/

1) J. H. Malan: op.cit. p.270.

2) Ibid: p.394.

3) G. S. 122: 5 Mei 1861.

4) G. S. 939: 10 Januarie 1862.

5) T.G. 3404 - 3412. (Die Volksraad het egter eers op 18 Februarie 1862 die aanstelling van J. Styger as Goewermentsonderwyser te Winburg, bekragtig.- Volksraadsnotule, 18 Februarie 1862.)

Kerkraadsvergadering op 26 Augustus 1861 aan hom voorgelees, en hy willig in om hom daaraan te onderwerp. ¹⁾ Toe Styger in Februarie 1863 om 'n verhoging van salaris as koster vra, word dit nie toegestaan nie, omdat die kerk se geldsake te be-roerd was. ²⁾

Uit Styger se brief aan die President op 5 Mei 1861 is dit ook duidelik watter onderwysertifikate hy besit en watter vakke hy in staat is om te onderrig: Styger is 31 jaar oud, getroud en is van Protestantse geloofsoortuiging; in Neder-land het hy die pos van „Tweeden Onderwijzer" bekleed en ook 'n „Akte als Hoofonderwijzer" verwerf; hy is in staat om, be-halwe in die gewone vakke van die Laeronderwys, ook Engels, Frans, Algebra en Musiek te onderrig. ³⁾ Hy was dus skynbaar tot dusver die bekwaamste onderwyser wat ons nog te Winburg aangetref het.

Vir die eerste keer word daar 'n verslag oor die werk wat in verband met die onderwys op Winburg gedoen word, aan die Volksraad gestuur. Op 10 Januarie 1862 is die genoemde ver-slag deur die Skoolkommissielede wat op die vergadering teen-woordig was, naamlik H. van Broekhuizen (Predikant), N.J. Uys (Landdros) en F. P. Schnehage, opgestel; dit is deur H. van Broekhuizen (President) onderteken. ⁴⁾

Die vakke waarin onderwys gegee word, is „Lezen, Schrij-ven, rekenen, aardrijkskunde, geschiedenis eenig godsdienstig onderrigt en Engelse taal." ⁵⁾

Die onderwyser moes egter onder stremmende omstandighede gewerk het, aangesien daar nie 'n tafel of kryt was nie. Die swartbord was nog nie betaal nie. Desnieteenstaande heers daar algemene tevredenheid oor die onderwyser, en die vor-dering van die kinders is vir die ouers sowel as vir die

kommissie/

-
- 1) W.K.N: 26 Augustus 1861.
 - 2) Ibid: Februarie 1863.
 - 3) G.S. 122: 5 Mei 1861.
 - 4) G.S. 939: 10 Januarie 1862.
 - 5) Ibid: 10 Januarie 1862.

kommissie voldoende. 1)

Daar was egter geen publieke eksamen gedurende 1861 nie, en die Skoolkommissie het ook geen skoolbesoek gedoen nie. „Redenen onvoltalligheid der Commissie en niet opkomen der Leden ze voltallig te maken". Die hoop word egter uitgespreek om in die toekoms te verbeter. 2) Mens wonder waaraan die „voldoende" vordering waarmee almal so tevrede was, gemeet was, aangesien deur die laksheid van die skoolkommissie daar geen eksamens of skoolbesoek gedoen was nie!

Sy handel en wandel was egter nie altyd onberispelik nie, want op 24 Desember 1863, nadat hy alreeds sy onderwyspos te Winburg bedank het, word Styger, die „vroegere hoofonderwyser", voor die vergadering gedaag, maar uit eie beweging het hy belydenis van sy vroeëre onbehoorlike gedrag wat teen die leraar, ds. van Broekhuizen, en die Kerkraad gemik was, gedoen. Sy oortreding was egter nie baie ernstig nie, aangesien hy toestemming verkry om die volgende Sondag Nagmaal te gebruik. Hy is geroskam en met vermanings het die kerkraad hom laat gaan. 3)

SKOOLGEBOU EN SKOOLROL:

Na die klagte van 4 Desember 1858 in verband met die swak toestand van die klaskamer, het die onderwyser en skoliere skynbaar na 'n beter vertrek verhuis. 'n Permanente skoolgebou ontbreek nog altyd. In 1862 verneem ons dat die skool 'n vierkantige vertrek is wat ongeveer 25 kinders kan huisves. Dit is 'n gebou wat van die heer Schnehage gehuur word. 4) Hierdie vertrek is klaarblyklik groot genoeg want dit kan 25 kinders bevat, terwyl die maksimum aantal leerlinge op die rol maar 18 is. Die toestand van die skool is egter „niet naar behoren". Aan die einde van die verslag lees ons dan ook: „De Commissie dringt vooral aan dat er iets uitge-

trokken/

-
- 1) Ibid.
 - 2) Ibid.
 - 3) W.K.N: 24 Desember 1863.
 - 4) G.S. 939: 10 Januarie 1862.

uitgetrokken worde voor schoolmeubilair; alsmede voor prijzen der kinderen; en zoo er kans op is, dat er een school lokaal gebouwd worde". 1)

Die skoolrol is „gewoonlijk 15, maximum 18, minimum 12". Daar is ook 'n paar plaaskinders op skool: „... Sints eenige tyd 2". Die redes waarom hierdie kinders so swak verteenwoordig en dus van onderwys verstoke was, was die ver afstande, gebrek aan geskikte verblyf op die dorp en gebrek aan werkvolk by die meeste boere. 2)

Die skoolgelde word gereeld betaal: „Kinderen onder de 7 jaren - 2/6 boven de 7 jaren 5/-....." Die kommissie is verder van mening dat die „weinige penningen" wat die onderwyser vir skoolgeld van die kinders ontvang, deur hom gehou moet word, aangesien hy beswaarlik met sy besoldiging kan bestaan, daar hy as koster van die kerk nog geen inkomste gehad het nie. „Er zou eer sprake moeten zijn van verhoging, dan van vermindering van zijn tractement". 3)

PRIVAAT ONDERWYS:

Vir die eerste keer verneem ons dat daar ook 'n privaat-skool op die dorp is. Dit is die skool van Mej. M. J. Dekker waarin tien kinders onderwys ontvang en dit „staat in verband met handwerken, waarom er vooral meisjes geplaats worden". Die skoolgelde is £1 per maand. 4)

ONDERWYS IN DIE DISTRIK:

In die distrik is daar, volgens dieselfde verslag van die Winburgse skoolkommissie, ses onderwysers tw. Botha, Dempers, Harnick, Lewis en twee seuns, Lourens en Roos, werksaam. Die getal skoliere is „ongelyk of afwisselend". Hul le salarisse wissel tussen £4 en £6 per maand. Verder is die

kommissie/

1) Ibid. (Op 16 Februarie 1863 word daar tydens 'n kerkraadsvergadering die voorstel gemaak om die eienaar en die onderwyser te vra om die skoollokaal as aan- en uittrekplek te gebruik vir gemeentelike voor en na die Kerkdienste - W.K.N: 16/2/1863.)

2) G.S. 939.

3) Ibid.

4) Ibid.

kommissie van mening dat staatsondersteuning slegs aan onderwysers wat van owerheidsweë as rondreisende onderwysers aangestel is, toegestaan moet word. 1)

Die enigste van hierdie ses persone van wie ons iets meer weet, is C. J. Lourens. In 'n getuigskrif aan hom, onderteken deur G. en H. van der Walt, word gemeld dat C. J. Lourens te Welkom, distrik Winburg, vir ses maande tussen 24 Junie en 24 Desember 1862 onderwys gegee het. Daar was dertien kinders in dié skooltjie, en die onderwyser het „naar onze beste geweten en wetenschap zijne pligte als onderwijzer kompleet aan hün voldaan heef.” 2)

* * * * *

8) H.J. Hofstede. (20 Maart 1863 - Junie 1868).

ONDERWYSBELEID:


Voordat ons oorgaan tot 'n bespreking van die onderwys soos dit te Winburg met Hofstede as onderwyser was, sal dit goed wees om eers 'n vlugtige blik op die onderwysbeleid wat omstreeks hierdie tyd in die Oranje-Vrystaat van toepassing was, te werp. Sodoende sal enkele voorvalle soos byvoorbeeld dié in verband met die uitbetaling van Hofstede se salaris, duidelik word.

As algemene beginsel het gegeld dat ten minste twintig intekenare op elke dorp 'n waarborglys moes teken. Elke intekenaar verbind hom vir £4.10.0. per kind per jaar vir drie jaar. Hiervoor mag twee kinders onderwys ontvang, en waar vir kinders bokant die vereiste gesamentlike aantal (dit wil sê bokant twintig) voorsiening gemaak is, moes 'n waarborglys van £2.5.0. per kind per jaar geteken word. As die intekenare nie self kinders van skoolgaande ouderdom het nie, kan hulle iemand anders se kinders vir die gewaarborgde geld laat skoolgaan. 3)

Die intekenare moes sorg dra vir 'n onderwyser en vir

die/

-
- 1) Ibid.
 - 2) T.G. 3410.
 - 3) J. H. Malan: op.cit. p.398.



die voorsiening van skryfbehoeftes. 'n Jaarlikse verslag moes aan die Volksraad gelewer word. Die skoolkommissie sou vir 'n penningmeester wat die salarisse uitbetaal en die intekengelde invorder, sorg dra. 1)

Die onderwyser lui die skoolklok vir die aanvang van werksaamhede. Die skool word met Skriflesing en gebed geopen, en met gebed en sang gesluit. 2)

Die vakansies word op veertien dae na die eksamen in Junie en vier weke na die eksamen in Desember vasgestel. 3)

Elke kind moes behoorlik gekleed, gekam en gewas na die skool kom. Wanneer 'n kind afwesig was, moes hy 'n briefie van sy ouers meebring waarin die rede vir sy afwesigheid aangegee word. 4.)

Die onderwyser „zie verder toe dat de kinderen elkander niets influisteren gedurende het opzeggen der lessen“. 5)

Die onderwyser moes Hollands en Engels verstaan. Engels moes as byvak onderrig word. Verder moes onderwys in lees, skrif, rekene, aardrykskunde, Bybelgeskiedenis en algemene geskiedenis gegee word. Die onderwyser moes sorg dat daar 'n behoorlike rooster van werksaamhede aan die muur was. 6)

Die skoolkommissie moes sorg dat aan arm kinders gratis onderwys verskaf is; sewe was die maksimum aantal leerlinge wat onder dié vergunning toegelaat is. 7)

AANSTELLING EN SALARIS:

In die kerknotule van 24 Desember 1863 word na J. Styger verwys as die „vroegere hoofonderwyser“. 8) Hierdie verwysing word egter duidelik wanneer ons die betaalstate in die Tesourie-Generaal van Winburg nagaan. Hieruit is dit duidelik dat Styger tot op 30 April 1863 hier as onderwyser werksaam was, terwyl H. J. Hofstede teen die einde van Maart 1863 alreeds elf dae se salaris getrek het tw. £2.14.3. 9) Dit is dus duidelik dat Winburg van/

1) - 7) Ibid: p.398.
8) W.K.N: 24 Desember 1863.
9) Vgl. T.G. 3411, 3412, 3415.

van 20 Maart tot 30 April 1863 twee Goewermentsonderwysers gehad het. Styger was die hoofonderwyser.

H. J. Hofstede het op 20 Maart 1863 as onderwyser te Winburg diens aanvaar en wel teen 'n salaris van £90 per jaar. ¹⁾

Nadat die vereiste drie jaar van intekenare op die waarborglys in 1866 verloop het, het daar moeilikheid met die uitbetaling van sy salaris ontstaan. Nadat daar van Winburg 'n memorie oor hierdie saak ingestuur is, het 'n lang bespreking in die Volksraadsitting van 20 Mei 1867 plaasgevind. In 1863 was daar 23 ondertekenare vir Winburg, en nou het die vraag ontstaan of hulle die waarborglys moes hernu, as dieselfde onderwyser na verloop van die vereiste drie jaar nog op dieselfde dorp onderwys gee. Sommige Volksraadslede was van oordeel „dat de wet vereischt, dat na verloop van 3 jaren de intekenaren zich weer verbinden“. ²⁾ Raadslid Dreyer was van mening dat 'n mens nie so ligtelik 'n onderwyser wat deur die Goewerment aangestel is, sy salaris moes ontnem nie. Die Raad het eindelijk besluit dat, indien die intekenaars bereidwillig was om so spoedig moontlik aan die vereistes van die wet te voldoen, naamlik om hulle vir nog drie jaar te verbind, die gewone salaris van die onderwyser te Winburg weer uitbetaal sou word. ³⁾ Omdat die waarborglys hernu is, was Hofstede se salaris-kwessie opgelos.

BUITESKOOLSE WERKSAAMHEDE:

Hofstede het 'n leidende en baie aktiewe rol in die kerklike aangeleenthede te Winburg gespeel. ⁴⁾ Op 2 April 1864 het die aanstelling van die nuwe onderwyser as voorsinger, voorleser en by afwesigheid van die predikant, as voorganger van die gemeente ter sprake gekom: „Bezluit is, dat Z.E.D. provisioneel worde aangesteld tegen £50 p.a. voor 3 maanden, en bij genoegdoening dit worde vasgesteld.“ ⁵⁾

Hofstede/

1) T.G. 3415 - T.G. 3421.

2) O.R. 4: p. 62 (Volksraadsnotule, 20 Mei 1867).

3) Ibid.

4) Vgl. Gardener: Ons Kerk in die Transgariep, p. 154.

5) W.K.M: 2 April 1864.

Hofstede beklee byna alle kerklike ampte, en na die vertrek van ds. van Broekhuizen het hy van 1 April 1866 ook as skriba van die kerkraad opgetree. 1)

Sekere lede van die kerkraad het egter spoedig aanstoot geneem aan die gebruik van Hofstede, om aan die einde van 'n diens, in afwesigheid van die leraar, die seën uit te spreek, want op 31 Desember 1864 word hierdie gebruik ten strengste deur die kerkraad afgekeur. Maar Hofstede het aan ds. van Broekhuizen meegedeel dat hy „nimmer den zegen uitsprak, maar met de gemeente heeft gebeden.... zoals ieder dit doen kan: „zij en blijve met ons allen“! 2)

In April 1866 is Hofstede andermaal om 'n onbenullige rede by die kerkraad aangekla en wel deur 'n sekere dame, C. du Plooy. Hy sou dan ontydig (8.10 nm.) by haar dogter kom kuier het, en sy kon hom dus nie as 'n persoon beskou wat kerklike ampte mag beklee nie. Hierop moes Hofstede die vergadering verlaat, waarna hy toe 'n briefie instuur waarin hy die kerkraad meedeel dat hy die kerklike ampte bedank „zolang de Eerw. Kerkeraad hem niet in eer en karakter hersteld heeft“. Uit die ondersoek het geblyk dat Hofstede absoluut onskuldig was. Omdat die kerkraad hom as 'n eerbare man wat veral teen ligsinnigheid waak, bestempel, het hulle hom van alle blaam onthef en hom versoek om weer in sy kerklike ampte op te tree. 3)

Na die vertrek van ds. van Broekhuizen in 1866 het Hofstede vergunning verkry om die pastorie as woonhuis te gebruik. 4)

Met Hofstede se vertrek in 1868 het die kerkraad hom „eervol ontslag“ gegee „onder dankbetuiging voor bewesen diensten“. 5)

Maar Hofstede het nie slegs in diens van die blanke

kerk/

-
- 1) Ibid: 1 April 1866.
 - 2) Ibid: 31 Desember 1864.
 - 3) Ibid: 6 April 1866.
 - 4) Ibid: 1 April 1866.
 - 5) Ibid: 3 Oktober 1868.

kerk en die onderwys gestaan nie; hy het op tasbare wyse hom ook vir die sendingwerk beywer. Hy het evangelisasiewerk onder die kleurlinge gedoen. ¹⁾ en was op 'n stadium sterk van plan om hom op sendingwerk toe te lê en ook as Evangelis te bekwaam, want op die eerste Sinode van die N.G. Kerk in die Oranje-Vrystaat van 10 tot 13 Mei 1865 het die volgende versoek van hom ter sprake gekom: Van die onderwyser H. J. Hofstede van Winburg het in genoemde Sinode 'n aansoek gekom om toegelaat te word om as sendeling van die N.G. Kerk geëksamineer te word. Die vergadering het nie kans gesien om op sy versoek in te gaan nie, aangesien hy nie persoonlik teenwoordig was nie. In elk geval word van hom verwag dat hy getuigskrifte sal voorlê van die professore op Stellenbosch waar hy 'n tyd lank in die teologie studeer het. ²⁾ Hierdie aanhaling bewys nog verder die veelsydigheid en bekwaamheid van Hofstede!

Hofstede het in verband met die evangelisasiewerk onder die kleurlinge ook besondere ywer aan die dag gelê. Hy het die Volksraad in hierdie tye meegedeel dat hy vir byna een jaar reeds vir die gekleurde bevolking daar skool en kerk hou, en dat hy die ou kantoor vir daardie doel gebruik het, aangesien dit welwillend aan hom vir daardie doel afgestaan is. Maar die gebou het onbruikbaar geword, en hy het derhalwe versoek dat, aangesien die gekleurde bevolking wat uit 81 siele op die dorp en 108 naby die dorp bestaan het, gewillig was om ook hulle deel van die koste by te dra, en om self soveel as moontlik met die bou van 'n kerk en skool behulpzaam te wees, die Regering hulle 'n stuk regeringsgrond vir daardie doel in die dorp moes skenk. ³⁾

Dit wil dus voorkom dat, wat Hofstede ookal aangepak het, hy durf, deursettingsvermoë en planmatigheid aan die dag gelê het om sy vooropgestelde doelstellinge te bereik.

ONDERWYS/

-
- 1) Ibid: 3 Oktober 1868.
 - 2) Gerdener: Ons Kerk in die Transgariep, p. 211.
 - 3) P. S. Malan: Onderwys in die Oranje-Vrystaat (1854 - 1874), p. 166.

ONDERWYS:

As daar sprake was van bestendigheid in die onderwys toe Arie Kok onderwyser te Winburg was, dan is dit sekerlik tot 'n meerdere mate waar onder Hofstede wat vir meer as vyf jaar sy plek in die onderwys te Winburg volgestaan het.

Die standaard van werk en die Winburgse Goewermentskool het met Hofstede wat as onderwysman 'n baie bekwame persoon was, 'n bloeiperiode deurgemaak wat in die verlede ongekend was.

Hierdie bewering blyk baie duidelik uit verslae in „The Friend” van 9 September en 7 Oktober 1864. In „The Friend” van 9 September 1864 skryf ds. van Broekhuizen: „Op Winburg althans verheugen wij ons sinds eenige maanden in een deugdelijk onderwijs voor het opkomende geslacht. Reeds wordt het schoollokaal te klein, terwijl er nog meer kinderen te wachten zijn. Aan het hoofd onzer dorpschool staat de bekwame onderwijzer H. J. Hofstede, die reeds een assistent heeft moeten ontbieden en verkregen, daar hij al de klassen alleen niet behartigen kan”.¹⁾ Ons weet egter nie wie hierdie „assistent” was nie, en tydens die eksamen van 26 September 1864, dus net sewentien dae nadat bogemelde skrywe in „The Friend” verskyn het, word ook niks van hierdie assistent verneem nie, nieteenstaande die breedvoerigheid van die verslag oor genoemde eksamen!

In „The Friend” van 7 Oktober 1864 lees ons „.... dat de Winburgsche Gouvernements school zich in zoo ongewone bloei mogt verheugen”. Die gehalte van die skoolwerk en die belangstelling wat die ouers en die Skoolkommissie in die onderwys te Winburg stel, kon moeilik oortref word, en ds. van Broekhuizen (penningmeester van die Skoolkommissie) beweer in 'n indrukwekkende toespraak „dat Winburg in belangstelling voor het onderwijs zulk een luisterrijk voorbeeld

gaf/

1) Friend: 9 September 1864. cf. Gerdener: Boustowwe vir Kerkgeskiedenis, p. 154.

gaf aan den Oranjevrijstaat." 1)

So ingenome was die publiek van Winburg en die Skoolkommissie met die bloei van die skool, dat hulle besluit om dit, na afloop van die eksamen in September 1864, luisterryk te vier. Dieselfde namiddag was die hele dorp in feesgewaad. Die leerlinge is na 'n pækniek, op onkoste van al die inwoners van die dorp, uitgenooi. Om 2 uur dié namiddag het al die skoliere en die onderwyser onder „feestgejuich en vlaggen" na die nabygeleë kloof gegaan. Hierdie optog is deur waens en karre van al die „respectabele inwoners, dames en heeren" gevolg, „..... slechts zeer weinigen bleven te huis." Alle speletjies, waaronder ook sakresies, is met trompetgeskal aangekondig: „Hierna werd de landelijke tafel gespreid.... Tegen den avond ging ieder naar huis,..... regt verheugd over Winburg en zijne inrigting voor het onderwijs". 2)

Ook die heer Brandt, predikant van Boshof, het op 26 September 1864 ten tye van genoemde eksamen verklaar dat Winburg verheug kan wees met 'n skool wat as voorbeeld gestel kan word. 3)

Wat Hofstede as onderwysman betref, is daar talle voorbeelde om sy bekwaamheid en gewildheid te bewys. Hy het die volle ondersteuning van die Winburgse publiek gehad, soos alreeds uit die voorafgaande bewys is en by monde van die onderwyser self gestaaf word: „De heer Hofstede sprak vooraf op hartelijke wijze de commissie, de ouders en de kinderen toe, allen dank zeggende voor hartelijke medewerking bij zijne gewigtige en moeilijke betrekking...." 4)

Hofstede was, soos alreeds blyk uit sy veelvuldige werksaamhede in verband met kerklike en ander aangeleenthede, ook 'n pligsgetroue, hardwerkende en begaafde persoon. 5)

Hy/

1) Friend: 7 Oktober 1864.

2) - 4) Ibid: 7 Oktober 1864.

5) Hofstede het later ook die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat geskryf.

Hy het al sy kragte vir die onderwys ingespan en alles in sy vermoë gedoen om die leerlinge onder sy sorg geestelik en maatskaplik op te lei. 1) Ds. van Broekhuizen het vir Hofstede dan ook in die openbaar bedank „voor de vlijt en de ijver, waarmede deze was werkzaam geweest”. 2) Die „vlijt en de ijver” is baie duidelik deur die skooleksamens bewys.

J. M. Howell het Hofstede as onderwysman as volg beskryf: Hy is geen „third class” onderwyser nie, maar „a gentleman of first rate education and talents”. 3) Hofstede het dus by almal eer en respek afgedwing.

Hofstede se onderwys was gegrond op wetenskaplike metodes, en skynbaar het hy van alle moontlike hulpmiddels gebruik gemaak om die onderwys interessant te maak. Sy onderwysmetodiek was nie bloot net ’n leerdery wat vir die skoliere vervelend was nie, „maar duidelik is: dat het waarom, hoe en hoedanig van elke zaak gevraagd word, zoodat de kinderen leeren denken”. 4) Tydens die eksamen van September 1864 het die heer Hofstede ’n toespraak in Engels gelewer waarin hy sy metode van die onderrig van Engels uiteengesit het. 5) Wat hierdie metode was, is egter nie direk na verwys nie, maar dit was blykbaar om Engels as lewende taal te doseer, deur middel van die deduktiewe metode, want ons het reeds opgemerk dat hy „de kinderen leeren denken”.

Die belangstelling van die kind is geprikkel deur verskillende stimuli waaronder die uitdeling van pryse as erkenning vir goeie werk, goeie gedrag en vlytigheid. Hofstede het waarskynlik ook die waarde van erkenning en aanmoediging in die onderwys besef; waarom sou hy uit ’n totaal van 39 kinders twintig pryse laat toeken? Van hierdie twintig pryse wat in September 1864 gegee is, is drie toegeken vir goeie gedrag en vlytigheid, en die res vir

prestasies/

1) - 3) Ibid: 7 Oktober 1864.
4) Ibid: 7 Oktober 1864.
5) Ibid: 7 Oktober 1864.

prestasies in verskillende vakke. Dié twintig pryse is nie net onder 'n paar uitgesogte leerlinge verdeel nie, maar aan veertien verskillende kinders toegeken; meer as 'n derde van die skoliere het dus pryse ontvang vir die een of ander prestasie. 1) Soiets sou bepaald vir die kind as aansporing dien om sy beste te lewer en nog vlytiger te probeer om beter vordering te toon, want die moontlikheid het bestaan dat hy of sy 'n prys vir vlytigheid of goeie gedrag kon verower. Alle kinders, selfs dié wat nie 'n prys verower het nie, het 'n „klein aandenken" gekry „van den voor hen zoo gewigtigen dag". 2) Op hierdie wyse moes 'n gesonde gees onder die leerlinge en in die skool geskep word.

Ander faktore, waaronder die piekniek, het dus meegewerk dat 'n gelukkige skoolgemeenskap ontstaan het, en dat dit vir die kind aangenaam in die skool was.

Nie alleen het Hofstede die kinders leer lees en skryf nie, maar hulle het ook 'n opvoeding binne die skool ontvang, want soos alreeds uit 'n vorige aanhaling blyk, is dit duidelik dat hy die kinders ook geestelik en maatskaplik opgelei het. Die klem het dus nie uitsluitlik op verstandelike ontwikkeling geval nie!

Dit is vanselfsprekend dat die tug, dissipline en toon van die skool gesond was. Daar was die hartlikste samewerking tussen onderwyser en kinders; waarom anders sou hulle „allen dank zeggende voor hartelike medewerking"?

Wat die skoolvakke betref, weet ons dat volgens die onderwysbeleid wat teen 1863 gevolg was, onderwys gegee moes word in Hollands, Engels, lees, skrif, rekene, aardrykskunde, Bybelgeskiedenis en algemene geskiedenis. 3) In Winburg was dit wel die geval, want daar is eksamen afgeneem in Hollands, Engels, sterrekunde, aardrykskunde, oue en algemene geskiedenis. Onder die 39 skoliere was daar ook

„leerlingen/

1) - 2) Ibid: 7 Oktober 1864.

3) J. H. Malan: op.cit. p.398.

„leerlingen in de oude talen”. 1) Ons moet dus aanneem dat Hofstede moontlik ook onderwys in Grieks en Latyn aangebied het. Voorwaar dus 'n bekwame en goed-onderlegde persoon! Omdat daar nie eksamen in die „oude talen” afgeneem is nie, was geeneen van die „eksaminatore” skynbaar bevoegd om dit te doen nie.

Eksamens is waarskynlik gereeld gehou, want ons weet van minstens twee: September 1864 2) en Julie 1866. 3) Dit was 'n algemene beginsel in die Oranje-Vrystaat dat daar minstens 'n eksamen in Junie en 'n eksamen in Desember moes wees. 4)

So 'n eksamen was 'n groot gebeurtenis: By die eksamen van September 1864 waã die skoolkommissie, byna al die ouers van die leerlinge en ander belangstellendes teenwoordig. Die verrigtinge is met 'n gebed geopen. Nadat die onderwyser 'n toespraak gelewer het, is die kinders eers in die Hollandse taalkunde en Hollandse lees in alle soorte druk geëksamineer; vervolgens in Engelse taalwerk en Engelse lees; daarna in Engelse en Hollandse vertaling, vice versa, en daarna in sterrekunde, aardrykskunde, Bybelse en algemene geskiedenis. Hierna het die uitdeling van die pryse wat deur die skoolkommissie lede geskenk is, gevolg, en elke keer is 'n paar woorde deur die skenkers gesê. Daarna is toesprake gelewer deur die heer Hofstede, die heer J. M. Howell, ds. van Broekhuizen, ds. Brandt ('n besoekende leraar van Boshof) waarna die byeenkoms met 'n gebed afgesluit is. Dieselfde namiddag is piekniek gemaak. 5)

Die eksamen in Julie 1866 was egter nie so 'n groot sukses nie. 'n Korrespondent skryf in „De Tijd”, 18 Julie 1866, dat die eksamen wat gedurende die week gehou is, 'n groot mislukking blyk te gewees het. Dit was nie die skuld van „onze talentvollen onderwijzer” of die gevolg van swak

vordering/

-
- 1) Friend: 7 Oktober 1864.
 - 2) Ibid.
 - 3) „De Tijd”: 18 Julie 1866.
 - 4) J. H. Malan: op.cit. p. 398.
 - 5) Friend: 7 Oktober 1864.

vordering deur die skoliere nie „.... doch door de kleingeestigheid van drie der schoolcommissie leden Capt. von Brandis en de heeren Schnehage en Wohltitz, die nooit of nimmer belang stellen in de besigheden, maar altijd gebruik maken van hun kortdurende gezag om hunne hatelijkheid tegen den onderwijzer te toonen en alles te doen wat zij kunnen om hem te tergen (om 't hem lastig te maken), schijnbaar met het doel om hom in walging te doen resigneren en zodoende plaats te maken voor een' in alle opzichten onbevoegden onderwyser".¹⁾

Dit wil dus voorkom asof die skoolkommissie 'n stremmende invloed op die onderwys te Winburg begin uitoefen het, want die drie lede wat wel die eksamen gaan afneem het, was skynbaar geheel-en-al onbekwaam om dit te doen, aangesien ons die volgende opmerking deur dieselfde korrespondent in „De Tijd" lees: „Het gevolg is dat de onderwijzer en leerlingen ontstoken zijn geweest van de tegenwoordigheid der twee eenige leden, die in staat zijn om de kinderen te examineeren.....".²⁾ Dié twee lede is ds. van Heyningen, die konsulent, en die heer Howell. Daar word ook 'n beroep op die Staatspresident gedoen om sy „veto" uit te spreek teen die agterbakse handelwyse wat aan die gang is en daardeur te sorg dat die Winburgers van die goeie dienste van die heer Hofstede verseker kan wees.³⁾ Op 'n ander plek in dieselfde bron lees ons dat 'n grondige ondersoek wenslik is om die oorsaak van die „herhaalde misverstanden" in die skoolkommissie vas te stel. Die wens word uitgespreek dat Winburg weldra 'n „gentleman", volgens die ware betekenis van die woord, aan die hoof van die distrik mag kry; dan sal daar spoedig 'n einde aan al die „armzalige ergernissen en vertooning van hatelikhede" wat daagliks aan die gang is, kom.⁴⁾ Hierdie moeilikhede is toe in die reine gebring, aangesien daar later nie weer na verwys is en dieselfde ge-

beure/

-
- 1) De Tijd: 18 Julie 1866.
 - 2) Ibid.
 - 3) Ibid.
 - 4) Ibid.

gebeure hom nie weer herhaal het nie.

SKOOLGEBOU EN SKOOLROL:

Pas 'n jaar na die aankoms van Hofstede as onderwyser te Winburg, ontstaan daar 'n probleem in verband met die onderwyslokaal, aangesien daar 39 kinders op die rol was, en die gebou van Schnehage wat as klaskamer gedien het en slegs 25 kinders kon huisves, te klein geword het. 1)

Op aanvraag van die skoolkommissie vir die gebruik van die konsistorie as skoollokaal, word dit deur die kerkraad toegestaan op die volgende voorwaardes: "... mits betaling van het door 't Gouvernement daartoe bepaalde geld, en het in goede orde houden van het lokaal." 2)

Op 3 Januarie 1865 ontstaan daar egter opnuut moeilikheid in verband met die konsistorie as onderwyslokaal. Ds. H. van Broekhuizen rig 'n brief aan Mnr. Hofstede waarin aan laasgenoemde kennis gegee word dat die konsistorie, volgens 'n kerkraadsbesluit van 31 Desember 1864, voortaan nie meer as 'n skoollokaal gebruik mag word nie. Die redes wat hy aangee, kom op die volgende neer: Die vergunning was slegs tydelik, en verder is die voorwaardes waaronder die lokaal afgestaan is, nie nagekom nie, naamlik om "het geheel goed in orde te houden". Die vloer, mure en banke is verniel, en geen uitvoering is aan die versoek van die Predikant gegee om by die insit van die nuwe vloer 'n bydrae te verkry ten einde die £6 onkoste te help betaal nie. 3)

'n Ander rede wat dan ook gelyktydig 'n aanbeveling is, was dat Hofstede vanaf 15 Januarie self 'n ander woonhuis betrek waaraan 'n lokaal verbonde is wat tydelik altans as 'n skoollokaal kon dien. 4)

Hofstede is toe met dié brief na die voorsitter van die skoolkommissie wat op sy beurt weer 'n besoek aan ds.

van Broekhuizen/

1) W.K.N: 2 April 1864.

2) Ibid.

3) Brieweboek, N.G. Kerk: Litt.C. Nr.2. Brief aan Hofstede deur v. Broekhuizen V.D.M.

4) Ibid.

van Broekhuizen gebring het. Die gevolg was dat van Broekhuizen op 6 Januarie ingewillig het om weer die konsistorie as skoolklaskamer af te staan, mits die hele kerkraad onder die volgende voorwaardes daarvoor stem: Dat die £6 wat die kerkraad vir die vloer betaal het, deur die skool aangesuiwer moet word; die konsistorie moet elke Saterdag skoongemaak en gelug word; drie dae voor 'n Nagmaalsviering moet die konsistorie in goeie orde afgegee word; sodra 'n nuwe skoolgebou daargestel is, moet die konsistorie in dieselfde goeie toestand waarin dit ná die reparasie was, afgegee word. 1)

Hierdie voorwaardes is weer voor die kerkraad vir goedkeuring gelê, en die vergunning om die konsistorie as klaskamer te gebruik is aan Hofstede toegestaan, mits die bogenelde bepalings stiptelik nagekom word. 2)

Na die reedsgemelde moeilikheid wat in verband met die eksamen van 1866 ontstaan het, is die moontlikheid in „De Tijd” uitgespreek dat die kerkraad miskien kan weier om langer die gebruik van die konsistorie ten bate van die skool, soos wat tot nog toe gulhartig gedoen is, toe te staan. 3) Hierdie moontlikheid het egter nie 'n werklikheid geword nie, want die konsistorie is, selfs nadat Hofstede in 1868 vertrek het, nog as 'n klaskamer gebruik.

Die eksamens het gewoonlik in die kerk plaasgevind, 4) waar daar genoegsaam sitplek vir al die ouers en belangstellendes was.

Soos alreeds vermeld, het die skoolrol, toe Hofstede onderwyser te Winburg was, verbasend vermeerder. Dit is nog meer indrukwekkend wanneer ons vergelyk:

JAARTAL.	ONDERWYSER.	AANTAL LEERLINGE.
1862	Styger...	15
1864	Hofstede.	39
1874	Pos.....	Onder 10 (die skool sluit.)

Waarskynlik/

- 1) Ibid: Litt.C.Nr.3. Brief aan C. Bredell. Voorsitter van skoolkommissie 4/1/1865.
- 2) W.K.N: 4 Februarie 1865.
- 3) De Tijd: 18 Julie 1866.
- 4) Friend: 26 September 1864.

Waarskynlik was die werklike getalle onder Hofstede nog veel hoër as veertig, want in September 1864 was 39 kinders tydens die inspeksie teenwoordig. As in aanmerking geneem word dat daar 23 ondertekenaars vir die waarborglys was, dat elkeen vir twee kinders verantwoordelik was, en dat die skoolkommissie daarby nog aan sewe arm kinders gratis onderwys kon gee, kan die skoolrol maklik tussen 50 en 53 te staan gekom het.

In alle geval was die toestand in 1864 as volg: „De eerste klasse zes, de tweede klasse zestien, en de derde klasse seventien leerlingen....; te samen negen en dertig scholieren”. 1)

Geen melding word gemaak van plaaskinders wat byvoorbeeld te perd na dié skool gekom het nie. Waarskynlik het daar ook kinders op die dorp loseer om sodoende onderrig van dié talentvolle onderwyser te ontvang.

Hofstede het Winburg in Junie 1868 verlaat, na 'n baie vrugbare dienstyd, en 'n aanstelling in Bloemfontein aanvaar.

SAMEVATTING:

Ons kan die vrugbare werk wat Hofstede as onderwyser te Winburg in verband met die onderwys gedoen het, saamvat deur 'n uittreksel uit die getuigskrif wat ds. van Broekhuizen op 3 Maart 1866 aan Hofstede gegee het, te maak: - „dat hy... getoond heeft de tot die betrekkingen vereischte bekwaamheden te bezitten,.... dat de Winburgsche Gouvernementsschool gedurende zijn beheer aanmerkelyk toegenomen is in bloei en het aantal van leerlingen.... en dat er nietz op zijn zedelyk gedrag valt aan te merken.” 2)

ONDERWYS IN DIE DISTRIK:

Onderwys in die distrik het waarskynlik sy normale gang tussen 1863 en 1868 gegaan, behalwe moontlik teen die einde van 1864 toe die grense weer onveilig was en

die/

1) Ibid.

2) G.S. 1008: 3 Maart 1866. (opgeneem in Brebner se Brieweboek.)

die boere opgekommandeer is. 1)

Uit die betaalstate van Winburg is dit duidelik dat die volgende onderwysers gedurende genoemde periode in dié distrik werksaam was: Lourens, Dempers, D. J. de Vos, K. van Vollenhoven 2) en volgens die kerknoutule van 1868, ook 'n sekere Prins. 3)) Eersgenoemde twee het elk £7.10.0. per maand ontvang, de Vos en Van Vollenhoven £30 per jaar; die salaris van Prins is onbekend.

Ten einde swak onderwysers met twyfelagtige karakter uit dié distrik te hou, is die volgende voorstel deur die kerkraad op 4 Julie 1869 aangeneem: Die voorsitter stel voor dat aan die gemeente bekend gemaak moet word dat dit wenslik is dat elke onderwyser in die buitewyke 'n aanbeveling van die kerkraad of die leraar moet hê. 4)

Reeds in 1864 het ds. van Broekhuizen in verband met die plattelandse onderwys geskryf: „Bij de meest mogelijke belangstelling in het onderwijs, zal in de districten altijd veel te wenschen oorblijven, zoolang de bevolking zoo dun, en het leven, vooral op de grenzen, gelijk hier, zoo onveilig is. Nietemin hoopen wij.... dat het onderwijs buiten de dorpen, naauwlettend behartigd en bevorderd zal worden, niet alleen door de bemoeijingen der Leeraren, maar van alle weldenkenden in dit land." 5)

* * * * *

9) ONDERWYS TE WINBURG: Julie 1868 - Desember 1873.

Na die vertrek van Hofstede het die onderwys te Winburg weer in die ou groef verval, en in die periode Julie 1868 tot Desember 1873 was die onderwyspos alhier agtereenvolgens drie maande vakant, vir 'n jaar gevul, toe weer vir 'n jaar vakant, toe vir bykans drie jaar van November 1870 tot Junie 1873 gevul en toe weer vir vyf maande vakant, totdat

N. Pos/

-
- 1) W.K.N: 31 Desember 1864.
 - 2) T.G. 3415 - T.G. 3422.
 - 3) W.K.N: 4 April 1868.
 - 4) Ibid: 4 Julie 1869.
 - 5) Friend: 9 September 1864. cf. Gerdener: Boustowwe vir kerkgeskiedenis, p. 155.

N. Pos in Desember 1873 aangestel is. ¹⁾

Van die twee onderwysers wat die jeug te Winburg gedurende bogenoemde periode onderrig het, t.w. Kok en Sluymers, weet ons baie min.

(a) A. Kok. (Oktober 1868 - Oktober 1869).

Volgens die kerknotule van 3 Oktober 1868 is A. Kok as skriba aangestel. ²⁾ (Volgens die skrif is dit dieselfde persoon wat van November 1857 tot April 1861 hier onderwys gegee het.) Hy vra ook weer om die konsistorie as klaskamer te gebruik. ³⁾

In verband met sy aanstelling as onderwyser het ons geen ander bron om dit te bevestig nie, aangesien in die Tesourie-Generaal van Winburg daar vir hom geen betaalstate vir genoemde periode voorkom nie; hy was dus nie 'n Goewermentsonderwyser nie, en het in private hoedanigheid op die dorp kom skoolhou. Moontlik was daar te min kinders op skool om 'n Goewermentsonderwyser te regverdig, of miskien kon nie die vereiste twintig intekenaars vir die waarborglys gevind word nie! Waarom anders sou 'n memorie deur J. W. Lotz en agt ander persone na die Volksraad gestuur word: „dato Winburg, 11 Januarij, 1869, verzoekende dat gemeld dorp gerangschikt zal worden onder die dorpen, welke slechts 10 inteekenaren noodig hebben ter verkrijging van eenen Gouvernements onderwijzer," ⁴⁾ terwyl toe Hofstede onderwyser was, Winburg onder dié dorpe gerangskik was wat twintig intekenaars vereis?

Ons moet dus aanneem dat Kok nie die ondersteuning gehad het wat hy tussen 1857 en 1861 geniet het nie, en ook nie dié wat Hofstede so pas ontvang het nie. Waarskynlik

het/

1) In geen primêre bron kan vasgestel word dat „Hofstede opgevolg is deur Tadema en l.g. deur Reimers", soos deur M. G. Boshoff beweer word in die aangevulde deel vir die Riebeeck-fees by „Die ontstaan en groei van Winburg" deur L. B. van der Walt op bladsy drie nie.

2) W.K.N: 3 Oktober 1868.

3) Ibid.

4.) Volksraadsnotule, 27 Mei 1869, (V.Not)

het die ouers gereken dat hulle kinders genoeg onderwys van Hofstede ontvang het en dus nie meer nodig gehad het om te leer nie.

Kok vra die konsistorie as klaskamer aan. Dit word deur die kerkraad toegestaan op voorwaarde dat dit altyd skoon moet wees en indien die predikant dit verlang, dadelik ontruim moet word. Ook moes Kok sy eie tafel en banke gebruik. 1)

Kok het waarskynlik dieselfde goeie werk in die onderwys gelewer waarvoor hy tydens sy vorige dienstryd te Winburg bekend was.

Hy het ook die kerklike ampte van voorleser en skriba beklee. Op 2 Oktober 1869 vra hy eervolle ontslag uit hierdie ampte, 2) en moontlik het hy ook sy onderwyspos bedank, sodat Winburg se skool waarskynlik sonder 'n onderwyser was tot in November 1870.

(b) P. N. Sluymers. (November 1870 - Junie 1873).

Op 1 Desember 1869 het die skoolkommissie H. J. Tadema wat bekwaam was in Engels, Frans en Hoogduits, benoem, maar nuwe intekenaars moes eers gevind word, sodat Sluymers later in dié pos aangestel is. 3)

P. N. Sluymers word aan die begin van November 1870 teen 'n salaris van £90 per jaar as Goewermentsonderwyser aangestel. 4)

Hy is ook skriba en voorleser van die N.G. Kerk te Winburg sedert 3 Desember 1870 en ontvang hiervoor 'n salaris van £40 per jaar. 5) Op 7 Oktober 1871 is 'n verhoging van £10 per jaar aan hom toegestaan. 6)

Nieteenstaande die feit dat hy bykans vir drie jaar hier onderwys gegee het, weet ons niks van die onderwys

tydens/

1) W.K.N: 3 Oktober 1868.

2) Ibid: 2 Oktober 1869.

3) J. D. Olwagen: Die ontwikkeling en betekenis van die Plaasskool in die Republiek Oranje-Vrystaat 1854 - 1899, p. 129.

4) T.G. 3424 - T.G. 3427.

5) W.K.N: 3 Desember 1870.

6) W.K.N: 7 Oktober 1871.

tydens sy verblyf nie.

Terwyl Sluymers in 1881 aan 'n privaatskool te Verblyding, tussen Brandfort en Winburg werksaam was, het Brebner aan die Goewermentsekretaris geskryf: „De Heer Sluimers schynt bekwaam genoeg te zyn, maar ik twyfel of zyn gedrag onberispelyk is. Hy was jaren geleden Gouwm. Onderwyser te Winburg, en is sints in de Transvaal geweest”.¹) Kort hierna het hy weer 'n skool op die plaas van die heer Biljon geopen.

Die konsistorie is nog as klaskamer gebruik, en die skoolrol was klaarblyklik genoeg om 'n Goewermentsonderwyser te regverdig. 2)

Sluymers het sy onderwyspos te Winburg in Junie 1873 bedank. 3) Na sy vertrek was Winburg vir vyf maande tot in Desember van dieselfde jaar sonder 'n onderwyser. 4)

* * * * *

10) ENKELE ONDERWYSERS IN DIE WINBURGDISTRIK (voor 1873).

(a) George Frederick Mellenbroek:

In 1874 het G. F. Mellenbroek op negentienjarige ouderdom saam met ander Duitse immigrante na Natal gekom. Hy was ten tye van sy aankoms in diens van 'n katoenmaatskappy. Twee jaar later het hy een van sy arms verloor en toe as onderwyser van sy medewerkers se kinders in diens van die maatskappy aangebly. Sy werkgewers het egter bankrot gespeel, en hy het op die punt gestaan om na Duitsland terug te keer, maar vriende het hom aangeraai om as skoolmeester onder die Boere op te tree. 5)

A. Spies het hom dan ook as huisonderwyser geneem, maar in 1852 het hy op aandrang van ds. Dirk van Velden met wie hy reeds in Holland kennis gemaak het, na die Oranje-Vrystaat gegaan. 6)

Mellenbroek/

1) G.S. 183: 24 Januarie 1881. (inkomende briewe vanaf Bloemfontein).
2) Vgl. W.K.N: 1870 - 1873.
3) T.G. 3427.
4) T.G. 3427 - T.G. 3430.
5) J.D. Olwagen: Die ontwikkeling en betekenis van die Plaasskool in die Republiek Oranje-Vrystaat 1854 - 1899, p. 177.
6) Ibid: p. 177.

Mellenbroek het hoofsaaklik in die Vetrivierwyk van die Winburgdistrik as regeringsondersteunde rondgaande onderwyser opgetree. As huisonderwyser het hy spoedig bekendheid verworf, en die Boere het hom met ope arms ontvang. Hy het met soveel lus en ywer gewerk, dat die gemis van sy arm vir hom geen bekommernis veroorsaak het nie. Hy het gewone onderwys en godsdienstige onderrig gegee en selfs hoogbejaardes gehelp om as lidmate van die Kerk aangeneem te word. 1)

Reeds in 1856 was die Winburgse skoolkommissie bewus van Mellenbroek se bekwaamheid as onderwyser en het hulle by monde van die konsulent, ds. Roux, gevra „dat de Heer G. Mellenbroek die reeds geruime tyd algemeene satisfactie aan de gemeente leden heeft gegeven door onderwijs aan de jeugd, als Rondgaande Onderwijzer van het Distrikt van Winburg moge aangesteld worden". 2) Mellenbroek was toe reeds byna vyf jaar as huisonderwyser in die distrik werksaam. 3)

President Boshof het egter verlof gegee dat Mellenbroek provisioneel aangestel kon word, omdat die kommissie nie die regulasies behoorlik nagekom het nie. Die kommissie het weer vergader en nogeens op Mellenbroek se vaste aanstelling aangedring, waarop die Staatspresident eindelik laat weet het: „Laat deze man aangesteld worden tot rondgaande onderwijzer - onder instructien en reglementen nader te worden bepaald". 4)

Mellenbroek het in 1856 sy aanstelling as regeringsondersteunde rondgaande onderwyser verkry. Die volgende jaar het hy op die plaas Deelfontein, wyk Sandrivier, 'n skool geopen. 5) Op 9 Januarie 1857 het hy 'n brief in redelike goeie Hollands aan President J. N. Boshoff geskryf waarin hy vir die verkryging van burgerreg en die voortbestaan van sy toelaag gepleit het. 6)

Mellenbroek/

-
- 1) Ibid: p. 177.
 - 2) Ibid: p. 176 cf. p.48.
 - 3) Ibid: p. 160.
 - 4) Ibid: p. 176 - 177.
 - 5) Ibid: p. 160.
 - 6) Ibid: p. 177.

Mellenbroek het egter nie lank die regeringstoelaag geniet nie, want vroeg in 1857 het hy in politieke verwickelinge gemoeid geraak. Van Renosterrivier af het vrederegter J. Borman op 12 Maart 1857 berig dat gerugte die ronde gedoen het dat President M. W. Pretorius van die Suid-Afrikaanse Republiek voorbereidings getref het om die Oranje-Vrystaat binne te val, en dat daar Vrystaters was wat gereed gestaan het om by hom aan te sluit.¹⁾ Mellenbroek was oënskynlik een van hulle, want op 26 Maart 1857 moes hy voor die landdros van Winburg op aanklag van oproerige gedrag verskyn. Op hierdie aanklag is hy onskuldig bevind, maar omdat hy aanleiding daartoe gegee het, is hy van rusverstoring beskuldig. Die hof was ook oortuig dat hy nie sy plig as 'n staatsamptenaar nagekom het nie, aangesien hy versuim het om die regering aangaande Pretorius se voornemens te verwittig.²⁾

Hy is gevonnissen om die koste in verband met die saak te betaal en is, so lank as dit die Staatspresident sou behaag, as rondgaande onderwyser ontslaan.³⁾

Die Winburgers was nie gediend met die idee om die onderwyser wat hulle tot hulle beskikking gehad het, te verloor nie, en pogings is aangewend om G. Mellenbroek as rondgaande onderwyser te behou. In 'n goedopgestelde petisie het hulle ernstig gepleit dat hy sy status moes behou.⁴⁾ Hulle was daarvan oortuig dat enige ongelukkige uitlating wat hy in 'n gesprek sou maak het, nie sy oortuiging kon gewees het nie, omdat hy altyd 'n ywerige, belangstellende en nuttige burger van die staat was wat voortdurend probeer het om die welvaart van land en volk te bevorder.⁵⁾

Mellenbroek het ook 'n pleitbrief ingestuur en daarop gewys dat hy wel by 'n sekere geleentheid verklaar het dat, indien hy geen burgerreg kon kry nie, hy verplig sou wees

om/

1) Ibid: p. 177.
2) Ibid: p. 178.
3) Ibid: p. 178.
4) Ibid: p. 28.
5) Ibid: p. 178.

om die land te verlaat liewer as om daarin as 'n vreemdeling te verkeer. Hy het ook verklaar dat sy motiewe verkeerd geïnterpreteer was, en daarom het hy die vrymoedigheid gehad om te versoek dat hy in die pos van rondgaande onderwyser herstel moes word.¹⁾

Die memorialiste het selfs die Winburgse landdros wat Mellenbroek gevonnissen het, oorgehaal om vir laasgenoemde in die bresse te tree. Die landdros het verklaar: „I submit that under the circumstances of his contrition, his having been led away by bad company (which he is now shunning), his infirmity (loss of a hand) and his usefulness as a Teacher, his sentence from suspension from office may be mitigated into a pecuniary fine of say £10." ²⁾

Die President het dadelik hieraan gehoor gegee en van Mellenbroek geëis dat hy slegs £10 van sy toelaag moes inboet. ³⁾

Mellenbroek het desnieteenstaande ook vyande gehad; mense wat hom onder verdenking by die regering en die Uitvoerende beampptes wou bring. So erg het die skinderpraatjies geword, dat Mellenbroek op 24 September 1857 'n verdedigende brief aan 'n Bloemfonteinse nuusblad geskryf het waarin hy sy onskuld en sy lojaliteit aan die regering van die Oranje-Vrystaat benadruk het. ⁴⁾

Ten spyte daarvan het Mellenbroek hom egter nie uit die politiek gehou nie. Byna twee jaar het verloop, (intussen het hy by die weduwee Geldenhuis op Klipplaatsrivier onderwys gegee), maar na President Boshof se aftrede in Augustus 1859 het daar weer beroering onder die Boere in die noordweste van die staat gekom, en Mellenbroek het hom weer onder dié mense wat ten gunste van samesmelting met die republiek anderkant die Vaalrivier was, bevind. Omdat

hy/

1) Ibid: 178.
2) Ibid: p.28.
3) Ibid: p.178.
4) Ibid: p.179.

hy as een van die aanhitters van 'n rebellie beskou is, is hy vir 'n nag in die tronk gestop; na 'n borgtog van £1,000 is hy vrygelaat.¹⁾

Terwyl hierdie saak nog hangende was, was Mellenbroek een van die ondertekenaars van 'n versoekskrif aan M. W. Pretorius van Transvaal om hom as Staatspresident van die Republiek van die Oranje-Vrystaat verkiesbaar te stel.²⁾

Toe die Waarnemende President van die Oranje-Vrystaat vir Pieters wat as 'n anti-Pretorius-man beskou is, as landdros op Kroonstad aangestel het, was Mellenbroek één van die persone wat gehelp het om hierdie amptenaar op 30 November 1859 uit die dorp te dryf.³⁾

Pretorius het die nuwe president geword, en Mellenbroek se geleentheid om onder borg uit te kom, het aangebreek. Op 18 April 1860 het hy die President in verband met sy vrylating genader en die President daarop gewys dat nie net hy nie, maar die grootste deel van die inwoners ten gunste van die vereniging van die twee republieke was.⁴⁾

Al wat hierna van Mellenbroek verneem is, was 'n gedurige gesukkel om uitbetaling van sy toelaag as rondgaande Gowermentsonderwyser.⁵⁾

Mellenbroek is onverwags oorlede. Op 24 November 1861 het 'n Winburgse korrespondent geskryf: „Mr. Mellenbroek was found dead in a pool of water 2 feet deep, near Kroonstad, on 22nd. inst.” 'n Ander berig het verklaar dat: „Mr. G. F. Mellenbroek, a Dutch schoolmaster, long known as one of the chief political agitators and leaders of the malcontents in the district of Kroonstad, has been found drowned in the Valsch River, near that village. Deceased, it is supposed, must have committed suicide. No particulars, however, have reached us”.⁶⁾

Jacobus Serfontein/

-
- 1) Ibid: p. 180.
 - 2) Ibid: p. 180.
 - 3) Ibid: p. 180.
 - 4) Ibid: p. 180.
 - 5) Ibid: p. 181.
 - 6) Ibid: p. 181.

Jacobus Serfontein, skoonvader van Mellenbroek, het verklaar dat laasgenoemde as gevolg van 'n aanval van „coup de soleil" die huis uitgehardloop het. Hy het met sy kop op 'n klip geval en harsingskudding opgedoen wat die oorsaak van sy dood was. 1)

George Mellenbroek was ten tye van sy dood redelik welgesteld, want op die boedelvendusie wat op 26 Julie 1862 te Kroonstad gehou sou word, sou onder andere een plaas in Bo-Vetrivier, Winburg, twee in die distrik van Kroonstad, een op die grootpad na die Suid-Afrikaanse Republiek, 'n erf op Kroonstad en 'n groot hoeveelheid winkelvoorraad opgeveil word. Die vaste eiendom is teen honderd persent wins op die oorspronklike kosprys verkoop.²⁾

* * * * *

(b) JOSEPH MATTHIAS ROOS.

Kort na sy aankoms uit Nederland het J. M. Roos in 1858 saam met M. W. Pretorius, die president van die Suid-Afrikaanse Republiek, wat op besoek aan die Vrystaatse hoofstad was, as onderwyser na Transvaal gegaan. Enige tyd daarna het hy hom op Smithfield gaan vestig, en op 2 Julie 1860 het hy aansoek gedoen om in die een of ander regeringsbetrekking aangestel te word; hy wou by voorkeur as 'n grensmagistraat optree. Hierdeur wou hy help om 'n oplossing vir die grensmoeilikhede tussen die Oranje-Vrystaat en die Basoeto's te vind. Hy was 'n goedopgeleide en gekwalifiseerde onderwyser, maar weens die karige traktement wat hy as onderwyser sou ontvang, het hy verklaar dat hy geen toekoms in dié amp gesien het nie. Hy was oortuig dat hy as magistraat goeie diens sou kan lewer, aangesien hy reeds tevore deur die Koning van die Nederlande met die metaalkruis en 'n silwermedalje vereer was.³⁾

Die getuigskrifte en aanbevelings wat sy eerste aansoek om die betrekking van 'n regeringsondersteunde rondgaande onderwyser (hy het nie die pos as grensmagistraat gekry nie) vergeesel het, was indrukwekkend, en dit is ongelooflik dat hy nie daarin geslaag het om as 'n goewermentsonderwyser aangestel te word/

1) Ibid: p.181.

2) Ibid: p. 181.

3) Ibid: p. 191.

word nie. 'n Waarskynlike rede was dat Roos te liberalisties in sy godsdienstige opvattinge was, en daarom het hy by die owerhede onder verdenking gestaan.¹⁾ (Daar is ook geen betaalstate aan Roos uitgereik in die Tesourie-Generaal van Winburg nie; hy het dus nooit as goewermentsonderwyser opgetree nie.)

Van Spytfontein, Winburg, het hy op 12 September 1863 'n vertroulike brief aan die Waarnemende President, Jacobus J. Venter, gerig waardeur hy egter nie sy kans om as rondgaande onderwyser aangestel te word, bevorder het nie. Hy het geen toegeneentheid jeens di. Louw en van Broekhuizen gevoel nie en het verklaar dat ds. Louw minder van die wette wat God in die natuur vasgelê het, geweet het as 'n skoolseun van die middelste klas. Hy het ook heelwat oor ds. Murray se metodes van onderwys aan die Kweekskool kwyd geraak.²⁾

Hierdie brief (gedateer 12 September 1863) moes noodwendig die indruk geskep het dat Roos liberalisties gesind was. Hy het ook gesukkel om weer sy „attestate" - soos hy die getuigskrifte genoem het - van die Goewermentskantoor terug te kry.³⁾

Terwyl hy nog op Spytfontein waar hy aan twaalf leerlinge onderwys gegee het, werksaam was, het hy weereens aansoek gedoen om as rondgaande onderwyser aangestel te word, want hy sou dan na M. Rautenbach kon gaan, slegs as hy die regeringstoelaag kon ontvang, omdat Rautenbach andersins nie in staat was om vir sy dienste te betaal nie. Hy kon ook na J. Botha in die Witteberge gaan, maar terwyl hy nog op 'n antwoord van die President gewag het, het hy verkies om by C. du Plooy op Spytfontein te bly. In hierdie aansoek het hy ook melding gemaak dat hy vir baie jare in Holland hoof van verskillende Arm-, Weeshuis-, Sondag-, Stad-, en Burgerskole was, en dat hy bekwaam was om in verskillende vakke, behalwe vreemde tale, onderwys te gee.⁴⁾

Aangesien hy weereens 'n ongunstige antwoord gekry het, het hy gevra dat sy getuigskrifte wat nog altyd in besit van die

Goewermentsekretaris/

1) Ibid: p.191.

2) Ibid: p.192.

3) Ibid: p.192 - 193.

4) Ibid: p.193.

Goewermentsekretaris was, dadelik aan hom teruggestuur moes word, daar hy op die punt gestaan het om Spytfontein te verlaat. Op 21 November 1863 het hy andermaal gevra dat sy getuigskrifte teruggestuur moes word. Alhoewel die President aan die Goewermentsekretaris laat weet het: „Zie of er nog iets van hetgeen aangehaald wordt te vinden zijn”, is dit nie teruggestuur nie, want op 15 Januarie 1864 wou Roos weet wat die rede was dat hy geïgnoreer is. Op 12 Februarie 1864 het hy, nog steeds op Spytfontein, 'n brief aan die koerant in verband met hierdie saak gerig.¹⁾

Alhoewel Roos 'n bekwame onderwyser was, was sy uitgesprokenheid oor godsdienstige aangeleenthede die oorsaak dat hy misken is.²⁾

* * * * *

(c) DIRK JOHANNES DE VOS.

In 1862 het die inwoners van die wyk Bo-Sandrivier, Winburg, 'n memorie wat te Wolwekraal op 22 Desember 1862 geteken was, met die versoek dat D. J. de Vos daar vas aangestel moes word, aan die President gestuur. Een van die ondertekenaars was kommandant J. I. J. Fick (die dorp Ficksburg is na hom vernoem). Volgens die memorialiste was de Vos 'n bekwame onderwyser wat reeds sedert 1849 as privaatonderwyser onder hulle opgetree het. Hulle het hom bekwaam geag om as rondgaande onderwyser en katekiseermeester teen 'n vasgestelde Goewermentstoelaag van £30 per jaar aangestel te word. Hy was 'n persoon met „een famielje en hoog van jaaren.”³⁾

Nieteenstaande die feit dat die ouers met sy werk tevrede was, was sy aanspraak op 'n regeringstoelaag nie te regverdig nie, omdat hy nie die vereiste bekwaamede besit het nie.⁴⁾

In sy persoonlike aansoek het de Vos verklaar dat hy al die jare onderwys gegee het sonder enige ondersteuning van die regering, en dat dit gevolglik vir 'n man van die middelstand moeilik gegaan het om kop bo water te hou.⁵⁾

De Vos/

1) Ibid: p.193.

2) Ibid: p.193. (Roos se naam het éénkeer in die Tesourie-Generaal van Winburg verskyn, maar dit is deur die Landdros deurgehaal. T.G. 3415.)

3) Ibid: p.29 cf. Ibid: p.167.

4) Ibid: p.194.

5) Ibid: p.194.

De Vos se gewilligheid om as Goewermentsonderwyser op te tree, is gevolglik deur gebrek aan opleiding gestrem. Hy was 'n prototipe van die meerderheid van privaatonderwysers wat tydens daardie jare oral op die platteland aangetref is.¹⁾

Ondanks die verklaring van J. D. Olwagen dat D. J. de Vos nie as regeringsondersteunde rondgaande onderwyser aangestel is nie,²⁾ het hy tog 'n regeringstoelaag van £30 per jaar van November 1863³⁾ tot in 1868,⁴⁾ volgens die Tesourie-Generaal van Winburg, ontvang.

* * * * *

(d) KAREL VAN VOLLENHOVEN.

Karel van Vollenhoven het omstreeks 1860 na Suid-Afrika gekom.⁵⁾ In 1863 het hy in die Winburgdistrik as onderwyser aangekom want in 1864 het hy reeds vir vier jaar onderwys in die „Colonies van Zuid-Afrika" gegee; hiervan was hy een jaar in die Oranje-Vrystaat werksaam.⁶⁾

Hy het 'n gesin gehad om te onderhou, en daarom het hy hom in 1864 na die „Hoog Edelgeboren Heer Staats President" vir staatsondersteuning gewend. Hy het ook getuigskrifte van sowel die leraar as die ouers van sy leerlinge voorgelê. (Hy het op die plaas Leeuwenfontein van H. P. Theron onderwys gegee.) President Brand se antwoord hierop was dat die aansoek oorweeg sou word, sodra die geleentheid hom daarvoor voordoet.⁷⁾

Die moeilike landsomstandighede wat deur die Tweede Basoeto-oorlog meegebring was, het die aanstelling van rondgaande onderwysers in die wiele gery; daarom kon landdros C. von Brandio van Winburg eers weer in September 1865 aansoek doen dat van Vollenhoven in daardie distrik as wyksonderwyser geplaas moes word. Reeds op 16 Maart 1865 het hy voor die skoolkommissie

van/

-
- 1) Ibid: p.194.
 - 2) cf. Ibid:p.194.
 - 3) T.G.: 3415.
 - 4) T.G.: 3421.
 - 5) J. D. Olwagen: op.cit. p.184.
 - 6) Ibid: p.168.
 - 7) Ibid: p.184.

van Winburg wat hom oor verskillende skoolvakke, algemene kennis en godsdiensoonderrig ondervra het, verskyn; daarna is hy as 'n bekwame rondgaande onderwyser aanbeveel.¹⁾

Op 5 Oktober 1866 het van Vollenhoven hom andermaal tot die Goewermentsekretaris gewend om bevestiging vir sy aanstelling as rondgaande onderwyser in die wyk Sandrivier en uitbetaling van die beloofde traktement te kry. Aan sy versoek is voldoen, en die toelaag sou aan hom toegeken word sedert dié datum waarop hy deur die skoolkommissie aanbeveel is.²⁾

Op 10 Augustus 1867 het Siebert, waarnemende landdros van Winburg, vir die soveelste keer gevra dat die toelaag van Karel van Vollenhoven uitbetaal moes word.³⁾ Die regeringstoelaag van £30 per jaar is toe sedert 12 Augustus 1867 aan hom uitbetaal.⁴⁾

Volgens die getuigskrifte wat sy aansoek vergesel het, het van Vollenhoven aan twaalf kinders op Leeufontein van 8 Augustus 1864 tot 29 April 1865 onderwys gegee; aan elf kinders by A.C. Greyling op Vergesig, Vetrivier, van 1 Mei 1865 tot 1 November 1865; aan twaalf kinders by H. Prinsloo op Weltevrede van 3 April 1866 tot 3 Junie 1866, en daarna was hy weer op Leeufontein werksaam waar hy vir agt maande aan dertien kinders onderrig gegee het. Teen die helfte van 1867 was hy nog steeds in die wyk Sandrivier werksaam, en die landdros van Winburg was baie tevrede met die resultate wat hy gelewer het.⁵⁾

In Oktober 1872 het hy om die betrekking van balju en geregsbode op Winburg aansoek gedoen, en 'n maand later was hy daar woonagtig.⁶⁾

Karel van Vollenhoven was één van die weinige geëksamineerde rondgaande onderwysers wat in die Winburgdistrik opgetree het. Sowel die landdros as die ouers was baie tevrede met sy werk. Sy hart was in die onderwys, en met beter vooruitsigte vir bevordering het hy gedurende die Brebnerperiode weer tot die onderwys toegetree en verdienstelike werk op die platteland gelewer.⁷⁾

(e)/

1) Ibid: p.184.

2) Ibid: p.184 - 185.

3) Ibid: p.171.

4) T.G.: 3421.

5) J. D. Olwagen: op.cit. p.185.

6) Ibid: p.185.

7) Ibid: p.185.

(e) CORNELIS DEMPERS.

Cornelis Dempers, 'n persoon met 'n onbesproke karakter, was in 1857 by veldkornet F. P. Senekal in die Witteberge as pri-
vaatonderwyser werksaam.¹⁾

Toe die Goewermentskool op die dorp (Winburg) in 1856 vir 'n tyd gesluit was, het President Boshof in September 1856 die aanbeveling van die skoolkommissie aanvaar en J. Punt provisio-
neel aangestel. Sover vasgestel kon word, het dié persoon nooit in Winburg as onderwyser diens gedoen nie, en in Augustus 1857 het Cornelis Dempers, rondgaande onderwyser in die wyk Witteberge, aansoek gedoen om as Goewermentsonderwyser op die dorp aangestel te word; hy het egter nie die aanstelling gekry nie,²⁾ aangesien Arie Kok in die pos aangestel is.

C. N. Dempers het op 17 Mei 1862 van die plaas Leeufontein 'n vertoog tot President Pretorius en die Uitvoerende Raad gerig waarin hy versoek het dat sy naam op die lys van Goewerments-
ondersteunde rondgaande onderwyser geplaas moes word, en dat die ooreenkomstige traktement aan hom toegeken moes word. Hy was toe reeds vyftien jaar onderwyser in die Oranje-Vrystaat en het synsinsiens baie in belang van die onderwys van die jeug gedoen. Landdros J. M. Howell van Winburg het dié aan-
soek gesteun en het verklaar dat Dempers reeds vir vyf jaar aan hom bekend was; Dempers was 'n persoon van goeie gedrag en 'n bekwame onderwyser. Ds. H. van Broekhuizen het beweer dat hy dié applikant met vrymoedigheid vir die toekenning van die toe-
laag kon aanbeveel, omdat hy ook van Dempers se bevoegdheid as onderwyser en van sy goeie gedrag oortuig was.³⁾

President Pretorius het toestemming tot die aanstelling verleen,⁴⁾ en Dempers het die regeringstoelaag van £7-10-0 per maand sedert 1 Julie 1862 ontvang.⁵⁾

Dempers het as Goewermentsondersteunde rondgaande onder-
wyser in die Winburgdistrik tot in Augustus 1868 opgetree.⁶⁾

* * * * *

(b) Samevatting/

-
- 1) Ibid: p.160.
2) Ibid: p.128.
3) Ibid: 164.
4) Ibid: p.165.
5) T.G.: 3411.
6) T.G.: 3422.

(b) SAMEVATTING:

Gedurende dié periode (in hierdie hoofstuk onder bespreking) het die volgende persone in die Winburgdistrik as Goewerments-ondersteunde rondgaande onderwysers diens gedoen:-

- i) G. F. Mellenbroek: November 1856 tot November 1857. 1)
- ii) C. J. Lourens: Mei 1861 tot Julie 1863. 2)
- iii) C. N. Dempers: Julie 1862 tot Augustus 1868. 3)
- iv) D. J. de Vos: Oktober 1863 tot Mei 1868. 4)
- v) K. van Vollenhoven: 12 Augustus 1867 tot Mei 1868. 5)

Die gehalte van die onderwys was waarskynlik nie veel swaker as wat oor die algemeen in die Goewermentskool op die dorp die geval was nie, want bogenoemde onderwysers wat in die distrik werksaam was, het almal genoegsame aanbevelings en getuigskrifte aan die President en Uitvoerende Raad voorgelê om as Goewermentsondersteunde onderwysers aangestel te word.

Behalwe die reedsvermelde goewermentsondersywers in die distrik, weet ons van minstens drie persone wat in private hoedanighede as rondgaande skoolmeesters werksaam was. Hulle was: J. M. Roos,⁶⁾ ene Botha⁷⁾ en Prins.⁸⁾

Die volgende persone was ook rondgaande onderwysers in die Winburgdistrik, vóórdat hulle as Goewermentsondersteunde rondgaande onderwysers aangestel is: C. Dempers: 1847-1862 (Volgens sy eie getuienis; ons weet egter eers van sy bestaan as rondgaande onderwyser sedert 1854); D. J. de Vos: 1849-1863; G. Mellenbroek: 1852-1856 en K. van Vollenhoven: 1863-1867.

1) T.G.: 3385 - T.G. 3390.
2) T.G.: 3405 - T.G. 3414.
3) T.G.: 3411 - T.G. 3422.
4) T.G.: 3415 - T.G. 3421.
5) T.G.: 3421 - T.G. 3421.
6) J. D. Olwagen: op.cit. p.190-193.
7) W.K.N.: 1 Februarie 1851.
8) W.K.N.: 4 April 1868.

HOOFSTUK V.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS TE WINBURG TUSSEN
1874 EN 1899.

Die sloer- en sukkeltoestand waarin die onderwys in die Oranje-Vrystaat verkeer het, het met Ordonnansie 5 van 1872 'n uitkoms gekry. Na die aanstelling van dr. Brebner as Superintendent van Onderwys het die onderwys, deur die onvermoeide ywer van hierdie onderwysman, sy beslag gekry en 'n nuwe era in die onderwysgeskiedenis van die Oranje-Vrystaat ingelui. Die onderwys is op 'n hegte grondslag geplaas.

Tydens die Brebner-regime is daar 'n vaste skoolindeling gevolg. Hierdie indeling het vir die volgende soorte skole voorsiening gemaak: Distrikskole, wykskole, rondgaande skole en privaatskole. Hierdie indeling was van krag tot en met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog en word as grondslag vir die bespreking in verband met die skole wat in Winburg en in die distrik aangetref is, gebruik.

A. DIE DISTRIKSKOOL TE WINBURG: 1874-1899.

1) I N L E I D I N G.

Distrikskole het op die groter dorpe bestaan, waar die staat vir die skoolgebou en die onderwyser se woning gesorg het. Hollands en Engels is onderrig. Die hoofonderwyser wat 'n Eerste-klas Sertifikaat moes besit, het 'n salaris van £140 per jaar ontvang. Sy woning was vry. Hy was op al die skoolgelde geregtig, en daar is bowendien ook nog van hom verwag om kosleerlinge teen 'n matige bedrag te loseer. Sy woning was spesiaal hiervoor ingerig. 'n Ondernemende hoofonderwyser kon op dié wyse van 'n jaarlikse inkomste van £500 tot £600 verseker wees. Die assistent-onderwyser wat 'n Tweedeklas Sertifikaat moes besit, is gedeeltelik deur die staat en gedeeltelik deur die hoofonderwyser besoldig.¹⁾

2) N. Pos/

1) Die Volksblad: 29 September 1927.

2) N. POS. (Desember 1873-Julie 1874).

AANSTELLING EN SALARIS:

N. Pos het as Goewermentsonderwyser te Winburg diens in die begin van Desember 1873 ¹⁾aanvaar en slegs vir agt maande hier, tot sy vertrek in Julie 1874, ²⁾ onderwys gegee. Hy het 'n salaris van £7-10-0 per maand ontvang. ³⁾

BUITESKOOOLSE WERKSAAMHEDE:

Pos was ook, teen 'n salaris van £50 per jaar, skriba van die kerkraad en voorsinger van die gemeente. ⁴⁾ Hy was die eerste onderwyser wat, as gevolg van sy noue kerkverband en die kerklike ampte wat hy bekleed het, in wrywing en botsing met die leraar, ds. van Heyninge, gekom het. Dié wrywing het sy klimaks in die skool en skoolkommissie gehad en het sulke afmetings aangeneem dat die onderwyser uit sy pos as skriba en voorsinger ontslaan is en geen drie maande daarna nie, ook sy onderwyspos moes bedank. (Hierdie botsing word hier onder bespreek.) Pos was klaarblyklik dikvellig, want ongeag die genoemde ontslag uit die kerklike ampte, lees ons dat hy, nieteenstaande sy afanking „.... blyf volhou om zijne dienste aan de gemeente op te dringen.” ⁵⁾

ONDERWYS:

Die tydperk met Pos as onderwyser word deur die moeilikheid wat ontstaan het tussen hom en 'n ouer ⁶⁾ as gevolg van 'n leerling wat hy huis toe gestuur het, oorheers. Dié kind moes hom as gevolg van sy volslae ongehoorsaamheid „.... uit de school verwijderd.... houden, totdat ik zie dat hy berouw heeft, schuld erkent en beterschap belooft.” ⁷⁾ In hierdie geval het Pos egter nie op eie ingewing gehandel nie, maar het hy op advies van die skoolkommissie opgetree, nadat hy aan laasgenoemde gevra het wat met „een schoolgaande kind, dat den onderwijzer

alle/

1) T.G.: 3430.

2) G.S.: 1008.

3) T.G.: 3430.

4) W.K.N. 19 Junie 1874.

5) Ibid.

6) Vir die volledige saak sien Bylae A en B.

7) G.S. 1008. Brief aan G. Bell. 16/4/1874.

alle gehoorzaamheid ontsegt." 1) gedoen moes word.

Die ontstoke vader is toe na die onderwyser om te hoor wat gaande was, maar laasgenoemde wou hom nie tydens skoolure spreek nie. Pos het egter 'n afspraak met die vader, Geo Bell, gemaak om hom na skool by die landdroskantoor te ontmoet. (Die landdros, J. W. Lotz, was ook die voorsitter van die skoolkommissie). Bell is daarna na die predikant. Nadat hulle die saak bespreek het, het Bell getuigskrifte van die goeie gedrag van sy kinders by Mej. A. van Heyningen en Mev. Wiggeth gaan kry.²⁾ Die Bell-kindere het voorheen by genoemde onderwyseresse in hulle onderskeie privaatskole onderwys ontvang; ook William Bell, die seun met wie Pos die moeilikheid gekry het. Bell het met hierdie getuigskrifte van goeie gedrag beoog om die onregverdigheid van die onderwyser, Pos, aan die kaak te stel.

Pos en Bell kon egter dié middag by die landdroskantoor nie tot 'n vergelyk kom nie, en 'n skoolkommissievergadering (18 Mei 1874) is belê om die saak aan te hoor. Bell het egter nie opgedaag nie, maar 'n briefie gestuur waarin hy sy bedanking as intekenaar indien en laat weet dat hy sy kinders uit die skool haal „omdat zij niet volgens regt en billijkheid door den onderwijzer.... behandeld worden".³⁾ Ook 'n ander ouer, W. de Kok, het die skoolkommissie verwittig dat hy sy seun, Dirk, uit die skool haal, aangesien hy hom na 'n ander skool stuur.⁴⁾ De Kok het geen redes genoem waarom hy tot dié stap oorgegaan het nie.

Die saak ontwikkel tot so 'n mate, dat dit by die Inspekteur van Onderwys aanhangig gemaak word. Dr. Brebner het die moeilikheid kom ondersoek en moes in verband hiermee selfs 'n verslag aan die Uitvoerende Raad stuur.⁵⁾

Na aanhore van al die getuienisse was dr. Brebner se bevinding die volgende: „Dus beschouw ik dat niets bewezen is

dat/

1) G.S. 1008: Skoolkommissievergadering, 15 April 1874.

2) Ibid: 16 Junie 1874.

3) G.S. 1008: Kopie van Skoolkommissie-notule, 18 Mei 1874.

4) Ibid: 16 Junie 1874.

5) Vgl. Bylae A en B vir die volledige ondersoek en verslag oor dié saak.

dat het Gouvernement zou rechtigen tot het afzetten van den heer Pos. Geene van de betrokkene partyen is geheel onschuldig." Die vernaamste oorsaak van al die moeilikheid was „.... de bepaalde tegenstand tusschen den Predikant en den onderwyser,..." en die geskil is ook vererger deur die feit dat die heer Pos nie slegs onderwyser was nie, maar ook voorleser, voor- singer en skriba van die kerkraad en dus in nouer aanraking met die predikant gekom het as wat anders die geval sou wees. Brebner is ook van mening dat as Pos slegs onderwyser was, dié moeilikheid waarskynlik gladnie sou ontstaan het nie.¹⁾

Uit hierdie ondersoek en uit dr. Brebner se opsommings in verband daarmee kom ons egter baie van Pos se onderwys te wete.

Die bekwaamheid van die onderwyser word deur ds. van Heyningen in twyfel getrek, want hy maak die aanklag dat die Winburgse Goewermentskool slegs vir klein kindertjies geskik was. Die heer Pos was egter, volgens dr. Brebner, ten volle bekwaam om onderwys in al die vakke van 'n laerskool te gee. Hy het egter nie die opleiding gehad om onderrig in die „hoogere vakken" soos byvoorbeeld Latyn, Grieks en Matesis te gee nie.²⁾

Die onderwyser kon goed sing. Teen Junie 1874 kon die kinders in die skool „zeer goed zingen", alhoewel daar aan die begin van die jaar, toe Brebner die skool in Februarie besoek het, nie veel in verband met sang gedoen was nie. Die redes wat hiervoor aangegee is, was dat die onderwyser nie die nodige sangboekies gehad het nie.³⁾

Die interne reëling van die skool was tydens die genoemde inspeksie alles min of meer in orde, maar volgens die regulasies van 1864 was daar geen rooster van werksaamhede in die skool opgehang nie. Die rede waarom op hierdie punt versuim ingetree het, was dat in die toenmalige staat van die skool wat pas begin het en nog nie oor die nodige skoolboeke beskik het nie, dit onmoontlik was om 'n volledige indeling te maak.

Dit/

1) G.S. 1008: Brief aan Uitvoerende Raad, 15 Augustus 1874.

2) Ibid: 15 Augustus 1874.

3) Ibid: 15 Augustus 1874.

Dit wil egter voorkom asof Pos „omdat hy het niet op de meest voldoende wyse doen kan als hy byvoorbeeld in eene Nederlandsche school, hy het in geen en deele wilde doen....." 1)

Dit is duidelik dat die verkryging van behoorlike skoolboeke 'n probleem was waarmee dié onderwyser te kampe gehad het.

Oor die vordering van die leerlinge en die gehalte van die skoolwerk het die ouers, behalwe die reeds genoemde klagte dat die skool dan net vir klein kindertjies geskik sou wees, heelwat te sê gehad.

By monde van twee ouer-getuies in die saak teen Pos is beweer dat Bell nooit enige vordering by sy kinders bemerk het nie; die heer Kok het beweer dat hy spoedig uitgevind het dat niks aan sy kind geleer word nie. 2) Dit was ook die redes waarom dié twee ouers nie meer hulle kinders na die Winburgse Goewermentskool wou stuur nie. In hierdie geval het dr. Brebner egter vir Pos 'n lansie gebreek deur te beweer dat die vordering van die kinders moeilik te beoordeel was „want de onderwyser is slechts 8 maanden te Winburg geweest en de vorderingen der kinderen hangen dikwyls meer van de ouders dan van de onderwyser af. Vele ouders ook zyn niet in staat de vordering van hunne kinderen te beoordeelen." 3)

Die vakke waarin onderwys gegee is, het voldoen aan die regulasies van 1864, naamlik Hollands, Engels, lees, skrif, rekene, aardrykskunde, Bybelgeskiedenis en algemene geskiedenis. Daar is egter geen Latyn, Grieks en Matesis gegee nie, omdat die onderwyser nie bevoegd was om dit te doseer nie, en dit is ook nie aan 'n laerskool verlang nie. Omdat laasgenoemde vakke nie gegee is nie, het ds. P. A. C. van Heyningen beweer dat „de school niet geschikt is voor een kind van zulken leeftyd als myn zoon...." nie, ofskoon hy die skool as geskik vir klein kindertjies beskou het. 4)

Tot/

-
- 1) Ibid: 15 Augustus 1874.
 - 2) Ibid: 8 Augustus 1874.
 - 3) Ibid: 15 Augustus 1874.
 - 4) Ibid: 8 Augustus 1874.

Tot dusver was leie die enigste skryfbehoeftes waarvan melding gemaak word.

In verband met tug en dissipline sal ons die houding van verskillende persone wat belang by die Winburgse Goewermentskool gehad het, nagaan: Aangaande die toepassing van lyfstraf merk ons die volgende op:-

(a) Bell (ouer) het verklaar „dat het de plicht was van een onderwyzer zoo wel als van een ouder om het kind te straffen, want de onderwyzer wordt daarvoor betaald."

(b) Lotz (landdros) het verklaar „dat de onderwyzer wel de macht heeft om het kind te straffen... maar met geene lyf straf; dat in dat geval hy (die onderwyser) zyne betrekking zou verleizen."

(c) Brebner (Inspekteur van Onderwys) het oor die saak waarna verwys is, verklaar: „ware ik in de plaats van den onderwyzer geweest, zou ik het kind een duchtig pak slagen hebben gegeven en dus de zaak ten einde gemaakt hebben."

(d) Pos (onderwyser) se houding word weerspieël in die volgende opmerking van dr. Brebner: „.... de heer Pos houdt zich stipt aan het Hollandsche systeem, waardoor men verboden word tot eenige lyfstraf in de school te gebruiken." 1)

Wat die ander strafmetodes in die skool betref, was die gebruik van Pos onder andere om moeiliker lesse aan die kind te gee; in die hoekie staan en om na skool in te bly („skoolsit"). Daar dien op gelet te word dat Pos eers die toestemming van die skoolkommissie verkry het, voordat hy die drastiese tugmaat-reël om 'n kind uit die skool te stuur, toegepas het. Hy het tot hierdie uiterste tugreël oorgegaan nadat ander bestraffingsmaatreëls ondoeltreffend was.²⁾

Die dissipline in die skool was op baie losse voet, en dit het die onderwyser bepaald moeilik geval om orde te handhaaf. Hy het klaarblyklik nie 'n groot invloed op die kinders gehad nie, want 'n vyfjarige knapie „.... maakt de geheele school in oproer" en nieteenstaande die feit dat Pos aan hom opdrag gegee het om in die hoek te gaan staan, het hy dit nie gedoen nie; hy moes met geweld daarin gedwing word. Naderhand het Pos dié seuntjie na skool probeer hou, maar hy het weggeloop; die volgende môre het die kind gemaak asof niks gebeur het nie. 3)

As/

1) Ibid: 8 Augustus 1874.
2) Ibid: 8 Augustus 1874.
3) Ibid: 8 Augustus 1874.

As ons hierdie geval as maatstaf gebruik, blyk dit dat die kinders geen vrees of ontsag vir dié onderwyser gehad het en ook geen gehoorsaamheid aan hom betoon het nie.

SKOOLGEBOU EN SKOOLROL:

Pos het ook die konsistorie vir gebruik as klaskamer van die kerkraad aangevra. Daar is deur hierdie liggaam besluit om dit as skoollokaal te leen tot na die sitting van die Volksraad, omdat hulle skynbaar verwag het dat die Volksraad vir die oprigting van 'n skool sou voorsiening maak. Die konsistorie moes teen 21 Julie 1874 deur die onderwyser ontruim word. ¹⁾

Die skoolrol het vinnig gedaal: Van 39 in 1864 tot 12 in 1874. ²⁾ Die redes hiervoor moet gesoek word in die feit dat na die vertrek van Hofstede in 1868 die wisselvalligheid in die voorsiening van onderwysers aan die Goewermentskool skynbaar die ontstaan van privaatskole in die dorp positief beïnvloed het, wat gevolglik 'n knou aan die dorpskool toegedien het. Ons weet van nie minder as drie persone wat privaat onderwys gegee het nie: Mev. Wiggeth, Mej. A. van Heyningen en ds. P. A. C. van Heyningen. Laasgenoemde het aan sy eie kinders onderrig gegee. ³⁾ Nog 'n rede is natuurlik die moeilikheid wat Pos met die ouer, Bell, gehad het, met die gevolg dat verskeie kinders uit die skool gehaal is.

As gevolg van bogenoemde redes was daar gedurende Junie en Julie van 1874 gemiddeld twaalf kinders in die Goewerment-skool teenwoordig „.... en dus kan die school geene aanspraak maken op de voordelen van Ordonnantie No 1 1874" nie. In Augustus 1874 verklaar dr. Brebner: „toen ik daar was, waren er slechts 10 tegenwoordig." ⁴⁾

Op 31 Julie 1874 het die landdros van Winburg Pos in kennis gestel dat die Goewermentskool aldaar gesluit word en dat hy hom nie meer as Goewermentsonderwyser moes beskou nie

„....om/

-
- 1) W.K.N. 19 Junie 1874.
 - 2) G.S. 1008: 8 Augustus 1874.
 - 3) Ibid: 8 Augustus 1874.
 - 4) Ibid: 8 Augustus 1874.

"...om reden dat het gemiddeld aantal kinderen minder dan 15 was". 1)

In Augustus het Pos, volgens 'n verklaring van dr. Brebner, nog in Winburg skoolgehou, maar nie as Goewermentsonderwyser nie.

Brebner spreek sy mening uit dat die Goewermentskool te Winburg gesluit moes bly, totdat die nuwe skoolkommissie aangestel sou word; daarna sou die skool waarskynlik heropen. 2)

* * * * *

3) A. REEDERS. (22 September 1875-26 Mei 1887)

WINBURG KRY SY EERSTE GOEWERMENTSKOOLGEBOU:

Op 31 Julie 1874 is van owerheidsweë die goewermentskool te Winburg gesluit, en dit sou nie heropen word, voordat A. Reeders daar as onderwyser op 22 September 1875 3) aangestel is nie.

Maar tydens die periode dat die Winburgse skool gesluit was, het die nuutverkose skoolkommissie nie stil gesit nie; hulle het daadwerklike pogings ter verkryging van 'n skoolgebou aangewend, aangesien die onderwys te Winburg, van die beginjare af, die kerkraad na die oë moes kyk om die konsistorie vir gebruik as klaskamer te leen of te huur. Slegs vir twee kort periodes in die verlede was die ou kerk en 'n vertrek, gehuur van 'n goedgeunstige inwoner, as skoollokaal in gebruik.

Sedert September 1874 kon Winburg egter op 'n skoolgebou wat van Goewermentsweë toegestaan is, aanspraak maak. Deur die Uitvoerende Raad is £3,000 vir die oprigting van skoolklaskamers en onderwyserswonings in die Oranje-Vrystaat ter beskikking gestel. Aansoeke het weldra van die dorpe ingestroom, onder andere ook van Winburg. „Aan Winburg is..... £500 door den Uitvoerende Raad toegestaan, en het erf van den Heer Erasmus met de gebouwen daarop is gekocht, betaald, en aan het Gouvernement voor school gebruik overgemaakt." 4)

Hierdie/

-
- 1) Ibid: 8 Augustus 1874.
 - 2) Ibid: 8 Augustus 1874.
 - 3) G.S. 1009. 22 September 1875.
 - 4) G.S. 1008: 7 September 1874.

Hierdie gebou staan op die toenmalige hoek van Markplein en Rexstraat. ¹⁾ Die hereregte van £18 is deur die Volksraad, op aanbeveling van dr. Brebner, gerestitueer. ²⁾

In November 1874 is die nuwe skoolkommissielede gekies, en die onoffisiële lede was G. Vergottini, J. J. de Villiers en W. Johnston. ³⁾ Gedurende September van die daaropvolgende jaar is Johannes Matheus de Villiers en Carl Bredell as lede vir die distrikskoolkommissie in die plek van Vergottini en de Villiers wat vertrek het, gekies. ⁴⁾

REEDERS: AANSTELLING EN SALARIS:

In 'n brief van Brebner aan die Staatspresident op 22 September 1875 verklaar hy dat hy die eer het om die heer Andreas Reeders as distriksonderwyser vir die distrik Winburg vir aanstelling aan te beveel. „De Heer Reeders heeft een certificaat uit Holland als onderwyzer en heeft voldoende getuigschriften van gedrag ingeleverd". ⁵⁾ Sy salaris as hoofonderwyser was £140 per jaar. ⁶⁾

BUITESKOOLSE WERKSAAMHEDE:

Reeders was, sedert sy aankoms te Winburg, skriba van die N.G. Kerk. ⁷⁾ (Hy was egter nie voorsinger nie, omdat die gemeentelike sang deur die heer Bouillon op die „harmonium" begelei is. Die begeleier het £5 per jaar gekry en 'n koraalboek, kosteloos!

In 1879 vra Reeders om 'n verhoging van salaris as skriba, en die kerkraad besluit dat dit toegestaan sou word, sodra die geldelike probleme van die gemeente minder drukkend was. ⁸⁾

Intussen is Reeders ook as voorleser aangestel, want aan hom word „opgedragen de godsdienstoefeningen waar te nemen in het dorp wanneer de predikant afwesig of ongesteld is." ⁹⁾

Omdat/

1) G.S. 1010: 15 September 1876.

2) G.S. 1009: 9 Julie 1875.

3) G.S. 1008: 2 November 1874.

4) G.S. 1009: 20 September 1875.

5) G.S. 1009.

6) Die Volksblad: 29 September 1927.

7) W.K.N.: 6 Desember 1877.

8) Ibid: 5 April 1879.

9) Ibid: 18 April 1881.

Omdat hy onmoontlik van sy klein inkomste kon bestaan en daar hy nou skriba en voorleser van die gemeente was, het Reeders in Julie 1881 gevra dat sy salaris na £100 per jaar vir die genoemde poste opgeskuif moes word.¹⁾ Aangesien die kerkraad hom nie graag uit hierdie betrekkings wou verloor nie, is aan sy versoek in verband met die salarisverhoging oorweging geskenk; later moes hy slegs met 'n £10-verhoging tevrede wees.²⁾

Reeders is op 26 Mei 1887 oorlede. Hy is in die ou kerkhof te Winburg begrawe. Op die grafsteen lees ons die volgende:

"Ter Gedachtenis aan Andreas Reeders Geb. Utrecht, Holland 1832 Overl. Winburg 1887 en Susanna Johanna Reeders Geb. Marnitz Geb. Georg, K.P. 1834 overl. Winburg 1888 - opgerig deur hulle oorlewende seun Wilhelm Johannes Reeders."

ONDERWYS:

Wat die bekwaamheid en sertifikate wat onderwysers moes hê om 'n aanstelling van die Goewerment te verkry, betref, verklaar Brebner dat dit besonder moeilik was om enige onderskeid tussen die sertifikaat van 'n onderwyser van 'n distrikskool en dié in 'n laerskool te maak, omdat onderwysers so skaars en die onderwys oral so elementêr was. Hy het egter daarop gewys dat die bepalings nagekom moes word, en dat „een certificaat van de tweede klasse, of een diploma dat daarmee gelijkstaat, zal worden vereischt van iederen onderwijzer van eene Districts-school."³⁾

Daar Winburg se Goewermentskool onder die distrikskole ressorteer het, en aangesien Brebner die aanstelling van Reeders aanbeveel het,⁴⁾ het laasgenoemde dus aan bogemelde vereistes voldoen en was daarom genoegsaam onderlegd om as distriks- onderwyser te kan optree.

Reeders het waarskynlik met sy gesondheid gesukkel, want op 26 Augustus 1876 het hy geskryf: „In den laatsten tijd heb ik zeer veel te sukkel en gehad met zware ziekten, rhumatische koorst, waarvan ik ter nauwer nood ontkomen en nog niet geheel/

1) Ibid: 11 Julie 1881.

2) Ibid: 26 Desember 1882.

3) OR. 73: 1876 - 1877, p.3.

4) G.S. 1009.

geheel hersteld ben;" hy was gedurende die hele Julie „bedlegerig". 1)

Ds. van Heyningen het welwillend in sy plek as onderwyser waargeneem. Reeders se siekte sou waarskynlik ook die vordering van die kinders strem, en Brebner verklaar in sy inspeksierapport van September 1876: „School wat ongeregeld gehouden wegens ziekte van den onderwyser". 2)

Nadat hy verlof van die skoolkommissie gekry het, was Reeders weereens in September 1878 afwesig, maar hierdie keer tydens die jaarlikse inspeksie, en Brebner skryf: „.... ik vond het zeer vreemd dat juist op den tijd dat de school gewoonlik geïnspecteerd wordt, de onderwyser afwesig was." 3)

Vakke waarin onderwys gegee is, was die volgende: Die twee tale, naamlik Hollands en Engels. Die onderwys hiervan het behels lees, diktee, taalkunde en vertalings. Ander vakke was Aardrykskunde, wat bestaan het uit algemene Aardrykskunde en die Aardrykskunde van Suid-Afrika; die geskiedenis van Suid-Afrika; rekenkunde, skrif, Bybelgeskiedenis en sang. Die onderrig van sang was tweestemmig en later ook driestemmig. Daar was dan ook gewoonlik kinders in al die klasse van Sub. A. tot in standerd ses. 4)

Wat die skoolboeke betref, is dit duidelik dat in die vier klasse agtereenvolgens die volgende boeke gebruik is: Eerste leesboekie Sequel; Leupens se leesboek en „The Young Reader"; Volksleesboek en „The Young Reader" in die twee hoogste klasse. 5)

Op 26 Augustus 1876 het Reeders die volgende boeke van Brebner aangevra, en uit hierdie lys kom ons heelwat te wete van die boeke wat in gebruik was:-

OPGAAF VAN BOEKEN.

Schmid 1^e 2^e + 3^e Honderdtal 1 doz. elk.
1 doz. gramm Primers.
1 " Arithm "
1 " Mulder Ned. Spr.
1 " Bateman's H-B.

1 Doz/

-
- 1) G.S. 1010: 26 Augustus 1876.
2) OR.73: September - Oktober 1876.
3) Ibid: September - Oktober 1878.
4) OR.73 en OR.74.
5) OR.73: September - Oktober 1878.

- 1 Doz. Eersten Leesb.
- 7/12 " Eersten Leesb. Loupen.
- 1 " Brave Maria.
- 1 " The young Reader New III.
- 1 " Nelson's New IV" 1)

Hulpmiddels wat in dié skool in gebruik was, was onder andere landkaarte. Hiervan was daar vyf. Daar was egter geen kaarte van Afrika en Amerika nie. „Illustrations of Natural Philosophy" en 'n stel kaarte oor die natuurkunde is ook gebruik. 2)

Die standaard van die werk en die vordering van die leerlinge. Dit wil voorkom of die onderwys van Reeders, oor die algemeen gesproke, nie te suksesvol was nie. Sukses in sekere klasse en met sekere afdelings van die werk het egter nie agterweë gebly nie, maar daar is rede om aan te neem dat daar baie skaafplekke in sy onderwys was. Bewys hiervoor kry ons op 27 Januarie 1881 toe Brebner die volgende opmerking maak: „De hoogste klasse is in een zeer goeden toestand, en één van de leerlingen heeft de Gow. beurs in Desember gewonnen. Maar de laagste klasse zyn verwaarloosd: In Stand I zyn al de leerlingen gedropen; in Stand II, 2 uit 5, en in Stand IV, 3 uit 5. Alleen in Stand V en VI zyn al de leerlingen gepasseerd. De onderwyzer heeft hard gewerkt, maar byna uitsluitend aan de hoogste klasse. Ik geloof niet dat het recht is in die omstandigheden de verhooging aan te bevelen. 3)

Die toestand en gehalte van die skoolwerk was in 1876 as volg: Al die leerlinge in die vier klasse leer Hollands en Engels; die gehalte van werk in die hoogste klas deel ons as volg in: 4)

Tale: Lees: goed; Hollandse en Engelse taalkunde: redelik; diktee: vry goed; vertalings: vry goed. Skrif: seer goed. Rekenkunde: Dié werk het probleme vanaf deling tot praktysomme ingesluit: redelik. Aardrykskunde, wat die algemene

en/

1) G.S: 1010.

2) OR.73: September - Oktober 1878.

3) G.S.183: 27 Januarie 1881.

4) OR.73: September - Oktober 1876.

en Suid-Afrikaanse Aardrykskunde behels het: swak. Geskiedenis: voldoende.

Die tweede hoogste klas het dieselfde vakke gehad en dieselfde werk as eersgenoemde gedoen. In die Engelse taalkunde het hierdie kinders tot by Voornaamwoorde gevorder; daar was egter geen Hollandse taalkunde gedoen nie, en slegs 'n weinig vertalings en Aardrykskunde.

In die derde hoogste klas was die leeswerk goed, tafels voldoende; rekenkunde wat alles tot by aftrekkings ingesluit het was swak, Engelse taalkunde - redelik. Geen aandag is aan Hollandse taalkunde gewy nie, en geen Aardrykskunde is geleer nie. Die skrif was „slordig en zeer elementair“, maar die diktee in albei tale was vry goed.

Die leeswerk van die laagste klas word egter ook as „vrij goed“ beskryf, met „taamlik zuivere uitspraak“. Die rekenkunde tot by optel en die tafels was egter gebrekkig. Die hoofrekenne was taamlik goed. Die skryfwerk is op leie gedoen.

Bybelgeskiedenis word deur die hele skool gegee, en dié werk is voldoende, terwyl die sang uit tweestemmige liedere bestaan het; dit was egter te stadig en lusteloos - die volgende jaar was die sang beter en is beskryf as „meer lewendig dan vroeger“.

Die hoër klasse van Winburg se skool het in 1877 goed presteer: In die Oranje-Vrystaat het tien kandidate vir die „Openbare Wedstrijd der Scholen“ ingeskryf. Van Winburg het één kind ingeskryf. Van die twee kandidate in die Oranje-Vrystaat wat die beurs verower het, was Jan Hendrik van Heyningen een van die suksesvolle leerlinge; hy het dan ook daarna sy studie aan Grey-Kollege gaan voortsit.

Desnieteenstaande was daar „Gebrek aan energie in de school; de twee hoogste klassen hebben minder vorderingen gemaakt dan men kon verwachten“. 1)

Sodanig/

1) Ibid.

Sodanig was die onderwys-toestand in Winburg dat dit in die Sinode van 1877 te berde gebring is: „Met betrekking tot het onderwyz gaat het in sommigen streken, zoo als in Winburg, niet heel voorspoedig". 1) n Verdere klagte is: „De opvoeding der jeugd word nog altijd verwaarloosd. De eischen voor het lidmaatschap der kerk zijn zoo laag gesteld als mogelijk is en daaraan wordt slechts ter naauwernood beantwoord." 2)

Dit blyk egter dat die onderwysers nie vir hierdie toedrag van sake te blameer is nie, maar die publiek aangesien „Het Gouvernement doet veel, maar het publiek stelt er te weinig belang in." 3)

Die onderwysaangeleenthede te Winburg het in 1878 nie juis verbeter nie. Inteendeel, dit was oor die algemeen baie swak. Skynbaar was dr. Brebner ook ontevrede, omdat Reeders, met die toestemming van die skoolkommissie, afwesig was toe dié skool op die gewone tyd geïnspekteer is. Vakke waarin die standaard baie laag was, was Engels, Hollands, Bybelgeskiedenis, Engelse diktee en Rekene. 4)

Die volgende jaar (1879) het die onderwys nog nie aan die verwagtings voldoen nie, want „op deze school mist men nog den vooruitgang dien men kan verwacht hebben," 5) en Brebner het dit goed gedink om nog dieselfde dag, tydens die skoolkommissievergadering, oor die toestand van die onderwys in dié skool te praat.

Hierna het daar egter n verbetering in die onderwys ingetree, want in 1880 word verklaar: „.... skoolgaan tamelyk geregeld, Register netjies gehouden; tijdtafel aan den muur, zingen, driestemmig, goed" en daar was kinders in al die standerds vanaf Sub. A. tot in standerd ses. 6)

Die/

1) „De Fakkel" No.17, Mei 1877, p.269.

2) Ibid: No.20, Augustus 1877, p.328.

3) Ibid: No. 26, Februarie 1878.

4) O.R.73: September - Oktober 1878.

5) Ibid: 1879.

6) Ibid: 10 September 1880.

Die klagte dat die laagste klasse verwaarloos word ten einde tyd vir die twee hoogste klasse te vind, word nog telkens opgemerk.¹⁾ Om genoegsame aandag aan al die klasse en kinders te bestee en om sorg te dra vir voldoende vordering in elke groep, was dus 'n probleem waarmee Reeders te kampe gehad het, en noodgedwonge moes één of meer van die klasse afgeskeep word.

Winburg wen egter nou byna jaarliks minstens een Goewermentsbeurs tydens die openbare wedstryd vir skole deur middel van prestasies in standerd ses. In 1880 het leerling A. Reeders dié beurs verower, en in 1881 is dié prestasie deur 'n ander leerling herhaal.

Die skoolkommissie toon meer belangstelling in die onderwys, want tydens die eksamens wat in April 1882 deur Brebner afgeneem is, was daar vier skoolkommissielede teenwoordig. Ons merk egter weer dieselfde klagte dat te min aandag aan die laer klasse bestee word, op; ook „word weder geene zinsontleding onderwezen“, en „de hoogste klasse wordt uitsluitend voor den wedstrijd der scholen voorbereid, en niet voor eenigen standaard.....“²⁾

By dié geleentheid (20 April 1882), het Brebner die toestand van die laer klasse in die skool met die skoolkommissie bespreek. Hieraan is gevolg gegee, want in September van dieselfde jaar het Reeders hulp gekry in die persoon van 'n kwekelinge, Mej. Boudina van Heyningen wat vir die laer klasse verantwoordelik was. Brebner het die hoop uitgespreek dat die laer klasse deur die hulp van die kwekelinge in 'n beter toestand gebring sou word. Die hoogste klasse „heeft eene goede vertooning gemaakt in de vakken, die zij bestudeerd heeft....“ Daar kon egter nie, soos vroeër, 'n voldoende vergelyking tussen die laer klasse gemaak word nie, omdat standerds I en II geheel ontbreek het.³⁾

Die/

1) Ibid.

2) O.R.73: 20 April 1882.

3) Ibid.: 8 September 1882.

Die verwagte verbetering in die laer klasse het ingetree. In 1883 „de laagste klassen zijn wat verbeterd sedert verleden jaar; en de hoogste klasse heeft zeer goed geantwoord“, maar die middelste klasse is nog in n onbevredigende toestand. Alhoewel daar n verbetering was, was die algemene vordering nog nie na verwagting nie, want „deze school gaat niet naar behoren vooruit.“¹⁾

In 1884 het Brebner weer die onvoldoende toestand van die skool met die skoolkommissie bespreek. Aan die begin van 1885 het die amalgamasie met n plaaslike privaatskool tot stand gekom, en Mej. Jackson is tot die personeel toegelaat. Die leerlingtal het toe op vyftig te staan gekom. Met die drie onderwyskragte, t.w. A. Reeders, Mej. Jackson en n kwekelinge, Anna de Villiers, was die werk in die meeste klasse bevredigend, maar die middelste klasse het nog veel te wense oorgelaat.“²⁾

In 1886 het die personeel nog uit eersgencemde twee persone bestaan, maar die kwekelinge was L. Smith. Geen publieke eksamens is gedurende hierdie jaar afgeneem nie.³⁾

Op 26 Mei 1887 is A. Reeders oorlede. Na sy afsterwe het Mej. Jackson en die kwekelinge met die vriendelike hulp van die heer P. A. C. van Heyningen en sy dogter wat veral vir Hollands verantwoordelik was, die onderwys met sulke welslae behartig, dat Brebner verklaar: „Deze School is verbeterd“.⁴⁾

Al was dit dat hierdie skool vir die eerste keer sedert die aanstelling van Reeders as „verbeterd“ beskryf word, en wel eers na sy dood, wil ons tog, by wyse van slot, Reeders se goeie hoedanighede beklemtoon: Hy was hardwerkend (soos Brebner self in 1881 opgemerk het) en het seker sy bes vir die vordering van die kinders gedoen, want hoe is dit anders te rym dat hy altyd met die hoër klasse suksesvol was? Sedert

hy/

1) Ibid: 6 September 1883.

2) Ibid: 1885.

3) Ibid: 1886.

4) O.R.74: 5 September 1887.

hy die eerste kind in 1876 vir die openbare skolewedstryd ingeskryf het, het hierdie skool vier keer die beste kandidaat in die Oranje-Vrystaat gelewer, naamlik in 1876, 1880, 1881 en 1882!

SKOOLGEBOU EN SKOOLROL:

Geboue: Soos reeds voorheen gemeld, het daar met die aankoms van Reeders n amptelike goewermentskoolgebou te Winburg, en wel sedert September 1874, bestaan. In Oktober 1875 word alweer deur lede van die skoolkommissie te Winburg n memorie oor toelae vir geboue aan die Volksraad gestuur. Dié stuk is na die Uitvoerende Raad verwys. ¹⁾ Aan hierdie memorie is deur laasgenoemde uitvoering gegee, want in n verslag op 12 Julie 1876 aan die Volksraad skryf dr. Brebner dat die skoolgebou te Winburg sekere reparasies, gedeeltelik op onkoste van die Goewerment, ondergaan het. Brebner verklaar verder dat die skoolkommissie egter kla dat weens die toenemende aantal leerlinge die skoolkamer te klein en bekrompe is, en hulle het dus aansoek gedoen om n verdere toelae ter vergroting van die klaskamer. ²⁾

Op 15 September 1876 het Brebner n brief van die heer C. Bredell, lid van die skoolkommissie, ontvang waarin weer versoek word dat die skool en onderwyserswoning verander en verbeter moes word, aangesien „het tegenwoordige schoollocaal is slechts 15 vt. 4d. x 17v. 10d. en daarin moeten circa 50 kinderen daelyks onderwezen worden”. ³⁾ (Vgl. bygaande skets van grondplan van die gebou met die voorgestelde veranderings)

Hierop het dr. Brebner aan „De Hoog Edele Commissie van Bestuur” n skrywe gerig waarin hy versoek en aanbeveel dat £300 toegestaan moet word ter vergroting en verbetering van die skoolgebou. Die gebou het reeds tot op daardie datum £600 gekos, maar die bestaande skoolkamer was te klein vir die aantal skoliere, en n verandering was bepaald nodig,


want/

1) Gouvernements Courant van den O.V.S.: 27 Oktober 1875.

2) Ibid: 12 Julie 1876.


3) G.S. 1010: 15 September 1876.

Grondplan van het tegenwoordige schoolgebouw met de verbeteringen er by te Winburg. o)



MARKPLEIN.

o) G.S. 1010: 15 September 1876. Aangeheg by die brief van C. Bredell, lid van die skoolkommissie, aan dr. Brebner. (Hierdie natrek is presies soos die oorspronklike.)



Van 1848 tot 1874 is met 'n paar uitsonderings uitsluitlik van die konsistorie as skoollokaal gebruik gemaak. In 1874 is hierdie erf en geboue deur die goewerment vir £500 van die heer Erasmus gekoop. Dit was die eerste amptelike skoolgebou en het tot in 1891 diens gedoen toe die nuwe skool in gebruik geneem is.

want, so skryf Brebner, „De School bloeit op het oogenblik, en ik zou gaarne zien dat de ingezetenen van Winburg zoo veel mogelyk aangemoedigd worden om de belangen der school te behartigen.”¹⁾ Dr. Brebner het ook tydens sy jaarlikse inspeksie in September en Oktober 1876 gevind dat die klaskamer te klein was.²⁾ Dit het skynbaar die deurslag gegee, sodat daar veranderings deur die Goewerment aangebring is, want volgens die inspeksieverslag van 1877 was dit duidelik dat daar te Winburg n aansienlike som geld aan die reparasie van die woonhuis van die onderwyser bestee was, en dat die skoolgebou toe in n taamlike goeie toestand was, aangesien „het schoolgebouw, 30x20x14 vt. is veranderd en vergroot, maar nog niet geheel voltooid.”³⁾

In 1878 vind Brebner die skoollokaal gerieflik en geskik, maar die „kleine kamer is nog niet klaar, en word niet gebruikt”.⁴⁾

Die skoolmeubels was voldoende, want in September 1879 was daar ses skooltafels en banke en n swartbord. Die skoolgebou moes egter gewit word.⁵⁾ Dr. Brebner het in 1880 aanbeveel dat n ringmuur om die skoolerf gebou moes word. Dit sou min of meer £15 kos.⁶⁾ Ons kon egter uit geen bron vasstel dat hieraan wel uitvoering gegee is nie. Die ringmuur is in elk geval nie rondom die skoolerf gebou nie, omdat die skoolgebou reg teen die straat gestaan het. (Vergelyk die foto-afdruk.)

Enige jare later, op 17 September 1885, het Brebner egter die saak in verband met die aanbou van nog n klaskamer met die skoolkommissie bespreek, aangesien daar toe vyftig kinders op die rol was met twee onderwysers en n kwekeling.⁷⁾ Hieraan is dadelik uitvoering gegee, want n jaar later was

daar/

-
- 1) Ibid: 28 September 1876.
 - 2) O.R.73: September - Oktober 1876.
 - 3) Ibid: do 1877.
 - 4) Ibid: do 1878.
 - 5) Ibid: do 1879.
 - 6) O.R.73: 10 September 1880.
 - 7) Ibid: 17 September 1885.

daar n skool met drie vertrekke; dié drie vertrekke is as klaskamers gebruik en was voldoende gemeubileer.¹⁾

In September 1876 verklaar Brebner dat die klaskamer te klein is vir die aantal skoliere, want die skool gaan n bloeytydperk binne,²⁾ aangesien „circa 50 kinderen daelyks onderwezen worden“, volgens C. Bredell, lid van die skoolkommissie.

Tabel I toon die personeelvoorsiening en skoolrol aan soos blyk uit dr. Brebner se inspeksieverslae oor die goewermentskool te Winburg.

Die skielike vermeerdering van kinders op die rol van negentien in September 1884 tot vyftig in September 1885, is toe te skryf aan die „vereeniging van eene private school op het dorp met die Governements School... sedert Januarie 1885.“³⁾

Die tabel toon dat die aantal lede op die onderwyspersoneel toeneem van een in 1876 tot twee in 1882, terwyl daar in 1885 drie onderwysers te Winburg werksaam was. n Gestadige groei is dus waarneembaar. Hierdie groei is n weerspieëling van die vooruitgang van die dorp, want in 1880 was daar 58 woonhuise met n blanke bevolking van 250.⁴⁾

In 1886 is n Bewaarskool vir kinders tussen drie en vyf jaar oud, waarin daar nege leerlinge was, bygevoeg. Dié kinders is in n aparte kamer besig gehou.⁵⁾ Dertien leerlinge het in 1878 gratis onderwys ontvang, en in 1880 is vyf kinders kosteloos onderrig.

In 1883 is een vertrek van die onderwyslokaal as slaapkamer vir kosleerlinge gebruik en „de onderwijzer heeft thans 7 kost leerlingen.“⁶⁾

Na die afsterwe van Reeders het John Fivaz op 9 Oktober 1887 hier as onderwyser aangekom.⁷⁾

+++++++

4)/

1) O.R.74: 7 September 1886.

2) G.S. 1010.

3) O.R.73: 17 September 1885.

4) Gerdener, G.B.A, Ons Kerk in die Transgariep: p.154.

5) O.R.74: 7 September 1886.

6) O.R.73: 6 September 1883.

7) O.R.74: 7 September 1886.

T A B E L _ 1.

PERSONEEL EN SKOOLROL (1876 - 1887)¹⁾

MAAND/ JAAR.	ONDERWYSERS.	SEUNS op ROL.	DOG- TERS op ROL.	TO- TAAL.	TEEN- WOORDIG TYDENS INSPEK- SIE.
Sept. 1876	A. Reeders.....	31	12	43	33
" 1877	"	-	-	25	20
" 1878	"	-	-	30	-
" 1879	"	-	-	25	-
" 1880	"	20	8	28	25
April 1882	"	-	-	29	-
Sept. 1882	A. Reeders..... B. v. Heyningen (kwe- kelinge).....	-	-	24	17
" . 1883	do	-	-	29	-
" 1884	do	-	-	19	-
" 1885	A. Reeders..... Mej. Jackson..... A. de Villiers (kweke- linge).....	-	-	50	46
" 1886	A. Reeders..... Mej. Jackson..... L. Smith (kwekelinge).	-	-	57	-
" 1887	A. Reeders (Obitt: 26 Mei 1887) ³⁾ Mej. Jackson + L. Smith..... Hulp: Ds. P.A.C. van Heyningen en dogter.				

1) Gegewens verkry uit inspekteursverslae van dr. Brebner (1876 - 1887)

2) "Tegen het einde van 1879 was het aantal leerlingen zeer klein, maar van het begin van 1880 is het toegenomen". Die rede hiervoor is dat vyf kinders kosteloos onderwys ontvang het.

3) "The Friend of Free State and Bloemfontein Gazette": 8 Junie, 1887.

"Died - At Winburg, on the 26th. May, 1887, Mr. AND. REEDERS, Head Teacher of the Winburg Government School, aged 55 years.

4) J. FIVAZ. (9 Oktober 1887 - Desember 1894.)

AANSTELLING:

John Fivaz het diens as onderwyser te Winburg op 9 Oktober 1887 aanvaar.¹⁾ Hy het die betrekking van hoofonderwyser tot sy vertrek in Desember 1894 bekleed.²⁾

Ongelukkig weet ons nie watter rol genoemde onderwyser en ook sy opvolger, Mnr. S. W. Pienaar, in die kerklike lewe te Winburg gespeel het nie, omdat die N.G. Kerk se notuleboek wat oor hierdie periode strek, verdwyn het; waarskynlik het dit tydens die Driejarige oorlog van 1899 - 1902 verlore geraak.

ONDERWYS:

Tydens die inspeksie van 30 Augustus 1889 word verklaar dat die onderwys verbeter het;³⁾ presies dieselfde opmerking wat ons die vorige jaar opgeval het. Ons lei dus af dat Fivaz aan die eise wat aan die onderwys gestel is, voldoen het en dat hy en die assistente, Mej. de Beer, die kinders 'n deeglike opvoeding gegee het. Ook in 1890 maak Brebner daarvan melding dat „deze is een goede school.“⁴⁾

Maar weldra het, om redes wat nie nagespeur kon word nie, die goeie werk tot 'n skielike einde gekom, en 'n stadige agteruitgang het ingetree, want die volgende jaar lees ons: „Deze school is wat achteruitgegaan“⁵⁾ en in 1893 verklaar Brebner dat „de resultaten zijn minder bevredigend“.⁶⁾

Nou gaan die skool vinnig agteruit, ook wat die getal leerlinge op die rol betref. Die kinders besoek die skool baie ongereeld. Die veroordelende woorde in die inspekteurs-rapport van 1894 naamlik, „Deze school verkeert in een treurigen toestand“, ⁷⁾ het skynbaar die wêreld vir Fivaz so nou gemaak, dat hy aan die einde van dieselfde jaar sy onderwys-

pos/

-
- 1) O.R.74: 5 September 1887.
 - 2) T.G. 3566.
 - 3) O.R.74: 30 Augustus 1889.
 - 4) Ibid: 1890.
 - 5) Ibid: 5 September 1890.
 - 6) Ibid: 4 September 1893.
 - 7) Ibid: 22 Augustus 1894.

onderwyspos te Winburg verlaat en sy opvolger met die taak laat om die kastalings uit die vuur te haal en van vooraf opbouwerk te doen.

Daar was gedurende 1894, nieteenstaande n rol van 44 leerlinge, niemand in Standerd ses nie. Dit is dus moontlik dat Brebner die vorige jaar niemand in standerd vyf laat slaag het nie.¹⁾

Maar dit was nie net die onderwyswerk wat agteruitgegaan het nie; die dissipline in die skool het ooreenstemmend verswak. Na die afsterwe van Reeders was die dissipline as „los” beskryf, maar in die eerste paar jaar na Fivaz se diensaanvaarding is niks in dié verband aangemerkt nie. - dit het waarskynlik verbeter. In September 1893 was die „Discipline zwak”.²⁾ Ook hier, soos in die onderwyswerk, het daar verder agteruitgang ingetree, en in Augustus 1894 was die „orde op school heel gebrekkig”.³⁾

Samewerking van die kant van die publiek en die skoolkommissie het klaarblyklik ontbreek. Dié liggaam wat in die eerste geval die belange van die skool op die hart moes dra, het hulle hulp en leiding onttrek, want in 1893 het die meeste skoolkommissielede bedank⁴⁾ en kon Fivaz nie meer op hulle ondersteuning aanspraak maak nie.

Mej. Jackson wat tot in 1888 n assistente van Fivaz was, het haar pos bedank, en dit is interessant om te verneem dat die onderwysvakatures in daardie jare deur middel van n goewermentskennisgewing onder andere in een of ander dag- of weekblad geadverteer is.⁵⁾ Die bewoording van die advertensie om genoemde vakature te vul, lui in „De Fakkel” van 11 Junie 1888 as volg:-

„GOUVTS - KENNISGEVING.

Een assistent of assistente Benodigd voor de Gouvts-School te Winburg.

Applicatien zullen ingewacht worden bij den ondergeteekende/

1) Ibid: 22 Augustus 1894.

2) Ibid: 4 September 1893.

3) Ibid: 22 Augustus 1894.

4) Ibid: do 1894.

5) „De Fakkel”: No. 203, 11 Junie 1888, p.24.

ondergeteekende, voor of op 6 Augustus 1888, voor bovengemelde betrekking. Applicatien te worden vergezeld van bewijzen van de bij de wet vereischte bekwaamheid en van getuigschriften van goed zedelijk gedrag.

Gouvernements Salaris £90 behalve £45 uit de schoolgelden.

Indien de assistent grondig onderwijs in muziek kan geven, zal hij of zij door het geven van private lessen eene goede verdienste krijgen.

Johs. Schnehage,
Landdrost en Voorzitter der School-
commissie,
Landdrost kantoor, Winburg,
26 Mei 1888." 1)

Mej. de Beer is in hierdie pos aangestel.

Onderwys is in die tradisionele skoolvakke gegee, maar van 1893 is ook teken aan al die klasse bo standerd drie onderrig.²⁾

SKOOLGEBOU EN SKOOLROL:

Die skoolgebou wat in 1874 gekoop is en sedertdien baie verbreek, verander en onkoste mee aangegaan is, het in 1889 weer onder bespreking gekom: Dit moes verkoop word.³⁾

Tydens die skoolkommissievergadering van 30 Augustus 1889 het Brebner die volgende sake met die kommissielede bespreek: "....het oprichten van een nieuw Schoollokaal en Onderwijzerswoning, het krijgen van een geschikt erf, verkoopen van oude gebouwen, plannen enz."⁴⁾

In 1890 is die skoolgeboue verkoop, alhoewel daar nog onderwys in gegee is. n Nuwe skool was in aanbou.⁵⁾ In 1891 is intrek in die nuwe skoolgebou en onderwyserswoning geneem.⁶⁾

Die skoolrol het tot in 1891 n bestendige groei getoon, maar daarna tot in 1894 taamlik vinnig agteruitgegaan. Die
gegewens/

-
- 1) Ibid:
 - 2) O.R.74: 4 September 1893.
 - 3) O.R.74: 30 Augustus 1889.
 - 4) Ibid:
 - 5) Ibid: 5 September 1890.
 - 6) Ibid: 7 September 1891.

gegewens in die volgende tabel staaf hierdie bewering:-

T A B E L _ II.

Maand/Jaar.	ONDERWYSERS.	Skoolrol.
Aug. 1889.	J. Fivaz en Mej. de Beer.....	53
Sept. 1890.	do	65
Sept. 1891.	J. Fivaz, Mej. Fowler en kwekelinge J. Jooste.....	76
1892		1)
Sept. 1893.	J. Fivaz, Mej. Ingram en kwekelinge J. Jooste.....	64
Aug. 1894.	J. Fivaz en Mej. Ingram.....	44

In September 1893 het vier leerlinge by die onderwyser loseer.

5) S. W. PIENAAR (Januarie 1895 - 1899.)

AANSTELLING:

Mnr. S. W. Pienaar is in Januarie 1895 ²⁾ as hoofonderwyser van die Goewermentskool te Winburg aangestel. Onder sy bekwaame leiding het dié skool 'n bloeiperiode binnegegaan, maar ongelukkig het hierdie goeie werk plotseling tot 'n einde gekom as gevolg van die uitbreek van die Anglo-Boere oorlog in Oktober 1899. Met die uitbreek van die oorlog het die Goewermentskool dan ook gesluit, en die skoolhoof, Mnr. S. W. Pienaar, het by die Boeremagte ³⁾ aangesluit.

ONDERWYS:

Personeel: In 1896 het die onderwyspersoneel uit die skoolhoof en vier assistente tw. Mejj. Smith, Steyn, Brebner en/

1) Geen gegewens vir 1892 nie.

2) T.G.: 3566.

3) Mnr. S. W. Pienaar is die vader van Mnr. Hugo Pienaar, die huidige hoofinspekteur van skole in die Oranje-Vrystaat.

en Meiring bestaan.¹⁾ In 1898 het die personeel uit die skoolhoof en Mejj. Smith, Steyn, Enslin, Anderson en Hauptfleisch bestaan.²⁾

Mnr. S. W. Pienaar het in 1898 n ekstra toelaag ooreenkomstig Artikels 88 en 89 van die onderwyswet gekry, omdat hy die Matrikulasie-eksamen met goeie gevolg afgelê het.³⁾

Standaard van werk: Dr. Brebner het in die inspekteursrapport van 23 Oktober 1896 verklaar dat daar goeie en nuttige werk in hierdie skool gelewer is. Daar het onder andere twee leerlinge met lof in die eksamen van Desember 1896 geslaag. n Begin is ook gemaak om naaldwerk as vak te doseer; hierin was daar 24 leerlinge.⁴⁾

Die voordrag in standerd een was egter baie swak. Al elf dié leerlinge het in voordrag gedruip. Teken is in al die klasse onderrig. Hierin was die werk van n hoër gehalte; in standerd een het ses van die nege leerlinge geslaag; die vier in standerd twee het almal geslaag, een met lof.⁵⁾

Die liggaamsaktiwiteite van die kinders is nie afgeskeep nie: „De jongens nemen deel aan militaire drill, en de meisjes aan orde oefeningen.”⁶⁾

Om die leeslus by die kinders aan te moedig, het Mnr. Pienaar aan die hand gedoen dat daar n lys van boeke vir die kinders in standerds vyf en ses opgestel sou word wat die leerlinge dan, behalwe die gewone skoolboeke, sou moet deurlees.⁷⁾

Die sangonderrig het geskied uit „Blackbirds en Kinderharp bij't Harmonium”. Die sang was meerstemmig, en daar is van die solfa-sisteen gebruik gemaak. Daar is egter geen aandag aan die sing van Psalms en Gesange bestee nie; aangesien dit deur die wet vereis is, het dr. Brebner daarop aangedring dat daar aandag aan gewy moes word.⁸⁾ Volgens die inspekteursrapport/

1) O.R.74: 1896

2) Ibid: 1898.

3) O.R.74: Augustus 1898, cf. Ibid: 4 November 1898.

4) Ibid: 23 Oktober 1896.

5) Ibid: do 1896.

6) Ibid: do 1896.

7) Ibid: do 1896.

8) Ibid: do 1896.

inspekteursrapport van 4 November 1898 is die sang toe volgens voorskrif doseer,¹⁾

Die kindertuinafdeling het geweldig uitgebrei: In 1896 was daar twintig kinders in dié afdeling, en in 1898 was daar 41 tydens die inspeksie teenwoordig. Alhoewel die kindertuinonderwyseres, mej. Hauptfleisch, nie lank te Winburg werksaam was nie, verklaar dr. Brebner tog dat „de onderwyzeres schijnt belang te stellen in't werk".²⁾

Orde-oefeninge, teken en naaldwerk is as ekstra vakke doseer. Daar was ook n „Armen School" onder Mej. Steyn, en van haar het die inspekteur geskryf dat sy die werk met hart en siel gedoen het.³⁾

In die inspekteursverslag van 4 November 1898 is dit die eerste keer dat ons verneem dat, na die afneem van die skriftelike kwartaalse eksamens in die Winburgse goewermentskool, „... de ouers krijgen kwartaalsche rapporten van 't werk dat op school gedaan wordt." ⁴⁾

Die dissipline in die skool was taamlik goed.⁵⁾

SKOOLGEBOU EN SKOOLROL:

Die nuwe skoolgebou was in n goeie toestand en dit is in orde gehou. n Paar kamers is in 1896 by die onderwyerswoning aangebou. In 1898 verklaar Brebner dat die skoolgeboue in orde is en dat die woning vergroot is, sodat meer kosleerlinge ingeneem kon word, maar „men is verplicht een aparte skoolkamer te huren, wegens gebrek aan ruimte. Die „kostinrichting" onder die bekwame sorg van Mev. Pienaar was goed ingerig.⁶⁾

Die skoolrol het snel gegroei. In Augustus 1894 was daar 44 leerlinge in die skool. Op 26 Oktober 1896 het 133 name op die register verskyn, en in 1898 was die leerlingtal

182/

1) Ibid: 4 November 1898.

2) Ibid: 1896 + 1898.

3) Ibid: do

4) Ibid: 4 November 1898.

5) Ibid: do 1898.

6) Ibid: do 1898.

182. Die rede hiervoor is dat daar in 1895 'n vorm van verpligte onderwys in die Oranje-Vrystaat ingevoer is. Daar is neergelê dat alle blanke kinders tussen die ouderdom van tien en sestien jaar wat binne 'n afstand van twee myl van 'n goewermentskool woon, die skool minstens vir een of twee jaar moes bywoon, of so nie, vrystelling moes verkry deur 'n eenvoudige toets in lees, skrywe, rekene en ook in Aardrykskunde en Geskiedenis van die Oranje-Vrystaat met sukses af te lê. In 1898 was daar dan 182 leerlinge op die register, en 163 was tydens die inspeksie teenwoordig. Gratis onderwys, volgens Artikel 90, is aan 52 kinders gegee, en in die kosinrigting was daar elf kinders. Dr. Brebner was baie tevrede met dié toedrag van sake en verklaar: „onder verplicht onderwijs zijn allen op school.“¹⁾

Alhoewel baie siektes onder die kinders in 1896 voorgekom het, met die gevolg dat die bywoning ongereeld was, baar die afwesigheid van die kinders uit die skool sonder genoegsame redes baie kommer aan die skoolhoof en sy personeel. Brebner het ook verklaar dat, alhoewel die registers in orde was, die skoolbesoek „erg ongeregeld“ was. Dit skyn 'n algemene kwaal op die dorpe te gewees het. Brebner het dan ook aanbeveel dat die skoolkommissie die nadeel van hierdie gebruik onder die aandag van die publiek moes bring.²⁾ Hierdie aanbeveling het egter geen vrugte afgewerp nie, want in 1898 het die onderwysers nog gekla oor die ongereelde skoolbesoek en die afwesigheid van die kinders sonder 'n behoorlike verskoning. Dit was 'n algemene kwaal in die Oranje-Vrystaat en „Winburg lijd er sterk aan“. Dr. Brebner het dit weereens benadruk dat dié toestand verhelp kan word, indien die skoolkommissie en die onderwysers persoonlik die nadele van dié gebruik onder die aandag van die ouers bring.³⁾

Die/

-
- 1) Ibid: 4 November 1898.
 - 2) Ibid: 26 Oktober 1896.
 - 3) Ibid: 4 November 1898.

DIE SKOOLKOMMISSIE:

Dr. Brebner het dit sy plig geag om in 1896 die skoolkommissie, met uitsluiting van ds. Marquard, op die vingers te tik, omdat hulle hulle plig versuim en nie in ooreenstemming met hulle pligte die skool besoek het nie. In die verlede is dié skoolbesoek uitsluitlik aan ds. Marquard oorgelaat. Die skoolkommissie het egter beloof om hierin 'n verbetering aan te bring en was selfs voornemens om self af en toe 'n skriftelike eksamen in die hoër standerds af te neem.¹⁾ Dit is egter duidelik dat hulle nie aan dié vrome voorneme afdoende reg laat geskied het nie, want in 1898 was die skool „slechts door een paar van de leden gedurende 't jaar bezoekt" en die voorgenome eksamens was nie deur die skoolkommissie afgeneem nie.²⁾

Die skoolkommissievergaderings is egter gereeld gehou; 12 in 1896 en sewe gedurende 1898.³⁾

Die inspekteursrapport van 4 November 1898 was die laaste verslag oor die Winburgse goewermentskool voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog. Dié oorlog het die totale ontwrigting van die skoolwese in die ou Republiek van die Oranje-Vrystaat ten gevolge gehad.

* * * * *

B. DIE WYKSKOLE IN WINBURGDISTRIK (1879 - 1886).

1) I N L E I D I N G.

Wykskole was gevestigde plattelandse skole of dié in klein dorpies. Die staat het vir die skoolgebou, die onderwyser se woning en vir 'n aantal kosleerlinge voorsiening gemaak. Die onderwyser wat 'n Tweedeklas sertifikaat moes besit, het ook 'n vaste minimum-salaris plus 'n vrye woning en die skoolgelde as besoldiging ontvang. Hollands en Engels is onderrig.⁴⁾

In Winburg het daar tot en met 1879 geen wykskool be-

staan/

1) Ibid: 26 Oktober 1896.

2) Ibid: 4 November 1898.

3) Ibid: 1896 en 1898.

4) Die Volksblad: 29 September 1927.

bestaan nie. Dit is duidelik dat die eerste wykskool eers op 1 September 1879 op die plaas Popolis gestig is. Sedert genoemde datum het dié skool oor 'n tydperk van agt jaar na drie verskillende plekke verskuif. Dit was agtereenvolgens op die plase Popolis, Wormwood en Klipplaatsdrif, waar dit in 1886 gesluit is. Van hierdie datum af, het geen wykskool in Winburgdistrik voorgekom nie. Alhoewel hierdie skool die idee van 'n rondgaande skool skeep, het dr. Brebner dit tog onder 'n wykskool geklassifiseer.

2) WYKSKOOL TE POPOLIS (1879 - 1880).

STIGTING:

'n Vaste wykskool is op die plaas Popolis op 1 September 1879 gestig. Die stigtingsbyeenkoms is, behalwe deur 'n groep belanghebbende ouers, ook deur drie skoolkommissielede, die landdros en die predikant van Winburg bygewoon. Die belanghebbendes het 'n wykskool bo 'n rondgaande skool verkies, en die skoolkommissie het besluit dat die skool op Popolis tot stand sou kom. 'n Waarborglys wat vir minstens vyftien kinders vir 'n jaar voorsiening gemaak het, is opgestel. 'n Huurkontrak is met die eienaar van die plaas aangegaan.¹⁾

Die skool het met 21 kinders op die rol geopen, maar die getal het weldra tot veertig aangewas.²⁾

ONDERWYS:

R. G. de Vries was gedurende die bykans een en 'n half jaar wat die skool te Popolis gevestig was, as onderwyser werksaam.

In September 1880 word die klaskamer as klein en ongerieflik beskryf, en die dak was in 'n swak toestand.³⁾

Daar was 31 kinders op die rol, maar tydens die inspeksie was daar slegs 24 leerlinge teenwoordig. Al die kinders, met uitsondering van twee, het Hollands geleer. Dié twee

leerlinge/

1) O.R.73: September 1879.

2) Ibid: do 1879.

3) O.R.73: 13 September 1880.

leerlinge het net Engels geleer, sewentien kinders het net Hollands geleer; die res het albei tale geleer. Tot en met standerd drie was daar leerlinge in elke klas. Die sang was redelik; n vierstemmige lied is tydens die inspeksie gesing.¹⁾

Die interne organisasie van die skool was in orde; die register is gereeld gehou, en n rooster van werksaamhede was aan die muur. Die skoolbywoning was gereeld, behalwe gedurende die maand vòòr die inspeksie.²⁾

Brebner verklaar dat die skool, nieteenstaande veelvuldige moeilikhede, vooruitgegaan het. Die hoogste standerd is egter die swakste, veral in die Engelse vakke, grammatika en in hoofrekene.³⁾

Drie lede van die skoolkommissie was teenwoordig by die vergadering waarop daar besluit is dat die skool vanaf 1 Januarie 1881 na die plaas Wormwood verskuif sou word. n Kontrak is opgestel en onderteken. In die inspekteursverslag word bevestig dat dié skool in 1881 na laasgenoemde plaas verskuif het.⁴⁾

3) WYKSKOOL TE WORMWOOD (1881 - 1883)

Op 19 April 1882 was R. G. de Vries nog die onderwyser.⁵⁾ De Vries sou egter aan die einde van April na Zastron verplaas word, en die kommissie „zal stappe nemen ter verkrijging van een nieuwen onderwijzer.“⁶⁾

Die klaskamer was gerieflik en goed gemeubileerd. Daar was 28 kinders op die rol, terwyl daar ook leerlinge in alle standerds tot in standerd vier was.⁷⁾

Na De Vries se vertrek het die skoolkommissie vergeefs probeer om n onderwyser te bekom, totdat T. Gropp aan die begin van 1883 hier as goewermentsonderwyser aangestel is.

Tydens/

-
- 1) Ibid: 13 September 1880.
 - 2) Ibid: do 1880.
 - 3) Ibid: do 1880.
 - 4) Ibid: do 1880.
 - 5) Ibid: 19 April 1882.
 - 6) Ibid: do 1882.
 - 7) Ibid: do 1883.

Tydens die inspeksie van September 1883 was daar 23 name op die register. Die klaskamer was nog in dieselfde gunstige toestand as te vore.¹⁾

Waar daar die vorige jaar twee landkaarte te Popolis in gebruik was, het die onderwyser nou oor drie landkaarte beskik om as hulp by die onderwys te dien.²⁾

Toe Brebner dié skool in September 1883 besoek, is daar besluit dat die skool aan die begin van Januarie 1884 verskuif sou word.³⁾

4) WYKSKOOL TE KLIPPLAATSDRIFT. (1884 - 1886).

In 1884 verklaar Brebner dat John Lombaard die onderwyser is; hy was hier as onderwyser werksaam tot die skool in 1886 finaal gesluit is. Die skool het op 17 Maart 1884 te Klipplaatsdrift geopen. Die klaskamer is „tamelijk" en dit is goed gemeubileerd. Daar is 21 kinders in die skool, en die bywoning was gereeld. „Deze is een veel belovende School". Die eienaar van die plaas het ook vir die losies van dié kinders wat van ander plase afkomstig is, gesorg.⁴⁾

In 1882 was daar 22 kinders op die rol, en die bywoning was gereeld. Die klaskamer en die meubels was nog in dieselfde goeie toestand as die vorige jaar. Behalwe vir die feit dat daar geen aandag aan sang bestee was nie, verklaar Brebner dat „Deze School is goed". Ses leerlinge het by die heer Roussouw, die eienaar van die plaas, loseer.⁵⁾ Daar was 21 kinders in die skool, maar op 23 Desember 1886 het dié wykskool, wat sy ontstaan in 1879 op die plaas Popolis gehad het, gesluit.⁶⁾

* * * * *

c)/

-
- 1) Ibid: 7 September 1883.
 - 2) Ibid: do 1883.
 - 3) Ibid: do 1883.
 - 4) Ibid: 9 September 1884.
 - 5) Ibid: 21 September 1885.
 - 6) O.R.74: 1886.

C. DIE RONDGAANDE SKOLE IN WINBURGDISTRIK. (1894-1899).

1) I N L E I D I N G.

Hierdie skole is gestig op plase waar daar behoorlike behuising gevind kon word, en waar 'n genoegsame aantal kinders gevind kon word. Die staat het 'n vasgestelde huur vir die skoolgebou en 'n kamer vir die ongehuide onderwyser betaal. Hy het 'n salaris van £100 tot £120 ontvang. Die eienaar van die plaas was verplig om die kosleerlinge en die onderwyser te loseer. Die onderwyser was ook op die vasgestelde skoolgelde geregtig, maar soms het hy dit aan die plaaseienaar in ruil vir vry losies afgestaan. Onderrig in Hollands was verpligtend, en Engels kon ook aan gevorderde leerlinge onderwys word. 'n Rondgaande skool was vir ses maande geldig, waarna aansoek gedoen kon word om dit vir nog ses maande op dieselfde plaas te laat voortbestaan. Indien dit nie gedoen word nie of indien die Superintendent van Onderwys nie die versoek toestaan nie, moes die skool na 'n ander plaas waar daar 'n skool verlang is, verskuif word. Soms het 'n aantal van sy leerlinge met die onderwyser saamgetrek. 1)

Brebner verklaar dat die getalle kinders by sommige rondgaande skole taamlik groot was, maar merendeels het die aantal skoliere naby die vereiste minimum gebly omdat die persone by wie die skole opgerig is, onwillig was om die las van die versorging van kosleerlinge op hulle te neem, en omdat die geboue in die meeste gevalle ook onvoldoende akkommodasie verskaf het. Dié onderwys was uit die aard van die saak uiters elementêr en was gewoonlik beperk tot dié vakke wat by die aanneming vereis is. Die leerlinge het slegs vir 'n kort rukkie op skool gebly, en Brebner het beweer dat dit vir die inspekteur, aangesien hy die skole slegs een keer per jaar kon besoek, moeilik geval het om die vordering van die leerlinge te beoordeel. 2)

Die/

1) Die Volksblad: 29 September 1927.

2) O.R.73: 1876 - 1877.

Die twee grootste besware teen die rondgaande skole was:

i) Dit was baie moeilik om bekwame persone, veral wat getroud was, te kry wat gewillig was om van plaas tot plaas rond te swerf.

ii) Dié skole is meesal gesig op plase van gegoede burgers wat eintlik nie goewermentsteun nodig gehad het nie. Die ryk burgers wou hulle gewoonlik ook nie die moeite getroos om vreemde kinders te versorg nie.¹⁾

Gedurende die eerste jare van dr. Brebner se inspektoraat was daar baie min rondgaande skole in die Oranje-Vrystaat, want van 1876 tot 1880 was daar maar gemiddeld vier of vyf sulke skole in die hele Republiek.²⁾ Nieteenstaande die feit dat daar selfs so laat as 1892 vyftig rondgaande skole in die Oranje-Vrystaat was, was Winburg een van die vier wyke in die ou Republiek waar daar geen rondgaande skole aangetref is nie.³⁾

In 1894 is die eerste rondgaande skool te Jachtpoort, distrik Winburg, geopen. Die volgende jaar nog een te Winburgwegstasie, terwyl daar in 1896 drie sulke skole in Winburg se omgewing was; die jaar voordat die Anglo-Boere-oorlog uitgebreek het, dus in 1898, was hier slegs vier sulke skole in die Winburg distrik.⁴⁾

* * * * *

2) JACHTPOORT (1894 - 1898).

Op die plaas Jachtpoort was daar gedurende die tydperk van 1894 tot 1898 deurentyd n rondgaande skool. n Mens sou dié skool onder n vaste Wykskool kon ressorteer, maar Brebner dui baie duidelik aan dat dit nie die geval was nie.⁵⁾

Gedurende die vyf jaar wat hierdie skool bestaan het, was hier vier verskillende onderwysers werksaam. Hulle was:-

(a) A. J. REEDERS. (1 November 1893 - Desember 1894).

Reeders het van Ladybrand gekom. In 1894 was hier 21 kinders in die skool te Jachtpoort. Alhoewel die register in orde was, was die bywoning nie gereeld nie. Die skoolgebou

was/

1) Ibid: 1876 - 1877.

2) Vgl. O.R.73.

3) Vgl. O.R.74 (1891 - 1892).

4) Vgl. O.R.74 en O.R.75.

5) Vgl. O.R.74 en O.R.75.

was gerieflik; daar was kinders in al die klasse tot standerd drie en ook in standerd vyf-klas. „De Onderwijzer doet hier nuttige werk”.¹⁾ Reeders het teen die einde van 1894 vertrek; die skool was toe sonder ’n onderwyser tot 30 Junie 1895.²⁾

(b) J. C. LOMBAARD. (1 Julie 1895 - Junie 1896).

Daar was toe dertig kinders op die rol, en hulle het die skool ook meer gereeld besoek as wat die geval in 1894 was. Die register was in orde. Die skoolgebou was te beknop vir die aantal kinders wat daarin onderwys moes ontvang. Psalms en Gesange, soos deur die wet vereis is, is nog nie gesing nie. Aangesien die skool vir ’n geruime tyd gesluit was en die onderwyser eers kort tevore met die werk begin het, verklaar dr. Brebner dat dit moeilik was om die vordering van die kinders of die werk van die onderwyser te beoordeel.³⁾

(c) G. A. COETZER. (7 Julie 1896 - Augustus 1898).

In 1896 was daar 31 kinders in die skool, sodat die klas-kamer te beknop was; die eienaar van die plaas het egter belowe dat hy ’n groter vertrek sou bou. Die kinders het dié skooltjie baie gereeld besoek, en die dissipline in die skool is as „vrij goed” bestempel. Hier was kinders in al die standerds tot in standerd vier. Weereens is dit duidelik dat die vordering van die kinders nie getrou gemeet kon word nie, aangesien dié skool met die inspeksie van 23 Oktober 1896 toe maar vir ’n rapsie meer as drie maande onder die sorg van die heer Coetzer was, en „de onderwijzer is dus niet geheel verantwoordelijk voor de resultaten van de inspectie”.⁴⁾

Alhoewel Coetzer hier onderwyser was tot in Augustus 1898, is hierdie skool nie weer onder sy onderwyserskap geïnspekteer nie, waarskynlik omdat die voorsitter van die skoolkommissie,, in ooreenstemming met sy verpligting, die skool elke maand besoek en ’n gunstige maandelikse verslag aan dr. Brebner ge-

stuur/

1) O.R. 75: 17 Augustus 1894.

2) Ibid: 9 Augustus 1895.

3) Ibid: do 1895.

4) O.R.75: 23 Oktober 1896.

gestuur het.

(d) G. STEGMAN. (September 1898 - 11 Oktober 1899).

Onder die wet van verpligte onderwys was al die kinders van die omgewing in 1898 in die skool. Mnr. Stegman het 'n Matrieksertifikaat gehad wat hom as 'n baie geleerde onderwyser vir 'n rondgaande skool onderskei het. ¹⁾

Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog het hy by die Boeremagte aangesluit.

3) „WINBURG ROAD STATION“ (1895 - 1899).

(a) W. E. VERSCHUUR (1895 - 1896).

Brebner skryf op 12 Augustus 1895 dat 'n rondgaande skool op 9 Julie 1895 te Winburgwegstasie geopen is met W. E. Verschuur as onderwyser en 36 kinders op die rol. Die skoolgebou is in 'n goeie toestand, en die waarheid van dr. Brebner se profetiese woorde, „deze school is veelbelowend“, ²⁾ is bewys, want dit is waar die huidige Theunissen geleë is!

In 1896 was daar 32 kinders in die skool, maar Brebner het gekla dat die bywoning te ongereeld was. Die skoolgebou was nog in 'n goeie toestand. Die onderwyser het belang gestel in sy werk en ons kan dus aanneem dat die werk van 'n goeie gehalte was, want Brebner het slegs opgemerk dat daar meer aandag aan die sing van Psalms en Gesange bestee moes word.

Daar was egter moeite gedoen met die sing van liedere uit „Blackbirds“, die Tonic Solfa en meerstemmige liedere. Kinders tot in standerd vier het dié skool bygewoon. ³⁾

(b) J. H. P. VAN DER MERWE. (1898 - 1899).

Dit was waarskynlik omdat Winburgwegstasie aan die hoofspoorlyn geleë was en ook 'n aansluiting met Winburg gemaak het, dat die skoolkommissie op 13 Desember 1898 aansoek gedoen het dat hierdie skool as 'n vaste wykskool verklaar moes

word/

1) Ibid: 14 November 1898.

2) Ibid: 12 Augustus 1895.

3) Ibid: do 1895.

word, nieteenstaande die feit dat daar nog geen kosleerlinge was nie, want Brebner verklaar dat „de omstandigheden zijn exceptioneel, en de schoolcommissie verdient aanmoediging voor hun moed en ondernemingsgeest." 1)

So energiek en ondernemend was die skoolkommissie, dat hulle n ruim skoolgebou, groot genoeg om n honderd kinders te bevat, sowel as n gerieflike onderwyserswoning met vier slaapkamers op eie koste laat bou het. Beide die geboue was van sink, maar dit is met „baksteen uitgevoerd, en de School ook met ceilingboard". 2)

Die goeie bedoeling om die skool as n wykskool verklaar te kry, is egter deur die oorlog in die wiele gery.

Die onderwyser was J. H.P. van der Merwe. Daar was 36 kinders in die skool in 1898; die banke was genoegsaam en in n goeie toestand. Daar was n swartbord en sewe kaarte. „De onderwijzer doet goed werk". 3)

* * * * *

4) WITLAAGTE (later verskuif na „The Mine") 1896-1899.

Mnr. J. S. D. van der Merwe was hier sedert 17 Februarie 1896 toe die skool geopen is, as onderwyser werksaam. Daar was toe 36 kinders in die skool, en almal was tydens die inspeksie teenwoordig. Die skoolgebou het n kleivloer gehad; die banke was egter te hoog vir die kleintjies. Die hoogste klas was standerd drie. 4)

Brebner verklaar dat indien die kinders die werk waarmee hulle besig was, teen die kersvakansie goed sou ken, almal in Januarie 1897 oorgeplaas moes word. Ons lei dus af dat dr. Brebner waarskynlik heeltemal tevrede was met die gehalte en hoeveelheid van werk wat gedoen was. 5)

Hierdie/

-
- 1) Ibid: 13 Desember 1898.
 - 2) Ibid: do 1898.
 - 3) Ibid: do 1898.
 - 4) O.R.75: 11 Augustus 1896.
 - 5) Ibid: do 1896.

Hierdie skool het later na „The Mine” verskuif waar dit tot in 1899 bestaan het.

5) POPOLIS. (1898).

Op Popolis, waar daar tot in 1880 n vaste wykskool bestaan het, het eers 13 jaar later n rondgaande skool tot stand gekom. G. Stegman het hier aan sestien kinders vir die kort bestek van 12 Julie 1898 tot aan die end van Augustus 1898 onderwys gegee. Dié skooltjie moes, weens gebrek aan die vereiste getal leerlinge, in Augustus sluit.¹⁾

Stegman is toe na Jachtpoort (alreeds bespreek) waar hy tot in 1899 onderwys gegee het.

D) PRIVAATSKOLE TE WINBURG.

Hierdie skole het in sekere omstandighede n staatstoelaag ontvang. Hulle moes nie binne n sekere afstand van die staatskole wees nie. Daar moes n bepaalde getal leerlinge wees om sodanige skole te regverdig. Gereelde inspeksie is gehou deur iemand (meestal die predikant van die N.G. Kerk) wat deur die Superintendent van Onderwys daarvoor aangestel is.²⁾

Sulke staatsondersteunde privaatskole het nie te Winburg bestaan nie.

1) Ibid: 18 Augustus 1898.

2) Die Volksblad: 29 September 1927.

HOOFSTUK VI.

WINBURG SE KONSENTRASIEKAMP EN DIE ONDERWYS TYDENS DIE
OORLOGSJARE, 1899 - 1902.

1) I N L E I D I N G.

Die oorlogswolke het oor die twee Republieke saamgepak en die verwagte stryd tussen Brittanje en die Republieke het in Oktober 1899 ontbrand. Na die uitbreek van die oorlog, is alle weerbare manne opgeroep om te gaan veg en die skole moes, weens die ontwrigte toestande waarin die land verkeer het, sluit. S. W. Pienaar, destydse skoolhoof van die Winburgse Goewermentskool het by die Boeremagte aangesluit; van die onderwys het gedurende die oorlog in genoemde skool niks tereg-
gekom nie.

Na die periode van oorwinning vir die Boeremagte, het September, Oktober en November 1900 gevolg; die tydperk waarin lord Roberts sy pantserwuis in die twee Boererepublieke laat geld het. Veral die distrikte Winburg, Senekal, Bethlehem en ander dele van die Oostelike Vrystaat het dit ontgeld.¹⁾ Hierna het die toestande vir die Boeremagte versleg. Nadat die guerilla-stryd begin het, het die Britse beleid ten opsigte van die oorlog ook verander: Plaaswonings is afgebrand. Uit tien gevalle van afgebrande wonings in die distrik Winburg wat onder die aandag van Milner gebring is, word byvoorbeeld slegs één in die betrokke blouboek vermeld.²⁾

Om die moraal van die vegtende burgers te breek, is hulle vrouens en kinders deur die vyand van die plase verwyder en in konsentrasiekampe saamgehoop.

n Dergelike kamp is in Winburg in Januarie 1901 begin.³⁾ „The refugees for this district are located principally in a camp pitched on slightly sloping ground at the foot of a kopje about one quarter mile from the station...“⁴⁾ Op
18 Januarie/

1) Otto, J.C: Die Konsentrasiekampe, p.19.

2) Ibid: p.19n. cf. p.32.

3) Cd. 893: p.83 (Cd. = Britse blou- en witboeke.)

18 Januarie 1902 het proponent Z. J. van Wijk in die Kerkbode as volg rapporteer: „..... zoowat een half mijl ten oosten van het dorp, aan den voet van een heuvel, lig't kamp met eene bevolking van omtrent 3,300 zielen.”¹⁾

2) TOESTANDE IN DIE WINBURGSE KONSENTRASIEKAMP.

Om perspektief aan die onderwys in dié kamp te verleen en die invloed van die onderwys op die konsentrasiekampkind na waarde te bepaal, is dit noodsaaklik om die omstandighede en omgewingsinvloede wat op die plastiese en gevoelige kindergees en -gemoed sou inwerk, te bestudeer. In Noodtoestand het tydens die oorlog ontstaan en met die skepping van die konsentrasiekamp is die kind uit die veiligheid en beskermende invloed van sy ouerhuis in 'n nuwe invloedssfeer wat 'n blywende indruk op sy karakter, opvoeding en lewensuitkyk sou hê, gedwing. Dit is dus nodig om die veranderde, abnormale en vreemde toestande waarin die kind en ouer (hoofsaaklik die moeder) vir meer as twee jaar sou verkeer, as agtergrond vir die soort onderwys wat nie aan die sedes en tradisies van die Afrikanervolk eie was nie, na te gaan. (Dit is egter nie ons voorneme om 'n beeld te gee van die bittere ontbering en grenslose lyding wat in die kamp ondervind was nie, maar slegs om as agtergrond waarteen die onderwys in dié kamp gesien moet word, te dien).

(a) DIE KAMP EN KAMPORGANISASIE.

Sommige kampe was deur 'n doringdraadomheining ingeperk om beter kontrole te bevorder.²⁾ Dit was ook die geval by die Winburgkamp.

(i) Die strafkamp: Daar het by die konsentrasiekampe afsonderlike doringdraad- of sinkkampies of hokke bestaan waar weerspannige en opstandige vroue en diegene wat die tong nie kon beteuel nie vir 'n bepaalde tyd opgesluit was. Dikwels het die strafkamp vir sulke „ongewenstes” uit 'n

sinkplaatomheining/

1) Kerkbode: Januarie 1902, p.40.

2) Otto, J.C: op.cit. p.80.

sinkplaatomheining van sewe tot agt voet hoog bestaan.¹⁾ Daar was n soortgelyke kamp te Winburg.²⁾ Dié kamp vir ongewenstes was op die tentoonstellingsterrein geleë: "... a small number called the 'undesirables' are living in the town showyard..."³⁾

Die getal mans, vrouens en kinders wat hier afgesonder was, het van 275 tot 400 gewissel. Dié kampie was ongeveer 200 by 300 tree groot en was deur n sinkomheining van sewe tot agt voet hoog omring, sodat niemand daarvoor kon kyk nie. Niemand was toegelaat om hierdie kamp te verlaat nie. Die ingehoktes was soos gevangenes behandel, aangesien die enigste hek deur n wag bewaak was. Tot op 3 Mei 1901 was daar persone wat alreeds meer as vier maande in dié kamp was, sonder dat hulle ooit buite die hek toegelaat is.⁴⁾

Die behuising in dié kamp het uit sinkhutte bestaan.⁵⁾ Daar was 48 sulke hutte met n gemiddelde maksimum van agt persone per hut.⁶⁾

Op 29 en 30 Oktober 1901 het "the Committee of Ladies appointed by the Secretary of state for war" (hierna genoem: die Dameskomitee) verklaar dat daar twee groot latrines in die strafkamp was wat saam 46 emmers bevat het. Omdat daar n groot hoeveelheid nuwe emmers vir gebruik beskikbaar was het daar geen rede bestaan "... for any latrine being in a insanitary condition". Vir kinders was geen spesiale voorsiening gemaak nie.⁷⁾

Ongeag die feit dat die Dameskomitee verklaar het dat daar nie rede vir klagte behoort te gewees het nie, was die toestand as volg: "Die sanitêre reëlins is sodanig dat mens nie in die publiek daarvoor kan praat nie."⁸⁾

(ii)/

1) Ibid: p.80.

2) Ibid: p.80n. cf. Hobhouse, E: Die smarte van die oorlog en wie dit gely het. (Uit die Engels vertaal deur Dr. N. J. van der Merwe), p.228-229. cf. Cd.893: p.83.

3) Cd.893, p.83.

4) Hobhouse, E: op.cit. p.228.

5) Ibid: p.228.

6) Cd.893: p.84.

7) Cd.893: p.84.

8) Hobhouse, E: op.cit. p.228.

(ii) Die konsentrasiekamp: In Oktober 1901 was dié kamp in twee dele verdeel; die tweede deel is in Julie 1901 begin toe n groot aantal persone van Bloemfontein se kamp hierheen gestuur is.¹⁾ In Januarie 1902 het dit uit vier dele bestaan. Die eerste drie was net vir vrouens en kinders, terwyl die ander deel uitsluitlik vir mans opgerig was. Die inwoners van laasgenoemde was saamgestel uit seuns van sestien jaar en bo, ongetroude mans, wewenaars en mans wie se vrouens elders was.²⁾ Dié deel was later ook deur n doringdraadomheining afgekamp.

Die kamp was met „various furrows and drains and one or two raised footpaths” deurkruis. Dié dreineringsstelsel is gevolg omdat die kampterrein uit swart, turfgrond bestaan het. Die geaardheid van die grond was een van die redes waarom dit nie as n geskikte plek vir die kamp beskou is nie. Indien die tente nie gelek het nie, was dit binne-in redelik droog, „... but little rain was needed to make the outside ground deep mud”. Die „showyard” was in n gesonder posisie, maar dié terrein was te klein om die hele konsentrasiekamp te huisves. Die outoriteite was bewus daarvan dat die ligging van die kamp ten opsigte van watervoorsiening, sanitasie en geaardheid van die grond nie geskik was nie, maar om militêre redes was dit glo moeilik om n ander terrein in die plek daarvan te kry en „The site is chosen by the military and the camp has to conform to their requirements”.³⁾

Die huisvesting het in Oktober 1901 uit 54 bokseilhuisse, 4 „marquees”, een of twee steengeboue en 525 „bell”-tente bestaan en het aan ongeveer 3,000 persone n onderdak besorg.⁴⁾ Die gemiddelde minimum was dus ses persone per tent. In sommige tente was daar één katel en „... no waterproof sheets had been supplied”, maar aan diegene wat geen komberse gehad het nie, is twee komberse gegee.⁵⁾

Die/

1) Cd.893: p.84.
2) Kerkbode: Januarie 1902, p.40.
3) Cd.893: p.83-88.
4) Cd.893: p.84.
5) Cd.893: p.85.

Die tentklappe moes tussen 9.30 vm. en 5 nm. opgerol wees, en gedurende die besoek van die Dameskomitee in 1901, was dié reël tot n groot mate doeltreffend uitgevoer. Die tente was netjies en aan die kant, maar die sindelikhed van die kamp was deur eindelose klein vuilishopies ontsier. Oor die algemeen het die kamp nóg n gunstige, nóg n netjiese indruk geskep; die tente was nie reëlmatig opgeslaan of eweredig verspreid nie en daar was geen groepering van die verskillende soorte tente nie. n Paar tente was selfs heeltemal apart opgeslaan, „because the owner thought the air better and had obtained permission”.¹⁾

Tot op 19 Oktober 1901 was Clarke die superintendent van die kamp. Mnr. Alexander, vroeër assistent-superintendent van die kamp te Norvalspont het toe dié betrekking oorgeneem. Die Dameskomitee was hieroor baie verheug, want hulle was oortuig dat hy te Norvalspont n goeie leerskool deurloop het, en dus bekwaam sou wees om dié kamp reg te ruk, beide wat die beheer oor die inwoners en die reëling van voorrade en probleme in verband met watervoorsiening betref.²⁾

Twee klein huisies het as voorrade- en rantsoenstore diens gedoen. Kruideniersware is weekliks uitgedeel en vleis al om die ander dag. Die kampbewoners was veronderstel om in „blocks” te kom en dié wat laat was moes wag totdat die ander bedien was. Vars vleis is elke vyf dae voorsien en blikkiesvleis-rantsoene tweekeer per week. Die stelsel van rantsoenering was swak toegepas, want die uitdeling van kruideniersware en vleis aan 1,600 persone het n hele dag in beslag geneem. Elke persoon het n halwe koekie seep per week ontvang. Dit was te min om in persoonlike higiëne en die was van klere en beddegoed te voorsien. Die rantsoenstoor was baie vuil.³⁾

n Slagplek het nie bestaan nie, aangesien die vleis deur

n/

1) Cd.893: p.83.
2) Cd.893: p.83.
3) Cd.893: p.84-85.

n kontrakteur in die dorp voorsien is. Die Dameskomitee het verklaar dat daar geen tekort aan vleis vir burgerlikes sowel as kampbewoners te Winburg was nie en dat die gemiddelde gewig per skaap hoër was as wat elders aangetref is „.... and yet the people grumble more about food, and specially meat, than at any other place". Die inwoners van die strafkamp het eenkeer selfs geweier om die vleis te ontvang. Ryd was altyd met waardering ontvang.¹⁾

Daar het geen publieke kombuis bestaan nie en privaat stowe van enige denkbare vorm en grootte (meestal konkas) was oral versprei in stede van in n behoorlike reguit ry.²⁾

Brandhout en steenkool was moeilik bekombaar; veral hout was skaars. Seuns onder twaalf jaar is toegelaat om hout buite die kamp te gaan soek, maar dit was gestaak sodra die Boere-magte naby Winburg was. n Steenkoolrantsoen van een pond per hoof per dag is weekliks uitgereik.³⁾

Behalwe n besending kledingstowwe wat van die Goewerment ontvang is en deur n komitee bestaande uit Mnre. Marquard, Mitchel en luitenant Cloete (magistraat) uitgedeel is, is die meeste sagteware van die „Netherlands Committee" ontvang en deur Mej. Bakkes, die matrone van die hospitaal, uitgedeel.⁴⁾

Vanaf Kaapstad is daar telkens goedere deur „The Netherlands Relief Fund" en die Sondagskoolkinders van die Kaapkolonie na die Winburgkamp gestuur. Op Nuwejaarsdag, 1902, was daar, as gevolg van die goedgeunstige en vrywillige bydraes van laasgenoemde twee liggame, lekkernye aan 1,230 kinders uitgedeel. Honderd en dertig kinders was egter deur siekte verhinder om aan die gesellighede deel te neem, terwyl daar nog honderd en veertig kinders in die strafkamp was wat nie deel aan dié verrigtinge gehad het nie.⁵⁾

Daar/

1) Cd.893: p.85.

2) Ibid: p.85.

3) Ibid: p.85.

4) Ibid: p.85.

5) Kerkbode: Januarie 1902, p.40.

Daar was drie winkeliers in die kamp en die pryse van goedere was gekontroleer. Daarbenewens was dit vir die winkeliers baie moeilik om nuwe voorrade te bekom, terwyl die aanvraag altyd groter as die aanbod was. Kruideniersware en sag-teware-voorrade was baie beperk. Die grootste aanvraag was vir kerse en kosware soos sardiens, ingemaakte groente, botter en vet. Die „refugees“ kon slegs deur spesiale toestemming van die magistraat benodigdhede in die dorp koop.¹⁾

Watervoorsiening was die grootste probleem in dié kamp. Twee bronne het tot n mate in dié behoefte voorsien. Die dorpsfontein het genoegsaam water gehad. Dié fontein was deeglik bedek en is deur die dorp, leër en konsentrasiekamp gebruik. Die tweede bron was n swak fonteintjie hoër op in die kloof en ver van die kamp geleë; dit was vir drinkwater en vir die was van klere gebruik.²⁾

Uit die dorpsfontein is die water deur twee pompe in waterkarre gepomp. Een van hierdie pompe was vir die gebruik van die kamp en was in Oktober 1901 buite werking.³⁾

Die water is deur middel van ses groot en ses kleiner waterkarre, met n gemiddelde inhoud van 150 gelling elk, aangery. Na bewering het dié karre sewe keer per dag water van die fontein aangery, en dit het beteken dat elke persoon vier gelling water per dag ontvang het. Hierdie hoeveelheid was egter nie bereik nie, want die watervoorsiening was ver van genoegsaam tydens die besoek van die Dameskomitee in Oktober 1901. Omdat die pomp stukkend was, het die kampbewoners water van die swakker fontein in die kloof gekry en „very dirty stagnant pools for washing their clothes“ is gebruik.⁴⁾

Die klooffonteintjie was van n pyp voorsien; die water is in emmers opgevang of het langs die modderrige wal in n klein, vuil dammetjie geloop. Laasgenoemde is ook as

wasplek/

1) Cd.893: p.85.

2) Cd.893: p.83.

3) Ibid: p.83.

4) Ibid: p.84. cf. Hobhouse, E: op.cit., p.228.

wasplek gebruik. Badkamers het nooit bestaan nie, en vrugtelose pogings is aangewend om 'n boorgat te sink.¹⁾

Tydens die uitdeling van die water het soms heelwat ongerymdhede en wanordelikhede plaasgevind. Terwyl sy in dié kamp was en in standerd vier was, het Mev. B. A. G. Venter van Ventersburg 'n gediggie wat deur een van die kampbewoners gemaak was, afgeskryf. Hieruit haal ons slegs 'n paar reëls aan wat die gestoei om verkryging van water as volg beskryf:-

"....Party mans roem op lichgaams krach
en stamp die vrouens weg.
Dit maak dat hulle daar baaije praat;
soms slechte woorden zech.
En daardoor keer daar menig een
met lege emmers tirug....."

Die algemene gevoel van die kampbewoners word in die volgende paar reëls weerspieël:-

".... Dus zal julle met mij zaamen stem,
zoo een kar die is een ramp
en allen wensch hem naar die maan
te samen met die kamp". 2)

Die sanitêre reëlings is deur twee kontrakteurs van dié dorp onderneem. Die emmerstelsel is gebruik en daar was negelatrines en een vir die hospitaal. Vyf was vir die gebruik van vrouens en kinders en vier vir mans. Dit het onderskeidelik 54 en 27 emmers gehad.³⁾ Hierdie reëling was vanselfsprekend baie ondoeltreffend, want daar was maar omtrent tagtig emmers vir 3,000 persone!

Vuilgoed en afval is met 'n wa en twee skotskarre verwyder. Oor elke 39 tente is 'n korporaal aangestel wat vir die verwydering van vullis moes sorgdra. Die vullishoop was baie naby die kamp; dit was nie met grond bedek nie.⁴⁾

(b) GETALLE, SIEKTES, STERFTES en HOSPITALISASIE.

Die konsentrasiekamp te Winburg is in Januarie 1901

begin/

1) Ibid: p.84.

2) Aangehaal deur die vriendelike vergunning van Mev. B. A. G. Venter.

3) Cd.893: p.84.

4) Ibid: p.84.

begin¹⁾ en op 27 April 1901 was daar 1,145 blankes.²⁾ Die getal het binne ses maande byna verdriedubbel, sodat daar in Oktober 1901 3,044 persone was. Die bevolking was toe as volg saamgestel: 415 mans, 952 vrouens en 1,677 kinders.³⁾ In Januarie 1902 is verklaar dat daar ongeveer 3,300 inwoners was⁴⁾ en n jaar later was daar nog meer as n duisend persone in die kamp.⁵⁾ Die kamp het in Oktober 1902 opgehou om te bestaan.

In Oktober 1901 was daar slegs veertien mans, 36 vrouens en 59 kinders in die dorp; n totaal van 109 persone.⁶⁾ Die bevolking in die dorp en kamp het dus op 3,153 te staan gekom. „a few families living in the town are rationed, coming by special pass into the camp. There appears to be practically no supervision of the last named, who are living in their own houses".⁷⁾

In Julie 1901 is n groot aantal gevangenes van Bloemfontein na dié kamp oorgeplaas, „who brought with them measles and other diseases into a camp which up to that time had been healthy".⁸⁾ (Die waarheid van hierdie bewering deur die Dameskomitee is onderhewig aan twyfel, want mev. B. Venter het verklaar dat sy en haar twee susters van die eerste persone was wat masels gekry het en dit was voor die oorplasing van die Bloemfonteinse „refugees".)

Die volgende tabel⁹⁾ toon die getal persone tussen verskillende ouderdomsgroepe oorlede vanaf April 1901 tot Oktober 1901.

Tabel/

-
- 1) Ibid: p.83.
 - 2) Kerkbode: 27 April 1901. p.315.
 - 3) Cd.893: p.83.
 - 4) Kerkbode: 1902, p.40.
 - 5) Ibid: 1903, p.468.
 - 6) Cd.893: p.83.
 - 7) Ibid: p.83.
 - 8) Ibid: p.83.
 - 9) Ibid: p.88.

MAANDE 1901.	OUDERDOMME VAN OORLEDENES.					TOTAAL.
	ONDER 1 JAAR.	1-5 JAAR.	5-12 JAAR.	12-20 JAAR.	BO 20 JAAR.	
April.....	-	2	2	1	2	7
Mei.....	3	3	3	1	3	13
Junie.....	1	4	1	-	5	11
Julie.....	6	3	3	-	1	13
Augustus...	7	2	4	1	5	19
September..	6	11	4	4	5	30
Oktober....	18	29	10	3	10	70
TOTAAL....	41	54	27	10	31	163

Gedurende Oktober 1901 was daar reeds vier gevalle van maagkoors in die kamphospitaal.¹⁾

In November en Desember 1901 is 173 persone oorlede.²⁾ Masels het die meeste slagoffers geëis maar in 1902 het die sterftes grootliks afgeneem en in die Kerkbode is verklaar dat „de ziekte die thans die meeste slachoffers eischt is de koorst....” wat toe alreeds sedert Oktober 1901 geheers het en veral onder die volwassenes gemaai het.³⁾ Van Januarie 1902 tot April 1902 is 102 persone oorlede⁴⁾ wat die totaal vir die jaar eindigende April 1902 op 439 te staan gebring het.

Die swak fisiese en onhygiëniese toestande, die samehokking van n paar duisend mense op een terrein en die blootstelling aan wind en weer met slegs n tent, waarin temperature geweldig kan wissel, as beskutting het van n andersinds onskadelike siekte onder normale omstandighede, n gevreesde epidemie veroorsaak. Hierdie toestande was gunstig vir die verspreiding van enige soort aansteeklike siekte, en soos ons weldra sal aantoon, was die geneeskundige dienste ver van doeltreffend of toereikend.


Die/

1) Ibid: p.86.

2) Otto, J.C.: op.cit., p.172.

3) Kerkbode: Januarie 1902, p.40.

4) Otto, J.C: op.cit., p.172.



„Refugee Camp Hospital, Winburg 1901. G. Perry photo”, is die onderskrif by die oorspronklike foto. Die hospitaal het uit hierdie twee markee-tente bestaan. Die sinkgebou wat regs verskyn, was die apteek en die kort verpleegstertjie, links van die boom, is Suster Bakkes.

Die Dameskomitee het verklaar dat: „There is a mortuary tent with trestle tables, and the dead are properly shrouded”: Kiste was in die dorp verkrygbaar in Oktober 1901, maar later is kiste in die kamp gemaak. In die verslag word verder vermeld dat: „The dead are buried in the new town cemetery, which is at a proper distance from both town and camp. The graves are dug deep, and the whole place seems well cared for.”¹⁾ In die konsentrasiekampkerkhof is 345 grafte wat lewende getuienis lewer van die dood wat hierdie kamp besoek het.

Die mediese personeel het bestaan uit dr. Schneehage, die distriksgeneesheer, dr. Molesworth, een van die medici wat spesiaal van Engeland na die konsentrasiekamp gebring is, en n verpleegsterspersoneel.²⁾ Dr. Schneehage was hoofsaaklik in die sinkkamp werksaam³⁾ en dr. Molesworth was in bevel van die kamphospitaal.⁴⁾

In Oktober 1901 was daar twee Susters op die verpleegsterspersoneel. Een van hulle was Suster Bakkes,⁵⁾ n Hollandse verpleegster⁶⁾ wat haar werk goed geken het en tereg deur die geneeshere vertrou is. Benewens n stoortjie waar medisyne geberg was en n apteek wat naby die hospitaal geleë was, het Mej. Bakkes ook n voorraad medisyne gehad wat vanuit Holland voorsien is.⁷⁾

Dié twee verpleegsters is bygestaan deur: „Three Boer assistants, one for night, two for day; two male orderlies for men's wards and servants; one dispenser with two unpaid assistants; one washerwoman, coloured”.⁸⁾

In Januarie 1902 was daar vir elke ry tente n „lijn-zuster”. Dertig sulke verpleegsters het gesorg dat daar

by/

1) Cd.893: p.88.

2) Ibid: p.86.

3) Hobhouse, E: op.cit., p.228.

4) Cd.893: p.86.

5) Ibid:p.86.

6) Kerkbode: 1902, p.40.

7) Cd.893: p.86.

8) Ibid: p.86.

by die siekes gewaak word. Hulle moes sorg dra dat in sulke gevalle kerse aan die betrokke tente voorsien word en hulle moes die predikant van ernstige gevalle van siekte of geestelike behoeftes verwittig. Hulle het ook n wakende oog oor behoeftes van tydelike aard gehou. Dié verpleegsters was Boervrouens.¹⁾

Die kamphospitaal het bestaan uit „two frame houses... two marquees and one bell tent". Hierin was 36 beddens. Die apteek en die hospitaalkombuis was n sinkgebou,²⁾ maar hierdie „ijzeren gebou" het ook later as hospitaal diens gedoen.³⁾

Die toenemende aantal tente het die hospitaal, wat aanvanklik buite die kamp opgerig was, geleidelik omring.⁴⁾

In die sinkkamp het n steengebou as hospitaal diens gedoen; dit was baie skoon en netjies.⁵⁾

(c) GEESTELIKE BEARBEIDING.

Volgens n verklaring in die Kerkbode van 1901, was ds. A. M. Mac Gregor van Kaapstad as predikant van die Nederlands-Gereformeerde Kerk in die Winburgkamp werksaam. Na twee maande diens het hy in September 1901 na Hanover vertrek.⁶⁾

Proponent Z. J. van Wijk het daarna na dié kamp gekom om as prediker diens te doen.⁷⁾ Hy het verklaar: „Het werk van den Leeraar alhier is een zeer eigenaardige. De omstandigheden vereischen het dat hij zich ook gedeeltelijk aan de stoffelijke belangen der menschen zal wijden."⁸⁾

In dié werk wat spoedig vir hom te veel geword het, is hy tydelik deur eerwaarde P. M. Spratt bygestaan.⁹⁾

Laasgenoemde/

1) Kerkbode: 1902, p.40.

2) Cd.893: p.86.

3) Kerkbode: 1903, p.629. cf. „De Fakkel" 29 Oktober 1903, p.357-360.

4) Cd.893: p.86.

5) Ibid:p.86.

6) Kerkbode: 1901, p.457 en p.545.

7) Ibid: 1901, p.545.

8) Ibid: 1902, p.40.

9) Ibid: 1902, p.40.

Laasgenoemde het van Senekal gekom en was vroeër n gevangene in die Groenpunt-kamp. Spratt was n uitgesproke Afrikaner „but did not bring his politics to church”.¹⁾ Aangesien van Wijk nie georden was nie, kon hy nie die doopplegtigheid en die aanneming van lidmate tot die N.G. Kerk waarneem nie; dit is deur die besoekende predikante verrig. Ds. H. E. du Plessis het in Januarie 1902 vyf kinders gedoop en 32 jongelinge as lidmate van die N.G. Kerk aangeneem en voorgestel.²⁾

Die dienste is in die opelug gehou, aangesien daar geen tent of gebou in die kamp was om in die behoefte aan n plek vir aanbidding te voorsien nie. Elke weeksaand is dienste gehou en driekeer op Sondae. Van Wijk het verklaar: „De dienste... worden niet naar wensch bijgewoond...” en „in zeer vele gevallen wordt de ernst des tijds hoegenaamd niet gevoeld, en zelfs het verlies van ouders en kinderen maakt te vaak een indruk van slechts korten duur”.³⁾ Dit was egter nie as gevolg van onverskilligheid of dat die erns van die tyd nie besef is nie, maar eerder n doelbewuste houding wat ingeneem is, aangesien die gees van hierdie martelaresse eenvoudig nie gedemp kon word nie. Een vrou het verklaar dat sy die dood kon verduur „as die land net sy onafhanklikheid terugkry”.⁴⁾

Aan die begin van Desember 1901 het van Wijk n „Jongelings Vereeniging van Christelike Strewers” in die lewe geroep. Benewens die Christelike strewe het hierdie vereniging hom ook beywer om onder andere snags by siekes te waak, onverskilliges op te soek en by lyksredes die een of ander gepaste lied te sing.⁵⁾ Daar was ook n Sondagskoolklas,⁶⁾ en besendings boeke waaronder Bybels, Gesangeboeke en

„Spurgeon's/

1) Cd.893: p.87.

2) Kerkbode: 1902, p.40.

3) Ibid: 1902, p.40.

4) Hobhouse, E: op.cit., p.231.

5) Kerkbode: 1902, p.40.

6) Hobhouse, E: op.cit., p.263.

„Spurgeon's dagboeken" is uit die Kaap ontvang.¹⁾

n Skoenmakery is deur die regering in die kamp begin; hierdie bedryf het tussen 15 en 25 pare skoene per dag gelewer, sodat in hierdie behoefte voorsien is.²⁾ Ander bedrywe was n skrynwerkery en n steenmakery.³⁾

Na die Vrede van Vereeniging was ds. W. Theron in die kamp werksaam waar die N.G. Gemeente van Winburg vir hom n tydelike pastorie opgerig het.⁴⁾

Gedurende 1903 het die meeste mense die kamp verlaat en na wat van hulle eertydse tuistes oorgebly het, teruggekeer en met die heropbouwerk begin.

3) ONDERWYS IN DIE WINBURGSE KONSENTRASIEKAMP.

(a) INLEIDING.

Die Britse staatsowerheid het aanvanklik gereken dat die oorlog slegs n paar maande sou duur. Toe egter beseef is dat die stryd nog lank sou aanhou, is planne beraam om onderwys in die konsentrasiekampe te gee. Mnr. Sargant is deur lord Milner gevra om die onderwys in die Transvaal en Oranjerivier-Kolonie te reorganiseer. Hy het die kragtige invloed van die onderwys in die konsolidering van die Britse Ryk beseef, en het daarin n gulde geleentheid gesien om sy Empireplanne te bevorder. Op 6 November 1900 het hy sy dienste as waarnemende Direkteur van Onderwys aanvaar en dadelik begin met die stigting van kampskole. So n kampskool is dan ook in Julie 1901 in die Winburgse konsentrasiekamp geopen.⁵⁾

In verband met die onderwys in die Winburgse kampskool weet ons nie veel nie, want in die „Report of the Director of Education November 1900 to February 1904" word niks anders aangaande Winburgkampskool opgemerk nie, behalwe dat

die/

1) Kerkbode: 1902, p.40.

2) Ibid: 1902, p.40.

3) Cd.893: p.87.

4) Kerkbode: 1903, p.468.

5) Cd.893: p.87.

die direkteur verklaar het dat „in September, October and November I visited a considerable number of towns, and surrounding districts, with the object of holding inquiries into the state of education in those parts." Uit n lys van dertien kampe wat hy besoek het, word Winburg ook genoem as een van die „principal places at which such an inquiry was held".¹⁾ Wat sy bevindings te Winburg was, word nêrens in hierdie bron na verwys nie.²⁾

(b) TOESTANDE VAN DIE KINDERS IN DIE STRAFKAMP TE WINBURG.

Die toestand in die sinkkamp („undesirables") was op 3 Mei 1901 as volg: Die kinders het niks gehad om te doen nie en om hulle onledig te hou, moes hulle gewoonlik hout kap. Hulle het geen skool gehad nie en moes binnekant die kamp bly. Hulle was vir n uur in die namiddag toegelaat om buitekant die kamp te speel. Hierdie vergunning was slegs vir kinders bo twaalf jaar,³⁾ maar hulle is met straf bedreig indien hulle dit sou waag om verder as die aangewese grense te gaan. Die kinders het die opsluiting baie gevoel; hulle was somber en het in plaas van te speel by mekaar op die grond gesit en daar gebly totdat die speeluur verstreke was. Later het hulle natuurlik meer van hulle vryheid gebruik gemaak, maar die spontane spel het ontbreek.⁴⁾

(c) GETALLE:

Op 19 Oktober 1901 was daar 1,677 kinders in die konsentrasiekamp.⁵⁾ Volgens die opgawe van Z. J. van Wijk in die Kerkbode van 18 Januarie 1902 was daar toe 1,360 kinders, behalwe die 140 kinders wat in die sinkkamp op die tentoonstellingsterrein was. Die totaal vir Januarie 1902 was dus 1,500.⁶⁾

In/

-
- 1) „Report of Director of Education. November 1900 to February 1904: p.41.
2) Vir die onderwys in die Winburgse konsentrasiekamp word ons dus beperk tot die Kerkbodes van daardie tydperk, die Britse blouboeke van Oktober 1901 en die werk van E. Hobhouse (op.cit.).
3) Hobhouse, E: op.cit., p.229. 5) Cd. 893: p.83.
4) Ibid: p.231. 6) Kerkbode: 1902, p.40.

In Oktober 1901 was daar slegs 300 ingeskrewe skoliere en ongeveer 200 van hulle het die skool besoek.¹⁾ Op 16 November 1901 word verklaar dat daar omtrent 300 kinders in die skool was.²⁾

As ons aanneem dat die helfte van die 1,500 kinders nog nie skoolgaande ouderdom bereik het nie, dan het slegs 40% van die orige die kampskool bygewoon. Bereken ons egter uit die totaal die persentasie skoolbesoek met inagneming van die 130 wat siek was en die 140 wat in die „showyard“ geen onder- rig ontvang het nie, dan was slegs 20% van die kinders teen die einde van 1901 in dié kampskool.

Hierdie getal (300) het waarskynlik vermeerder of sou moontlik n neiging openbaar het om te vermeerder, want sedert Mei 1901 het die getal skoolgaande kinders in al die Vry- staatse kampe met rasse skrede toegeneem: van 1,370 tot 12,066 in Mei 1902.³⁾ Ons moet egter onthou dat teen die einde van Desember 1901 dié skool alreeds vir ses maande in swang was. Die toename in getalle kan dus nie so fenomenaal wees as wat dit aanvanklik lyk nie. Sedert November 1901 het die totale bevolking van die Winburgkamp wat toe n maksimum bereik het, ook geleidelik afgeneem.⁴⁾ Ons kan aanneem dat daar nooit veel meer as 300 kinders in dié kampskool was nie.

(d) SKOOLLOKAAL EN SKOOLBENODIGDHEDE:

Selfs onder die blote hemel is soms n begin met n skool gemaak. Van goeie meubels was daar in die begin geen sprake nie; ou meubels is gebruik, ander is van kaste vervaardig en in baie gevalle het kinders hulle eie bankies saamge- bring,⁵⁾ „and the children came daily carrying little pads which they place upon some large stone to form their seats.“⁶⁾

In die Winburgkamp was die onderwysfasiliteite baie on-
toereikend/

1) Cd.893: p.87.

2) Hobhouse, E: op.cit., p.263.

3) Otto, J.C: op.cit., p.161.

4) Otto, J.C: op.cit., p.172.

5) Beukman, B.I.S: Die Geskiedenis van Onderwys in die Vrystaat voor en onmiddellik na Unie 1898-1912), p.5.

6) Otto, J.C: op.cit., p.161.

ontoereikend. Daar was een klein „school shelter" wat nie naasteby groot genoeg vir die aantal leerlinge was nie. Daar was geen toebehore nie, geen banke of stoele en geen skryfboeke nie, behalwe „... a few forms, slates, one blackboard, four coloured pictures...."1)

Onder hulle aanbevelings het die Dameskomitee in Oktober 1901 versoek dat daar onmiddellik genoegsaam akkommodasie en toebehore aan die Winburgse kampskool voorsien moet word,2) want „this school is working under great difficulties for lack of material, and should be helped if possible".3)

In Maart 1902 wou die Departement die ou geboue van hout en seil vervang deur geboue van soorie met seildakke wat elk 130 kinders kon huisves,4) maar die verskillende klasse het te Winburg in markee-tente onderrig ontvang totdat die kampskool in Oktober 1903 verdwyn het.5)

By gebrek aan klasboeke en skryfmateriaal het die onderwysers net mondeling of met behulp van die één swartbord en die vier gekleurde prentkaarte onderwys gegee.6)

(e) MEDIUM:

Sargant se selfopgelegde doel was om die Republieke so gou as moontlik te verengels en dit het hy probeer doen deur te bepaal dat alle vakke, behalwe godsdiensoonderrig deur medium van Engels doseer moes word, ongeag die versekering wat ds. Robertson van „... zijne gewilligheid.. om ook in het Hollandsch onderwijs te... geven", verkry het.7)

Die godsdiensoonderrig moes in Hollands geskied uit vrees dat n geestelike vervreemding tussen ouer en kind sou ontwikkel. Die ouers in die kampe was Hollandssprekend en het die Hollandse Bybel gebruik, dus sou dit uiters onwenslik

wees/

1) Cd.893: p.87.

2) Ibid:p.88.

3) Ibid:p.87.

4) Cd.936: p.6.

5) Meegedeel: Mev. B.A.G. Venter en Mnr. M. Barnard.
(Ventersburg.)

6) Cd.893: p.87. cf. Otto. J.C: op.cit. p.160.

wees om die Engelse Bybel vir gebruik in die kampskele in te voer.¹⁾

Die beleid wat deur Sargant vir die kampskele voorgeskryf was, is hier tot die letter van die wet uitgevoer. Engels was die enigste medium van onderwys; slegs godsdiensoonderrig is vir n halfuur per dag deur medium van Hollands gegee.

(f) PERSONEEL:

In Oktober 1901 was die toestand in verband met die onderwyspersoneel in die Winburgse kampskele as volg: „The former master had been old and the school unpopular“. Die nuwe hoof, Mnr. Haupt, wat in Oktober dienste aanvaar het, is deur drie assistente bygestaan, „one speaks English well, the others fairly“.²⁾

Die voorsiening van onderwyspersoneel aan hierdie kampskele was klaarblyklik ontoereikend want vir 300 leerlinge was hier maar vier leerkragte. Gevolglik was elkeen verantwoordelik vir bykans 75 kinders. Dit sou die onderwys uiters moeilik en ondoeltreffend maak, te meer nog as gevolg van die skrynende gebrek aan skoolbenodigdhede. Die Dameskomitee het verklaar dat twee ekstra leerkragte n dringende vereiste was.³⁾

In die Volksblad van 11 September 1931 word beweer dat die personeel en skool van Ventersburg gedurende die oorlog na Winburg verplaas is.⁴⁾ In geen primêre bron kon egter vasgestel word dat enige van hierdie personeellede in die kamp onderrig gegee het nie! (Twee persone wat in die kamp onderwys ontvang het, het dit ook ten sterkste ontken.)

Om die Angliseringsproses te verhaas, het Sargant in Junie 1901 n versoek aan lord Milner gerig om vir hom onderwysers te stuur om hierdie groot werk te help voltooi. Die oproep het nie onbeantwoord gebly nie en binne enige

maande/

1) Beukman, B.I.S: op.cit. p.11.

2) Cd.893: p.87.

3) Cd.893: p.88.

4) Die Volksblad: 11 September 1931.

maande is 'n paar honderd onderwyseresse uit Engeland, Nieu-Seeland, Kanada en Australië ingevoer. In Julie 1903 was 475 oorsese onderwysers(esse) in die konsentrasiekampe werk-¹⁾saam. Van hierdie persone het ook in die Winburgkamp aan-gekom.

Mev. B. A. G. Venter wat in die Winburgse konsentrasie-kamp sedert Julie 1901 tot Oktober 1902 skoolgegaan het, het in 'n persoonlike onderhoud aan ons meegedeel dat sy van die onderwyseresse nog die volgende name onthou: Mejj. Fellow-field, Becket en Lake. Hulle het uit Engeland gekom. Mnr. T. Klein was later ook een van die onderwysers.

(g) VAKKE.

Sargant het opdrag gegee dat slegs die mees essensiële onderwerpe onderwys moes word en dat vir Suid-Afrikaanse ge-skiedenis geen plek op die rooster ingeruim moes word nie.²⁾ Slegs die geskiedenis wat betrekking het op ontdekkings, han-del en kolonisasie kon vir die onderwys vrygestel word.³⁾ Hollands sou as skoolvak doseer word, dog slegs in so 'n ma-te dat die leerlinge die Bybel sou kon lees en begryp. Hierdie onderrig moes gedurende die periode vir Bybelgeskiedenis ge-skied, aangesien dit bevorderlik vir die Bybelgeskiedenis sou wees. Die doel daarvan was „to assist the parents and the minister of religion to prepare the children to become full members of the Church to which their parents belong.“⁴⁾ Aandag sou aan Aardrykskunde bestee word.⁵⁾

In 1901 was standerd drie die hoogste klas in die Win-burgse Kampskool. Die skooltye was van 8 vm. tot 1 nm.⁶⁾, maar in 1902 wou die departement die skooldag in twee iden-tiese sessies verdeel.⁷⁾

Mev./

1) Otto, J.C: op.cit., p.166.

2) Ibid: p.156.

3) Ibid: p.157.

4) Ibid: p.156.

5) Ibid: p.157.

6) Cd.893: p.87.

7) Cd.934: p.6.

Mev. B. Venter het vertel dat die skoolwerk hoofsaaklik uit die maak van eenvoudige rekenkundige probleempies en die doen van Engelse grammatika bestaan het. Die godsdiensonder- rig het nie die nodige aandag geniet nie en besonder baie aan- dag is aan sang gewy.

(h) METODIEK:

In hierdie skool was van geen vorm van dwang gebruik ge- maak nie. Die optrede van die onderwyseresse was tot n groot mate simpatiek en lyfstraf as tugmiddel was byna nooit toege- pas nie. In werklikheid het hierdie onderwyseresse telkens hulle verbasing uitgespreek oor die feit dat die kinders nie wilde barbare was nie, omdat dit die idee was wat hulle in Engeland in verband met die Boere gekry het.¹⁾

In Oktober 1901 het Mnr. Kewley, die inspekteur, dié skool besoek. Sy plan was om uitsluitlik deur middel van mondelinge onderwys en die gebruik van die swartbord onderwys te gee en gladnie met die hulp van n handboek of skryfboek nie. Sy metode was om deur n verskeidenheid van prente die belangstelling van die kinders te wek en hulle oor die prente en wat hulle daarop sien, in Engels te laat gesels. Om aan die Dameskomitee dié stelsel van onderwys te illustreer, het die eerste assistente n les deur middel van n prentkaart ge- gee. Sy het die kinders die verskillende tonele mondeling laat beskryf en hulle antwoorde op die swartbord neergeskryf. Sy het dikwels van die woorde verkeerd gespel om sodoende die begaafder leerlinge die foute te laat uitsoek. Daarna moes die kinders alles op hulle leie afskryf en dit dan leer.²⁾

n Ander treffende metode wat deur hierdie onderwyser- esse toegepas is om Engels aan die Boerekinders te leer, was deur middel van sang. Buitengewoon baie tyd is aan sang- klasse wat uitsluitlik uit die sing van Engelse liedjies be- staan het, bestee. Baie Engelse sangspeletjies is derhalwe aan die kinders geleer soos: „Walking on the green grass;

There/

1) Meegedeel: Mev. B. A. G. Venter.

2) Cd.893. p.87.

There was a jolly miller" en andere. Hulle wou waarskynlik die Engelse taal al singende aan die kinders onderrig. In Maart 1902 is onder andere verklaar dat die onderwys nie-polities is en dat die kinders regkom met Engels en dat hulle graag Engelse liedjies sing.¹⁾

Die gebrek aan skoolbenodigdhede en die feit dat die groot klasse tydens sanglesse makliker beheer kon word, mag n ander verklaring vir die baie sanglesse bied. Die sangspelletjies het onder andere ook die kinders onbewus gedwing om meer aktief te wees, iets wat bepaald nodig was omdat hulle andersinds feitlik geen liggaamlike oefening gekry het nie.

(i) SAMEVATTING:

Die invloed van die onderwys tydens die oorlog is tot n groot mate getemper en in baie gevalle geneutraliseer. Verskeie faktore, (behalwe die feit dat uit n totaal van 1,500 kinders, slegs 300 die kampskool bygewoon het) het daartoe bygedra dat die doel wat Sargant met die onderwys in die kamp beoog het, nie bereik was nie. Faktore hiervoor verantwoordelik was ondermeer die volgende:-

Siektes soos masels en koors het hierdie kamp geteister. Dit het baie slagoffers geëis en dié wat aan die dood ontkom het, het bepaald nie in so n fisiese en geestelike toestand verkeer dat die onderwys doeltreffend was nie.

As ons verder in aanmerking neem dat die vrouens en kinders in baie gevalle broodgebrek gely het en met die minimum hoeveelheid voedsel moes klaarkom, spreek dit van self dat die gevangenes in die kamp in n mindere of meerdere mate aan ondervoeding gely het. Ondervoeding het liggaamlike en verstandelike traagheid ten gevolge.

Ouers en kinders het n antagonistiese en soms skerp vyandige houding teenoor die duidelike verengelsingsbeleid wat in die kampskool gevolg was, ingeneem, sodat die kind dus as gevolg van bevooroorëling en koppigheid verseg

het/

1) Cd.936: p.6.

het om enigiets met die onderwys te doen te hê. Hierdie houding was vererger deur skeptisime. (Mnr. M. Barnard het teenoor ons verklaar dat die ouers nie hulle kinders na dié kampskool wou stuur nie, omdat hulle geglo het dat die onderwysers die kinders sou „bekonkel“.) Dit is dus duidelik dat hierdie konsentrasiekampkind nie die gewenste aandag aan die skoolwerk gegee het nie, omdat daar nie die nodige liefde vir dié onderwys was nie.

n Ander faktor was dat die ouers sowel as die kinders besef het dat die kamp en kampskool slegs n tydelike maatreeël was om oor die noodtoestand wat deur die oorlog ontstaan het, heen te kom.

Daar het ook vòòr die oorlog n algemene gebrek aan belangstelling in die onderwys bestaan; die hoogste ideaal was slegs om te kon lees en skryf. Daarby is die kind inherent lui om skoolwerk te leer met geen ander liefde of ambisie as net om te boer nie.

Die Engelse taal en medium van die onderwys was n blok aan die been van sowel die kind as die onderwyser(es). Omdat hulle nie die Afrikaanse of Hollandse tale magtig was nie, kon die onderwysers(esse) hulle dus moeilik aan die kind verstaanbaar maak en omgekeerd. Daarby wou die Boerekinders nie die taal van die vyand leer nie.

Die gebrek aan die nodige skryfbehoeftes, leerboeke en ander skoolbenodigdhede was n verdere stremming.

Daar was n gebrek aan die nodige onderwyskragte. Die voorsiening en verspreiding van onderwysers was ontoereikend soos reeds aangetoon. Aanpassingsprobleme van onderwyser en kind is verder verskerp deur die kloof van vyandigheid en die onderwyspersoneel kon ook nie in voeling en harmonie met die Afrikanerkind, sy sedes, gewoontes en gedagtewêreld kom nie.

As ons al hierdie faktore in ag neem, dan is dit duidelik/

duidelik dat daar in die Winburgse konsentrasiekamp nie baie kans vir sukses met die onderwys was nie; te meer nog omdat geen ideale onderwystoestande bestaan of geskep kon word nie; gevolglik het daar min van tereg gekom. Ideale onderwys, met die doel om die Afrikanerkind kragtig tot 'n toekomstige lojale Britse onderdaan te hervorm, kon nie bereik word waar die land in 'n staat van oorlog verkeer het en waar die dood 'n daaglikse besoeker aan die kamp was nie; dit sou nie binne die bestek van een of twee jaar bereik kon word nie.

Dit is dus duidelik dat die verengelsingsbeleid van Milner en Sargant jammerlik gefaal het; nie alleen as gevolg van die teësin van die Afrikaner nie, maar ook as gevolg van onvoorsiene omstandighede en die genoemde faktore buite hul-le beheer.

J. C. Otto het verklaar dat die konsentrasiekampskole tot so 'n mate ten goede meegewerk het dat baie kinders konstruktief besig gehou is, terwyl hulle andersinds relatief ledig sou gebly het. Aan die kinders is 'n elementêre kennis van basiese vakke soos skrif, lees, rekenkunde en selfs van ander vakke soos Aardrykskunde en Gesondheidsleer bygebring.¹⁾

1) Otto, J.C: op.cit., p.168.

D E E L _ III.

FAKTORE WAT DIE ONDERWYS NA 1904

BEÏNVLOED HET.

HOOFSTUK VII.

DIE WINBURGWEESHUIS EN DIE INVLOED OP DIE ONDERWYS.

A) D I E _ W E E S H U I S .

1) INLEIDING:

Hierdie werk oor die onderwysontwikkeling te Winburg kan nie volledig wees indien daar nie aandag aan die geskiedenis en invloed van die Winburgweeshuis gewy word nie.

Die twee faktore wat die grootste bepalende rol in die ontwikkeling van die onderwys gespeel het, en wat aan Winburg se onderwysgeskiedenis n eiesoortige karakter verleen het wat nêrens anders in die Oranje-Vrystaat aangetref word nie, is die kerkskeuring wat na die rebellie in 1914 plaasgevind het, en die weeshuis wat sy ontstaan aan die gevolge van die Anglo-Boere-oorlog te danke het.

Hierdie weeshuis het in die verlede, en is tans nog besig om n groot invloed op getalle, dissipline en interne skoolorganisasie uit te oefen, en dit skep probleme wat nie by ander skole aanwesig sal wees nie.

Om hierdie faktor in perspektief te sien, moet ons eers n duidelike historiese beeld van die ontstaan en die ontwikkeling van die weeshuis gee.

2) ONTSTAAN:

Die ontstaan van dié weeshuis voer ons terug na die jare 1899-1902 en die Anglo-Boere-oorlog toe families opgebreek is, die land verwoes en kaalgestroop agtergelaat is, algemene verarming van die Boerebevolking ingetree het en baie kindertjies haweloos gelaat is, omdat vaders op die slagveld gesneuwel het en moeders in die konsentrasiekampe omgekom het. Baie kinders onder hierdie erbarmlike toestande as wese agtergelaat, moes versorg word.

Teen die einde van September 1902 het ds. A. J. Louw wat ten behoeve van die weduwees en wese op reis was, ook n besoek aan Winburg gebring en met die plaaslike leraar, ds. Marquard/

ds. Marquard, oor die wenslikheid van die oprigting van n weeshuis gepraat.¹⁾

Hierdie oproep het tot ds. J. J. T. Marquard, ook Moderator van die Vrystaatse Kerk, deurgedring. Hy het dié gedagte met individue, die Kerkraad en die gemeente bespreek en verseker van hulle liefde en steun vir hierdie grootse daad om die weeskinders te versorg, het hy die hand aan die ploeg geslaan.²⁾

Ds. A. J. Louw het belooft om die onderneming geldelik uit die fonds wat in die Kaapkolonie vir die weduwees en wese van die Transvaal en die Oranje-Vrystaat (toe die Oranjerivier-kolonie) byeengebring was, te steun. Dié ondersteuning was egter tot die onderhoud van hoogstens twintig kinders beperk.³⁾

Met slegs hierdie belofte as sekuriteit het ds. Marquard, Mnre. H. Stuart, J. du Plessis, C. Pienaar, G. Jooste, J. Kok, D. de Villiers en H. B. Swart as eerste kommissie-lede byeengekom om die weeshuis te konstitueer en te bou. Dit was maar moeilik om so n groot saak te onderneem en te weet wat presies gedoen moes word. Daar is voorlopig n ruim woonhuis van J. A. du Plessis gehuur waarin op 29 November 1902 intrek geneem is. „We took possession of the house on Nov. 29th 1902 Saturday, the four Ritchies and three Burnetts arrived on that day.“⁴⁾

Pas nadat in hierdie huis intrek geneem is, het n gemeentelid, op die dorp woonagtig, verklaar dat hy die maandelikse huur sou betaal.⁵⁾

Die weeshuis het onder die sorg van Mej. Anne Murray wat voorheen die hoof van die Dames instituut te Bloemfontein was, begin.⁶⁾

Die/

1) Die Kerkbode: 1903, p.629 cf. „De Fakkel“ 29 Oktober 1903.

2) Jubileumfees, Winburgweeshuis: p.9.

3) „De Fakkel“: 29 Oktober 1903, p.357-360.

4) Jubileumfees: p.10.

5) Die Kerkbode: 1903, p.629.

6) Ibid: cf. „De Fakkel“, 29 Oktober 1903.

Die volgende gegewens oor die eerste elf kinders wat toegelaat is, staaf ons vorige bewering dat die weeshuis eintlik vir oorlogswese opgerig is. Die vier Ritchie-kinders se ouers is albei in 1901 in die Winburgse konsentrasiekamp oorlede. Die moeder van die drie Burnett-kinders het ook in die konsentrasiekamp gesterf. Die vier Viviers-kinders het albei hulle ouers binne twee dae verloor; die vader het by Perdeberg op 23 Februarie 1900 gesneuwel en die moeder is op 21 Februarie 1900 op die plaas oorlede.

Later sou nie slegs weeskinders nie, maar ander onversorgde kinders ook in dié weeshuis opgeneem word, sodat dit vandag nie meer in die ware sin van die woord 'n weeshuis is nie, maar eerder as 'n kindershuis geklassifiseer kan word. Dit blyk sedert 1912 die gebruik te wees om kinders in die weeshuis te komiteer, want in 'n brief op 2 Januarie 1912 aan die weeshuisvader, onderteken deur albei ouers, lees ons: „Alleenlijk een paar regels om by u aansoek te doen een applicatie te maak als u zoo goed zal wees om twee van ons kinders in die weeshuis te zit, daar ons in 'n groote armoed is, hoop ik dat u ons zal ondersteun. Die een meisje is twaalf jaar en een tien jaar oud.“¹⁾

3) GEBOUE:

Aanvanklik het die weeshuis 'n onderdak in die ry kamers langs die posmeester se huis aan die noordekant en teenoor die teenswoordige Rietfonteinkerk, gevind.²⁾

Die weeshuisbestuur wou 'n erf koop dog hulle het nie geweet waar om die geld daarvoor te vind nie. 'n Inwoner op die dorp het toe aangebied om 'n erf, waarvan ds. Marquard die helfte gekoop het, kosteloos vir gebruik aan die weeshuis af te staan.³⁾

Die volgende jaar, 1903, moes die fasiliteite uitgebrei word en terselfdertyd het die regering 'n groot sinkgebou/

1) Jubileumfees, Winburgweeshuis: p.12.

2) Ibid: p.27.

3) „De Fakkel“: 29 Oktober 1903, p.357-360.

sinkgebou wat in die konsentrasiekamp as hospitaal diens gedoen het, teen 'n geringe prys aan die weeshuisbestuur verkoop. Hierdie gebou is op die genoemde erf opgestel en so doende was die bestuur dadelik in staat om die huishouding uit te brei.¹⁾ „We occupied the Iron Buildings in March 1903 with 8 boys, - the rooms on this side being given up to newly arrived girls.“²⁾ Die seuns is in die sinkgebou geplaas waar Mej. van Niekerk van Wellington met die toesig gehelp het.³⁾

In „De Fakkel“ van 29 Oktober 1903 word daar verklaar dat die kinders gelukkig is; die „oudste jongen is ingeboekt bij een timmerman“.⁴⁾

Maar die sinkgebou was nie groot genoeg om in die toenemende behoeftes te voorsien nie, en ook nie eerbaar genoeg nie, en planne is beraam om 'n gebou op te rig. Daar moes gebou word, maar weer het die vraag opgedoem waar die nodige geld daarvoor gevind moes word.

Oud-regter (later Senator) Henri Stuart, een van die bestuurslede het £3,500 vir die oprigting van 'n nuwe woonhuis gegee. Hier dien vermeld te word dat Senator Stuart die perseel waarop die Jubileumsaal van die Vrystaatse Kerk te Bloemfontein staan, vir £3,500 verkoop het om die weeshuis te Winburg te laat bou.⁵⁾ (Na die dood van Mnr. Stuart het die bestuur, as blyk van waardering vir sy liefde daad en tot sy nagedagtenis 'n gedenksteen voor die hoofgebou van die weeshuis laat oprig waardeur die naam van Henri Stuart in ere gehou sal word.)

By die skenking van die geld was daar slegs één voorwaarde naamlik dat die weeshuisbestuur uit vier kerkraadslede en vier gemeentelede met die leraar van die Winburgkerk as voorsitter, moet bestaan.⁶⁾

Die/

-
- 1) Die Kerkbode: 1903, p.629.
 - 2) Jubileumfees, Winburgweeshuis: p. 10.
 - 3) Die Kerkbode: 1903, p.629.
 - 4) „De Fakkel“: 29 Oktober 1903.
 - 5) Jubileumfees, Winburgweeshuis: p.16.
 - 6) Ibid: p.16.

Die stadsraad van Winburg het die nodige grond aan die bestuur gegee en in Julie 1904 is n begin met die planne en die spesifikasies vir die oprigting van die geboue, gemaak.¹⁾

Op 3 Desember 1904 is die tender van Mnr. G. Beattié aangeneem en die kontrak vir £3,500 is geteken. Dit het alles nog onder die voorsitterskap van ds. Marquard plaasgevind. (Hy is in Desember 1904 oorlede.) Die hoeksteen van die gebou is in April 1905 deur die gewer, Senator Stuart, gelê. Op 3 Februarie 1906 is die gebou ingewy en die ou sinkgebou is vir £40 verkoop.²⁾

Dat hierdie gebou doelmatig was, blyk uit die feit dat dit eers in 1949 heelwat verruim is. Die ou geboue is ook herbou.³⁾ Behalwe n ruim eetsaal en ander doeltreffende geriewe, is daar genoeg ruimte vir ongeveer 160 seuns en dogters. Daar bestaan ook n doelmatige ontspanningsaal.⁴⁾

4) FINANSIES:

Die oprigting van hierdie weeshuis was n geloofsonderneming, want daar was geen staatstoelae, kerklike pro ratas of ander gereelde bydraes nie; dit was van liefdegawes afhanklik.

Wat die voorsiening van kos en klere betref, veral gedurende die eerste jare na die ontstaan van die weeshuis, het dit begryplikerwys moeilik gegaan, aangesien die land verwoes was en die gemeente van Winburg verarm was,⁵⁾ maar van die ou inwoners wat daardie dae deurgemaak het, vertel hoe gemeentelêde en ander goedgesindes dikwels slagvee en mielies na die weeshuis gebring het.

In 1908 het daar n bietjie verligting gekom en die Sinode het besluit dat die vyf Ringe, soos wat dit daardie tyd saamgestel was, die vier weeshuise in die Oranje-

Vrystaat/

-
- 1) Ibid: p.16.
 - 2) Ibid: p.16-17.
 - 3) Ibid: p.25.
 - 4) Ibid: p.12.
 - 5) Ibid: p.16.

Oranje-Vrystaat moes onderhou. Die versorging van dié weeshuis is toe aan die Noordelike Ring en die Winburggemeente opgedra. In 1911 is n wesedag ingestel en sedertdien is dit n gereelde jaarlikse instelling.¹⁾

Voor 1909 was daar geen sprake van staatsondersteuning nie en tot in 1913 was die weeshuis uitsluitlik van die ondersteuning van die Kerk en die gemeentes afhanklik. Dat daar geen staatstoelaes was nie, blyk uit n brief aan die Direkteur van Onderwys van die Oranje-rivier-Kolonie op 13 Desember 1909: „I... enclose herewith a specimen of the form on which the returns in connection with grants to Orphanages are to be rendered at the end of each quarter". Die staat het eers in 1913 noemenswaardige toelaes aan die weeshuis toegestaan.²⁾ In 1913 het daar, wat die onderhoud betref n bietjie verligting gekom toe die Provinsiale Administrasie besluit het om op die £- vir £-stelsel vir die onderhoud van die weeshuise by te dra.

In 1918 het n griep epidemie ons volk getref en weer was daar n groot aantal wese wat versorg moes word. Oud-Administrateur E. Grobler het aangebied om £1,000 vir die Oranje-Vrystaatse weeshuise te gee mits daar genoegsaam persone en liggame was wat elk £1,000 sou gee om n griepwese-fonds te stig. Dié onderneming het byval gevind, en die kerke en die publiek van die Oranje-Vrystaat het mildelik bygedra, met die gevolg dat bykans £55,000 ingesamel is.

Die Vrystaatse Sinode het n kommissie benoem om die geld te administreer. Hierdie geld is onder die ander weeshuise in die Oranje-Vrystaat verdeel. Die Winburgse weeshuis het egter niks ontvang nie, nieteenstaande die feit dat daar sewentig griepwese in dié weeshuis was nie. n Jaar later het die Winburgweeshuis sy deel van die fonds aangevra. Die antwoord daarop was dat die Winburgse weeshuis/

1) Ibid: p.17.

2) Ibid: p.11.

weeshuis dit nie nodig gehad het nie. Na verdere vertoë is eindelik 'n bedrag van £2,800 aan die Winburgweeshuis uit uitstaande bydraes toegeken en hiervoor moes die Kerkraad 'n verbandakte teken.¹⁾

In 1921 is die eerste staatstoelae van die Unie-onderwys uit Pretoria ontvang.²⁾

Uit die boedel van wyle Mev. Aspden (Geb. Schnehage), is £33,000 aan die weeshuis bemaak. Die rente op hierdie bemaking beloop jaarliks £1,500.

In 1924 -'25 is 'n plaas teen 'n bedrag van £7,500 gekoop met die aanvanklike doel om die seuns in die weeshuis 'n geleentheid te gee om te leer boer en ook om in sekere benodigdhede van die weeshuis te help voorsien. Dit het spoedig geblyk dat die plaas nie as 'n leerskool vir die weeshuis-seuns gebruik word nie, maar dat dit van groot finansiële voordeel was. Deur die profyte wat deur dié boerdery afgewerp is, is die geld wat aan die plaas bestee is met rente aan die weeshuis terugbetaal en tans is dit vir die weeshuis uitsluitlik 'n bron van inkomste.³⁾

5) ONDERWYS, ONDERRIG EN OPVOEDING IN DIE WEESHUIS:

(a) ONDERWYS: Wat die onderwys betref, het daar in 1904 verskil tussen die Weeshuisbestuur en die regering van die Oranjerivier-Kolonie ontstaan, omdat die Departement van Onderwys nie gelyke regte aan Hollands as taal en skoolvak naas Engels wou erken nie. Die gevolg was dat die bestuur geweier het om die weeskinders na die Winburgskool te stuur. Die kinders het toe in die weeshuis onderwys ontvang. Mnr. Jacobus Pienaar was die onderwyser. Hy het 'n goeie invloed uitgeoefen en hy het die kinders deeglik tweetalig opgevoed. Die kinders het in die weeshuis skoolgegaan tot die Departement van Onderwys Hollands as skoolvak erken het en

beide/

1) Ibid: p.18.
2) Ibid: p.11.
3) Ibid: p.14.

beide tale gelyke regte geniet het.¹⁾ Sedertdien was die weeskinders vir hulle onderwys uitsluitlik van die plaaslike Volks- en Hoërskool afhanklik.

(b) ONDERRIG EN OPVOEDING: Dit is begryplik dat die kinders tydens die beginjare tot 'n groot mate en indien enig-sins moontlik, in hulle eie behoeftes moes voorsien om so-doende onnodige uitgawes die hoof te bied, maar sekerlik ook omdat selfwerkzaamheid en hande-arbeid opvoedkundige waarde het wat veral by weeskinders 'n gevoel van eiewaarde kan kweek en as opvoedingsmiddel by persoons- en karaktervorming dien. Dit is dus geen wonder om sulke aktiwiteite binne die weeshuis aan te tref soos waarna weldra verwys sal word nie, want 'n weeshuis is tog nie net daar om as onderdak vir die kind te dien nie. Dit moet die plek van die ouerhuis probeer inneem en dus aan die vereistes van 'n ouerhuis voldoen. Dit is dus te verwagte dat die onderrig en opvoeding binne die weeshuis van so 'n aard sal wees om juis die tekortkominge en behoefte aan sekuriteit en status by die hawelose en sorgbehoewende kind, aan te vul.

In 1906 is 'n schoenmakery in die weeshuis begin om die kinders se skoene te herstel en om aan hulle die ambag te leer.

In dieselfde jaar is 'n spin- en weefskool vir die groter meisies onder die leiding van Mev. Leopold begin.²⁾

Byna alle huislike pligte is deur die kinders self behartig. Die was van die wasgoed is egter deur bedienendes gedoen. In 1906 was die seuntjies en dogtertjies van tien jaar oud verantwoordelik vir die opvryf van die twee lang gange.³⁾ Die vervulling van daaglikse pligte is tot vandag die beleid in die weeshuis; tog word daar gewaak dat dit nie inbreuk maak op die tyd wat aan die skoolwerk

bestee/

1) Ibid: p.15 - 16. cf. „School Logbook“, 1904-1929.

2) Jubileumfees, Winburgweeshuis: p.17.

3) Ibid: p.24.

bestee moet word nie, en daar word sorg gedra dat hierdie arbeid die kind nie liggaamlik so sal afmat dat sy vordering in die skool daaronder sal ly nie. Daar word aan die kind geleer dat werk, van watter aard ook, nooit 'n skande is nie.¹⁾

Godsdiens en Huisgodsdiens kry sy regmatige plek en by elke kind word die behoefte aan Godsdiens en die waarde daarvan gewek. Gepaard hiermee gaan die ontwikkeling van sang deur middel van die sing van geestelike liedere by die Godsdiensoefening; daar bestaan 'n kinderkoor wat by geleentheid die dienste in die Winburgkerk opluister.

6) HUISOUERS:

Die volgende is 'n lys in kronologiese orde opgestel van persone wat in die Weeshuis as weesouers opgetree het:-

Beginjare	:	Mev. ds. du Toit (geb. Murray).
1903 - 1912	:	Mnr. en Mev. S. W. Pienaar.
1912 - 1915	:	Mnr. en Mev. G. Rossouw.
1916 - 1921	:	Mnr. en Mev. W. J. Naudé.
1921 - 1952	:	Mnr. en Mev. J. C. Joubert.
1952	:	Mnr. en Mev. J. Keyter.
1952 - (tans.)	:	Mnr. en Mev. P. A. Human.

Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog was Mnr. S. W. Pienaar die hoof van die skool te Winburg. Na sy terugkeer uit Ceylon, waarheen hy as krygsgevangene gestuur was, is hy deur die Engelse regering na Bethlehem as onderhoof gestuur. In 1903 het hy, op aandrang van ds. Marquard na Winburg teruggekeer om as huisvader van die weeshuis vir oorlogswese op te tree. Dit was nie sonder opoffering nie, want hy moes al sy voorregte wat aan sy onderwyspos verbonde was, verbeur en hy het die huisvaderskap teen 'n aanvanklike salaris van £90 per jaar aanvaar.²⁾

In verband met Mnr. en Mev. Joubert wat die weeshuis vir 31 jaar gedien het, word verklaar dat die weeshuisbestuur soveel vertrouwe, agting en liefde vir genoemde paar gehad het dat hulle, toe die kragte van Mnr. Joubert, omdat

hy/

1) Ibid: p.26.

2) Ibid: p.27.

hy alreeds 90 jaar oud was, ingegee het, maar nog wou weet of hulle dit nie sou oorweeg om nog langer aan te bly nie!¹⁾

Mnr. S. W. Pienaar was nie die enigste onderwysman wat sy kragte en dienste aan die Winburgweeshuis gewy het nie; die huidige huisvader, Mnr. P. A. Human is ook n lid van die plaaslike Volksskoolpersoneel.

Tot in 1953 het die Winburgweeshuis 1,556 kinders versorg waarvan 240 oorlogswese en andere was; 74 griepwese; van 1921 is 1,242 kinders versorg.

Dit is nouliks nodig om te sê dat van die kinders wat in dié weeshuis was, in die later lewe presteer het nie. Onder hulle was daar onderwysers, sendelinge, tiksters, polisiemanne, bankklerke, verpleegsters en dokters.²⁾ Hand aan hand het die weeshuis en die Winburgse skole gehelp om hulle vir die lewe voor te berei.

Die Winburgweeshuis word tans as die modelweeshuis van die Oranje-Vrystaat bestempel.³⁾

* * * * *

B) DIE INVLOED VAN DIE WEESHUIS OP DIE ONDERWYS.

1) INVLOED OP SKOOLROL:

Die weeshuis speel tot n baie groot mate n bepalende rol in die voorsiening van kinders aan die plaaslike skole. Hierdie bewering word gestaaf deur na n paar voorbeelde te verwys:-

(a) Invloed op Volksskoolrol: Dit is duidelik dat die getalle op die skoolrol aan die begin van 1904 ongeveer veertig minder as teen die einde van 1903 was, aangesien die 36 kinders wat in die weeshuis was deur die N.G. Kerk uit die skool gehaal is.⁴⁾ Die rede hiervoor was omdat die weeshuisbestuur tot die stigting van n Christelike Nasionale

Onderwysskool/

-
- 1) Ibid: p.13.
2) Ibid: p.29, 30, 31.
3) Ibid: p.18.
4) L.B: 1904 - 1929.

Onderwyskool (C.N.O.-skool) oorgegaan het, aangesien Goold Adams onder andere geweier het dat n minimum van vyf uur per week vir die uitsluitlike onderrig van die Hollandse taal in die regeringskole toegestaan word. Die kinders het toe in die weeshuis onderwys ontvang.¹⁾

Vyftig jaar na bogemelde gebeurtenis, verklaar Mnr. C. J. Steyn (destydse skoolhoof van die Volksskool) op 19 Augustus 1955 dat: „Die getal op die rol het verder gedaal,... as gevolg van die feit dat die beleid van die Regering ten opsigte van die weeshuis verander het...Hierdie skool se getalle was in die verlede vir n derde van die weeshuis afhanklik. Op die oomblik is hier slegs sowat 70 weeshuisleerlinge in die skool!“²⁾

n Derde van die aantal leerlinge het dus in die verlede ongeveer 130 - 140 kinders beteken. Die verandering in die beleid van die Regering wat nie meer kinders in die weeshuise komiteer nie, kom kortliks daarop neer dat n swak ouerhuis heter as n goeie weesinrigting is. Hierdie veranderde beleid sal dus veral n gevoelige slag vir die Volksskool inhou in soverre dit getalle betref, te meer nog omdat dit faktore buite die beheer van die skole is.

Indien die weeshuis nie sou bestaan het nie en hierdie bron in die verlede nie die getalle van die skool met honderd of meer opgestoot het nie, sou die skole, em veral die Volksskool uitsluitlik van plaaslike bronne afhanklik wees. Die weeshuis het dus onder andere gehelp dat die leerlingtal dié kerf bereik het dat daar in 1923 n afsonderlike Laer- en Hoërskool onder aparte skoolhoofde tot stand kon kom. Winburg sou dus andersinds soos n gewone plattelandse dorp slegs één skool, bestaande uit n gesamentlike Hoër- en Laer-afdeling, gehad het. Die bestaan van die weeshuis het dus so n stap regverdig, met die gevolglike doeltreffender onderwys/

1) Jubileumfees: p.15.

2) L.B: Januarie 1942 - November 1957.

onderwys, aangesien die twee skole, onder aparte skoolhoofde, as aparte entiteite en met relatief meer onderwysers gevolglik beter onderwys, onderrig en opvoeding aan die kinders kon gee. Neem dus die weeshuis weg, dan bly n gewone platte-landse skool met net te min kinders vir twee aparte afdelings oor.

(b) Invloed op Hoërskool: Soos reeds hierbo aangetoon, was die weeshuis seker die grootste enkele faktor wat die ontstaan van n aparte Hoërskool regverdig het. Tog het die Hoërskool, wat getalle betref om die volgende redes nie veel gebaat voor die oorplasing van die standerd sesklasse na die middelbare afdeling nie:-

(a) Die weeskinders het, wanneer hulle hulle Laerskoolloopbaan deurloop het en die vereiste ouderdom bereik het na nywerheidskole gegaan om daar n ambag aan te leer om sodoende finansieel onafhanklik te word, of om miskien n bejaarde ouer van sy finansiële kwellinge te onthef.

(b) Wie sou vir die voornemende leerling in die Hoërskool betaal? Nou, egter, as gevolg van meer fasiliteite vir begaafde leerlinge soos studiebeurse, gaan dit makliker om n Hoërskoolkursus aan te durf.

(c) Vroeër is die keuse om na die Hoërskool te gaan aan die kind oorgelaat en dit ten koste van baie leerlinge wat n skitterende Hoërskool- en Universitêre loopbaan kon gehad het.

(d) Sommige kinders het net bloot moeg geword vir die weeshuis en het gereken dat n verandering van omgewing n verbetering sou wees.

Die vakatures wat nou, om bogenoemde redes ontstaan, word weer aangevul deur jonger kinders wat in die weeshuis opgeneem word, sodat die Volksskool deur n gereelde bron voorsien word; getalle wat andersins sou daal word weer deur nuwe aankomelinge in die weeshuis aangevul.

Na die oorplasing van standerd ses na die Hoërskool, het dié skool se getalle egter om die volgende redes daarby gebaat:-

(a) Dit bring n addisionele standerd met n hoeveelheid kinders by.

(b)/

(b) Volgens die nuwe promosiestelsel moet kinders by hulle 12+ jaar die Laerskool deurloop het, met ander woorde, ouderdom speel 'n belangrike rol by die promosie van leerlinge. Die leerling is gevolglik te jonk om na die nywerheidskool of die Tegniese Kollege te gaan en word dus verplig om na die Hoërskool te gaan. Wanneer die weeshuisleerling nou eers in die Middelskool is, word dit soms by hom 'n behoefte om standerd agt te maak.

Deur die aanhaling van hierdie enkele voorbeelde is dit vanselfsprekend dat die weeshuis 'n bepalende rol in die voorsiening van kinders aan die Winburgse skole speel.

2) INVLOED OP DISSIPLINE:

Waar 'n skool vir 'n derde van sy kindertal afhanklik is van gekomiteerde kinders, moet dit noodgedwonge 'n invloed op die dissipline en toepassing van tug uitoefen. By die toepassing van tug moet baie versigtig opgetree word. Hier het die skoolhoof en die personeel te doen met 'n groot persentasie kinders wat simpatie-soekend, liefdebehoewend en haweloos is. Die toepassing van gewone tugmetodes vir luiheid en belangeloosheid sal nie soos onder normale omstandighede kan geskied nie, want met gekomiteerde kinders is toestande nie altyd normaal nie, juis omdat faktore uit die verlede, omgewingsfaktore en kompensasiesoeking vir wangedrag verantwoordelik kan wees. Die groot meerderheid van probleme is dus eintlik aanpassingsprobleme wat uit gedisintigreerde huislike agtergrond spruit. Dissiplinêre probleme word geskep waar kinders vir hulle minderwaardigheids-gevoelens in die een of ander vorm van gedrag wat nie in ooreenstemming met die normale kode van gedrag is nie, probeer vergoed. Een of ander vorm van afwykende gedrag soos byvoorbeeld leuentaal, diefstal, weglopery, stokkiesdraaiery en ander vorms van opstandigheid teen gesag, word gevolg. (Dit is met simpatie dat ons dié verskynsels noem; nie om te veroordeel nie.)

Om met dié leerlinge om te gaan vereis vanselfsprekend dat daar baie simpatiek opgetree moet word; dis hier waar die geweldige aanvullende taak van die skool lê naamlik dié van liefde en simpatie wat die kind in sy vroeër lewe gemis het.

Lyfstraf/

Lyfstraf het as tugmetode nie altyd die gewenste uitwerking wat miskien andersins doeltreffend sou wees nie. Hierdie bewering kan deur n praktiese voorbeeld illustreer word waar n kind lusteloos, afgetrokke of lui geword het, soos in die geval van dié seun wat skielik alle belang in sy werk verloor het, verseg het om huiswerk te doen en selfs toetse af te lê, nieteenstaande die feit dat hy buitengewoon goed gedurende die eerste helfte van sy standerd vyf-jaar presteer het nie. Na verskeie lang en deurtastende persoonlike onderhoude het hy later ontdoci en is die werklike oorsaak gevind: Hy wou standerd vyf druip omdat die vrees by hom ontstaan het dat hy verplig sou word om verder te leer; dit wou hy nie doen nie. Hy wou so gou moontlik na n nywerheidskool gaan om daar n ambag te leer om sodoende sy afgeleefde stiefvader van sy finansiële kwellings te onthef. Die motief van dié seun was: As hy standerd vyf druip, sal hy dadelik na n nywerheidskool gestuur word wat dus beteken dat hy sy ideaal binne afsienbare tyd sou kon bereik. n Pak slae sou nie gehelp het nie!

Bogenoemde is een van talle voorbeelde wat aangehaal kan word. Dit is dus vanselfsprekend dat hier baie meer probleme sal opduik as wat andersins die geval sou wees waar n skool nie met so n sterk element van gekomiteerde kinders te doen het nie. Die onderwyser sal dus die probleemkind objektief moet benader, deurtastend ondersoek, die werklike rede vir wangedrag diagnoseer en dan die oorsaak vir die afwykende gedrag verwyder, anders sal sy onderwys negatief en afbrekend wees.

Maar nie alleen skep dit probleme in verband met die gedragsnorme teenoor die kind nie, maar dit kan ook stremming tussen die personeel en die skoolhoof veroorsaak indien die skoolhoof nie besonder taktvol en versigtig optree nie. Spanning tussen personeel en skoolhoof mag ontstaan, omdat n interpretasie van stoutigheid en balhorigheid deur n personeelid nie noodwendig die beslissing van die skoolhoof sal wees/

wees, nadat hy die motief gediagnoseer het as dieperliggend en dus nie die verwagte straf wat onder normale omstandighede die logiese gevolg sou wees, uitdeel nie.

Deur hierdie paar voorbeelde te noem, is dit voor die hand liggend dat dissipline, tug en toon van Winburg se skole en veral sy Volksskool sterk deur die weeshuisleerlinge gewysig word.

3) INVLOED OP INTERNE ORGANISASIE VAN DIE SKOOL:

Ander skole mag slegs uit kinders van sy gevestigde gemeenskap bestaan en kan dus op n hegte fondament bou en so ingerig word dat dit aan die plaaslike behoeftes sal voldoen. Winburg se skole sal hulle egter moet aanpas by die gewone eise wat aan n skool gestel word plus nog die ekstra behoeftes wat deur die groot groep wees- en gekomiteerde kinders geskep word.

Verskeie opvoedkundige implikasies sal intree as gevolg van die feit dat n derde van die skoolrol nie uit die plaaslike publiek spruit nie, maar saamgestel word uit kinders wat van al vier die provinsies afkomstig is.

Eerstens moet die klaswerk en onderwys gereoriënteer word om aan te pas by al die soorte opvoedkundige fundamente wat die kinders alreeds van ander skole gekry het met gevolglike wedersydse aanpassing van sowel die kind as die onderwyser; die kind by die nuwe omstandighede en leerplanne, die onderwyser by die opvoedkundige peil wat die kind bereik het, of nie bereik het nie.

Vervolgens word baie meer persoonlike aandag van die onderwyser en skoolhoof aan elke weeshuiskind in die skool geverg as wat anders die geval sal wees, omdat alle fasette van die kind se persoonlikheid, wat andersins tuis sou ontwikkel, nou uitsluitlik op die skool rus om tot volheid en rypheid gebring te word. In baie gevalle moet die skool van onderaf bou, in ander gevalle eers afbreek en weer opbou, want die hele lewe van dié kind moet in die skool

gevorm/

gevorm word, gevolglik word meer tyd en verantwoordelikheid van die personeel geverg as wat onder normale omstandighede die geval sou wees.

Dit is voorts vanselfsprekend watter invloed dié kinders by die insameling van skoolfondse sal hê. Sonder enige finansiële vermoëns kan verwag word dat hierdie kind nie meer sal kan bydra as wat hy of sy op die een of ander wyse met sy of haar hande kan verdien nie, of as wat die weeshuis as n groep kan bydra nie. Vergelyk die geval waar n skoolkonserst gehou word om fondse in te samel. Van hierdie kinders kan tog nie verwag word dat hulle toegang moet betaal nie en tog kan hulle ook nie toegang tot die skoolfunksie geweier word nie.

Vierdens is die administratiewe probleme wat deur afwesigheid by die uitbreek van aansteeklike kindersiektes in die weeshuis, in die skool geskep word vanselfsprekend, en die hele skoolorganisasie kan langelê word wanneer n derde van die kinders afwesig is. (Vgl. wanneer die weeshuis onder kwarrantyn geplaas word.)

Wat die metodiek van onderwys betref, blyk dit dat die beste resultaat deur die toepassing van die volgende drie grondreëls naamlik: Inspirasie (besieling), Aanmoediging en Erkenning, sowel wat betref die onderwyser teenoor die kind, as die skoolhoof teenoor die onderwyser, bereik mag word.

Eenvormige skooldrag is in 1949 ingevoer en na van die destyds-betrokke skoolhoof verneem is, was die weeshuiskind andermaal die motief: Homogene skooldrag moes verskille, veral groepverskille uitwis en daarom is toe op uniforme skooldrag vir dogters besluit, omdat n duidelik waarneembare stempel op die weeshuiskind gedruk was; die uitsluitlike doel was om hierdie stempel te neutraliseer.

4) SAMEWERKING TUSSEN SKOOL EN WEESHUIS:

Soos blyk uit die bepaling by die skenking van Senator

Stuart/

Stuart, is daar slegs verteenwoordigers van die Winburgkerk op die weeshuisbestuur. Daar moet onthou word dat ten tye van hierdie bepaling die skeuring in die gemeente nog nie plaasgevind het nie en kan dit die skenker nie verkwalik word nie. Hierdie bepaling het myns insiens verreikende gevolge vir beide die weeshuis en die skool nadat die afstigting van die Rietfonteingemeente plaasgevind het, gehad. Dit is nou duidelik dat indien die twee skoolhoofde albei by laasgenoemde Kerk sou aansluit, daar hoegenaamd geen sprake kan wees dat hulle op die weeshuisbestuur kan dien nie.

Deur die afwesigheid van verteenwoordiging, as volwaardige verkose lede van die weeshuisbestuur, van byvoorbeeld die skoolhoofde, kan n mens slegs wonder of die nodige samewerking wat moet bestaan, op hierdie wyse nie dalk versteur geraak het nie. Op n bestuur soos dié van die weeshuis sou n mens wil beweer dat één element onontbeerlik is, naamlik n opvoedkundige; in die geval van dié weeshuis sou dié element alleen deur n verteenwoordiger van die skole voorsien word! As die skoolhoofde dus nie sitting het nie, of nie gehad het nie, voel ons dat n belangrike skakel noodwendig ontbeer word!

Soos reeds opgemerk, was die enigste onderwysmanne wat ooit direk aan die weeshuis verbonde was, Mnr. S. W. Pienaar (1903-1912) en Mnr. P. A. Human (tans), alhoewel eersgenoemde in sy hoedanigheid as weeshuisvader toe nie meer in direkte kontak as personeellid tot die skool gestaan het nie. (As lede van die weeshuis-personeel was daar met tussenposes onderwysers behulpzaam soos die reeds aangehaalde Mnr. Jacobus Pienaar en later ook Mnr. J. Human.)

Op grond van voorafgaande kan ons slegs n vraag stel sonder om n bepaalde bewering te maak: Deur die verbeuring van hierdie skakel vir byna vyftig jaar, en moontlik tans nog, doem die vraag op: Sou die skool en die weeshuis en die weeshuiskinders nie geweldig baie gebaat het indien

so n direkte verantwoordelike skakel bestaan het nie?

Ons wil enkele voorbeelde aanhaal:-

- (i) Die interne reëling van die skool in verband met die vasstelling van tye vir buitemuurse aktiwiteite kan botsings met die interne reëlings van die weeshuis ten gevolge hê.
- (ii) Die Laer- en Hoërskoolhoofde wat die moontlikhede, intelligensie en werkvermoë van die kind bestudeer en besef, kan as waardevolle beroepsvoorligters en inligters vir die kind optree en die doeltreffendheid hiervan kan verhoog word indien die volle samewerking van die weeshuisouers en -bestuur verkry sou word.
- (iii) Ook sou daar vryer toegang tot insae van die weeshuisleggers vir die prinsipale wees, om sodoende die kind se agtergrond sonder moeite en met die minste beslommernis na te speur. Sulke vryhede sou klaarblyklik tot voordeel van die kind aangewend kon word, en slegs n bate vir laasgenoemde wees.
- (iv) Daar sal die vrymoedigheid by die skoolhoofde sowel as by die weeshuisbestuur wees om wedyersyds hulle beleid te verkondig en hulle program van aksie tot voordeel van die kind op te stel.
- (v) Probleemgevalle wat in die weeshuis en die skool soortgelyke afwykings openbaar, kan in perspektief gesien word en met meer takt, doeltreffend beheer word. Daar mag redeneer word dat die kind slegs in die weeshuis of skool „onmoontlik" is en elke inrigting sal dan afsonderlik metodes wat soms lynreg teen mekaar indruis en selfs botsend kan wees, gebruik om die kind tot beter insigte en op die regte pad te bring; dit kan groter verwarring en versteuring van die kind ten gevolge hê.

Net soos die ouerhuis en die skool moet saamwerk om sukses te behaal, net so ontstaan die vraag of dit nie wenslik sal wees om hegte samewerking deur die direkte verteenwoordiging van die skoolhoofde te verkry nie.

Ten slotte wil ons weer die stelling herhaal: Die weeshuis te Winburg speel n bepalende rol in die getalle, dissipline en interne skoolorganisasie en skep probleme wat by die andersins gewone plattelandse skool nie aanwesig is nie.

HOOFSTUK VIII.

SKEURING IN DIE N.G. GEMEENTE EN DIE INVLOED DAAR-
VAN OP DIE ONDERWYS.

1) INLEIDING.

Die afstigting van die gemeente, Rietfontein, is van geskiedkundige belang en verdien om hier genoem te word, aangesien die stryd wat hiermee gepaard gegaan het ook op direkte of indirekte wyse sy spore op die ontwikkeling van die onderwys sou nalaat. Hierdie gebeurtenis is feitlik enig in die Kerkgeskiedenis van die Oranje-Vrystaat. Alhoewel vaag, is daar vandag nog tekens van die gevolge van hierdie gebeurtenis, veral wat die koshuise vir leerlinge betref. Daar bestaan tans twee koshuise: een vir die gemeente Rietfontein en die ander vir die Winburggemeente. Alhoewel die skeiding nog bestaan, is dit egter nie meer so opmerklik as veertig jaar gelede nie; behalwe miskien by die ou garde waar die gebeure van die verlede nog sterk in die herinnering leef. Met verloop van tyd egter sal die spore van verskil doodgevee word.

2) DIE KERKLIKE TWIS:

Hierdie tweespalt is die gevolg van ontevredenheid wat uit die rebellie van 1914 gespruit het.

In die gemeente Winburg was daar diegene wat hulle aan die kant van die rebellerendes en andere wat hulle aan die kant van die regering geskaar het. Ongelukkig was hier plaaslik ook so 'n opstand waarin lede van dieselfde gemeente en kerkraad teen mekaar te staan gekom het. As gevolg hiervan was daar ontevredenheid.

Hierdie beroering in die gemeente kom onder die aandag van die kerkraad toe daar op 31 Julie 1915 'n brief ter tafel gelê word. Dié brief is deur sewe gemeentelêde onderteken en daarin is gevra of 'n sekere petisie aan die vergadering mag voorgelê word. Hiertoë het die vergadering ingestem.¹⁾

Hierop/

1) W.K.N: 31 Julie 1915.

Hierop is n petisie deur 289 lede van die gemeente onderteken, ingehandig. Die petitionarisse wys daarop dat: „een groot deel der gemeente Gods huis niet meer bezoekt, en er geen zamewerking is; dat een deel van de Leden des Kerkraads in den Jongsten opstand onder wapen was, en dit groote aanstoot gaf, en geven aan de hand dat de bedanking van al die leden de eenigste wyze is om de breuke te heelen".¹⁾

Na oorweging van hierdie petisie en sy bevattende voorstel, is tot die volgende besluit deur diegene wat aan regeringskant geveg het, geraak:-

„(1) Omdat zy, naar hunne meening, niets dan hun plicht hebben gedaan en

(2) Omdat zy er van overtuigd zijn dat er wegens hunne bedanking eene grootere scheuring in de Gemeente zal plaats vinden dan nu thans vreest",²⁾ sien hulle nie hulle weg oop om te bedank nie.

Op die vierde September 1915 is n gekombineerde kerkraadsvergadering gehou en n nuwe kerkraad is saamgestel. Op 18 September was daar alreeds soveel onenigheid in die gemeente oor die jongste verkiesing van kerkraadslede, omdat daar weer persone gekies is wat aan die regeringskant die wapen opgeneem het, dat n buitengewone vergadering belê is. Tydens dië vergadering word daar melding gemaak van die verkiesing van genoemde regeringsmanne; ontevredenheid met die leraar (ds. W. H. Boshoff) word uitgespreek en protes word aangeteken teen die wettigheid van die gekombineerde vergadering, omdat n sekere kerkraadslid „word gekozen en niet volgens Art. 55(10) werd aangesteld". Daar is egter bewys dat die vergadering wel wettig was en dat die verkiesing van die genoemde persoon, volgens kerkwet, wel geldig was.³⁾

Die leraar het sy bes gedoen en gevra dat alle pogings
aangewend/

1) Ibid: 31 Julie 1915.
2) Ibid: 31 Julie 1915.
3) Ibid: 18 September 1915.

aangewend moet word om die saak uit die wêreld te maak, maar een van die ouderlinge het tog gemeen dat die enigste oplossing sou wees „dat de geheele kerkraad bedanke”.¹⁾

Voor Oktober het ses van die verkose kerkraadslede alweer bedank, maar hulle bedanking word nie aanvaar nie. Op 2 Oktober 1915 word 'n versoek voor die kerkraad gelê waarin gevra word of die leraar in die buitewyke sal kom diens hou, aangesien verskeie gemeentelêde nie na die kerk kom nie. Verlof hiertoe word toegestaan, maar daar sou geen sakramente aan hulle bedien word nie, en die plaaslike sendeling mag ook geen dienste waarneem nie, omdat gevrees is dat onaangenaamhede kon ontstaan. Hierdie verlof word op voorbehoud van die kerkraad toegestaan en kon te enige tyd weer teruggetrek word.²⁾

Die genoemde bedankings van die ses kerkraadslede is nie deur hulle teruggetrek nie en op 4 Desember 1915 word hierdie vakatures weer aangevul. Vyf van hierdie ses persone het egter weer bedank. Sake begin nou vinnig ontwikkel en dit neem groter afmetings aan, sodat selfs die sendeling, Eerwaarde Saayman, voor die kerkraad gedaag word onder andere omdat hy hom dan te veel met die partypolitiek sou inmeng.³⁾

'n Ringskommissie word hierna aangestel om die ontevredenheid en tweespalt in die gemeente te ondersoek.⁴⁾

Die Kerkraad word opnuut genader en beleefd versoek om toe te staan dat 'n leraar eenmaal per maand van elders gekry word om die beswaardes te bearbei en die sakramente te bedien. Hierdie versoek is ook geweier.⁵⁾ Nou word 'n Sinodale kommissie benoem om die ontevredenheid te ondersoek.⁶⁾

Na rype beraad en biddende oorweging neem die kerkraad

op/

1) Ibid: 18 September 1915.

2) Ibid: 2 Oktober 1915.

3) Ibid: 4 Desember 1915.

4) Ibid: 6 Mei 1916.

5) Ibid: 2 September 1916.

6) Ibid: 2 September 1916.

op 4 November 1916 die volgende besluit:

„Aangezien, na ingewonnen informatie, het den Kerkraad duidelijk is geworden dat vele leden der gemeente die de Kerk nu nog bezoeken, weigeren zullen de Kerk verder te bezoeken of iets tot de fondsen der Kerk bij te dragen, indien de Kerkeraad zou bedanken,

„En aangezien de Kerkeraad in de ziel er van overtuigd is dat de gemeente door zyne bedanking in nog grootere ellende zal worden gedompeld dan waarin zij thans verkeert, zoo besluit hij niet te bedanken....."1)

In n brief, gedateer 17 Maart 1917, word aan die kerkraad meegedeel dat die protesterende deel van die gemeente „finaal besloten is van de gemeente af te scheuren, en dat aan de Rings Commissie hiervan is kennis gegeven."2)

Hierna is n vergadering waarop albei groepe verteenwoordig was, gehou. Tydens hierdie byeenkoms is daar twee voorstelle gemaak: een aan die kant van die gemeente van Winburg en een aan die kant van die protesterendes:-

„Voorstel Hugo: Dat die broeders die by de eerstkomende kiezen niet moeten aftreden, d.w.z. die Broeders die laatste Januarie voorgesteld zijn, vrywilliglik zullen bedanken terwille van de vrede, dat hunne plaats en dan dadelijk zullen opgevuld worden door Broeders van de protesterende partij, alsook in de plaats van de vacante getal van den Broeder Ouderling die nog niet gekozen is, en dat op de eerstkomende gecombineerde vergadering Broeders van beide partijen zullen gekozen worden om zooveel mogelijk beide partyen tevrede te stellen.

„Voorstel Conradie: dat als de Kerkeraadsliden die onder wapen waren gewillig zijn af te treden, en dat by de eerste gecombineerde kerkeraadsvergadering een Kerkraad gekozen zal worden uit degenen die niet onder wapen waren van beide kanten, en Ds Boshoff moet als Leeraar van de gemeente aftreden, en is gewillig om de helft van zijn eisch te betalen, mits hy niet te veel eischt". 3)

Die kerkraad het eersgenoemde voorstel van die heer Hugo aangeneem.

Hierna is die Ringskommissie weer ingeroep wat die
protesterendes/

1) Ibid: 4 November 1916.

2) Ibid: 31 Maart 1917.

3) Ibid: 14 April 1917.

protesterendes versoek het om hulle eie besluit te neem. Na 'n lang bespreking het die vergadering van die protesterendes eenparig besluit, (op voorstel van Jan Bosman en gesekondeer deur Flip Botha): „dat die protesterendes besluit om vir die teenwoordige nie af te stig nie, maar eers nog verdere pogings te maak ter versoening“.

Die Ringskommissie het egter gevoel dat hulle liever 'n einde aan die verskille wil maak, en het die protesterendes aangeraai om af te stig; so is deur die Ringskommissie van die Sentrale Ring 'n gemeente gestig sonder die goedkeuring van die betrokke kerkraad en kom 'n gemeente binne die grense van 'n gemeente tot stand. Hierdie handeling is deur die Sinode goedgekeur.

Die gemeente Rietfontein het dus ontstaan uit die nood van omstandighede. Op 31 Mei 1917 is dié gemeente gestig en so genoem na die plaas Rietfontein wat aan die dorp, Winburg, grens waarop president Steyn gebore was. Tot konsulent is ds. H. J. Pienaar van Senekal benoem. Fondse is vir die bou van 'n kerk ingesamel wat op 11 Julie 1919 ingewy is. 'n Nuwe kerk is op die terrein waar die oue afgebreek is, gebou, en is op 16 Maart 1941 voltooi.

Ds. Boshoff, leraar van die gemeente Winburg gedurende die krisis-periode, is in 1918 oorlede.

Indien daar enige kwaaië gevoel tussen die gemeentes bestaan het, is dit nie laat blyk nie, aangesien 'n gees van welwillendheid (of was dit plig?) openbaar is deur die Rietfonteingemeente toe hulle die gemeente Winburg na die bevestiging van hulle nuwe leraar op 4 Julie 1921 uitgenooi het. Hierdie uitnodiging is met dank deur die Winburg-gemeente ontvang.¹⁾

3) INVLOED VAN DIE KERKSTRYD OP DIE ONDERWYS:

Hierdie kerklike twis wat op politieke bane gevoer
is/

1) Ibid: 4 Junie 1921.

is, het ook sy spore in die onderwys getrap. Dat daar nie onmiddellik samewerking op onderwysgebied was nie, sal wel-dra blyk. Op hierdie terrein wil ons ons egter nie nou be-geef nie, aangesien dit geen nuttige doel vir die onderwys sal dien nie. Dit mag die mate van samewerking wat reeds weer bereik is slegs skaad. (Hierdie onderwerp moet ons dus laat oorstaan vir latere geskiedskrywers.)

Dit sal egter nie kwaad doen om deur 'n voorbeeld ons vorige bewering te staaf nie.

In verband met die aanbou van 'n addisionele meisie-koshuis wat deur die Rietfonteingemeente in die vooruitsig gestel is, is die samewerking van die Winburggemeente gevra.

In die kerknotule van 3 Desember 1921 merk ons die vol-gende omtrent hierdie aangeleentheid op: „... dat deze gemeente (Winburg) genegen is om zamen te werken op het ge-bied van onderwys...” en ook „... wij als afgevaardigden zyn overtuigd van het feit dat de tyd voor samewerking op onderwysgebied in het algemeen en het daarstellen van 'n rui-mer Meisjes Hostel in het biezonder aangebroken is”.¹⁾

Die volgende is onder andere toe as basis waarop same-werking gesoek moet word, neergelê: „het nieuwe gebouw word voor eerst op de naam van het Onderwys Departement geplaats”.. en ook „... De bestaande Hostelkommissie zal ontbinden en 'n nieuwe in leven geroepen worden, bestaande uit drie van de Winburgse en drie van de Rietfonteinse gemeente en de Principaal van de School.”²⁾

Ten slotte word opgemerk: „Wy verklaar verder dat de zaak van de opvoeding van onze dochters vooral ons ernst is en dat wy derhalwe vast besloten zyn om voortaan alle politiek uit deze transaksie zorgvuldig te houden; om Christelik en Broederlik saam te werken en lest best ons steeds en onder alle omstandigheden plechtiglik te houden

aan/

1) Ibid: 3 Desember 1921.

2) Ibid: 3 Desember 1921.

aan bovenstaande overeenkomst".¹⁾

Hierdie aanhaling bewys twee dinge: eerstens dat daar nie n alte goeie samewerking op onderwysgebied tot 1921 was nie, en tweedens dat daar naarstiglik na gestreef is om voortaan samewerking op onderwysgebied te verkry.²⁾

Uit bogemelde is dit duidelik dat die gemis in verband met samewerking op onderwysgebied gevoel en besef is, en dat daar n neiging tot samewerking bestaan het. Neigings tot samewerking is egter telkens gedwarsboom deur politieke krisistye soos byvoorbeeld parlementêre en provinsiale verkiesings wanneer die oprakeling van gebeure in die verlede weer opnuut die gemoedere gaande maak. Die tweespalt wat maar steeds smeulende is, word dan weer aangeblaas en dit veroorsaak wrywing. Hierdie wrywing vind dan sy weerklank in die onderwys.

Iets soortgelyks het dan ook tydens die Tweede Wêreldoorlog gebeur tot daar uiteindelik besluit is om n kompromieskoolkommissie saam te stel wat tevredenheid moes waarborg en die politieke stryd moes bekamp. Dié skoolkommissie sou uit drie verteenwoordigers van elk van die twee N.G. Kerke bestaan en een namens die Engelssprekende publiek. Maar in hierdie kompromiekommissie sou die Winburggemeente altyd die oorhand hê, aangesien dit klaarblyklik is dat die Engelssprekendes se verteenwoordiger sy gewig aan die kant van genoemde groep sou inwerp. Na die Tweede Wêreldoorlog egter, is dié kompromie-skoolkommissie opgehef en het die verkiesing van kommissielede op wedersydse organisering om verteenwoordiging te kry, uitgeloop.

Dat n sterk ondergrondse politieke stroming te voorskyn tree by elke skoolkommissieverkiesing, is die logiese gevolg, aangesien die twee kerke hulle bes doen om die meeste verteenwoordigers te verkry en die verskil in kerke

spruit/

1) Ibid: 3 Desember 1921.

2) Hierdie besondere poging het egter misluk.

spruit uit en berus op die politiek.

n Mens wonder of die doel van die verkiesing van n skoolkommissie dan is om die skool en die onderwys te bevorder en of dit nie is om kragte tussen twee gemeentes te meet nie. Die vraag ontstaan dus of die belang van die skool in die eerste plek die geldende norm is, en as dit nie die geval is nie, of die vereiste vlotte samewerking tussen skool, Kerk en ouerhuis kan bestaan. Met ander woorde, sal dié groep ouers en dié Kerk wat in die skoolkommissieverkiesing „verslaan” is, die vereiste medewerking aan die skool onvoorwaardelik toesê, of sal laasgenoemde n simbool van hulle frustrasies word?

Hierdie politieke stryd oefen n invloed uit wanneer n nuwe prinsipaal of personeellid aangestel word en hy of sy by een of ander van die twee kerke aansluit. Hierdie stelling kan soos volg bewys word: Die keuse van n kerk sal n nawerking hê, omdat die oorweging, anders as waar gemeentes volgens geografiese grondslag verdeel is, elke keer by hom of haar se persoonlike oortuiging of gevoel sal berus. Die onus val elke keer op die persoon wat kies; omdat die keuse subjektief is, het elke kerk eweveel verwagtings en noodwendig moet daar teleurstelling wees, nadat so n persoon gekies het. Daarna is daar wantroue wat veral die skoolhoof hom sy vrymoedigheid (bv. om dan by die teleurgesteldes fondse vir die skool in te samel) sal ontnem en die skool (en in sommige gevalle moontlik ook die kind) ly dus direk of indirek daaronder.

Uit inspekteursverslae (na die skeuring van die gemeente) blyk dit egter nie dat dit enige merkbare invloed gehad het nie, want in weerwil van genoemde stryd en moontlike nadelige nawerking, het die skool tog so vooruitgegaan dat in 1923, slegs vyf of ses jaar na die krisis, die vooruitgang dit regverdig het om in n aparte Laer- en Hoërskool te verdeel.

Ten spyte van die politieke verdeling het dit min nadelige uitwerking op die skoolonderwys gehad en dit het, nieteenstaande omstandighede, goed gegaan. Hierdie verblydende verskynsel kan hoofsaaklik aan die volgende twee oorsake toegeskryf word:-

(i) Dat die invloede nie groter was nie, is omdat die manne wat aan die hoof gestaan het, besadigde manne was wat die kind se onderwys en opvoeding bo die vlak van politieke gekyf gestel het. (Hierdeur sou ons geensins wil beweer dat hulle nie uitgesproke in hulle politieke oortuiging was nie.)

(ii) Dit is die natuurlike neiging van elke ouer, en lê in die wese van elke Afrikaner om die opvoeding van sy kind bo die politieke vlak verhewe te hou.

Hierdie tweedrag sal vanselfsprekend verdwyn wanneer die Kerke (miskien eendag) op geografiese grondslag verdeel word, omdat daar vir hierdie onnatuurlike wyse waarop die verdeling tans berus nie meer regverdiging bestaan nie. Die invloede sal dus op 'n natuurlike wyse opgehef word, uitsterf en verdwyn.

As dié persone wat in die hitte van die stryd gestaan het nie meer daar is nie, sal die invloede verdwyn, want dit is ons oortuiging dat die opgroeiende jeug geen sin meer aan die stryd het nie.

D E E L _ I V .

DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS

VAN 1903 TOT 1957.

HOOFSTUK IX.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS VAN 1903 TOT 1923.

1) C. GRANT (1903-1904)

(a) DIE GOEWERMENTSKOOL HEROPEN.

Die Winburgse Goewermentskool wat sedert 1899 gesluit was, is in 1903, nadat die kampskool verdwyn het, heropen. Mnr. C. Grant is as skoolhoof aangestel, maar daar het dadelik moeilikheid ontstaan wat tot die stigting van n Christelike Nasionale Onderwysskool gelei het.

(b) DIE C.N.O.-SKOOL TE WINBURG.

Toe Ordonnansie No. 27 van 1903 bekend geword het waarin onder andere nie meer as twee uur per week aan Bybelse Geskiedenis gewy sou word nie en uiteraars drie uur per week (op versoek van die ouers) aan Hollands as taal bestee sou word en alle onderwysbeheer uitsluitlik in die hande van die Luitenant-Goewerneur geplaas word, het ds. Marquard, leraar van die Nederduits-Gereformeerde Gemeente te Winburg, n brief aan die Assistent-Direkteur van Onderwys geskryf waarin daar onder andere inligting in verband met die skoolkommissie gevra word: wanneer hulle aangestel sou word en wat hulle bevoegdhede sou wees.¹⁾

Uit hierdie brief blyk dit dat die opvoeding van hulle kinders na aan die hart van die lidmate van die Hollandse Kerk gelê het.

Ds. Marquard het op 3 April 1903 n onbevredigende antwoord van die Koloniale Sekretaris van die Oranjerivier-Kolonie gekry, met die gevolg dat hy n brief (gedateer: 6 April 1903) aan „De Fakkel” geskryf het waarin hy aangevoer het dat die ouers en die Kerk „.... zal duidelyk hebben te verklaren of zij tevreden is met eene verandering in het onderwys stelsel waardoor de keuse van die onderwijzers harer kinderen geheel en al uit hare hand wordt genomen,

en/

1) B.I.S. Beukman: Die Geskiedenis van Onderwys in die Vrystaat voor en onmiddellik na Unie (1898-1912), p.23.

en gesteld in de handen van den Directeur van Onderwijs. Alle andere punten in verband met de groote opvoedings questie zijn ondergeschikt aan dit punt. Indien de ouders in onze Kerk het bestuur van het onderwys hunner kinderen hun uit de handen laten nemen, moeten zij verstaan dat zij dan feitelyk alles prijs geven".¹⁾

Die Deputasie wat in Mei 1903 deur die Sinode na die Luitenant-Goewerneur gestuur is, het die weg tot die stigting van die C.N.O.-skole voorberei.²⁾ Ds. Marquard was ook Moderator van die Sinode van die Vrystaatse Kerk en die leier van die beweging vir die stigting van die C.N.O.-skole.³⁾

Die verontregting van die Hollandse taal en die afskaffing van die skoolkomitees het groot ontevredenheid verwek. Op 3 September 1903 het die ouers op aandrang en met behulp van die N.G. Kerk 'n petisie aan die Goewerneur, Sir H. Goold Adams, gerig. Die versoek was dat die skoolkomitees weer in die lewe geroep moes word, dat hulle die reg moes hê om onderwysers aan te beveel, en dat die burgers seggenskap in die verkiesing van skoolkomitees moes kry. 'n Minimum van vyf uur per week is vir die uitsluitlike onderrig van die Hollandse taal geëis, en godsdiensonderrig moes tot die onderwys van Bybelgeskiedenis beperk word.⁴⁾

Twee maande later is Adams se antwoord waarin al drie versoeke geweier is, ontvang.⁵⁾ Hierdie antwoord het baie ontevredenheid veroorsaak. Hollandssprekende ouers op wie se gemoed die verlies van die Republiek 'n onuitwisbare indruk nagelaat het, het gevoel dat dit vir hulle onmoontlik was om hulle kinders in Engelsmediumskole waar die gees en strekking anti-Hollands was, te plaas. Afrikaanse onderwyssmanne onder wie baie oudstryders en oudonderwysers van die gewese republiek was, het tot die oprigting van privaatskole

oorgegaan./

1) De Fakkel XII, Jaargang No.2: 16 April 1903.

2) B.I.S. Beukman: op.cit., p.24.

3) D.V. 1904, p. 158.

4) Ibid: p.158.

5) D.V. 1904, p. 159-162.

oorgegaan. Die doel van die skole was om aan die Afrikaner se tradisionele lewensbeskouing reg te laat geskied en om hom teen nasionale ontworteling te vrywaar; dit was ook die rede waarom dit die Christelike Nasionale Onderwyskole genoem is.¹⁾

Dergelike skole is te Winburg gestig. Mnr. Craig was die hoof van die C.N.O.-skool op die dorp. Hy is deur Mejj. le Roux en Coward bygestaan.²⁾ By hierdie skool is later ook die Vryskool van Mej. Meiring ingelyf, sodat daar in April 1905 in die C.N.O.-skool wat sedert Oktober 1904 in die sinkgebou oorkant die Goewermentskool gehuisves was, 91 kinders onderrig ontvang het.³⁾

Die weeshuiskinders is ook deur die N.G. Kerk uit die Goewermentskool gehaal en in die Weeshuis deur Mnr. Jacobus Pienaar onderrig, totdat n vergelyk met die Goewerment in April 1905 getref is.⁴⁾

Vyf plaasskole in die Winburgdistrik, Klipfontein, Mexico, The Mine, Onverwacht en Dankbaarheid, was onder die sorg van die C.N.O.-beweging. In 1905 het die C.N.O.-skoolkommissie uit die predikant en Mnre. Theron, S. Pienaar, F. van der Werken, F. Bell en F. R. Cronje bestaan.⁵⁾

Die leerplanne van die C.N.O.-skole was in alle opsigte die gelyke van die staatskole wat gehalte en standaard betref. Leerlinge is terdeë in beide tale onderrig en met sukses vir alle eksamens voorberei. Die Goewerments-onderrigoutoriteite moes met dié skole rekening hou, en mettertyd het daar n skikking gekom. Dit was ds. Marquard van Winburg wat hierin die voortou geneem het, want in n skrywe aan Gunn, die Direkteur van Onderwys, het hy gevra: „Is it true that the Governement are contemplating the remodelling of the constitution and powers of school Committees? I sincerely trust the rumours we hear are true". Ds. Marquard het sonder meer drie voorstelle/

1) D.V. 1904, p.158 (Petisie van September 1903).

2) D.V. 1905, p.137.

3) L.B. Oktober 1904.

4) L.B. Januarie 1904.

5) D.V. 1905, p.137.

voorstelle vir n skikking uiteengesit. Dit het kortliks op die volgende neergekom:

- (1) Dat die ouers die helfte van die lede vir die komitee moes kies met inagneming van die sterkte van die partye wat in die besondere skool belang gehad het.
- (2) Dat die aanstelling van onderwysers by die skoolkomitee moes berus, maar aan die goedkeuring van die Goewerment onderworpe moes wees.
- (3) Onderwysers mag deur die Komitees ontslaan word, maar sulke besluite kon deur die Goewerment geveto word. 1)

Ds. Marquard het sy brief as volg afgesluit: „You know how anxious I am that there should be co-operation between the Government and ourselves”, en hy het verklaar dat ingeval van n amalgamasie n ooreenkoms in verband met die indiensneming van die C.N.O.-onderwysers gemaak moes word. 2)

Gunn het op 19 Oktober 1904 verklaar dat hy dié voorstelle vir oorweging aan die Goewerment voorgelê het. n Konsep samestelling van lede vir n samespreking is voorgestel, maar daar is bygevoeg dat die Goewerment alleenlik op die volgende voorwaardes n skikking kon oorweeg:

- „(1) That a definite understanding is arrived at whereby a substantial share of the expenditure involved in the maintenance of the school or schools under their control shall be contributed by the inhabitants of the district which they represent, and
- (2) that the principle of free education is recognised”. Die moontlikheid van n samespreking is in die vooruitsig gestel. 3)

Op 10 November 1904 het ds. Marquard verklaar dat die Sinodale Kommissie gretig was om Mnr. Gunn te ontmoet en dié saak te bespreek, 4) maar Gunn het beweer dat die besonderhede van enige uitbreiding van magte wat moontlik aan die plaaslike komitees toegestaan kon word, n onderwerp vir bespreking op

n/

1) D.V. 1905, p.117-118.
2) D.V. 1905, p.118.
3) D.V. 1905, p.119.
4) D.V. 1905, p.120.

n konferensie was.¹⁾

Ds. Marquard het intussen die Sinodale Kommissie toesprek, maar hy is ongelukkig in Desember 1904 oorlede en kon dus nie die vrug op sy pogings vir amalgamasie sien nie.

C. D. Bam van Fauresmith het daarna die leiding geneem.²⁾

In Maart 1905 is die probleme gedeeltelik deur n kompromis uit die weg geruim, sodat die Goewerment ingewillig het om die C.N.O.-skole oor te neem. Die C.N.O.-skool te Winburg was die eerste om sy lot by die Goewermentskool in te werp.³⁾

Op 17 April 1905 is n konferensie te Winburg gehou. Die volgende persone was by dié konferensie teenwoordig: Ds. P. H. Roux wat die Sinode verteenwoordig het; die C.N.O.-skoolkomitee van Winburg; Mev. Meiring; Mnr. H. Gunn, Direkteur van Onderwys; ds. M. Jacques wat die Goewermentskoolkommissie van Winburg verteenwoordig het; R. Mc'Intosh, Inspekteur van Skole, en Mnr. D. Pyne Mercier, skoolhoof van die Goewerment-skool. n Ooreenkoms is bereik en die skole te Winburg sou op 25 April 1905 op die volgende voorwaardes amalgameer:-

- (1) Dat Mnr. Craig, die prinsipaal van die C.N.O.-skool, n aanstelling van die Goewerment teen n salaris van £300 per jaar ontvang met £5 as toelae vir n huis, mits hy nie van n huis voorsien word nie. Hy word eers as skoolhoof te Jagersfontein aangestel; daarna sou hy enige pos moet neem - nie noodwendig n hoofskap nie.
- (2) Dat Mejj. le Roux en Coward, onderwyseresse van die C.N.O.-skool, aanstellings in die Goewermentskool op die dorp teen £175 en £150 p.j. onderskeidelik ontvang.
- (3) Dat die skoolbanke, swartborde en kaarte wat aan die C.N.O.-skool behoort, deur die Goewerment teen kosprys min 10% oorgeneem moet word.
- (4) Dat die koshuis wat op dié tydstip onder die beheer van Mej. Meiring was, deur die Goewerment „on the usual conditions regulating denominated hostels" tot aan die einde van 1905 erken moet word, met dien verstande dat

dit/

1) D.V. 1905, p.121.

2) D.V. 1905, p.122.

3) B.I.S. Beukman: op.cit., p.30. cf. "The Friend"
28 April 1905.

dit daarna onder die beheer van die N.G. Kerk van Winburg sal kom, en dat die toelae daarna aan die Sekretaris van die Hostelkommissie uitbetaal moet word.

- (5) Dat die vyf skole, naamlik Klipfontein, Mexico, The Mine, Onverwacht en Dankbaarheid, deur die Goewerment as plaasskole onder die gewone bepalings vir plaasskole oorgeneem moet word. Aan elke skool sal 'n toelaag van £60 per jaar betaal word, mits die gemiddelde skoolrol nie minder as twaalf is nie. Indien die rol minder as twaalf is, sal £5 per kind per jaar vir gemiddelde skoolbesoek uitbetaal word. 1)

Hierdie ooreenkoms is onderteken deur: W. J. Theron, namens die Sinodale Komitee; F. R. Cronje, namens die C.N.O.-skoolkomitee, en Hugh Gunn, namens die Goewerment van die Oranjerivier-Kolonie.²⁾

In hierdie stadium was Mnr. D. Pyne Mercier die skoolhoof van die Goewermentskool te Winburg. Op 28 April 1905 is die kinders van die C.N.O.-skool (91 in getal) wat ten tye van die oorplasing in die stadsaal onderrig ontvang het, na die Goewermentskool oorgeplaas.³⁾ Hiermee het die C.N.O.-skool te Winburg opgehou om te bestaan.

(c) DIE GOEWERMENSKOOL (1903-1904).

Personeel: Na die Anglo-Boere-oorlog was C. Grant die eerste skoolhoof in die staatskool te Winburg. Toe dié skool op 26 Januarie 1904 na die Kersvakansie heropen het, het F. J. Harper gedurende die afwesigheid van Grant wat met siekteverlof was, as waarnemende hoof opgetree. In Maart 1904 was daar sewe lede op die personeel: Mejj. Mc Arthur, Phillips, Legg, Smith, van Rooyen en Mnr. van der Merwe, die onderwyser wat vir die doseer van Hollands verantwoordelik was.⁴⁾ In Mei 1904 het P. Elffers van Bethulie as nuwe Hollandse onderwyser na Winburg gekom. Hy het ook as „Hostel Warden" opgetree.⁵⁾

Skoolrol/

-
- 1) D.V. 1905, p.137.
2) D.V. 1905, p.137.
3) L.B. 28 April 1905.
4) L.B. Maart 1904.
5) L.B. Mei 1904.

Skoolrol: Gedurende die eerste week na die heropening van die skool in 1904 het die getal op die rol van 217 na 230 gestyg. Dié getal was ongeveer veertig minder as dié teen die einde van 1903, aangesien die kinders wat in die Weeshuis was, deur die N.G. Kerk uit die skool gehaal is as gevolg van die stigting van 'n C.N.O.-skool op die dorp.¹⁾

Intussen het daar ook 'n „Free-school" op die dorp bestaan. Dié skool het in Maart 1904 gesluit, en die leerlinge van „Grade VI and DIV I" is na die ou gebou, die „Masonic Hall", waarin die Vryskool gehuisves was, oorgeplaas. Hierdeur het die rol van die staatskool weereens gebaat. Mej. van Rooyen, die hoof van genoemde Vryskool, het by die personeel van die Goewermentsskool aangesluit.²⁾

Eksamens: Maandelikse eksamens is in die Goewermentsskool afgeneem. Grant het alle eksamens, beide in die staatskool en in die Vryskool, waargeneem. Twee kandidate het op 6 Junie 1904 die toelatingseksamen tot die Normaalskool, Bloemfontein, afgelê.³⁾

Ander skoolwerkzaamhede: Gedurende die eerste week na die Aprilvakansie van 1904 het die skoolhoof 'n vergadering van al die skoolseuns byeengeroep en die wenslikheid van die stigting van 'n voetbalklub bespreek. Dié klub is die „Winburg Junior Football club" genoem.⁴⁾

Op 6 Mei 1904 is verklaar: „An attempt has been made to organise a night school; and two preliminary meetings and two meetings of the classes were held. But the scheme had to be abandoned as on Thursday evening, the second meeting of the classes, only 14 students came forward. An average attendance of 20 is required by the Dept. before sanctioning the opening of such a school."⁵⁾

n/

-
- 1) L.B. Februarie 1904.
 - 2) L.B. Junie 1904.
 - 3) L.B. Junie 1904.
 - 4) L.B. April 1904.
 - 5) L.B. Mei 1904.

n Sportbyeenkoms is op 22 Junie 1904 gehou.¹⁾

Die skooltye vir die wintermaande was: 9 vm. tot 12.30 nm. met n pouse van 25 minute van 11 vm. tot 11.25 vm. Die skool het vir die etensuur gesluit en weer om 2 nm. begin en tot 3.30 nm. aangehou.²⁾

Geboue: Die argitek van die Departement van Publieke Werke, Taylor, het die skool op 4 Maart 1904 besoek om die spesifikasies vir die voltooiing van die skool en die veranderings wat aan die ou gebou gedoen moes word, na te gaan.³⁾ Die akkommodasie was nie voldoende nie, want daar moes onder andere van die „Masonic Hall" gebruik gemaak word.

Ongelukkig is geen inspeksie tydens die periode wat Grant die skoolhoof was, gedoen nie, alhoewel die skool tweekeer deur die besoek van hoë departementele amptenare ver-eer was: Mnr. Gunn, die Waarnemende Direkteur van Onderwys, en Brinsley White, die hoofinspekteur van skole, het onder-skeidelik op 26 April 1904 en 22 Junie 1904 die skool besoek.

Grant het n verplasing na Bloemfontein aanvaar, en sy opvolger het op 9 September 1904 te Winburg in diens getree.⁴⁾

* * * * *

2) D. PYNE MERCIER (1904-1920).

(a) INLEIDING.

Die nuwe skoolhoof, D. Pyne Mercier, het op 9 September 1904 diens aanvaar.⁵⁾ Na 25 jaar en nege maande van diens as onderwyser in die Oranje-Vrystaat waarvan die laaste ses-tien jaar as hoof van die staatskool te Winburg, het hy op 29 September 1920 die prinsipaalskap neergelê.⁶⁾

Dr. J. van Rensburg, een van sy oudskoliere, getuig van Mercier as volg: „In those years I got a fairly good
knowledge/

-
- 1) L.B. Junie 1904.
 - 2) Vgl. L.B. 1904.
 - 3) L.B. Maart 1904.
 - 4) L.B. September 1904.
 - 5) Ibid:
 - 6) L.B. September 1924.

knowledge of English and, what is more important, learnt to appreciate it. Especially our principal, Mr. Pyne-Mercier, took great pains to teach us good English and to awaken an interest in the literature in the young white hopes before his desk".¹⁾

Mnr. Mercier het ook 'n lewende belangstelling in die doen en late van sy oudskoliere getoon. Hy het byvoorbeeld die loopbaan van Pierre van Ryneveld, later sir Pierre van Ryneveld, met noukeurigheid gevolg. Dr. van Rensburg verklaar: „I remember seeing an 'Allen's Latin Grammar' on his desk, which had previously belonged to sir Pierre (then fighting in France). In a boyish hand the erstwhile owner had written his name. In Mr. Pyne-Mercier's hand 'Lieutenant' had been placed before it: then 'Captain', as he followed his old scholar's promotions like an Army List".²⁾

Op 25 Augustus 1916 het Mercier in die logboek geskryf: „Flight Commander Pierre van Ryneveld, an old pupil, had been awarded the Military Cross for bravery in Egypt".³⁾

Mercier was in 1911 ook die president van die Oranje-Vrystaatse Onderwysersvereniging. (O.V.S.O.V.)⁴⁾

Gedurende sy dienstyid as skoolhoof was Mercier vir ses maande met verlof toe hy met vakansie na Europa was. Tydens sy afwesigheid het Finlay as waarnemende hoof van 5 April 1909 tot 8 Oktober 1909 opgetree.⁵⁾

Mercier se ampstermyn word veral deur die taalmediumkwessie, die voortdurende gesukkel in verband met akkommodasie en die uitbreiding van die vakke waarin daar onderrig gegee was, gekenmerk. Die ontwikkeling onder sy regime het ook die fondament vir die skeiding van die skool in 'n aparte Hoër- en Laerskool onder aparte skoolhoofde gelê. Hier-

die/

1) H. van Rensburg: Their paths crossed mine, p.13.

2) Ibid: p.13.

3) L.B. augustus 1916.

4) D.V. 1910-1911, p.316.

5) L.B. April 1909 - Oktober 1909.

Hierdie skeiding het drie jaar na sy uittrede as skoolhoof plaasgevind.

(b) DIE TAALMEDIUM.

Gedurende Mercier se dienstyd as skoolhoof het die taalmedium van die onderwys deur drie stadia ontwikkel, naamlik: Engels, Hollands en Afrikaans.

Met die aankoms van D. Pyne Mercier as skoolhoof in 1904, was Engels die medium van onderrig in die skool. Die stryd van die Boerebevolking en die Vrystaatse Sinode het op die stigting van C.N.O.-skole uitgeloop. Die samesprekings wat die inlywing van die C.N.O.-skole by die staatskole ten gevolge gehad het, het tot die Onderwys-ordonnansie van 1905 gelei. Dit het onder andere bepaal dat Engels die voertaal waardeur onderrig gegee moes word, gebly het; die tyd wat aan die onderrig van Hollands en Engels as tale gegee moes word, is gelyk gestel.

Toe die „Oranje River Colony" in 1907 verantwoordelike bestuur gekry het, was dié toestand in verband met die medium van onderrig nog van krag. Generaal Hertzog wat toe die Minister van Onderwys geword het, het dadelik stappe gedoen om verbetering in die onderwystoestande aan te bring en ongerymdhede in verband met die taalvraagstukke uit die weg te ruim. n Onderwyswet is gemaak waardeur onder andere alle kinders tussen sewe en sestien jaar verplig was om skool te gaan; die volgende was die bepalings in verband met die taal en taalmedium:

„No. 14. De hoofonderwijzer van elke lagere of middelbare openbare school zal verplicht zijn zoveel mogelijk voorziening te maken voor de gelijke behandeling van de Engelse en Hollandse taal in zulke school te handhaven, ten einde grondige kennis van elk van deze talen bij de kinderen te verzekeren", en dat

„No. 15 (1)..... Engels en Hollands de uitsluitende en gelykwaardige mediums van onderwijs in elke openbare school zijn en zal elk kind tot en met Std. IV in elk onderwerp onderwezen worden door middel van de taal die het best door zulk kind gesproken en begrepen wordt, als het medium van onderwijs voor zulk kind....." 1)

Na/

1) Wetten van de O.R. Kolonie 1907-1908, p.327.

Na standerd vier moes minstens drie hoofvakke in elke standerd deur medium van Engels en drie deur medium van Hollands doseer word.¹⁾

In verband met die toepassing van hierdie wet in Winburg en omstreke het die inspekteur, die heer P. Elffers, wat voorheen onderwyser in Hollands aan die Winburgse Goewermentskool was, verklaar dat die skoolwet wat op 1 November 1908 in werking getree het, sekere veranderinge in die werk van dié skool teweeggebring het, veral met betrekking tot die voertaal, maar dat in dié opsig nie veel moeilikheid ondervind was nie: „Onder het vorige regime hadden de onderwijzers veelal de gewoonte gehad om de moeilijkheden van de Engelse les in Hollands te verklaren en vice versa, zodat de nieuwe regulaties geen ingrijpende verandering in de bestaande methodes maakten". Hy het verder verklaar dat byna al die onderwysers tweetalig was, en daarom sou die grondbeginsels van die nuwe wet in byna alle gevalle uitgevoer word.²⁾

Tog was die toestand in verband met die taalmedium en die onderrig van Hollands nie so rooskleurig as wat Elffers aanvanklik gereken het nie, want intussen het daar baie misverstand in Winburg se goewermentskool in verband met die nuwe onderwyswet en die metode van Hollandse onderrig geheers, aangesien hy verskeie kere die skool besoek het, teneinde die nuwe metodes te laat toepas en posvat. Twee inspekteurs het op 25 Augustus 1909 spesiaal die onderwyswet aan die personeel van die Winburgse Goewermentskool gaan verduidelik. Mercier het verklaar: „He (Elffers) took the classes in order from the lowest Department in various subjects" om die metode van onderrig deur medium van Hollands te illustreer.³⁾

Hierna/

1) Ibid: p. 327-328.
2) D.V.: 1908-1909, p. 30.
3) L.B.: Augustus 1909.

Hierna het die medium van onderrig minder moeilikhede gelewer, maar n nuwe probleem het sy kop uitgesteek: Afrikaans in stede van Hollands is as taalmedium gebruik. Elfers het reeds in 1909 verklaar: „Ik merk echter dat, als de onderwijzers in Hollands les geven, zij al te gaarne Kaaps Hollands gebruiken. Mijn gedachte is dat het slechts voor het doel van verklaring en dan alleen in de lagere standaards behoort gebruikt te worden, maar dat de onderwijzer er naar trachten moet goed Hollands in de hogere standaards te verkrijgen”.¹⁾

Maar so laat as 1915 is Engels nog te veel as medium in die laer klasse gebruik, en in die inspekteursrapport oor Winburg se goewermentskool het die inspekteur verklaar dat: „In view of the requirements of the most recent legislation regarding the media of instruction, it struck us that English was too extensively employed in the classes up to S~~t~~.IV as the medium of instruction”. Aangesien die meerderheid leerlinge in elke klas Hollandssprekend was, het hy aanbeveel dat „a more liberal use of the Mother Tongue of the majority” as medium vir onderwys gebruik moes word.²⁾

Daar is toe voorwaar meer van die „Mother Tongue”, in dié geval Afrikaans, gebruik gemaak, sodat Hollands as medium byna heeltamal verdwyn het. In 1919 (die eerste inspeksierapport wat in Afrikaans te Winburg gelewer is) het inspekteur Wessels n duidelike beeld van die toestand van Hollands en Afrikaans gegee: „Dit spreek tog vanself dat die Afrikaanssprekende kind, wat Nederlands deur medium Afrikaans leer, gekniehalter is as hij moet Nederlands skryf in sij opstelle vir Inspeksie en ander doeleindes”.³⁾ (Dit lyk asof inspekteur Wessels self moeilikheid ondervind het om Afrikaans te gebruik wanneer hy dit moes skryf.)

Daar het in 1919 ook die neiging onder die kinders be-

staan/

1) D.V.: 1908-1909, p.31.

2) I.R.: 1915. (Inspekteursrapport).

3) I.R.: 1919.

bestaan om gladnie Engels te wil leer nie, en in die standerd twee-klas was daar vyf leerlinge wat „geen Engels leer nie“. Die inspekteur het verklaar dat die leerlinge wat na standerd vyf oorgegaan het, meer aandag verdien het, omdat hulle gewoon was aan Engels as voertaal en dit sou hulle onderrig strem „as hulle nou weer somaar klaps in n klas moet gaan sit, waar Hollands die hoofvoertaal is“. ¹⁾

In 1918 het die inspekteur van die Winburggrondgang in die direkteursverslag berig dat Afrikaans op daardie tyd stip Nederlands in byna al die skole van sy afdeling as leervak in die laer klasse vervang het. Winburg se middelbare skool was die enigste dorpskool wat niks met die sogenaamde nuwe beweging te doen wou hê nie. Die skoolkommissie het egter besluit om van die begin van 1919 ook by die gesonde beginsel van huistaalonderrig vir die Afrikaanssprekende kind aan te sluit. ²⁾ Skygbaar was Mercier wat alreeds byna veertien jaar skoolhoof te Winburg was, nie gediend met die nuwerwetse idee om Afrikaans as skoolvak in te voer nie.

In Maart 1920 het Mercier egter n vergadering van onderwysers „responsible for Afrikaans in the school“, gehou. ³⁾

Die medium waardeur onderrig gegee is, was nog lank nie suiwer nie, want op 20 September 1920 het die inspekteur verklaar dat Engels en Nederlands „met n deurspekking van Afrikaans“ die medium van onderwys in die middelbare afdeling was. ⁴⁾

Na 1920 is nie weer iets in verband met dié moeilikheid teëgekome nie en het dit op Winburg, wat die taalmedium betref, normaal toegegaan.

(c) PERSONEEL EN SKOOLORGANISASIE.

Na die aanstelling van Mercier as skoolhoof, het daar n wisseling van personeel plaasgevind; daar was toe nege

lede/

1) I.R: 1919.
2) D.V: 1918, p.37.
3) L.B: Maart 1920.
4) I.R: 1920.

lede - die prinsipaal inbegrepe. Mej. Crandall het sedert 23 Januarie 1905 die „School Elementary“-klas waargeneem, en die koshuis was onder die sorg van Mnr. P. Elffers. Mej. van Rooyen het n pos wat die Departement haar aan die Normaal-skool aangebied het, aanvaar, maar daarna is haar oorplasing weer deur die Departement uitgestel. Op 5 Junie 1905 het Mej. Meiring wat tydens die oorlog n privaatskooltjie begin het, by die personeel in n tydelike hoedanigheid aangesluit, sodat die personeel toe bestaan het uit die volgende persone: D. P. Mercier (skoolhoof), P. D. Elffers (onderhoof) en nog tien onderwyseresse: Mejj. E. D. Crandall, A.P. Hayes, M. A. Thom, E. S. le Roux, L. Smith, S. van Rooyen, S. Co-ward, R. Sanders, C. Zietsman en A. Meiring.¹⁾

Op 30 Junie 1905 is daar van P. Elffers afskeid geneem; hy het n inspektoraat aanvaar.²⁾

P. D. Elffers is in 1861 in Haarlem gebore. Hy het sy opleiding aan die welbekende Hollandse Kweekskool in Nymegen, De Klokkenberg, ontvang en in 1882 na Suid-Afrika gekom. In 1895 het hy prinsipaal van Fauresmith geword.³⁾ In Mei 1904 het hy van Bethulie gekom en as onderhoof en koshuisvader te Winburg opgetree. Mnr. Brink is in sy plek te Winburg aange-stel.⁴⁾

n Onderwysersvergadering is op 8 Oktober 1909 belê om n paar aanmerkings wat in die inspekteursrapport van 7 - 10 September 1909 voorgekom het, te bespreek. (Tot 1919 was geen gereelde personeelvergaderings gehou nie.) Een op-merking waaroor die skoolhoof op dié bepaalde vergadering sou praat, was seker die volgende bestraffing van die inspek-teurs: „.... but we cannot refrain from expressing our surprise that the majority of the staff appear to take so little interest in the outdoor life of the children.“⁵⁾

Op/

1) D.V: 1904-1905, p.95.

2) L.B: Junie 1905.

3) „Die Volksblad“ 11 September 1931.

4) L.B: Junie 1905.

5) I.R: 1909.

Op 6 Augustus 1912 het Winburg se goewermentskool sy eerste handelsonderwyser in die persoon van Mnr. Groenewald gekry.¹⁾

Inspekteur Wessels het in 1919 versoek dat daar gereeld personeelvergaderings gehou moes word, en hy het daarop aangedring dat daar n „detailed dovetailed“-skema vir die hele skool „into which each teacher will be fit exactly to ensure smooth running“ moes wees. Dit spreek vanself dat die inspekteurs besonder veel waarde aan herhaalde en gereelde personeelvergaderings ter bespreking van metode en organisasie betreffende die onderwys sou heg. So ernstig was die versoek van Inspekteur Wessels, dat die skoolhoof nie langer as die volgende Maandag gewag het om so n skema met die personeellede van standerd een tot standerd drie te bespreek nie, „and discussed schemes of work and methods of instruction“.²⁾

In die inspekteursrapport van 27 November 1919 is dit interessant om van die volgende plig wat aan die skoolhoof opgedra is, te verneem: Hy behoort dikwels die skriftelike werk van die klasse vir insage te ontbied, en hy behoort hom dit ook ten doel te stel om dikwels lesse by te woon teneinde goed op hoogte te bly wat die vordering van die verskillende klasse betref; waar nodig moet hy modellesse ter voorligting van die personeellede gee. Dit kom dus voor asof Mercier nooit tevore dié metode gevolg het nie; n waarskynlike rede hiervoor was omdat hyself ook n klas waargeneem het. Teneinde dit vir die skoolhoof moontlik te maak om dié verpligting na te kom, het die inspekteurs reeds in 1918 aanbeveel dat die prinsipaal van klasonderwys onthef moes word.³⁾

In 1919 was daar vyftien onderwysers behalwe nog ses spesiale vakonderwysers soos dié vir Kookkuns en Huishoudkunde. Saam met die skoolhoof was daar dus 22 lede op die

personeel/

1) L.B: Augustus 1912.
2) L.B: April 1919.
3) I.R: November 1919.

personeel wat aan 431 leerlinge onderrig gegee het.¹⁾

Die middelbare werk is in 1920 deur die skoolhoof en ses assistente waargeneem. Daar was toe 74 leerlinge in die middelbare afdeling.²⁾

Die personeelvoorsiening was klaarblyklik ontoereikend, want die inspekteur het op 20 September 1920 verklaar dat daar n „heersende skaarste van leerkragte in dié geweste was“³⁾

Pas na sy aankoms het Mercier die skooltye met die toestemming van die skoolkommissie as volg gereël: 7 vm. tot 8.30 vm. en 9.30 vm. tot 1.0 nm. In Mei 1906 is dit weereens verander; die skooldag was toe van 8.30 vm. tot 1.30nm. met n pouse van 25 minute.⁴⁾

(d) AFGEMENE ONTWIKKELING VAN DIE SKOOL.

(i) SKOOLROL:

Alhoewel die C.N.O.-skool gedurende Oktober 1904 reg teenoor die Goewermentskool intrek geneem het, was daar geen merkbare afname in die getalle van die Winburgse regering-skool nie.⁵⁾

Aan die begin van 1905 het die leerlingtal op 221 te staan gekom, en in April 1905 was daar 247 kinders op die rol. Op 28 April is die kinders van die C.N.O.-skool formeel na die Goewermentskool oorgeplaas, sodat die getalle van 247 na 341 opgeskuif het.⁶⁾ In April 1906 was daar n verdere vermeerdering. Dié toename was toe te skryf aan die feit dat n aantal kinders van Mushroom Valley ingeskryf het; dié skool het in Maart 1906 gesluit.⁷⁾ Op 12 April 1907 het ons die interessante verskynsel gehad dat daar 192 seuns en 191 dogters op die rol was. In Mei 1907 was daar 391 leerlinge, maar as gevolg van die depressie het baie families in 1907 Winburg verlaat en die getalle het in

Augustus/

1) Ibid: November 19191

2) I.R: September 1920.

3) I.R: September 1920.

4) L.B: Mei 1906.

5) L.B: Oktober 1904.

6) L.B: April 1905.

7) L.B: Maart 1906.

Augustus na 367 gedaal.¹⁾ In Augustus van die volgende jaar was daar 'n toename in die getalle van die hoër klasse, maar aan die einde van Oktober 1908 het verskeie ouers hulle kinders uit die skool gehaal as gevolg van die instelling van skoolgelde op 26 Oktober 1908.²⁾

Die skoolrol het tot in 1918 tussen 330 en 380 gewissel. Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het die rol negatief beïnvloed, maar in September 1918 het die inspekteur verklaar dat „the parents in the district are beginning to look up to the town school as the great central school of the district”.³⁾ Eers in 1919 is die vier honderd-kerf vir die eerste keer bereik.

Die verdeling van die 334 kinders in die skool in 1915 was min of meer as volg: 'n derde was onder standaard een, 'n agtste in die sekondêre afdeling (40). Slegs sewentien kinders was bo standaard agt.⁴⁾

Die volgende tabel gee 'n beeld van die toename in getalle sedert 1915:⁵⁾

JAAR.	MAKSIMUM ROL VAN SKOOL.	SEKONDÊRE AFDELING.
1915	334	40
1917	353	35
1919	431	58
1920	432	74

Die volgende jaar, 1921, is die 500-kerf bereik, terwyl die getal in die sekondêre afdeling na 120 opgeskuif het.⁶⁾

In die sestien jaar wat Mercier die skoolhoof was, het die getalle tussen 1905 en 1920 verdubbel, en die middel-

bare/

-
- 1) L.B: Augustus 1907.
 - 2) L.B: Oktober 1908.
 - 3) I.R: September 1918.
 - 4) L.B: 1915.
 - 5) L.B: 1915-1920.
 - 6) L.B: 1921.

middelbare afdeling het van twee kandidate in standerd agt in 1904 gegroei tot 74 leerlinge in die hoërskool in 1920.

(ii) GEBOUE:

As gevolg van die gedurige aanwas van die skoolrol was die tekort aan klaskamers n akute vraagstuk wat gedurende die hele dienstyd van Mercier as skoolhoof aan die orde van die dag was.

Die inspekteur het in 1904 verklaar dat die uitgerekte vertraging om permanente klaskamers te voorsien die vordering van die leerlinge vertraag en die hele proses van vooruitgang van die opvoeding en onderwys in die Winburgdistrik in die wiele gery het.¹⁾

Nieteenstaande die feit dat onmiddellik twee klaskamers wat 140 kinders kon huisves, teen n koste van £1,700 aangebou is,²⁾ was daar nog 75 leerlinge wat in n tydelike vertrek onderrig ontvang het.³⁾ Nuwe klaskamers is weer aangebou,⁴⁾ en in 1907 kon die inspekteur rapporteer dat Winburg "... een voltooide school"...." het.⁵⁾ In 1909 was die geboue in n goeie toestand, maar daar is verklaar dat n laboratorium vir Wetenskap dringend nodig was.⁶⁾ Die inspekteur het weereens in 1910 verklaar dat daar n tekort aan laboratoriums vir Chemie en Plantkunde was, want laasgenoemde sou moontlik as skoolvak ingestel word.⁷⁾

Met die oog hierop het dr. Viljoen, Direkteur van Onderwys, en Mnr. Elffers, Inspekteur van Onderwys, op 8 Februarie 1911 n besoek aan die skool gebring, en op n vergadering met die skoolkomitee is die noodsaaklikheid en die wenslikheid van verbetering en uitbreiding van die geboue en benodigdhede bespreek.⁸⁾ In September 1911 is verklaar dat drie nuwe

klaskamers/

-
- 1) D.V: 1904-1905, p.24.
 - 2) D.V: 1904-1905, p.66.
 - 3) D.V: 1904-1905, p.24.
 - 4) D.V: 1906-1907, p.38.
 - 5) D.V: 1907- 1908, p.23.
 - 6) I.R: September 1909.
 - 7) I.R: Augustus 1910.
 - 8) L.B: Februarie 1911.

klaskamers in aanbou was, wat die personeel in staat sou stel om gereelde onderrig in Wetenskap te kon gee, aangesien een van die kamers as n laboratorium toegerus sou word.¹⁾ Die hele skoolgebou was egter in n redelike swak toestand, want die inspekteur het verklaar dat die gebou deur n inspekteur van die Departement van Publieke Werke ondersoek moes word en dat „the infant room should be attended to, as either the ceiling has shrunk or the outside wall is falling outward“²⁾

Die drie klaskamers wat aangebou is, het £1,727 gekos³⁾ en is op 1 Maart 1912 voltooi; daar was egter geen meubels in nie,⁴⁾ en die vertrekke kon eers in Mei betrek word toe nuwe banke en ander toebehore ontvang is.⁵⁾

Pas ses maande hierna het inspekteurs Kupferburger en de Bruyn verklaar dat nog klaskamers nodig was, aangesien twee nuwe vakke (Kookkuns en Houtwerk) by die skool ingestel sou word. Hulle het ook aanbeveel dat n skoolsaal of anders n afdak waaronder die kinders die liggaamsoefeninge kon doen, gebou moes word.⁶⁾

In 1915 is die tekort aan klaskamers en die noodsaaklikheid vir die aanbou daarvan nog steeds gevoel. Hierdie behoefte het aangegroei, want in die inspekteursrapport van 1915 is verklaar dat twee gewone klasse en die houtwerkklas nog steeds in geboue buite die skool ingekwartier was. Die Houtwerk is nog steeds in n kamer wat aan die weeshuis behoort het, gegee. Hoewel dié vertrek heeltemal geskik was, was dit ver van die skool en aansienlike tyd het verlore gegaan met die wisseling van periodes.⁷⁾

Inspekteur Wessels het die skool in 1918 besoek om onder andere ondersoek in te stel in verband met die aan-

vraag/

-
- 1) I.R: September 1911.
 - 2) Ibid.
 - 3) D.V: 1910-1911, p.300.
 - 4) L.B: Maart 1912.
 - 5) L.B: Mei 1912.
 - 6) I.R: November 1912.
 - 7) I.R: 1915.

aanvraag om meer akkommodasie. Sy bevinding was dat daar minstens tien klaskamers nodig was om met die natuurlike groei van die skool tred te hou, en dat dit baie moeilik was om altyd geskikte vertrekke in die dorp te huur.¹⁾ Hy het onder meer in die direkteursrapport verklaar dat weens die natuurlike vermeerdering van leerlinge op die rol en die uitbreiding van die leerplan in die rigting van tegnies-praktiese onderwys, die behoefte aan meer klaskamers dringend was, en dat die gesondheid van leerlinge in ondoelmatige, gehuurde klaskamers baie gelyk het; dit was n feit wat te Winburg gestaaf kon word.²⁾

Die aanvraag na meer klaskamers en die bewyse van die ondoeltreffendheid van gehuurde vertrekke word nou jaarliks in die inspekteursrapporte aangehaal. In 1919 was die standaard ses-klas op die kerkplein gehuisves, en die ongeskiktheid van gehuurde kamers is weereens beklemtoon.³⁾

Aan die begin van 1920 was daar nog steeds n nypende tekort aan klaskamers, want: „owing to the occupation of the Town Hall by the Wesleyan Synod it was necessary to transfer the English section of St. I and II to the vestry of the Wesleyan Church”.⁴⁾ Die skool was dus nog oor die hele dorp versprei, Mercier het afgetree, en nog was die probleem in verband met akkommodasie nie opgelos nie!

Maar in die direkteursverslag van 1920 het die inspekteur verklaar: „Ek is bly om te kan konstateer, dat ekstra klaskamers in aanbou is te Winburg...”.⁵⁾

(iii) EKSAMENS:

Gedurende die eerste aantal jare na die Anglo-Boere-oorlog is verskeie soorte eksamens in die Winburgse Goewerment-skool afgeneem waaronder die volgende voorgekom het:

„Bank/

-
- 1) I.R: September 1918.
 - 2) D.V: 1918, p.37.
 - 3) I.R: November 1919.
 - 4) L.B: Januarie 1920.
 - 5) D.V: 1920, p.101.

„Bank of Africa“-eksamen; dié eksamen is op 18 November 1904 afgeneem, en Walter Cousins het geslaag. Die Normal School Entrance Examination" is op 1 en 2 Mei 1905 deur Mnr. Brinsley White, hoofinspekteur, afgeneem,¹⁾ en Sinnie Cooper het dié eksamen as n tegniese student geslaag.²⁾ Promosie-eksamens vir die „Merit-Certificate" is deur Mnr. Mc'Intosh, inspekteur van onderwys, op 5 Junie 1905 afgeneem.³⁾ Mnr. Cliffe het op 8 Augustus 1905 die „Cape University Music Examination" afgeneem.⁴⁾

Sedert 1907 is die Hoër en Laer Taalbondeksamens gereeld jaarliks deur leerlinge van die Goewermentskool geskryf. Op 13 September 1907 is die eerste van dié soort eksamens afgelê. Nege kinders het die die Hoër Taalbondeksamen ingeskryf en almal het geslaag. Van die 22 vir die Laer Taalbondeksamen het agtien geslaag, met die gevolg dat Winburgskool eerste geplaas is in die Taalbondeksamens van die Oranjerivier-Kolonie met n totaal van 27 geslaagdes. As gevolg van sy prestasie in die Taalbondeksamen het Ben Adam die distriksprys verower.⁵⁾

Dadelik na sy aankoms as skoolhoof het Mercier kwartaalse eksamens in die skool ingestel⁶⁾ wat die maandelikse eksamens van Grant vervang het.

Skoolhoëreksamens is reeds in 1904 afgeneem, en Peter Kahts, een van die twee kandidate wat hiervoor ingeskryf het, het in die derde klas geslaag.⁷⁾

Aan die einde van 1905 is vir die eerste keer kandidate vir die Matrikulasie-eksamen ingeskryf tw. Albert Schnehage en Murray Meiring; laasgenoemde het geslaag om sodoende die eerste persoon te wees wat die Matrikulasie-eksamen te Winburg met sukses afgelê het.⁸⁾

Die/

-
- 1) L.B: Mei 1905.
 - 2) L.B: Junie 1905.
 - 3) L.B: Junie 1905.
 - 4) L.B: Augustus 1905.
 - 5) L.B: September 1907.
 - 6) L.B: September 1904.
 - 7) L.B: Januarie 1905.
 - 8) L.B: Januarie 1906.

Die volgende tabel toon die uitslae vir die Matrikulasie-eksamens tussen 1906 en 1911.

MATRIKULASIE-EKSAMEN.

JAAR.	AANTAL INGESKRYF.	TOTAAL GESLAAG.
1906	4	2
1907	2	2
1908	8	6
1909	7	3
1910	4	2
1911	6	4
TOTAAL..	31	19

1)

Inspekteur Elffers het die Winburgse skool gelukkig met die uitslae wat in 1908 met die Matriek-eksamens behaal is; die Taalbonduitslae was weereens uitstekend.²⁾

In 1916 was daar twee Matriekleerlinge; hulle het albei in die eerste klas geslaag; „The two Matriculation candidates obtained the Lower Certificate in English, both being placed in the First class (over 70% of total marks), the only candidates outside Bloemfontein in this class”.³⁾

Die eksamenuitslae het steeds verbeter, sodat die inspekteur in 1920 verklaar het: „Volgens die gepubliseerde resultate van die openbare skooleksamens vergelyk die gehalte van middelbare werk... heel goed met dié van soortgelyke inrigtings in die O.V.S.P.”⁴⁾

(iv) UITBREIDING VAN SKOOLVAKKE:

In 1907 is die volgende vakke in die Winburgse Middelbare afdeling vir die Matrikulasie-eksamen aangebied: Engels, Hollands, Latyn, Grieks, Wetenskap, Rekenkunde en Geskiedenis.

Wetenskap: Die opmerklikste in die middelbare onderwys was/

1) Ongelukkig is daar geen gegewens vir 1912 - 1920 nie en kon ons dus nie die lys voltooi nie.

2) I.R: 1909.

3) I.R: Augustus 1917.

4) D.V: 1920, p.101.

was die groot belangstelling wat in die elementêre natuurwetenskappe geheers het; sedert 1909 was dié vak verpligtend vir die Universiteitseksamens.¹⁾ Die personeel te Winburg wat vir die doseer van die natuurwetenskappe verantwoordelik was, was volgens n verklaring van die inspekteur volkome geskik om uitstekende werk te kon lewer. Hierdie onderwysers was uiters konsensieus en noukeurig.²⁾

Sedert 1910 is suiwer Chemie gegee wat die algemene wetenskap wat tot in 1909 onderwys is, vervang het. Die inspekteur het egter verklaar dat die Wetenskap-apparate geheel-enal ontoereikend was vir n suiwer Chemie-kursus soos in die hoër klasse gevolg is. Die hoop is ook gekoester om met Plantkunde as vak vir die dogters n begin te maak.³⁾

Handelsvakke: Die inspekteurs het in 1911 begin met die agitatie om handelsvakke aan die Winburgskool ingestel te kry, want volgens hulle mening het daar te Winburg n gulde geleentheid bestaan om n begin met aandlesings in dié vak te maak. Hulle het daarom aanbeveel dat die skool op kommersiële grondslag moes ontwikkel. Indien dit n werklikheid kon word, sou n onderwyser met spesiale opleiding in handelsvakke aangestel moet word. Hy kon dan ook vir algemene onderwys in die skool gebruik word.⁴⁾ Die saadjie vir die instelling van handelsvakke was geplant, en op 6 Augustus 1912 het Winburg sy eerste handelsonderwyser in die persoon van Mnr. Groenewald gekry.⁵⁾

In die rapport van November 1912 het die inspekteur bevestig dat n onderwyser vir handelsvakke aangestel is en dat hy Snelskrif en Boekhou aan 37 leerlinge gegee het. Daar is verklaar dat Tikskrif ook binnekort aangebied sou word.⁶⁾

Aandklasse is aan ongeveer agtien leerlinge gegee, en die Stadsraad het goedgunstiglik £10 vir die koop van n tik-

masjien/

1) D.V: 1908 - 1909, p.29.

2) I.R: 1910.

3) I.R: 1910.

4) I.R: 1911.

5) L.B: 1912.

6) I.R: 1912.

tikmasjien bygedra; die Departement het een tikmasjien verskaf. Die inspekteurs het verklaar: „We consider this an extremely commendable feature of the school and feel that we should not rest before all schools have made provision to meet the general demand for these subjects”.¹⁾

Sedert 1912 was hierdie drie vakke: Boekhou, Snelskrif en Tikskrif dus skoolvakke. In die inspekteursrapport van 1919, die eerste rapport in Afrikaans aan die Winburgse Goewermentskool, gebruik inspekteur Wessels die woord „Masienskrif” vir „Typewriting”.²⁾

Landbou: Sedert 1911 het die inspekteurs herhaaldelik gepleit dat Landbou as skoolvak te Winburg ingestel moes word.

In 1911 het hulle aanbeveel dat n onderhoof met opleiding in Wetenskap en Wiskunde aangestel moes word, wat die skool in staat sou stel om landbou-chemie in te stel, indien daarvoor enige aanvraag sou bestaan.³⁾

In 1913 is weereens verklaar dat n poging aangewend moes word om by so n belangrike skool soos dié van Winburg Landbou as skoolvak in te voer.⁴⁾ Daar het egter niks van gekom nie, en in 1918 het die inspekteur weer die instelling van n landbouafdeling bepleit: „(it) would be more to the purpose in furnishing pupils with practical education as a preparation for public life”.⁵⁾ Dit was egter die laaste wat van die instelling van Landbou as vak tydens die hoofskap van Mercier verneem is.

Kookkuns en Naaldwerk: In die Direkteursverslag van 1906-1907 word verklaar dat Mej. Cooper onderrig in Kookkuns en kleremakery gegee het en dat sy ook n dogtersklas het in masjiennaaldwerk. Die kookkunsklasse sou egter meer bevredigend kon gewees het indien dit in n gebou wat aan die skool

verbonde/

-
- 1) I.R: 1912.
 - 2) I.R: 1919.
 - 3) I.R: 1911.
 - 4) I.R: 1913.
 - 5) I.R: 1918.

verbonde kon wees, gegee was en indien dit as n skoolvak ge-
neem kon word.¹⁾ In 1908 is verklaar dat die werk nie aan-
moedigend was nie; die rede was dat die enigste bakombare
vertrek taamlik ver van die skool geleë was, en dat dit on-
moontlik was om n deel van die skooltyd aan kookklasse te wy.
Dit was onbevredigend dat die onderwyseres onafhanklik van die
skool gewerk het, en dat die leerlinge gedink het dat die teg-
niese klasse buite die gewone skoolwerk staan. Mej. Cooper
het n redelike aantal meisies vir die kookklasse en naaldwerk
gehad, maar tog is die proefneming nie genoegsaam ondersteun
nie, en daarom is die klasse aan die einde van 1908 gestaak.²⁾

In 1912 is Kookkuns weer as n skoolvak ingestel,³⁾ en in
die loop van 1918 is n onderwyseres vir Huishoudkunde aange-
stel;⁴⁾ albei is in 1920 nog as skoolvakke aangebied.

Houtwerk: In 1912 het die inspekteurs die instelling
van Houtwerk as skoolvak te Winburg in die vooruitsig gestel,
maar eers in 1914 is daarmee begin. Mnr. J. M. du Preez was
die eerste houtwerkonderwyser.⁵⁾

Aanpassingsklas: Winburg was skynbaar een van die eerste
skole wat n aanpassingsklas gehad het. In 1914 is so n klas
vir agterlike en vertraagde kinders ingestel. Dit was aan-
vanklik n groot sukses, en die skoolhoof het verklaar dat
sommige van dié leerlinge geskik was vir promosie.⁶⁾ Die be-
vinding van die inspekteurs was egter dat dié klas tot n ma-
te gebruik is „as a dumping ground for pupils who during the
year, have been weak in St I and II". Afgesien hiervan, was
die inspekteur baie in sy skik met die groot mate van sukses
wat die klasonderwyser met hierdie kinders behaal het.⁷⁾ Dié
klas is later gestaak.

Die vakke waarin onderwys gegee is, het dus sedert 1904

aansienlik/

-
- 1) D.V: 1906-1907, p.87.
 - 2) D.V: 1907-1908, p.50-51.
 - 3) I.R: November 1912.
 - 4) L.B: 1918.
 - 5) I.R: 1914.
 - 6) L.B: 1914.
 - 7) I.R: 1915.

aansienlik uitgebrei, want onder andere het suiwer Chemie, Boekhou, Tikskrif, Snelskrif, Houtwerk en Huishoudkunde bygekome.

(v) INSPEKSIE EN STANDAARD VAN WERK:

Die Winburgse Goewermentskool het gedurende die jare 1905, 1907, 1909, 1910, 1911, 1912, 1914, 1915, 1918, en 1919 algemene inspeksie gehad. Ongelukkig is die inspekteursrapport van 1909 die eerste wat behoue gebly het; dié van 1905 en 1907 het verlore geraak, en dus word ons tot die Direkteursverslae van hierdie jare beperk om die standaard van werk te bepaal.¹⁾ Die rapport van 27 November 1919 was die eerste wat in Afrikaans geskryf is.

Uit die inhoud van hierdie inspekteursrapporte kom ons meer te wete in verband met die standaard van die skoolwerk en die algemene probleme en tekortkominge van dié skool en onderwys.

In die Direkteursverslag van 1904-1905 word verklaar dat Winburg se skool altyd vooruitstrewend was, en op daardie tyd-stip was dit op opvoedkundige gebied een van die toonaangewende en meer ontwikkelde distrikte in die Oranjerivier-Kolonie. In 1905 het die dorpskool 337 leerlinge gehad en dit nieteenstaande die feit dat 'n groot aantal skole op omliggende plase geopen is. Die standaard van werk wat deur hierdie skool gedoen is, was steeds hoog, en op daardie stadium was daar reeds leerlinge wat hulle vir die Matrikulasie-eksamen voorberei het.²⁾

In 1909 is verklaar dat die werk oor die algemeen heel bevredigend was en dat met elementêre natuurwetenskappe 'n goeie begin gemaak is, nieteenstaande die feit dat gebrek aan apparaat die onderwys daarvan belemmer het.³⁾

Die/

1) Die vroegste stukke wat in die kantore van die Departement van Onderwys te Bloemfontein behoue gebly het, dateer eers vanaf 1921, en dié in die Skoolraadskantoor te Winburg sedert 1936.

2) D.V: 1904-1905, p.24.

3) D.V: 1908-1909, p.29.

Die werk van die laer klasse was baie bevredigend, maar in verband met die sang het die inspekteur verklaar: „care should be taken to teach the theory of music as the teacher should aim at enabling the child to sing a simple song at sight". Die standaard van sang is dus hoog gestel. Rekenkunde en Hollands was oor die algemeen aan die swak kant.¹⁾

Inspekteur Elffers het in 1909 verklaar dat die swakheid van die skool in die klassifikasie van die leerlinge gelê het. Vir 'n geruime aantal jare was dit die gebruik om leerlinge tweekeer per jaar te promoveer. Hierdie gebruik het onmiddellik na die oorlog in swang gekom, omdat baie kinders tydens die oorlog sonder onderwys was. Dié gebruik was toe geregtig, maar hy was van mening dat dit nie meer nodig was nie. Terwyl Mercier in 1909 vir ses maande met vakansie oorsee was, het die waarnemende skoolhoof 'n einde aan die dubbele promosies gemaak. As gevolg van voormelde gebruik was daar baie kinders in die hoër klasse wat nie daar behoort te gewees het nie.²⁾

Mnr. Noaks wat die hoër klasse vanaf standerd ses geïnspekteer het, het ook verklaar: „The work in the Matriculation and School Higher classes was disappointing. I consider this due not to any inefficiency or slackness on the part of the teachers but chiefly to the pernicious custom of moving pupils twice a year. The result is general weakness and want of solid foundation."³⁾

Met die volgende inspeksie in 1910 het die inspekteurs verklaar dat hulle gunstig beïndruk was deur die toon, dissipline en organisasie van die skool, maar dit was opvallend dat so min onderwysers enige belang in die buiteskoolse bedrywighede gestel het. Die Hollands het sedert die vorige inspeksie baie verbeter, en dit was deur die hele skool van

goeie/

1) I.R: 1909.

2) I.R: 1909.

3) I.R: 1909.

goeie gehalte; „This appears to be due to... energetic and successful teaching...."1)

Die ingeslane weg van n hoë standaard van werk is gehandhaaf, en verbetering het nog steeds ingetree, want die inspekteursrapport van 1911 is afgesluit met die verklaring dat daar n „distinct advance" in die werk deur die hele skool sedert die laaste inspeksie waargeneem kon word. Aan die buitemuurse aktiwiteite is ook meer aandag geskenk.²⁾ In 1913 het twee leerlinge van dié skool beurse vir studie aan die Normaal-Kollege en Grey-Kollege verower.³⁾

Gedurende 1914 is die skoolwerk effens in die wiele gery en deur die rebellie vertraag; verskeie kinders het die skool verlaat en ander was afwesig. As gevolg van die sukses wat die rebellemagte aan die Sandrivier op Sondag 8 November 1914 gehad het, is Winburg die volgende Maandagoggend beset. Die skoolhoof is deur die rebelle gevange geneem en eers weer die Dinsdagmiddag ontslaan. Die skool is weer na die eerste sessie op Woensdag gesluit toe die regeringstroepen die dorp ontsaai het. Die volgende dag is daar weer skoolgehou, maar Vrydag het die skool „during the funerals of burghers killed in defence of the Government" gesluit.⁴⁾ Met al die opgewondenheid en harwar wat gedurende dié week geheers het, is dit te verstane dat die kinders seker nie veel aandag aan hulle skoolwerk bestee het nie.

In die inspekteursrapport van 1914 is verklaar dat „the work of the school has naturally suffered owing to the recent troubles",⁵⁾ en in die Direkteursverslag het inspekteur Bowie ook beweer dat „Politieke moeilikheden in 1914 deden de scholen afbreuk."⁶⁾ Desnieteenstaande is weer

verklaar/

-
- 1) I.R: 1910.
 - 2) L.B: Desember 1911.
 - 3) I.R: 1913.
 - 4) L.B: November 1914.
 - 5) I.R: 1914.
 - 6) D.V: 1915, p.23.

verklaar: "... the whole school has improved since last inspection..."¹⁾

Die eksamenresultate van die skool het jaarliks verbeter, en die getal leerlinge wat op skool gebly het om die middelbare kursus te deurloop, het toegeneem, waarskynlik ook omdat die kinders nie net vir die Universiteitseksamens voorberei is nie, maar ook op die gebied van tegniese en handelsonderwys opgelei is.²⁾ Die doseer van Aardrykskunde moes egter meer realisties wees, en die inspekteur het aanbeveel dat n uitstappie na die veld en die versameling van prente en portrette uitstekende hulpmiddels by dié onderwys behoort te wees.³⁾ (Dit is die eerste direkte opmerking oor aanskouingsonderwys wat ons teëgekome het.)

Volgens n verklaring van die inspekteur het die gepubliseerde resultate in die openbare skooleksamens heel goed met dié van soortgelyke inrigtings in die Oranje-Vrystaat vergelyk.⁴⁾ Engels is egter al hoe meer as n dooie in plaas van n lewende taal onderrig. Die meeste onderwysers was tevrede as die leerlinge n bietjie Engels kon lees, spel en resiteer en het die noodsaaklike spreeklesse heeltemal verontagsaam. Die inspekteur was oortuig daarvan dat so n manier van Engels leer n nodelose tydverspilling was.⁵⁾

Daar is egter later verklaar dat in die onderwys van Engels as tweede taal n groot verbetering te bespeur was. Die dodende vertaalmetode is deur die lewende of direkte metode vervang. Verskeie onderwysers het egter, weens hulle eie onervarenheid met Engels as spreektaal, moeilikheid met die direkte metode ondervind. Wat die opstelle betref, was daar n leemte as gevolg van die karigheid van gedagtes en uitdrukkings.⁶⁾

Opsommend/

-
- 1) I.R: 1914.
 - 2) D.V: 1917, p.31.
 - 3) I.R: 1919.
 - 4) D.V: 1920, p.101.
 - 5) D.V: 1920, p.101.
 - 6) D.V: 1924, p.70-71.

Opsommend kan ons beweer dat die standaard van werk deur die Winburgse skool hoog gestel is; daar was die neiging om steeds te verbeter, en indien daar haakplekke in die onderwys was, is daaraan onmiddellik aandag geskenk en het verbetering gevolg. Winburgskool het goed vergelyk met die beste in die Oranje-Vrystaat, en die tradisie van goeie werk wat sedert 1904 kenmerkend was, is deurentyd tot in 1920 mee volgehou en gehandhaaf.

(vi) BUITESKOOOLSE WERKSAAMHEDE:

Volgens n voorneme wat alreeds deur Grant vóór sy vertrek in 1904 opgeteken is, het Mercier n uitstalling van die werk wat deur die kinders gedoen is, in die stadsaal op 10 Desember 1904 gehou. Dié uitstalling het naaldwerk, teken- en skryfwerk, kleimodelleerwerk en „paper-folding“ ingesluit. Hierdie onderneming was uiters suksesvol.¹⁾

Die eerste ouervergadering wat na die heropening van die skool na die afloop van die Anglo-Boere-oorlog gehou is, het dieselfde aand na die uitstalling plaasgevind. Rapporte oor die skoolwerksaamhede is ook deur die sekretaris van die skoolkomitee, die prinsipaal en die koshuisvader voorgelees. Die program is aangevul deur gimnastiekvertonings, musiek en sang; dit het die waardering van die publiek geniet, en die personeel is hartlik en eenparig met die werk van die vorige ses maande gelukkigewens.²⁾

Hierdie uitstallings van werk wat deur die skoliere gedoen is, het bykans n gereelde instelling geword, want op 9 en 10 Maart 1909 is weer n „Arts and Crafts Exhibition“ gehou. Mnr. Gunn, die Direkteur van Onderwys, het dié tentoonstelling geopen. Die pryse vir kaarte, skrif en teken is almal deur kinders van die Goewermentskool verower.³⁾

Op/

1) L.B: Desember 1904.

2) L.B: Desember 1904.

3) L.B: Maart 1909.

Op 21 November 1913 is weereens n uitstalling van tekeninge, skilderye en naaldwerk wat deur kinders van dié skool gemaak is, gehou. Mnr. D. Viljoen en inspekteur Wessels het die ver- rigtinge bygewoon.¹⁾

Ander vorms van opvoedkundige afleiding het ook aandag geniet: Minstens twee skoolkonserte is gehou; een op 27 Junie 1907 en die ander op 14 Desember 1911.²⁾

Die kinders het ook hulle aandeel in die verfraaiing van die dorp gehad, aangesien hulle op 11 September 1908 twee honderd bome by die pompstasie geplant het.³⁾

n Kadette-afdeling het in 1913 bestaan. Op 21 November 1913 het die Direkteur van Onderwys en die inspekteur die skool besoek en "...inspected guard of honour furnished by Cadets", en n week later "Major Celliers and Captain Stewart of the Defence Force held parades of the Cadet Corps".⁴⁾ Teen 1917 het die reeds gevestigde kadetafdeling jaarlikse inspek- sie ontvang. Mnr. Mercier, die skoolhoof, het n lewendige belangstelling in die kadette getoon, en op 21 Junie 1918 het die kadette aan n skietkompetisie deelgeneem.⁵⁾

Drie vertakkings van sport het somaar vroeg na die her- opening van die skool na die oorlog begin: Rugby, Krieket en Atletiek.

Soos reeds verklaar, het n skoolvoetbalklub in April 1904 tot stand gekom, en op 24 Maart 1905 het die Stadsraad n stuk grond aan die skool vir gebruik as n voetbalveld af- gestaan.⁶⁾ Op 7 Augustus 1908 het n rugbyspan van Winburg se goewermentskool die span van Brandfort met twintig punte teen nul om die Skolebeker geklop,⁷⁾ en in 1913 het Winburg as die wenners van die De Jager-skild huis toe gekeer, nadat

hulle/

1) L.B: November 1913.

2) Vgl. L.B: Junie 1907 en Desember 1911.

3) L.B: September 1908.

4) L.B: November 1913.

5) L.B: Junie 1918.

6) L.B: Maart 1905.

7) L.B: Augustus 1908.

hulle Ladybrand in n wedstryd op Bloemfontein met twaalf punte teen drie verslaan het.¹⁾

n Atletiekbyeenkoms is op 30 Mei 1906 gehou, en die skoolkomitee het dié dag as n vakansiedag toegestaan. Die burgemeester van Winburg, E. T. Dobinson, het dieselfde dag n piekniek vir al die leerlinge gereël.²⁾ Op 14 Desember 1911 is n konsert ten behoewe van n fonds vir die atletiek van stapel gestuur,³⁾ nadat die inspekteur in 1910 die personeel op die vingers getik het, omdat hulle nie genoeg belangstelling in die buiteskoolse aktiwiteite getoon het nie.⁴⁾

n Krieketklub het alreeds in 1908 bestaan.⁵⁾

Indien daar op die volledigheid van die logboeke peil getrek kan word, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat daar nie besonder baie aandag aan die buiteskoolse werksaamhede bestee is nie. Die meeste belangstelling het skynbaar in die kadette en rugby bestaan. Konserte en atletiekbyeenkomste is sporadies gehou; sover vasgestel kon word, het geen sportsoort vir die dogters bestaan nie, behalwe miskien atletiek.

(e) KOSHUISE.

Sedert 1904 het daar te Winburg n koshuis vir leerlinge bestaan, en P. Eiffers het as „Hostel Warden" opgetree.⁶⁾ Die koshuis wat aan die C.N.O.-skoolkomitee behoort het, het in 1905 n toelae van die Regering ontvang, met dien verstande dat dit in 1906 onder die beheer van die N.G. Kerk van Winburg sou kom. Dié koshuis was onder die beheer van Mev. Meiring.⁷⁾

Behalwe die koshuis vir dogters wat aan die Winburgkerk behoort het, het daar in 1908 ook n Goewermentskoshuis te Winburg bestaan.⁸⁾ Dit was destyds één van die drie Goewer-

mentskoshuise/

-
- 1) L.B: 1913.
 - 2) L.B: Mei 1906.
 - 3) L.B: Desember 1911.
 - 4) I.R: 1910.
 - 5) L.B: Oktober 1908.
 - 6) L.B: Mei 1904.
 - 7) D.V: 1905, p.137.
 - 8) D.V: 1908-1909, p.15.

Goewermentskoshuise in die Oranjerivier-Kolonie; die ander twee was op Bethlehem.¹⁾

Die meisieskoshuis het 'n toelae van £200 van die regering ontvang „in aid of maintenance”.²⁾

In 1917 is reeds 'n begin gemaak met die aanbou van 'n nuwe koshuis vir seuns, en die inspekteur het verklaar dat „als deze kosthuiz klaar zijn, zal in de onderwijsbehoefden... voor verscheidene jaren voorzien zijn”. Die Stadsraad het 'n ruim terrein vir die oprigting van die koshuis geskenk.³⁾

Op 1 Augustus 1917 het inspekteur Bowie die voorgestelde koshuisperseel ondersoek en op die ongeskiktheid van 'n deel van die terrein gewys. Op 'n konferensie wat met die Stadsraad gehou is, is besluit „to grant up to 12 morgen of ground for the purpose”.⁴⁾

'n Jaar later het die inspekteur van die Departement van Publieke Werke die skool besoek om oor die bou van die koshuis te besluit,⁵⁾ en teen die einde van 1918 is verklaar dat 'n nuwe seunskoshuis in aanbou was.⁶⁾

In 1919 was die koshuis voltooi: Dit het 34 inwoners gehad en het £3,706 gekos.⁷⁾

Op hierdie tydstip was daar dus twee koshuise te Winburg tw. die pas-voltooide regeringskoshuis (vir seuns) en die koshuis van die Winburggemeente (vir dogters).⁸⁾

Die Rietfontein-gemeente wat in 1917 tot stand gekom het, het die bou van 'n eie koshuis in die vooruitsig gestel.

Winburg se skool was teen 1920 dus in die gunstige posisie dat dit oor twee koshuise beskik het.

(f) ONDERWYS IN DIE DISTRIK TOT 1910./

1) D.V: 1908-1909, p.15.

2) D.V: 1910-1911, p.25.

3) D.V: 1917, p.31.

4) L.B: Augustus 1917.

5) L.B: September 1918.

6) I.R: 1918 cf. D.V: 1918, p.37.

7) Hierdie dubbelverdiepinggebou het die naam „Hoenderhemel” onder die kinders verwerf.

8) Die meisieskoshuis was in 'n gebou onderkant die huidige Kaplan-kafee.

(f) ONDERWYS IN DIE DISTRIK TOT 1910.¹⁾

(i) STIGTING VAN DIE SKOOLRAADSDISTRIK: 1906:-

Onder die hoof „Ordinance to Amend the Public Education Ordinance 1903" word verklaar dat „The whole of the Orange River Colony shall be divided into School Districts as specified in the Schedule here to", ²⁾ en onder die 26 skoolraadsdistrikte kom Winburg vir die eerste keer voor. Die grense van dié distrik was aanvanklik „the whole of the district under the jurisdiction of the R.M", ³⁾ en elke skoolraadsdistrik sou onder die kontrole van n skoolkomitee wees. ⁴⁾

In 1908 was die werksaamhede van die skoolraad egter so omvangryk en uitgebrei, dat dié distrik in twee verdeel is, tw. Winburg-Noord en Winburg-Suid. Hierdie indeling het tot in 1911 van krag gebly. ⁵⁾

(ii) ONDERWYS OP DIE BUITESKOLE:

Algemeen: Die werk wat op die buiteskole gedoen is, was oor die algemeen bevredigend en in baie gevalle bewonderingswaardig as dit gesien word in die lig van al die moeilikhede waarmee die onderwysers te kampe gehad het. Die standaard van werk was egter ver benede dié van gevestigde gemeenskappe in ander lande. Onderwysers het dikwels van twee tot vier aparte klasse gehad om te hanteer. Die leerlinge was uit verskillende ouderdomsgroepe saamgestel, in sommige gevalle het hulle geen vorige opleiding en onderwys ontvang nie, en daarby was hulle slegs vir n kort rukkie op skool: „The most skilful and active teaching therefore produces often a meagre result." ⁶⁾

Desnieteenstaande/

1) Die onderwys in die distrik word net tot 1910 behandel, omdat geen ander stukke behalwe die gedrukte Direkteursverslae tot die beskikking van die navorser gestel kon word nie. Al wat na 1910 beskikbaar is oor die plaasskole, is slegs die aantal kinders en skole in die skoolraadsdistrik, en hieruit kan geen beeld gevorm word nie, omdat die skoolraadsdistrik telkens verander is. As bewys hiervoor dien die volgende: In 1931 was daar agt plaasskole met 171 leerlinge en in 1932 skielik 37 plaasskole met 924 kinders!

2) Laws of O.R.C: 1900-1906, p.1203.

3) Ibid: p.1203.

4) D.V: 1904-1905, p.176.

5) cf. D.V: 1908-1911.

6) D.V: 1904-1905, p.23.

Desnieteenstaande was Winburg „at this moment... one of the most advanced districts educationally in the colony".¹⁾ In 1905 was daar 22 skole in dié distrik met 1,049 kinders op skool.²⁾

Winburgdistrik het, onder die beheer van 'n uiters energieke en byna te ekonomiese Komitee, baie vooruitgang in 1906-1907 gemaak. Die plaasskole het 'n totaal van 24 bereik, wat dan ook die grootste groep in enige skoolraadsdistrik in die Oranjerivier-Kolonie was. Hierdie prestasie was genoegsame bewys van die sorgsaamheid en spaarsaamheid van die Komitee by die aanwending van die geld tot hulle beskikking.³⁾

In 1908 het die inspekteur weereens verklaar dat die opmerklikste ontwikkeling in die Winburgdistrik plaasgevind het. Die Winburgse kommissie was uit die staanspoor dié liggaam wat met die geld tot hulle beskikking en deur „strikte zuinigheid" die meeste buiteskole kon onderhou. Daar was op hierdie stadium 29 buiteskole waarvan die meeste werklik goeie werk gedoen het.⁴⁾

Standaard van werk: In die buiteskole kon natuurlik nie dieselfde gehalte van werk gelewer word as wat die geval op die dorpskool was nie, en tog het die meeste 'n gunstige indruk gemaak. Die onderwysers in dié skole het met baie moeilikhede te kampe gehad, maar die meeste het hulle probleme met sukses oorkom.

Die vernaamste probleem uit die oogpunt van die onderwyser was om volgens die leerplan te werk en alles afgehandel te kry. Wanneer 'n skool uit kinders met ouderdomme tussen vyf en agtien jaar bestaan, en elkeen op sy eie vlak van ontwikkeling van Sub. A. tot by standerd ses of sewe is, was dit klaarblyklik onmoontlik om te verhoed dat die onderwyser in al die standerds leerlinge sou hê. Die onderwyser moes hom egter

ten/

1) Ibid: p.24.

2) Ibid: p.25.

3) D.V: 1906-1907, p.38.

4) D.V: 1907-1908, p.16.

ten doel stel om so min as moontlik te klassifiseer en so veel as moontlik die kinders wat naastenby dieselfde peil van ontwikkeling bereik het, in dieselfde standerd te plaas. Die ouers het egter in die meeste gevalle daarop aangedring dat die kinders stappie vir stappie deur die standerds moes gaan. Dit het natuurlik die werk van die onderwyser ontsettend bemoeilik en ten gevolge gehad dat in byna elke vak van die leerplan vir elke standerd afsonderlik onderwys verskaf moes word.¹⁾

Die inspekteur het egter verklaar dat hy uit ondervinding geleer het dat die beste werk deur dié onderwysers gedoen is wat ondanks plaaslike teenstand 'n oordeelkundige sisteem van groepering gevolg het. Die stelsel wat deur die meeste opvoedkundiges gehuldig en aanbeveel is, was dié waarin twee of drie klasse saam gegropeer is.²⁾

Die vordering van die leerlinge op die plaasskole is gestrem deur die feit dat daar in baie gevalle nie kontinuïteit in die onderwys was nie - die onderwysers het te maklik van standplaas verwissel. In ander gevalle was daar weer te veel kinders in 'n skool met slegs èn onderwyser, wat verhoed het dat die werk deeglik gedoen kon word. Die rede hiervoor was die tekort aan fondse, en die inspekteur het die hoop gekoester dat die Departement hierin verligting sou kon aanbring.³⁾

Verskeie plaasonderwysers was baie tevrede met die Onderwyswet van 1908, want hulle het dit prakties gevind om die Hollands-sprekende kind eers in sy eie taal te leer lees, solank hy nog in die substanderds was, en om hom eers in standerd een 'n leesboek in 'n vreemde taal te gee. Die ervaring het geleer dat die kind, nadat hy min of meer die lees van sy eie taal magtig was, makliker met die tweede taal kon begin.⁴⁾

Spreeklesse (konwersasielesse) in Hollands en Engels is nie op die buiteskole as metode van onderrig gebruik nie. Daar moes altyd vier of vyf klasse gelyktydig onderwys word,

en/

-
- 1) D.V: 1908-1909, p.29, 30.
2) D.V: 1909-1910, p.30.
3) D.V: 1908-1909, p.31.
4) D.V: 1908-1909, p.30.

en dit was duidelik dat in die beperkte tyd wat tot beskikking van die onderwyser was, hy maar weinig aan mondelinge werk kon doen. Daar is egter te veel klem op meganiese lees en resitasies gelê, en baie min kinders het verstaan wat hulle geles het. „Het is beter een half boek goed te kennen dan een heel boek half”.¹⁾

Die organisasie van die plaasskool het veel te wense oorgelaat, want die onderwyser het dikwels die een klas vir n leesles gehad, terwyl die ander besig was met skrif. Sommige onderwysers het volgens die rooster, tydens dieselfde periode een klas vir n leesles gehad terwyl n tweede besig was met rekenkunde en n derde met skoonskrif. Die inspekteur het verklaar: „Het behoef nauweliks aangemerkt te worden dat zodanig onderwys tot niets leidt”. Al die leerlinge behoort gelyktydig te skryf, en die swartbord behoort pal by die onderwysing van skrif gebruik te word,²⁾ volgens n verklaring van die inspekteur.

Die Rekenkunde was oor die algemeen goed, maar dit het te dikwels gebeur dat die kinders groot optel- en aftreksomme in standerd een kon maak en tog nie in staat was om die eenvoudigste probleempies te bereken nie.³⁾ In die buiteskole was dié vraagstuk maklik te begryp: Die onderwyser kon slegs een klas na die swartbord neem, terwyl die ander dan noodwendig uit hulle boeke moes werk.⁴⁾

In die buiteskole is baie min aandag aan sang en teken gegee. Teken is byna nooit onderrig nie, en sang het bestaan uit die daaglikse sing met die opening van die skool. Slegs in n paar skole is hierdie nuttige vakke doseer.⁵⁾

UITBREIDING VAN DIE PLAASSKOLE:

Die volgende tabel toon die uitbreiding van die plaasskole/

-
- 1) Ibid: p.32.
 - 2) Ibid: p.32.
 - 3) Ibid: p.32.
 - 4) Ibid: p.33.
 - 5) Ibid: p.33.

plaasskole tussen 1905 en 1910 aan:

1905-1906	:	19	(By elk van hierdie getalle
1906-1907	:	21	moet nog drie dorpskole by-
1907-1908	:	26	getel word om die totaal vir
1908-1909	:	29	die skoolraadsdistrik te kry
1909-1910	:	32	nl. Winburg, Theunissen en
			Ventersburg.)

In 1909 was daar 18 staatsondersteunde skole onder die plaasskole, en in 1910 het 14 skole staatshulp ontvang.

Die volgende is die name van al die skole wat onder die Winburgse Skoolraad sorteer het.¹⁾ (Die dorpskole is tussen hakies).

GOEWERMENTSKOLE.

WINBURG-NOORD.

(Theunissen).
(Ventersburg).
Bloemhoek.
Cyferfontein.
Doorndraai.
Potgieterslager.
Prinslooskraal.
Veelgepraat.
Ventersburg Road.
Virginia.

WINBURG-SUID.

(Winburg).
Allandale.
Boschkop.
Eensgevonden.
Kaalplaats.
Middelpunt.
The Mine.
Paardevallei.
Strydfontein.
Vrolykheid.
Weltevreden.

GOEWERMENTSONDERSTEUNDE-SKOLE.

WINBURG-NOORD.

Blijdschap.
Doornnek.
Sprinkhaankop.
Verklaagvlakte.

WINBURG-SUID.

Bluff Point.
Brakfontein.
Cyferfontein.
Helderfontein.
Katwijk.
Klein Saxony.
Rendezvous.
Rooseveld.
Scotland.
Uitvlucht.

Die leerlingtal in Winburg-Noord was 558 en dié in Winburg-Suid 752. Daar was dus 1,310 leerlinge in 1910 in die Winburgse Skoolraadsdistrik. Die dorpskole is hierby ingesluit.

* * * * *

3)/

1) D.V: 1909-1910.

3) D. J. RETIEF. (1921-1923).

(a) INLEIDING.

Voordat hy na Winburg gekom het, was Mnr. D. J. Retief skoolhoof te Boshof, en in 1920 het hy ook tydelik as waarnemende inspekteur opgetree. In hierdie hoedanigheid het hy in September 1920 in geselskap van inspekteur Wessels n besoek aan Winburg se goewermentskool gebring.¹⁾

Na die vertrek van Mercier het Mnr. D. F. Malherbe, B.A., tot aan die einde van 1920 as prinsipaal waargeneem. D. J. Retief het in Januarie 1921 as nuwe skoolhoof diens te Winburg aanvaar.²⁾

(b) FENOMENALE UITBREIDING EN SKEIDING.

Rol: Die getalle op die rol het dadelik die neiging om te styg openbaar. Die leerlingtal het van Januarie 1920 tot Januarie 1921 van 432 tot 499 gestyg, terwyl die hoërskoolrol van 74 tot 120 vermeerder het. As gevolg van dié toename in die getal leerlinge was vyf en twintig dubbellessenaars onmiddellik nodig en was daar n tekort aan swartborde. Gehuurde vertrekke op die dorp het nog steeds as klaskamers diens gedoen.³⁾

Gedurende 1922 het die laer afdeling se getalle tot 519 gestyg, en die middelbare rol het tot 203 vermeerder.⁴⁾

Werk en Organisasie: Inspekteurs Wessels en Noaks wat in 1921 die skoolwerkinspekteer het, het verklaar dat daar n merkbare verbetering in die algemene toon en tug van die skool ingetree het. Die organisasie het ook aansienlik verbeter, en die laer afdeling het onder die direkte toesig van die tweede meester, Mnr. D. F. Heunis, gestaan. Al die standerds was op „parallel lyne gesplits“, sodat reg aan beide seksies geskied het. Oral in die onderwys was vooruitgang te bespeur, en inspekteur Wessels het veelseggend aangehaal

dat/

-
- 1) L.B: 20 September 1920.
 - 2) L.B: Januarie 1921.
 - 3) L.B: Junie 1921.
 - 4) Vgl. L.B: 1922.

dat hy die skool nog n jaar kans gee om heeltemal in die veranderde omstandighede tuis te raak.¹⁾

Die volgende jaar het die inspekteur verklaar dat daar n pragtige toon in die skool heers, en dat die tug op n onopvallende wyse gehandhaaf is; dit het op wedersydse respek tussen leerling en leerkrag berus. n Gees van toegewydheid, erns en agting vir die skool is waargeneem; hierdie gees het die volgende opmerking van die inspekteur ontlok: „Mooi so, jeug van Winburg. Die hoogte van Pisga is bereik.“²⁾

Die loftuitinge teenoor die werk van die skoolhoof, D. J. Retief, die onderhoof, P. P. Wessels, en die onderwysers is deur inspekteur Wessels met hierdie welluidende woorde beëindig: „Bravo! Excelsior!“³⁾

Hierop het die Direkteur van Onderwys, C. F. Schmidt, op 10 Februarie 1923 n brief van gelukwensing aan die Winburgse Goewermentskool gestuur na aanleiding van die werk wat gedoen was en die uiters gunstige inspekteursrapport.⁴⁾

In 1922 was die akkommodasie nog beperk en onvoldoende, maar die organisasie van die skool was so goed as wat onder dié omstandighede moontlik was. Die personeel was toe as volg verdeel:

Middelbaar: Skoolhoof, D. J. Retief, + 10 onderwysers(esse)
Volkskool: Onderhoof, P.P. Wessels, + 18 onderwysers(esse)

Met uitsondering van twee leerkragte in die middelbare afdeling was al die ander professioneel gesertifiseer.

Die metodes van onderwys was modern-wetenskaplik; n vaste plan om die skrif van die leerlinge te verbeter en om Engels as n lewende taal deur middel van die direkte metode te onderrig, is gevolg.⁵⁾

Skeiding: Die onderwysoutoriteite het waarskynlik

reeds/

1) I.R: 1921.

2) I.R: 1922.

3) Ibid:

4) I.R: 1922.

5) D.V: 1922, p.55.

reeds in 1918 aan die moontlikheid begin dink om die laer en hoër afdelings onder twee aparte hoofde te laat ressorteer, want op 17 Mei 1918 moes die prinsipaal op aandrang van die Skoolkomitee n verslag oor die ontwikkeling van die middelbare skool aan die Departement van Onderwys stuur.¹⁾

In 1921 het dit ook deurgeskemer dat die inspekteur ten gunste van skeiding was, want hy het verklaar dat die tweede-meester in die toekoms nie met klaswerk moes belas word nie, sodat hy al sy kragte aan die toesig en organisasie van die laer afdeling kon bestee.²⁾

As gevolg van die getalsterkte en die reuse-voortgang van die middelbare afdeling het inspekteur Wessels verklaar dat hierdie afdeling van 1923 af as aparte, selfstandige entiteit sou bestaan.³⁾ Dié belangrike historiese gebeurtenis, naamlik die totstandkoming van n aparte Hoërskool onder n aparte hoof, het op 30 Januarie 1923 plaasgevind, en D. J. Retief het aangekondig dat die skool van daardie dag af „in twee gesplits word, nl. n Sekundêre en n Volksskool onder aparte hoofde”.⁴⁾

In die Direkteursverslag van 1923 is die skeiding van die skole as volg opgeteken: „Winburg Middelbare skool, onder die prinsipaalskap van mnr. D. J. Retief, is sedert die begin van die jaar afgeskei van die Volksskool en staan nou heeltemal selfstandig-alleen”.⁵⁾

Die onderwys te Winburg wat op 14 Junie 1848 in die Gowermentshuis te Kaapstad deur die aanstelling van Korsten begin het, is op welverdiende wyse op 30 Januarie 1923 deur die totstandkoming van n aparte Hoërskool bekroon.

C) KOSHUISE.

Die eerste jare van Retief se dienstyd as skoolhoof is

ook/

-
- 1) L.B: 17 Mei 1918.
 - 2) I.R: 1921.
 - 3) I.R: 1922.
 - 4) L.B: 30 Januarie 1923.
 - 5) D.V: 1923, p.41.

ook om n ander rede belangrik: die koshuisfasiliteite vir leerlinge is uitgebrei - die Rietfonteinkerk het ook n koshuis vir leerlinge van daardie gemeente laat bou.

In n kerkraadsvergadering van genoemde gemeente, gehou op 12 Februarie 1921, is die saak in verband met die aanbou van n koshuis „waarvoor grote behoefte bestaat“, geopper. n Kommissie is aangestel om die saak te ondersoek.¹⁾ Mnr. Retief, die skoolhoof, het dadelik ywerig aan die werk gespring, en n versoek van hom aan die Kerkraad van Rietfontein om fondse vir die bou van die koshuis in te samel, is toegestaan.²⁾

Die Rietfonteingemeente het die samewerking van die Winburggemeente gevra. Laasgenoemde was vir die versoek te vinde, maar die onderneming het skipbreuk gely, omdat oor die besitreg van die ou Winburgkoshuis nie ooreenstemming bereik kon word nie.³⁾

Aangesien die finansiële laste deur die bou van n koshuis te swaar op die gemeente sou druk, het die kerkraad van Rietfontein besluit om n groot woonhuis te koop of te huur, maar hierdie plan het deur die mat geval, en op 1 Julie 1922 is finaal besluit om te bou. Die redes was dat n doelmatige huis nie gevind kon word nie, en dat privaat-losies ondoel-treffend was. Daar is ook besluit om die Stadsraad te nader om n stuk grond vir die oprigting van die koshuis wat vyftig kinders kon huisves, te skenk.⁴⁾

In Augustus 1922 het die Stadsraad die skenking toegestaan, en in Januarie 1923 is die nuwe koshuis ingewy. In Mei 1923 is die finansiële state afgesluit; die totale koste het op £4,368 te staan gekom. Die koshuis staan bekend as die President Steyn-Koshuis.⁵⁾

Na 1923 het daar dus drie koshuise te Winburg bestaan:

een/

1) R.K.N: 12 Februarie 1921 (R.K.N = Rietfontein Kerkraadsnotule).

2) R.K.N: 12 Maart 1921.

3) Vgl. W.K.N: 1922.

4) R.K.N: 1 Julie 1922.

5) R.K.N: Mei 1923.

een vir die Winburggemeente, een vir die Rietfonteingemeente en een wat aan die Goewerment behoort het. Hierdie koshuise wat huisvesting aan die distrikskinders gebied het, was dus tot n groot mate verantwoordelik vir die buitengewone toename in die skoolrol.

Dit het ook die sentralisasie van die onderwys positief beïnvloed, want in 1923 het daar in die hele skoolraadsdistrik van Winburg slegs ses goewerments-plaasskole en een goewerments-ondersteunde plaasskool bestaan.¹⁾

1) D.V: 1923, p.69.

HOOFSTUK X.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS IN DIE HOËRSKOOL,
1923-1957.

1) D. J. RETIEF (1923-Oktober 1926).

(a) DIE NAAM VAN DIE SKOOL.

Op 23 Januarie 1923 het die Hoërskool as aparte entiteit tot stand gekom en as sodanig ontwikkel en voortbestaan.

Op die maandelikse vergadering van die Skoolraad wat op 15 Julie 1923 gehou is, het die Raad unaniem besluit om die toestemming van die Departement te vra om die nuwe Sekundêre skool wat op 24 Julie 1923 offisieël geopen sou word, die „Pieter Steyn Skool" te noem. Dié gebaar moes dien as blyk van erkenning vir die „gulde dienste bewys deur die alom gegagte Weledele Heer P. G. Steyn L.P.R."¹⁾

Op 22 Junie 1923 het die Sekretaris van Onderwys in n skrywe aan die Skoolraad van Winburg verklaar dat, met die toestemming van die Administrateur, die Departement die naam „Pieter Steyn Skool" goedgekeur het en dat dié skool voortaan as sodanig bekend sou staan.²⁾

Om die een of ander rede het daar toe te Winburg n sterk agitatie teen dié benaming ontstaan. In n naskrif by die brief van 28 Junie 1923 het die skoolraadsekretaris verklaar: „Ek mag vir u informasie u meedeel dat by die benaming ‚Pieter Steyn Skool' hier heel wat agitatie was...". Hy het verder verklaar dat die eintlike bedoeling van die voorsteller was om dit die „Pieter Steyn Gebou" te noem, en dat die skool op sigself die „Winburg Sekundêre Skool" sou bly. Die voorsteller het glo per abuis die woord „skool" in plaas van „gebou" gebesig. Algemene tevredenheid het egter geheers oor die benaming „Pieter Steyn Gebou".³⁾

Die/

-
- 1) E.151: 16 Junie 1923. (P. G. Steyn was die oudste broer van President M. T. Steyn. As gevolg van sy hoë ouderdom het hy hom nie weer vir die Provinsiale Raad op 25 Julie 1923 verkiesbaar gestel nie. Die Volksblad: 2 Augustus 1923.)
- 2) E.151: 22 Junie 1923.
- 3) E.151: 28 Junie 1923.

Die Departement het hierdie verandering goedgekeur en die toestemming om dit die „Pieter Steyn Skool" te noem, gekanselleer.¹⁾

Amptelik het die Hoërskool te Winburg dus van 22 Junie tot 28 Junie 1923 die „Pieter Steyn Skool" geheet, en die skoolgebou is sedertdien die „Pieter Steyn Gebou" genoem. Laasgenoemde het egter nooit inslag gevind nie, en tot vandag is dit nog nie as sodanig bekend nie; onsekerheid oor die naam van die skool het tot nogtoe bestaan. Ongelukkig weet ons nie waarom daar ontevredenheid geheers het oor die benoeming van die skool as die „Pieter Steyn Skool" nie.

(b) INWYDING VAN DIE HOËRSKOOL.

Die nuwe Hoërskoolgebou het bestaan uit vyf klaskamers, twee personeelkamers, twee pakkamertjies en n aantal waskamers.²⁾

Op 24 Julie 1923 is die nuwe gebou ingewy. By die inwydingsplegtigheid was teenwoordig Mnr. C. F. Schmidt (Direkteur van Onderwys), Mnr. W. G. Wessels (Inspekteur van Onderwys), di. Becker en Klopper, eerwaarde Saayman, lede van die Skoolraad en die Skoolkomitee, Mnr. McLennan (Burgemeester), Mnr. D. J. Retief (skoolhoof), die onderwysers, Mnr. P. G. Steyn (oud-lid van die Provinsiale Raad) en n aansienlike aantal ouers.³⁾

Die verrigtinge is met Skriflesing deur ds. M. Klopper en n gebed deur ds. Becker geopen. Die skoolkoor het daarna gesing, en eerwaarde Saayman, die voorsitter van die Skoolraad, het die besoekers verwelkom. Hy het ook verklaar dat twee ekstra klaskamers benodig was en het die vertroude uitgespreek dat dit spoedig gebou sou word. Daarna het die Direkteur van Onderwys n toespraak gelewer en onder andere verklaar dat „the progress of education.... might be attributed/
buted/

1) E.151: 4 Julie 1923.

2) L.B: Julie 1923.

3) The Friend: 2 Augustus 1923. cf. L.B: Julie 1923.

4) Die Volksblad: 30 Julie 1923 (Maandag). „Na die sing van lied 75 uit die Halleluja deur die Skoolkinders, het ds. Klopper n gedeelte uit Job 28 gelees".

attributed to hostels, like those in Winburg", en dat die plattelandse kinders as gevolg daarvan ook sekondêre onderwys kon geniet. Hy het ook sy ingenomenheid te kenne gegee omdat die gebou na Pieter Steyn vernoem was.¹⁾

In n toespraak het inspekteur Wessels met lof daarvan gepraat dat eer en hulde aan n inwoner van Winburg betoon was, en hy het verklaar dat „the name Petra, translated, meant rock, and Steyn also meant rock... therefore, in the words Pieter Steyn one found a high ideal".²⁾

Mnre. Pieter Steyn, McLennan, P. G. Theron en D. J. Retief het ook toesprake gelewer.³⁾

(c) DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE SKOOL.

Op 26 en 27 September 1923 het vyf inspekteurs die skool besoek, want W. G. Wessels, die inspekteur vir Winburg en distrik, het dit wenslik en noodsaaklik geag om „in die teenswoordige geskiedenis van die skool sy standaard te vergelyk met dié van die voorste Middelbare skole in die land".⁴⁾

Op hierdie stadium was daar 206 leerlinge in die skool en het die personeel uit die skoolhoof en tien onderwysers bestaan.⁵⁾

Die vakke waarin onderwys gegee is en die standaard van werk was as volg: ⁶⁾

Baie Goed.	Goed.	Redelik.	Swak.	Baie Swak.
Engels.	Latyn. Afrikaans. Geskiedenis. Rekenkunde. Matesis.	Duits. Wetenskap. Plantkunde.	-	-

Inspekteur Wessels het verklaar dat dit aangenaam was om te kan konstateer dat die Hoërskool van Winburg in die eerste/

1) The Friend: 2 Augustus 1923.
2) Ibid: 2 Augustus 1923.
3) Ibid: 2 Augustus 1923.
4) I.R: 1923.
5) I.R: 1923.
6) I.R: 1923.

eerste jaar van sy selfstandige en afgeskeie bestaan, wat getalsterkte en gehalte van werk betref, goeie vordering gemaak het. Die faktore wat vir hierdie gunstige toestand verantwoordelik was, was die volgende: Die skoolhoof en die personeel; die samewerking van die plaaslike Skoolkomitee en Skoolraad, en die steun van die publiek van die dorp en die distrik. Daar het dus geen rede bestaan waarom die ouers van die dorp en die distrik hulle kinders elders vir hoër onderwys sou stuur nie. Die inspekteur het ook verklaar dat die fondament van dié hoërskool op 'n vaste rots gestaan het, soos nie alleen uit die stoflike gebou geblyk het nie, maar ook uit die geestesprodukte van leerkrag en leerling.¹⁾ (Hierna het elf jaar verloop voordat die skool weer inspeksie gehad het!)

Aan die einde van 1923 het twee Matriekleerlinge in die eerste klas geslaag.²⁾ Die skool het van krag tot krag gegaan: In 1925 het die Administrateur, Mnr. E. R. Grobler, die nuwe klaskamers geopen; in die Matrikulasie-eksamen het 25 uit 26 leerlinge geslaag en sewe uit elf in die skooleind-eksamen; in die Hoër Taalbondeksamen het al vier en twintig kandidate geslaag.³⁾

Mnr. Retief het in Oktober 1926 'n inspektoraat aanvaar, en op 'n afskeidsgeselligheid het die kinders 'n reisdeken en reistas aan hom geskenk. Adresse is deur die Stadsraad, Skoolraad, Skoolkommissie en die personeel aangebied, en 'n tjek is deur die personeel aan die vertrekkende skoolhoof oorhandig.⁴⁾

Van 1 November 1926 het Mnr. D. F. Malherbe weer as skoolhoof waargeneem.⁵⁾ 'n Buitengewoon vrugbare onderwysperiode is hiermee afgesluit.

* * * * *

2)/

-
- 1) I.R: 1923.
 - 2) L.B: Januarie 1924.
 - 3) L.B: 1926.
 - 4) L.B: Oktober 1926.
 - 5) L.B: November 1926.

2) H. H. ROOS. (Januarie 1927-Junie 1928)

Mnr. H. H. Roos was sedert 25 Januarie 1927 die skoolhoof.

Van hierdie periode 1927 tot 1928 weet ons baie min; die gegewens in die logboek is baie yl; daar was geen inspeksie nie; die direkteursverslae het niks opgelewer nie, en die skoolkommissienotule wat bewaar gebly het, begin eers in 1936. In die lêer, E.151, van die Departement van onderwys word net na reparasies aan die skoolgeboue verwys.

Sover vasgestel kon word, is die eerste skooljaarblad in 1927 uitgegee en die spaarklub is aangewakker.¹⁾

Die skool het n Unievlag, 6 voet by 9 voet groot, van „Die Volksblad“ as geskenk ontvang en dit is op Uniedag 1928 gehys.²⁾

Roos het die skool op 29 Junie 1928 verlaat en n hoofskap te Wellington aanvaar.³⁾

Mnr. D. F. Malherbe het weereens as skoolhoof gedurende die derde kwartaal van 1928 waargeneem, en Senator Langenhoven het die skoolkinders op 19 Oktober 1928 toegesprek.⁴⁾

* * * * *

3) D. F. MALHERBE. (November 1928-Desember 1952).

Mnr. D. F. Malherbe was sedert 27 November 1928 die skoolhoof.

n „Otto-Bach“-klavier is op 28 Januarie 1929 in gebruik geneem, en op 26 Maart 1934 is die Afrikaanse Bybel amptelik deur die Hoërskool in ontvangs geneem. In Oktober van dieselfde jaar het die leerlinge n operette „Princess Jü-Jü“ opgevoer.⁵⁾

In 1934 het Winburg se Hoërskool na elf jaar weer inspeksie gehad!

a)/

-
- 1) L.B: 1927.
 - 2) L.B: mei 1928.
 - 3) L.B: Junie 1928.
 - 4) L.B: Oktober 1928.
 - 5) Vgl. L.B: 1927-1934.

a) ALGEMENE ONTWIKKELING TOT 1939.

Dié rapport was baie gunstig, en telkens is verklaar dat „baie goeie werk" gelewer is. Die skoolhoof en personeel het veel gedoen om die geestelike, liggaamlike en verstandelike belange van die kind buite skoolure te behartig. Die volgende buiteskoolse werksaamhede het aandag geniet: Christelike Studentevereniging, debatsvereniging, Voortrekkers, Kadette, rugby, korfbal, tennis, en atletiek; n jaarblad is ook uitgegee en n goedtoegeruste biblioteek het bestaan.¹⁾

Op 14 Februarie 1935 het die skoolhoof en die skool n brief van waardering en gelukwensing in verband met die gunstige inspekteursrapport en die eksamenuitslae van die vorige jaar van die Skoolraad en die Skoolkommissie ontvang: „Die kommissie is trots op wat die skool presteer het in die jongste openbare eksamens... en is ook ingenome met die gunstige inhoud van die jongste inspekteursrapport... en is oortuig dat die uitgawe (jaarblad) tot groot krediet van die skool strek, en n voorbeeld vir die res van die Provinsie is".²⁾ Winburg het ook die Mekka van die atletiekbyeenkoms vir dié inspekteursrondgang geword, en op 7 Maart 1935 was die Hoërskool die wenners van die sirkelbyeenkoms.³⁾

S. H. Pellissier, die Direkteur van Onderwys, het op 14 Julie 1935 verklaar dat dit aanmoedigend is dat die personeel van die Winburgse Hoërskool opofferings vir die onderwys maak en dat dit vertrouwe vir die toekoms skeep.⁴⁾

In 1935 het die skool weer n jaarblad wat op hulle eie „Gestetner" afgerol is, uitgegee. Mnr. J. F. van Eyssen, die inspekteur, het verklaar dat dit n voorbeeld was wat ander skole skynbaar wou navolg, te oordeel na die aantal navrae wat in verband daarmee ontvang was. Hy het die prinsipaal/

1) I.R: 1934.

2) I.R: 1934 - (Bygaande brief van Skoolraad).

3) L.B: Maart 1935.

4) I.R: 1935.

prinsipaal en die personeel gelukkigwens met hulle prestasies en die goeie tekens van groei wat ge-openbaar was. Selfs wat die getalle op die rol betref, het die skool, ongeag die abnormale toestande wat in die Oranje-Vrystaat beleef is, n klein vermeerdering getoon. Daar was toe 133 leerlinge in die skool.¹⁾

In 1937 is Plantkunde as skoolvak uitgeskakel. Ongeveer n kwart (114) van die leerlinge van die Hoër- en die Laerskool het in die koshuise loseer.²⁾

Die Stadsraad het in 1937 ook groot toekomsplanne wat tot nut van die skool aangewend sou word, beraam: n swembad vlak by die skool sou gebou word; n ekstra stuk grond vir meer ruimte sou aan die skool geskenk word; toegewings in verband met n voorgestelde landboutuin by die skool sou gemaak word; n drilsaal volgens die Pirow-skema is beoog, en die bou van n skoolsaal is in die vooruitsig gestel.³⁾

Mnr. C. Bredell, die inspekteur, het verklaar dat al hierdie tekens van lewe en strewe bewyse van sterk patriotisme was en dat dit voorspoed voorspel het. Etlike honderde ponde is jaarliks as losiesbeurse deur albei die gemeentes geskenk, en Mnr. Bredell het beweer dat daar ver gesoek sou moet word om n gemeenskap te kry wat milder in sy eie behoeftes voorsien het as wat te Winburg die geval was.⁴⁾

In 1939 is in samewerking met die Volksskool n gimnastiekklub gestig waardeur gimnastiek, swem, boks, atletiek en orde-oefeninge georganiseer en versorg is.⁵⁾

Die vakke wat in 1939 in die Hoërskool aangebied is, was: Afrikaans, Engels, Duits, Latyn, Geskiedenis, Aardrykskunde, Landbou, Skei-Nat., Matesis, Boekhou, Snelskrif en Tikskrif. Mnr. Bredell het verklaar dat dit n buitengewoon wye keuse vir n skool van dié formaat was!⁶⁾

Taalbondeksamens/

-
- 1) I.R: 1935.
 - 2) I.R: 1937.
 - 3) I.R: 1937.
 - 4) I.R: 1937.
 - 5) I.R: 1939.
 - 6) I.R: 1939.

Taalbondeksamens is gereeld tot in 1941 afgeneem,¹⁾ en in 1938 het Winburg se Hoërskool die wisselbeker vir Taalbond gewen.²⁾

(b) DIE SKOOLSAAL.

Op 8 Oktober 1940 is die skoolsaal ingewy.

S. H. Pellissier, die Direkteur van Onderwys, het die deur oopgesluit, en by hierdie geleentheid is n Voortrekkerwaentjie aan die skool oorhandig.

Die voorneme om n skoolsaal te bou het reeds aan die begin van 1937 ontstaan.

Op 5 November 1937 is n kommissie aangestel met die oog op die bou daarvan en om met die Direkteur van Onderwys in dié verband te onderhandel en hom oor die wenslikheid van die bou van so n saal in te lig.³⁾

Op 4 Februarie 1938 het dié kommissie rapporteer dat die Direkteur die onderneming goedgesind was, en dat die Departement n bedrag van £1,000 sou bydra sodra die skool £500 byeengebring het.⁴⁾ Die Direkteur het op 4 November 1938 verklaar dat n duisend pond vir die voorgenome bou van die skoolsaal beskikbaar was,⁵⁾ en in Februarie van die volgende jaar is daar in die distrik met lyste rondgegaan om vir die saak te kollekteer.⁶⁾ Daar is toe dadelik met die bouwerk n aanvang geneem, en op 8 Oktober 1940 was die saal voltooi.

Alreeds in 1937 is n verklaring voor die skoolkommissie gelê dat die Direkteur van Onderwys wou hê dat elke skool in die Provinsie n Voortrekkerwaentjie, soos deur die Ficksburgse Ambagskool gemaak, moes besit om as inspirasie vir die leerlinge van die skool te dien; so n waentjie het £10-10-0 gekos.⁷⁾ Dit is aangekoop en by geleentheid van die skoolsaalinwyding in ontvangs geneem.

(c)/

1) S.K.N: 1941 (S.K.N: Skoolkommissie notule).

2) S.K.N: Junie 1938.

3) S.K.N: November 1937.

4) S.K.N: Februarie 1938.

5) S.K.N: November 1938.

6) S.K.N: Februarie 1939.

7) S.K.N: 1937.

c) DIE OORLOGSJARE, 1939-1945 EN DAARNA.

Tydens die oorlogsjare, toe politieke gevoelens hoog geloop het, is in die skoolkommissie-notule verklaar dat Winburgse skoolkommissie met leedwese kennis geneem het van persverslae oor die besprekings van die Verenigde Party-kongres te Bloemfontein waaruit geblyk het dat beskuldigings teen die onderwyspersoneel van die Oranje-Vrystaat gemaak is ten effekte dat kinders met Naziïsme en haat teen Engeland volgeprop sou geword het, en dat politieke propaganda in die skole gemaak is.¹⁾

Die Winburgse skoolkommissie het verklaar (dié verklaring het ook in die pers verskyn) dat hulle oortuig was dat die aantygings onbillik was en dat daarvoor geen regverdiging bestaan het nie. Hulle het ook verklaar dat hulle oortuig was dat daar geen politieke of ondermynende propaganda deur die personeel van die Winburgse skole beoefen was nie, en dat daar nooit gevalle van dié aard onder die aandag van die kommissie gekom het nie.²⁾

Hierdie verklaring staaft ook ons bewering in Hoofstuk VIII dat dié onderwysers besadigde manne was wat die opvoeding van die kind bo die politieke vlak verhewe gehou het.

Die volgende tabel toon die skoolrol en personeelvoorsiening tussen 1939 en 1951 aan:³⁾

Jaar.	Skoolrol.	Personeel.
1939	144	8
1942	144	8
1945	110	7
1948	86	7(1949-6)
1951	107	7

In 1945 is n erf aan die skool geskenk waarop daar tennisbane vir die gebruik van die leerlinge aangelê is.⁴⁾

Aan/

1) S.K.N: Desember 1940.
2) S.K.N: Desember 1940.
3) Vgl. L.B: 1939-1951.
4) L.B: 1945.

Aan die einde van 1952 het D. F. Malherbe sy onderwysloopbaan van byna 34 jaar beëindig. Hy was vir 24 jaar skoolhoof te Winburg.¹⁾

* * * * *

4) (a) A. P. BARNARD (1953-1956)

(b) J. J. le ROUX (1957-)

Mnr. A. P. Barnard was sedert Januarie 1953 die skoolhoof en het aan die einde van 1956 vertrek en 'n hoofskap te Bothaville aanvaar.²⁾

Mnr. J. J. le Roux, skoolhoof van die Junior Hoërskool te Rosendal, is as prinsipaal van die Hoërskool te Winburg in 1957 aangestel.³⁾ Een ideaal wat hy gestel het, was om die bande met die verlede te versterk, en daarom is besluit om in 1958 'n skoolblad uit te gee waarvan die hooftema die prestasies van die verlede moes wees.

* * * * *

1) L.B: 1952.
2) Vgl. L.B: 1953 en 1956.
3) L.B: Januarie 1957.

HOOFSTUK XI.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS IN DIE LAERSKOOLO,
1923-1957.

1) J. G. E VAN ZIJL (Januarie 1923-Julie 1948).

(a) INLEIDING.

Op 30 Januarie 1923 het die Volksskool as aparte entiteit en met n onderwyspersoneel van negentien lede, die nuwe skoolhoof, Mnr. J. G. E. van Zijl, inbegrepe, heropen.¹⁾

Dit was onmiddellik duidelik dat die personeelvoorsiening ontoereikend was, aangesien 73 nuwe leerlinge ingeskryf het. Oor die algemeen was die klasse baie groot, en vir die standerd twee-onderwyseres was daar 53 leerlinge. Dadelik is daar by die Departement vir die aanstelling van n bykomstige onderwyser(es) aangeklop, en met die heropening van die skool na die Wintervakansie het Mej. Holloway as hoofonderwyseres van die kindertuinafdeling diens aanvaar.²⁾

Tydens Mnr. van Zijl se diensperiode as skoolhoof het die ontwikkeling van die Volksskool verskeie hoog- en laagwatermerke bereik. Mnr. van Zijl het egter die vermoë gehad om deur daadwerklike optrede die probleme te oorkom, soos hy byvoorbeeld na n laagtepunt in 1926 gedoen het.

Op 30 Junie 1948 het Mnr. van Zijl in die logboek verklaar dat hy vir meer as vyf en twintig jaar dié skool na die beste van sy vermoë probeer dien het en dat hy dit aan sy opvolgers wil oorhandig...³⁾

(b) SKOOLROL EN PERSONEELVOORSIENING.

Die skoolrol kan beskryf word as redelik bestendig. Gedurende die eerste vyf jaar tot in 1927 was die getalle om en by vyfhonderd (die getal, 522, in 1923 waarmee die skool afgestig het, is egter nooit weer bereik nie). In die volgende vyf jaar het die rol gedaal tot op vierhonderd in 1931,
maar/

1) L.B: Januarie 1923.

2) L.B: Augustus 1923.

3) L.B: Junie 1948.

maar die daaropvolgende jaar weer stadig gestyg.

As gevolg van die droogte en die algemene verarming wat ingetree het, was daar in 1933 'n reuse-skommeling in die getalle van die skool. Gedurende hierdie jaar is 137 kinders ingeskryf en het 104 vertrek, 'n skommeling van 241. Die rol het egter van Januarie 1933 tot in November 1933 aangewas van 414 tot 471.¹⁾

Die volgende vyf jaar, tot in 1939, het die getalle egter min of meer konstant gebly in die omgewing van die 450-kerf. Slegs tweekeer het die skoolrol tot onder vierhonderd gedaal: April 1941-394 en Mei 1943-377. Hierna het die leerlingtal toegeneem tot 481 in Junie 1948.

Die volgende tabel toon die skoolrol en personeelvoorsiening met driejaarlikse tussenperiodes sedert 1923 aan.²⁾
(Waar moontlik is die rol vir die laaste semester geneem.)

Jaar.	Skoolrol.	Personeel.
1923	522	18
1926	499	17
1929	462	16
1932	428	15
1938	426	15
1941	394	15
1944	424	15
1948	481	15

c) ALGEMENE ONTWIKKELING VAN DIE SKOOL.

(i) Geboue: Van die begin van 1923 was die klaskamer-ruimte beperk, want in Februarie 1923 het Mej. B. Steyn met die standerd drie-klas in 'n saaltjie intrek geneem³⁾, en in die agterplaas van G. Theron is twee vertrekke as klaskamers gebruik. In November van dieselfde jaar is die ou skoolgeboue opgeknop, en die inspekteur het verklaar dat die meubels/

1) L.B: 1933.
2) L.B: 1923-1948.
3) L.B: Februarie 1923.

(iii) Standaard van werk: Aan die begin van 1923 is die skoolwerk tot 'n aansienlike mate gestrem ~~as~~ gevolg van die feit dat daar 'n beperkte hoeveelheid oefeningboeke vir die be- hoeftige en weeskinders was. Die skoolhoof het verklaar dat „the limited supply of exercise books is still a drawback to the work.”¹⁾ Om dié probleem op te los het die personeel besluit „..... to introduce a scribbling book for the higher classes....., provided all the working be done in ink.” Na die aankoms van 'n voorraad oefeningboeke kon die skoolhoof verklaar dat die werk in al die klasse bevredigend vorder.²⁾ Teen die einde van die jaar is verklaar dat die werk in die skool baie goed vooruitgegaan het, en dat spesiale aandag aan al die swakkelinge gegee is deur klasse na skoolure te organi- seer.³⁾

In die ihspekteursrapport van 1923 is verklaar dat die ge- halte van die skoolwerk redelik goed tot goed was, en dat dit van inspanning en toewyding van die kant van die prinsipaal en die personeel getuig het. Aangesien dit duidelik was dat die nuwe skoolhoof met die nodige toewyding vir sy taak besiel was, het inspekteur Elffers die hoop gekoester dat hy die voortdu- rende steun van die personeel en die publiek mog ondervind en geniet, sodat hy in staat gestel sou kan word om die Winburg- se Volksskool tot die hoogste sport te voer.⁴⁾

Die werk was egter nie altyd van 'n hoë gehalte nie, want in die inspekteursrapport van 1925 is verklaar dat veral die prinsipaal met 'n te lae standaard van werk tevrede was en dat dit die swakheid van die skool was. Die skrif van die leer- linge en die algemene netheid van die skool het onrus gebaar. Twee verdienstelikhede van die skool was egter die spaarklub en die skoolbiblioteek waarmee 'n begin gemaak is.⁵⁾

In 1926 het inspekteur Wessels die skoolhoof weereens

op/

-
- 1) L.B: Januarie 1923.
 - 2) L.B: Februarie 1923.
 - 3) L.B: Augustus 1923.
 - 4) I.R: 1923.
 - 5) I.R: 1925.

op die vingers getik, omdat hy tevrede was met n lae standaard. Die inspekteur het dit as billik beskou dat hoë eise, wat gehalte van werk betref, aan so n goed-toegeruste skool soos die Winburgse Volksskool, gestel moes word.¹⁾

Die skoolhoof het hierdie teregwysing ter harte geneem, en onmiddellik het daar verbetering ingetree, want in 1927 het inspekteur L. J. van Zijl verklaar dat hy tevrede was met die behoorlike klassifikasie van die kinders, en dat die werk van die skool van die vereiste peil was. Hy het sy genoeë uitgespreek met die metode wat gevolg is om sorgvuldig verslag te hou van die vordering van elke kind en oor die feit dat die skoolhoof gereeld in voeling gebly het met al die klasse. Drukskrif is ook ingevoer.²⁾

Hierdie rapport is van n opmerking deur die Direkteur van Onderwys, S. H. Pellissier, vergesel: „Die staf kan gelukkig word op hierdie rapport”.³⁾

In 1929 is verklaar dat die verhouding tussen die prinsipaal en die personeel van die aangenaamste was. Die kinders was vrymoedig, opgewek en beleefd, en dit het van goeie en gesonde dissipline getuig.⁴⁾ Mnr. P. Lemmer wat die sangklasse inspekteer het, het verklaar dat dit „eksellent” was, en dat die gehalte van die schoolsang van die hoogste in die Oranje-Vrystaat was. Die Direkteur het in n begeleidende brief verklaar: „Ek is bly dat sang baie aandag in hierdie skool geniet, en dat die standaard hoog is”.⁵⁾

Tussen 1929 en 1933 het hierdie skool geen inspeksie gehad nie. In die inspekteursrapport van 1933 het inspekteur van Eyssen verklaar dat daar heelwat blyke van verdienstelike werk en van die toegewydheid van die prinsipaal en die personeel gelewer was, veral as in aanmerking geneem

word/

1) I.R: 1926.

2) I.R: 1927.

3) Ibid.

4) I.R: 1929.

5) Ibid.

word dat die skool uit hoofde van die groot wisseling in getalle met buitengewone omstandighede te kampe gehad het.¹⁾ In 1934 het die inspekteur verklaar dat die standaard van werk hoog genoeg was.²⁾

In 1935 was die inspekteur egter oortuig dat die skool nog beter werk kon gelewer het, indien daar n bietjie strenger met die promosie van leerlinge opgetree was. Die skool het ook die beker vir die beste schoolsang in die inspekteursrondgang verower.³⁾

Inspekteur C. Bredell het in 1940 sy ingenomenheid met die goeie orde en dissipline van die skool betuig en het verklaar dat die kinders gelukkig was.⁴⁾ Volgens dié rapport en luidens n brief van gelukwensing van die Skoolkommissie was die werk van uitstaande gehalte.⁵⁾

Die enigste klagte in 1945 was dat die kinders tot in standerd drie nog toegelaat is om op leie te skryf. Inspekteur Pienaar het die hoop uitgespreek dat die leie uitgeskakel sou word, omdat dit nie bevorderlik vir goeie skrif was nie.⁶⁾ Dit was egter nie voor 1947 dat leie min of meer verdwyn het nie, en daar is terselfdertyd verklaar dat die skool n baie bevredigende standaard gehandhaaf het.⁷⁾

Opsommend kan ons dus verklaar dat die werk van hierdie skool van n goeie gehalte was, met uitsondering van die jare 1925 en 1926 toe daar n slapheid in die onderwysbedrywigheede waargeneem kon word.

(iv) UITBREIDING VAN ONDERWYSDIENSTE:

Hulpklas: Op 1 April 1938 het die Skoolkommissie berig ontvang dat die Departement van Onderwys van plan was om twee hulpklasse vir agterlike kinders in die Volksskool in te stel. Mej. Hönck en Mnr. de Swardt is uitgesoek om as leerkragte
vir/

-
- 1) I.R: 1933.
 - 2) I.R: 1934.
 - 3) I.R: 1935.
 - 4) I.R: 1940.
 - 5) S.K.N: 1940.
 - 6) I.R: 1945.
 - 7) I.R: 1947.

vir dié spesiale werk op te tree.¹⁾ Gedurende Junie 1938 het inspekteur van Eyssen n week lank toetse afgeneem om kinders vir die hulpklasse uit te soek. Vyftien kinders is vir hierdie klas aanbeveel.²⁾ Op 5 Augustus 1938 het die skoolhoof verklaar: „We have now started a class for retarded children and miss. O. Hönck is placed in charge of the class”.³⁾ Die inspekteur het in 1940 verklaar dat die hulpklas onder Mej. Hönck waardevolle onderwys geniet het.⁴⁾ In 1941 is Mnr. P. A. Human wat spesiale hulpklasopleiding te Bloemfontein geniet het, as onderwyser vir die hulpklasse aangestel.⁵⁾ In 1945 was daar sprake van n tweede hulpklas⁶⁾; in 1948 was daar 23 kinders in dié klas.⁷⁾ Dit was 4.7% van die totale aantal leerlinge in die skool.

Biblioteek: In 1926 is n skoolbiblioteek tot stand gebring, en aan die einde van die jaar was daar 700 boeke.⁸⁾ In 1927 het dit 750 boeke bevat, en £35 is beskikbaar gestel vir verdere uitbreiding.⁹⁾ Tien jaar later was daar 1,200 boeke in die biblioteek.¹⁰⁾ In 1940 het die getal tot 2,000 aangegroei, en die inspekteur het verklaar dat daar volgens n bepaalde stelsel in die skool gelees is.¹¹⁾ Die biblioteek is jaarliks met boeke ten bedrae van £50 aangevul. Op 22 November 1946 was daar 1,854 Engelse en 1,604 Afrikaanse boeke in die biblioteek.¹²⁾

Voedingskema: Die Skoolkommissie het op 17 Maart 1944 verklaar dat die voedingskema op beginselgronde te Winburg prakties uitvoerbaar was. Hulle het die instelling daarvan goedgekeur.¹³⁾ Op 1 September 1944 is hierdie skema in die

Volksskool/

-
- 1) S.K.N: April 1938.
 - 2) L.B: Junie 1938.
 - 3) L.B: Augustus 1938.
 - 4) I.R: 1940.
 - 5) I.R: 1941.
 - 6) L.B: Februarie 1945.
 - 7) L.B: Junie 1948.
 - 8) I.R: 1926.
 - 9) I.R: 1927.
 - 10) I.R: 1937.
 - 11) I.R: 1940.
 - 12) I.R: 1946.
 - 13) S.K.N: Maart 1944.

Volkskool van Winburg ingevoer.¹⁾

Die instelling van die Nasionale Voedingskema was beslis waardevol, want ons moet in gedagte hou dat dié skoolrol vir ongeveer n derde uit weeskinders bestaan het.

Spaarklub: Die Posspaarklub is in Winburg se Volkskool op 9 Oktober 1925 geopen, en die eerste twee deposito's het saam £10-9-0 bedra.²⁾ In 1926 het die spaarklub 180 lede gehad en was 320 Unielening-sertifikate reeds aangekoop.³⁾ Later is daar gereeld tussen £200 en £300 per jaar gespaar.⁴⁾

(v) ANDER SKOOLBEDRYWIGHEDE:

n Skoolsluitingsfunksie is op 13 Desember 1923 in die stadsaal gehou waarby pryse aan verdienstelike leerlinge uitgedeel is en n verslag van die jaar se bedrywighede voorgelees is.⁵⁾

In 1926 het daar reeds n kadetafdeling vir seuns van twaalfjaar en bo bestaan; dit was onder leiding van die skoolhoof.⁶⁾

n Jaarblad is in 1925 uitgegee; die jaarblad van 1931 is teen nege pennies per eksemplaar verkoop.⁷⁾

In 1937 het die kadetafdeling nog bestaan, en ander buiteskoolse bedrywighede was: Voortrekkers, „Girl Guides" en „Boy Scouts". Aan hierdie drie bewegings het ongeveer 140 kinders behoort.⁸⁾ Aan die Christelike Studentevereniging en die debatsvereniging is ook hulle regmatige tyd afgestaan.

Sport het onder andere rugby, netbal en tennis behels en is in samewerking met die Hoërskool beoefen.⁹⁾ Skoolbasaars en konserte is ook in medewerking met die Hoërskool gehou. Op dié wyse is in 1945 n bedrag van £510 ingesamel; elke/

-
- 1) L.B: September 1944.
 - 2) L.B: Oktober 1925.
 - 3) I.R: 1926.
 - 4) I.R: 1944.
 - 5) L.B: Desember 1923.
 - 6) L.B: 1926.
 - 7) L.B: 1925 en 1931.
 - 8) I.R: 1937.
 - 9) I.R: 1935 cf. 1944.

elke skool het £125 ontvang, en £250 is in n opvoedingsfonds gestort.¹⁾

* * * * *

2) C. J. STEYN. (Januarie 1949-Desember 1955).

(a) INLEIDING.

Na die vertrek van Mnr. van Zijl in Junie 1948 het Mnr. P. A. Human as skoolhoof tot aan die einde van die jaar waargeneem. Op 13 Augustus 1948 was daar 512 kinders in die skool en daar het nog n lid op die personeel bygekom.²⁾ Gedurende September 1948 het Mnr. M. C. Botha die skool inspekteer.

Toe die skole in Januarie 1949 heropen, het Mnr. C. J. Steyn diens as skoolhoof aanvaar; hy het dié pos tot aan die einde van 1955 bekleed, toe hy n hoofskap aan die Volksskool te Virginia (O.V.S) aangeneem het.

(b) DIE SKOOL ONDERGAAN 'N METAMORFOSE:

Uit die staanspoor uit het dit geblyk dat die skoolwerkzaamhede op n nuwe lees geskoei is, en met die eerste inspeksie wat tydens Mnr. Steyn se hoofskap te Winburg van 28 November tot 1 Desember 1949 gehou is, het inspekteurs Steytler en Pienaar as volg verklaar: „Die skool het n metamorfose ondergaan: Kunswedstryd gehou; skoolkonsert; spaarklub (£548); voedingskema radikaal verbeter; Gestetnerafrolmasjien gekoop; naaldwerkkamer ingerig; personeelkamer ingerig; biblioteekboeke word herstel; planne word beraam om terrasse aan te bring; uniforme skooldrag; nuwe puntestate; oefeningboeke in plaas van kladboeke... samewerking met Hoërskool, Weeshuis en die Munisipaliteit is hartlik....”³⁾ Mnr. Steyn het n gelukwensing van die Skoolkommissie ontvang.⁴⁾

(c) SKOOLROL EN PERSONEEL.

Twee faktore was vir die afname van die getalle op
die/

1) I.R: 1945.
2) L.B: Augustus 1948.
3) I.R: 1949.
4) SK.N:1950.

die rol verantwoordelik. Sedert 1951 het daar 'n verhuising van talle inwoners na die pas-ontdekte goudvelde in die Noord-Weste van die Oranje-Vrystaat plaasgevind. Nietemin het daar mettertyd weer bestendigheid gekom en het die rol weer stadig begin aanwas, totdat daar in 1955 skielik as gevolg van die veranderde beleid wat deur die regering teenoor die weeshuise gevolg is, 'n vinnige en verontrustende daling in die getalle voorgekom het. Die regering het besluit om nie meer kinders in die weeshuise te komiteer nie, en dit het 'n gevoelige uitwerking op die skoolrol gehad, omdat ongeveer 'n derde van die leerlingstal uit weeshuiskinders bestaan het.

Die volgende tabel toon die skoolrol en personeelvoorsiening aan:¹⁾

Jaar.	Rol.	Personeel.
1949	482	15
1950	486	-
1951	466	19
1952	483	-
1953	481	17
1954	470	-
1955	396	-

(d) ALGEMENE ONTWIKKELING VAN DIE SKOOL.

(i) Geboue en terrein: Op 1 Desember 1949 het die Skoolkommissie goedgekeur dat Mnr. Steyn op die £-vir £-stelsel terrasse in die binneplein kon laat aanbring.²⁾

Op 30 Januarie 1950 het die personeel besluit om £150 uit die skoolfonds te gebruik ter verbetering van die vierkant.³⁾ In die inspekteursrapport van 1951 het inspekteur Pienaar verklaar dat daar 'n reuse-verbetering in die binneplein op inisiatief van die hoof aangebring was. Hy het verklaar dat die skoolhoof vir sy ywer en entoesiasme in verband daarmee 'n spesiale woordjie van lof verdien.⁴⁾

Dié/

1) L.B: 1949-1955.
2) S.K.N: Desember 1949.
3) L.B: Januarie 1950.
4) I.R: 1951.

Dié rapport was vergesel van n opmerking deur die Departement van Onderwys wat onder andere die inisiatief van die skoolhoof en die troue steun van die personeel geloof het.¹⁾ In 1953 het die inspekteur verklaar dat die rosetuin in die skool se binneplein n mooi indruk gemaak het, en dat dit nie anders kon as om n weldadige invloed op die kindersiel uit te oefen nie.²⁾

Twee ekstra klaskamers is in Maart 1950 aangevra, en in Mei 1952 is die ou geboue opgeknap, geverf en gepleister. Die verbeteringe wat aangebring is, het ongeveer £3,000 bedra.³⁾

(ii) Algemeen: Amptelike skoolsluitingsfunksies is elke jaar sedert 1949 gehou, en n skoolkonsert waarmee £50 geïen is, is in Oktober 1949 van stapel gestuur.⁴⁾ In 1953 is weer n konsert en kermis in medewerking met die Hoërskool gehou, en £750 is ingesamel.⁵⁾

Eenvormige kleredrag vir dogters is in 1949 ingevoer en verpligtend gemaak.⁶⁾

In 1949 het 195 kinders n bedrag van £548 gespaar om sodoende die tweede plek om die van Zyl-trofee te verower,⁷⁾ en in 1951 het die skool tweede gekom as gevolg van die verkoop van paasseëls.⁸⁾

Die Kerkklok van die ou Rietfontein-kerk is op 27 Julie 1950 by die skool installeer om as skoolklok te dien, en in 1951 is n skolierpatrolië ingestel om padveiligheid te bevorder.

Die skoolbiblioteek het in 1951 3,651 boeke gehad, en in 1954 was die totaal 5,372. Die biblioteek het in 1954 verder gebaat deur die skenking van Mnr. J. Coetzer wat

sy/

-
- 1) I.R: 1951.
 - 2) I.R: 1953.
 - 3) L.B: Mei 1952.
 - 4) L.B: Oktober 1949.
 - 5) I.R: 1953.
 - 6) S.K.N: Augustus 1949.
 - 7) L.B: Februarie 1950.
 - 8) L.B: Maart 1951.

sy privaat biblioteek aan die twee skole nagelaat het.¹⁾

Op 22 Januarie 1954 is die Engelsmediumklasse afgeskaf.²⁾

(iii) Sport en Verenigingslewe: Met die tussenskoolse atletiek-byeenkoms te Bloemfontein in Maart 1949 het Winburg se Volksskool die Pellissierbeker vir primêre seuns verower.³⁾ Ander vertakkings van sport waaronder rugby, tennis en netbal is ook beoefen.

Ander buitemuurse aktiwiteite was: Kunswedstryde, Christelike Studentevereniging en Voortrekkers. Die "Boy Scouts" het in 1951 verdwyn.

C. J. Steyn se werksaamhede kan saamgevat word in die gelukwensing wat hy in 1953 van die Departement van Onderwys ontvang het: "Die Departement waardeer die goeie werk wat hier gedaan word, ook die feit dat die hoof sy vinger op die pols van die skool het en simpatiek staan teenoor die probleme van sy leerlinge!"⁴⁾

* * * * *

3) D. J. J. C. VAN VUUREN (1956-).

Mnr. D. J. J. C. van Vuuren het in Januarie 1956 skoolhoof van die Winburgse Volksskool geword.⁵⁾

Die skoolrol het weer n stadige groei getoon, soos uit die volgende blyk:

Januarie 1956:	381.
Junie 1956:	396.
November 1956:	427.

In 1957 is dennebome op die skoolterrein aangeplant, n projektor en skilderye gekoop en n swemgala gehou.⁶⁾

Hoofstuk XII/

-
- 1) L.B: 1954.
 - 2) L.B: Januarie 1954.
 - 3) L.B: Maart 1949.
 - 4) I.R: Oktober 1953.
 - 5) L.B: Januarie 1956.
 - 6) L.B: 1957.

HOOFSTUK XII.

B E S L U I T.

Die Goewermentskool te Winburg het van 1848 tot 1874 n wisselvallige bestaan gehad. Daar was tydperke van bloei veral onder Kok en Hofstede, maar ook periodes van agteruitgang en algehele verval, wat te wyte was aan gebrek aan ondertekenare van waarborglyste, geldelike tekort of ook weens onverskilligheid aan die kant van beide ouers en owerhede.

Twis onder die inwoners en met die onderwysers en owerhede het tot 1905 die onderwys beïnvloed. Toe G.P. Moll in 1854 op aanbeveling van ds. A. Murray na Winburg moes gaan om daar onderwys te gee, het verdeeldheid onder die inwoners ontstaan, omdat C. D. van Soelen deur die Kerkraad van Winburg aanbeveel is, en Moll het n brief geskryf waarin hy verklaar het dat hy liever n ander pos wou hê „om de verdeeldheid op Winburg te vermijden”.¹⁾ Die verdeeldheid het egter voortgeduur en kan as een van die redes aanvaar word waarom van Soelen in 1855 na n paar maande diens sy onderwyspos bedank het. Hierna was Winburg vir n geruime tyd sonder n onderwyser.

Twis met die onderwyser Pos het hom genoop om in Julie 1874 sy onderwysbetrekking te bedank.

Alhoewel Reeders die Winburgse Goewermentskool na 1875 nie tot groot hoogtes kon lei nie, kom hom die eer toe dat hy wel die voortbestaan daarvan verseker het en tot n groot mate n fondament gelê het waarop Fivaz en Pienaar kon voortbou.

Die Anglo-Boere-oorlog het die goeie werk van S. W. Pienaar tot n einde laat loop, en na die oorlog het die stryd wat op die stigting van die C.N.O.-skole uitgeloop het, ook in Winburg onder leiding van ds. Marquard gewoed.

Ondanks die probleme tydens die vorige eeu het die
skool/


1) Olwagen, J. D: op.cit., p.18.

L.F. FERLINGTAL (Matsiwaan jaarlykse rol ager moontlik.)

1850 1860 1870 1880 1890 1900 1910 1920 1930 1940 1950 1957.

GOEWAGMENTS-SKOOLOOL, 1849 - 1922

LAERSKOOLOOL, 1923 - 1957



LAERSKOOLOOL KOM TOT STAND

en HOËRSKOOLOOL -

J A A R T A L

skool van krag tot krag voortgegaan, en na die amalgamasie met die C.N.O.-skool het die onderwys te Winburg, nieteenstaande die rebellie van 1914 en die kerkskeuring van 1917, verskeie hoogtepunte bereik: Daar was die ontwikkeling tydens Mercier se hoofskap wat dit alreeds in 1918 duidelik laat blyk het dat 'n selfstandige Hoërskool binne afsienbare tyd tot stand sou kom.

Met D. J. Retief as hoof het daar fenomenale ontwikkeling ingetree, sodat die laerskool en hoërskool in 1923 geskei het. Sedert hierdie geskiedkundige gebeurtenis het Winburg se Volksskool en Hoërskool altyd hulle vooraanstaande posisie in die onderwys van die Oranje-Vrystaat gehandhaaf.

Tydlike steurings soos die moeilikheid in verband met die naam van die skool, die depressie van 1932 en 1933, die politieke probleme tydens die Tweede Wêreldoorlog en die ontdekking en ontwikkeling van die nabygeleë goudvelde in die Noordwes-Vrystaat sedert 1951, het die skool, getrou aan die leuse van die dorp: „Niet zonder strijd, noch zonder arbeid oorwinnende“, deur arbeid en deursettingsvermoë 'n oorwinning oor die stryd in publieke en politieke sfere behaal; die opvoeding van die jeug het onder alle omstandighede voorrang geniet.

Die navorsing en werk wat in hierdie verhandeling vervat is, was slegs die sigbare tekens wat ons kon naspur. Die onsigbare, die vorming van verstand en liggaam en bo alles die ontwikkeling en ryping van die gees van die duisende kinders wat sedert 1848 in hierdie skool onderrig is, kon ons nie bepaal nie - die geestesgoedere wat deur leerlinge van toegewyde, besielde en konsensieuse onderwyspersoonlikhede en die skool as geheel ontvang is, kan nie deur navorsing vasgestel word nie.

Die modellering en skawing van geestesprodukte is die onbepaalbare, onnaspeurbare element wat aan die onderwys verbonde is.

B Y L A E.

O.V.S.-ARGIEF.

KORRESPONDENSIEBOEK - dr. J. Brebner:

Januarie 1873-Desember 1875.

N. POS (ONDERWYSER) vs. GEO BELL (OUER).

BLADSY.

A) Brebner se ondersoek in verband met die saak. 239-244

B) Brebner se bevinding - aan die Uitvoerende
Raad. 245-251

A.) BREBNER SE ONDERSOEK I.V.M. DIE SAAK TE WINBURG.

Onderzoek van sekere klachten tegen den Heer N. Pos, Goewernements Onderwyzer te Winburg ingebracht, gehouden te Winburg op Zaterdag den 8 Augustus ten Landdrost kantore.

---oOo---

Klacht I. "De Onderwyzer heeft op school niet het by de wet vereischte getal kinderen."

De Heer Nicolaas Pos, Gouvernementsonderwyzer, beëdigd zynde, verklaart: Het gemiddeld aantal kinderen op school tegenwoordig gedurende de maanden Juni en Juli was omtrent 12.

Klacht II. "De Heer Bell is onregtvaardig behandeld, en kon by de School Commissie geen gehoor vinden."

De Heer George Bell beëdigd zijnde, verklaart: Op den 16 April werd myn zoon naar huis gezonden met een brief (Brief ingediend No. A.) De brenger van dien brief was Dirk de Kok, zoon van den Heer de Kok. Toen de brief aan my gegeven werd, vraagde ik de Koks zoon wat hy gedaan had. Toen zegde hy, niets, want de Heer Pos had gezegd dat ik niets moet zeggen. Toen heb ik naar de school gegaan naar den Heer Pos. Ik vraagde of ik hem een oogenblik kon spreken omtrent wat myn kind gedaan had. Hy zegt my dat hy hier niet te spreken is in zijn dienst. Ik heb omtrent een minuut gewacht. Toen had ik hem gevraagd of ik niet met hem buiten kon spreken. Hy zegt my toen, neen, maar wel by het Landdrostkantoor om 12 uur. Voor 12 uur heb ik met den Landdrost gesproken over den brief, en den brief aan hem gegeven. Om 12 uur ben ik afgekomen naar het kantoor en de Heer Pos was ook daar. Toen heb ik aan den Heer Pos gevraagd wat myn kind gedaan had. Hy zeide, de brief, dien ik gezonden heb, is myn antwoord. Ik zeide Ik ben daarmee niet tevreden; ik als vader van het kind behoort te weten wat hy gedaan heeft. De Heer Lotz heeft my gevraagd of ik het kind had gevraagd wat het gedaan had. Ik zeide, Ja, ik heb hem in de kamer alleen genomen en hom gezegd hy moet my de waarheid zeggen als hy iets in de school gedaan had dat stout was. Hy zeide my, Pa, ik had niets gedaan, ik had net op den bank gaan zitten en myn lei op de desk neergezet,

toen/

toen heeft mynheer Pos my met Dirk de Kok naar huis toe gezonden. Toen zegt de Heer Lotz dat de Heer Pos behoorde het aan den vader van het kind te hebben gezegd wat het kind gedaan had. Toen zeide de Heer Pos dat als hy het niet vandaag gedaan had, dan had hy het op een ander dag gedaan. Ik heb hem toen gevraagd, wat heeft hy op een ander dag gedaan: Toen zegt hy, Hy maakt de geheele school in oproer. Toen heb ik als intekenaar voor de school bedankt, en den Heer Lotz gevraagd om my niet langer als een intekenaar te beschouwen - ik zou beide kinderen uitnemen; en als de wet my verder vereischt de subscriptie te betalen, zoude ik het doen, anders niet, want ik beschouwde dat myn kind onschuldig naar huis gezonden was.

Ondervraagd door den Heer Pos: Ik herinner my niet dat de Heer Pos gezegd heeft voor u ben ik niet te spreken dan alleen in tegenwoordigheid van den Landdrost. In tegenwoordigheid van den Landdrost heeft de Heer Pos gezegd dat hy het schoolgeld terug zal geven.

Ondervraagd door den Heer van Heyningen: Myn kind dat weggezonden werd is omtrent 5 jaar oud. Hy word weggezonden omtrent 9 uur. Den dag daarna heb ik eene klacht ingezonden by de School Commissie (Brief ingediend No B.). Ik heb geen officieel antwoord van de School Commissie gekregen. Ik heb dit aan den Heer van Heyningen gezegd. Ik heb den Heer van Heyningen verzocht eene klachte tegen den Onderwyzer en de School Commissie aan den Inspector te zenden. Ik heb aan den Heer van Heyningen het getuigschrift van Mrs. Wigget gegeven (Byl. D) en hem verzocht een getuigschrift van Juffrouw van Heyningen te krygen (Byl C.) omtrent het gedrag van myne kinderen. Mrs. Wiggets getuigschrift heeft betrekking op myne twee andere kinders en niet op hem die weggezonden werd. De Heer Pos heeft nooit te voren geklaagd over het bedrag van myne kinderen.

Ondervraagd door den Voorzitter der School Commissie:

Toen/

Toen ik by het kantoor kwam op den 16 April was ik opgewonden. De Heer Lotz heeft my gezegd dat het kind naar huis gezonden was in stipte overeenkomst met een besluit door de School Commissie genomen, en ik mag gezegd hebben dat het de plicht was van een onderwyzer zoo wel als van een ouder om het kind te straffen, want de onderwyzer wordt daarvoor betaald. Hy heeft ook gezegd dat de onderwyzer wel de macht heeft om het kind te straffen met zwaardere lessen, op den hoek zetten, enz. maar met geene lyfstraf; dat in dat geval hy zyne betrekking zou verliezen. Ik kan my niet herinneren dat ik hier in het kantoor zeide, Die Vervloekte Hollander, ik zal hem een pak slagen geven. Ik ben dan den predikant dien dag gegaan. Ik heb denzelfden dag of den dag daarna eene overeenkomst met den predikant getroffen om myne zoon William naar Miss van Heyningen te stuur, en myne zoon John naar den predikant zelven. Ik heb over de behandeling van myn zoon met den Heer van Heyningen gesproken, en over eene klachte, en hy heeft my op myne vraag aangeraden de klacht aan de Inspector te zenden. Ik heb zelf het getuigschrift aan Mrs. Wigget gevraagd, en den Heer van Heyningen verzocht om een van Miss van Heyningen te krygen. Ik herinner my dat op den 15 April ik een briefje van den Voorzitter der School Commissie gekregen heb my verzoekende eene vergadering der School Commissie by te wonen: maar ik heb ze niet bygewoond. Ik was niet by de deur van het kantoor onmiddelyk voor de opening der vergadering.

Weder ondervraagd: De oorzaak van myn zeggen Ik zal hem een pak slagen geven was niet alleen om het wegzenden van mijn kind, maar om andere redenen ook. Ik heb met de Heer van Heyningen gesproken over mijn kinderen nadat ik ze uitgenomen had, en hy zeide, Zend ze aan myne zuster: maar de overeenkomst met Miss van Heyningen heb ik zelf gemaakt. De Heer van Heyningen heeft dien zoon gratis onderwezen tezame met zijne eigene kinders. De Heer van Heyningen heeft my nooit aangeraden eenige kind uit de school te nemen. Ik heb eene boodschap met een kind aan den onderwyzer gezonden dat
myn/

myn zoon Adrian zou uitblyven.

Ik heb eene schryftelike klachte ingezonden, maar geen antwoord gekregen.

De Heer C. Bredell, beëdigd zynde verklaart: Kort na de vergadering van den 18 Mei is de Heer Bell by my in kantoor gekomen, en onder anderen hebben wy ook over de klachten gesproken, en hy zeide, wat helpt het, ik kryg geen recht daar. Toen heb ik gezegd uwe klacht bevat niet wat door of aan uw kind gedaan is, en daarom heeft de school commissie het besluit genomen dat zy dienaangaande geen onderzoek instellen kon.

De Heer Nicolaas Pos verklaart: Het kind was ongehoorzaam: ik had hem gezegd dat hy in den hoek zon gaan staan: en dit heeft hy niet gedaan. Daarop heb ik hem daarin gezet. Naderhand heb ik hem in school gehouden, en toen is hy wegge-loopen; en hy kwam den volgenden morgen ter school alsof er niets gebeurd was. Hy ging zitten, nam zyne lei, en deed niets: daarom zond ik hem weg.

(Notulen van de vergaderingen der School Commissie op den 15 April en dan 18 Mei voorgelezen, Copie waarvan hierby gaat (Bylage F)).

Klacht III: "De Heeren Bell, de Kok, en ik, vaders van talryke huisgezinnen zyn gereed u de oorzaak op te geven waarom wy onze kinderen niet ter school kunnen zenden."

De Heer Bell, nog onder eed verklaart, dat hy zyne kinderen niet ter school kon zonden omdat zyn kind zonder reden weggezonden was, en dat hy nooit eene vorderingen in zyne kinderen gezien had, en dat geen zingen in de school was gedurende verscheidene dagen.

De Heer Karl Johannes de Kok beëdigd zynde verklaart: Myn kind was op dien tyd op school, maar nooit geheel met myn zin, want ik vond spoedig uit dat er niets geleerd wierd.

Ondervraagd door den Heer van Heyningen: Ik heb myn kind gestuurd naar de plaats van Stefanus Jacobs, 5 uur ver, om onderwys te krygen, omdat ik geene kans hier had om het te krygen. De Heer van Heyningen heeft my nooit aangeraden

om myn kind uit de school te nemen, maar wel het tegendeel. Hy heeft my nooit aangeraden om niet te teekenen op de lyst van Subscribers, maar het tegendeel.

Ondervraagd door den heer Pos: De Heer Pos heeft met my over het al of niet teekenen op de lyst gesproken. Ik het niet gezegd, Ik zal eerst met den Heer van Heyningen daarover spreken.

Ondervraagd door den Voorzitter der School Commissie: De Heer Pos was naderhand by my geweest en ik heb geweigerd te teekenen. Ik heb het kind geene boeken naar school mede gestuurd. Ik kan bewyzen dat ik er niet voor den 16 Juni van gesproken had van het kind naar Jacobs te sturen. Tusschen den 1 en den 16 Juni was ik buiten: voor den 12 ben ik t'huis gekomen. Tusschen den 12de en den 16 de ben ik in gesprek geweest met den predikant. Ik heb van het geschil tusschen den onderwyzer en den predikant voor het eerst op het pad gehoord (Brief E ingediend).

De Heer P. A. C. van Heyningen beëdigd zynde verklaart: De oorzaken waarom ik myne kinderen niet ter school kan zenden, zyn verschillend.

- (1) De inrichting van de school beschouw ik als geheel verkeerd: geene tafel der werkzaamheden was volgens wet opgehangen.
- (2) Ik beschouw dat de school niet geschikt is voor een kind van zulken leeftyd als myn zoon of schoon ik haar zou willem beschouwen als eene zeer geschikte school voor kleine kinderen.
- (3) Omdat het niet volgens de wet gezongen werd in de school en de onderwyzer verklaarde dat hy aan de eischen der wet voldeed, en ik had eene persoonlyke overtuiging dat het niet gezongen werd.

Ondervraagd door den Voorzitter der School Commissie: De Heer Pos insinueerde in de vergadering der School Commissie op den 4 Maart dat ik den Heer de Kok had afgeraden om zynen naam te zetten op de lyst voor de Gouvernements school. Daar ik bewust was dat ik het tegendeel hem wel aangeraden

had/

had om zynen naam er op te zetten, nam ik besluit om mynen post als penningmeester neer te leggen. Dat geval heeft mischien op myne gemoeds stelling gewerkt.

Klacht IV: "Het gedrag van den Onderwyzer is ten eenenmale berispelyk naar dien hy - volgens het geen ik van mynen agent verneem - naar zyne eigene bekentenis - onder den invloed van sterken drank - zich alzoo gedragen heeft dat hy moest geschorst worden, en ik genoodzaakt werd geregtelyke stappen te nemen."
Teruggetrokken.

Klacht V: "De onderwyzer heeft my by de School Commissie aangeklaagd, en ik meen regt te hebben een onderzoek te eischen van die klagten, die ongerijmd, malicieus, en lasterlyk zyn."

Teruggetrokken op grond dat ik geen afschrift kon krygen van den brief van den Heer Pos aan die School Commissie, niettegenstaande dat ik dien door myne agent had laten vragen. De Voorzitter der School Commissie verklaart dat de reden waarom hy het afschrift niet kon geven was, omdat zoo lang de brief niet door de Commissie in behandeling was genomen, hy als voorzitter geen recht had een afschrift daarvan te verleen: hy had eene vergadering belegd, maar kon geen quorum byeenkrygen.

Klacht tegen den Wel. Eerw. Heer van Heyningen door die School Commissie van Winburg ingebracht, gedat. den 10 Juni 1874.

"Dat aan den Voorzitter worde opgedragen aan het Gouvernement mededeeling te doen, dat de Predikant in de vergadering van 4 Maart l.l. gezegd heeft geene vergaderingen meer te zullen bywonen, en van af dien tyd ook geene vergadering heeft bygewoond."

Notulen van vergadering van 10 Juni voorgelezen.

De Heer van Heyningen verklaart: Ik meende door den Scriba der Commissie beleedigd te zyn. De Scriba, geen lid der Commissie zynde, had geen recht eenig lid te beleedigen zonder tot orde geroepen te worden. Daar dat toen niet geschied is, heb ik besloten de vergaderingen niet weder by te wonen.

John Brebner
INSP. VAN HET ONDERWYS. O.V.S.

B) BEVINDING VAN JOHN BREBNER OPGESTEL AAN DIE UIT-
VOERENDE RAAD.

Kantoor van het Openbare Onderwys.

den 15 Augustus 1874.

Aan den Hoog Edelen den Uitvoerenden Raad.

Hoog Edele Heeren,

Ik heb de eer U.H.Ed. de notulen van het onderzoek te Winburg, met ingediende documenten A, B, C, D, E en F voorteleggen, en daarover myn rapport uit te brengen.

Toen ik te Winburg kwam, werd er sterk op aangedrongen dat het onderzoek ten aanhooren van het publiek zou geschieden, en eindelijk heb ik het toegestaan, voornamelyk om deze reden, dat in den tegenwoordige toestand der partijen te Winburg er gevaar bestond dat, indien het onderzoek in het privaat plaats had, verdraaide geruchten zouden worden verspreid omtrent hetgeen gezegd of gedaan was.

Het onderzoek vond plaats om 11 uur ten Landdrost kantore, en alle partyen waren tegenwoordig, als ook een aanzienlyk gedeelte van het publiek. Er was geen oproer of onaangenaamheid, en hatelykheden werden zorgvuldig vermeden.

Klacht I is bewezen en toegestemd. Het gemiddeld aantal kinderen gedurende de maanden Juni en Juli bedroeg slechts 12; en dus kan de school geene aanspraak maken op de voordelen van Ordonnantie No 1 1874.

Klacht II. Een zoon van den heer Bell, omtrent 5 jaar oud, is in de school ongehoorzaam geweest, en heeft den onderwyzer geplaagd, niet zoo zeer door baldadigheid als door nalatigheid en het niet doen van zyn werk. De gewone bestraffingsmiddelen baatten niets, en de onderwyzer wendde zich naar de School Commissie met de vraag, wat moet met zoodanig kind gedaan worden? De Commissie antwoordde, zend hem naar huis met een kennisgeving aan de ouders, inhoudende de reden daarvan, en houd hem buiten de school totdat hy beterschap belooft. Op den 15 den April werd hy in school ge-

houden/

gehouden, maar is zonder verlof weggelopen. Toen hy ter school kwam op den morgen van den 16 den zond de onderwyser hem dadelyk naar huis in overeenstemming met het besluit der School Commissie den vorigen dag genomen. Daarop komt de Vader vertoornd naar de school, en wil met den onderwyser spreken; de onderwyser wil in geen privaat gesprek met hem treden. Om 12 uur kwamen de Landdrost, de onderwyser, en de Heer Bell byeen ten Landdrostkantore, en bespraken de zaak, maar zonder eenig gunstig gevolg. Op den 17 de zond de heer Bell eene schriftelyke kennisgeving aan de School Commissie dat hy zyne kinderen uitgenomen had om reden dat zy niet volgens recht en billykheid door den onderwyser behandeld waren; hy verder verzocht de Commissie een onderzoek hieromtrent in te stellen, en hem ontslag te verleenen als inteekenaar tot onderhoud van de onderwyser. De Commissie hield hare eerste vergadering daarna op den 18 de Mei, en de brief van den heer Bell voorgelezen zynde, besloot dat, daar er geene bepaalde klacht was, de Commissie dienaangaande geen onderzoek instellen kon. Geene schriftelyke kennisgeving van dit besluit werd aan den heer Bell gezonden, maar de inhoud daarvan word hem mondelings medegedeeld door den heer Bredell, lid der School Commissie. Op den 15 Juni werd, op verzoek van den heer Bell, eene klachte tegen den onderwyser en die School Commissie, met getuigschriften van het vroeger gedrag zynen kinderen door den Wel. Eerw. Heer van Heyningen aan den Inspector van onderwys gezonden.

Het blykt uit de notulen der School Commissie, en uit hetgeen by het onderzoek gezegd werd, dat alreeds vóór den 15 den April, bitterheid bestond tusschen den heer Bell en den onderwyser. Getuigenis daarvan werd my aangeboden, doch ik weigerde in die zaak te treden als niet vallende onder de ingebrachte klacht. De School Commissie heeft zich schuldig gemaakt aan verzuim, door het niet officieel antwoorden op den Brief van den heer Bell, en misschien door

niet/

niet eerder eene vergadering te houden om de zaak te behandelen: en de onderwyzer heeft zich wat styf, onnoodig styf, gehouden tegen den heer Bell, hetwelk misschien te wyten is aan de onaangenaamheid die tusschen hen bestond. Ware ik in de plaats van den onderwyzer geweest, zou ik het kind een duchtig pak slagen hebben gegeven, en dus de zaak ten einde gemaakt hebben: maar de heer Pos houdt zich stipt aan het Hollandsche systeem, waardoor men verboden wordt eenige lyfstraf in de school te gebruiken. Maar, wat de klachte aangaat, zie ik geene genoegzame reden om den onderwyzer in zyne betrekking te schorsen.

Klacht III. De redenen door de getuigen opgegeven zyn verschillend.

- (1) Dat de kinderen geene vorderingen maakten. Dit is moeilyk te beoordeelen: want de onderwyzer is slechts 8 maanden te Winburg geweest en de vorderingen der kinderen hangen dikwyls meer van de ouders dan van de onderwyzer af. Vele ouders ook zyn niet in staat de vordering van hunne kinderen te beoordeelen.
- (2) Dat geene tafel der werkzaamheden, volgens de Regulaties van 1864 in de school opgehangen was. Dit is waar, en ik heb met den onderwyzer daarover gesproken toen ik in Februari l.l. op Winburg was. Zyn excuus was, dat in den toenmaligen staat der School, pas begonnen en zonder behoorlyke schoolboeken, het onmogelyk was eene voldoende klassificatie te maken. Ik vond het excuus eenigermate gegronnd: maar het kwam my voor dat, omdat hy het niet op de meest voldoende wyze doen kon als hy byvoorbeeld in eene Nederlandsche school, hy het in geen en deele wilde doen: en dat beschouw ik als verkeerd.
- (3) Dat de school alleen geschikt is voor kleine kinderen. De heer Pos is naar myne overtuiging ten volle bekwaam tot het geven van onderwys in al de vakken van eene lagere school: en dat hy niet de hoogere vakken b.v. Latyn, Grieks, Mathesis enz. onderwyzen kon, moet bekend zyn geweest voor dat hy aangesteld werd.
- (4) Dat het niets volgens de wet in de school gezongen werd. Ik geloof dat in den aanvang het niet geregeld gezongen werd, en de reden daarvoor opgegeven, was dat de onderwyzer niet de noodige zangboekjes had. De onderwyzer kan goed zingen, en ik kan zelf getuigen dat nu ten minste de kinderen zeer goed zingen kunnen. Het is jammer dat de Heer van Heyningen niet persoonlyk de school bezocht en aldus zich overtuigde of het gezongen werd of niet. De

onderwyzer/

onderwyser verklaarde dat aan de eischen der wet voldaan werd: en "eene persoonlyke overtuiging" is niet genoeg om iemand voor leugenaar uittemaken. Het "onus probandi" ligt by den klager: en geene bewyzen zyn opgegeven.

Dus, ofschoon ik denk dat de heer Pos niet de wenschelyke inschikkelykheid betoond heeft, noch zoo bereidwillig geweest is, als hy behoorde te zyn, om het beste van omstandigheden te maken, kan ik de opgevene redenen niet beschouwen als genoegzaam om hem af te zetten.

Klacht IV. Werd teruggetrokken omdat de schorsing als voorlezer en Scriba des Kerkerads, met de gronden daarvan, alreeds het onderwerp is geweest van eene rechtzaak voor het Landdrosthof, en, geappelleerd zynde, nog moet worden beslist.

Klacht V werd teruggetrokken omdat de Voorzitter der School Commissie, op opgegeven gronden, weigerde den brief, waarop die klacht rust, in handen van den klager te stellen. De Heer Pos verklaart dat de brief geene aanklacht bevat, maar wel een verzoek aan de Commissie. Den brief niet gezien hebben, kan ik niet daarover oordeelen.

De klacht tegen den Heer van Heyningen beschouw ik als van geringe waarde. Als een officieel lid van eene Commissie weigert de vergaderingen by te wonen, moet hy maar t'huis blyven. Wanneer hy gewichtige redenen opgeeft, die de eer of oprechtheid der andere leden aanraken, kan de zaak onderzocht worden.

Dus beschouw ik dat niets bewezen is dat het Gouvernement zou rechtigen tot het afzetten van den heer Pos. Geene van de betrokkene partyen is geheel onschuldig: maar ik moet zeggen dat, naar het my voorkomt, de voornaamste oorzaak van al die moeilykheden is de bepaalde tegenstand tusschen den Predikant en den onderwyser, die byna van het begin af heeft bestaan, en hoe langer hoe erger is geworden. Dit geschil is ook erger gemaakt door het feit, dat de heer Pos niet alleen onderwyser, maar ook voorlezer, voorzanger en Scriba des Kerkerads was, en dus in nauwere aanraking

met/

met den Predekant kwam dan anders het geval zou zyn geweest. Ware hy alleen onderwyzer geweest, zouden wy misschien niets van die klachten hebben gehoord.

De Landdrost van Winburg heeft de Gouvernements School aldaar gesloten op den 31 ste Juli, en den Heer Pos kennis gegeven dat hy zich niet meer moet beschouwen als Gouvernements onderwyzer te Winburg om reden dat het gemiddeld aantal kinderen minder dan 15 was. Op last van ZH.Ed. den Staatspresident met het oog op het aanstaande onderzoek, werd zyn salaris tegen £90 per jaar voor de maanden Juni en Juli toegestaan als eene speciale toelage en niet te worden gerekend als eene erkentenis dat hy daartoe gerechtigd was.

Verondersteld dat de HEd. Raad met my instement dat niets tegen de eer of de bekwaamheid van den onderwyzer bewezen is, en dat de Gouvernements School te Winburg is opgeheven, nu komt de vraag op, wat moet met den Heer Pos gedaan worden? Het is niet zyne schuld (of ten minste het is niet bewezen dat het zyne schuld is) dat de school te Winburg moest worden gesloten; en waren de Regulaties van 1864 nog van kracht gebleven, zou hy nog hebben kunnen voortgaan met zyn werk als Gouvernements onderwyzer, want onder de voornoemde Regulaties is ergeene beperking van een gemiddeld aantal kinderen. Hy heeft zyne betrekking verloren door de vaststellen van de nieuwe Ordonnantie van 1874, en hy behoort niet daardoor schade te lyden.

Ik voeg hierbij eenen brief van den heer Pos aan den Landdrost van Winburg (gem. G.) waarin hy zich bereid verklaart, om des vredes wil, voor zyne tegenwoordige betrekking te bedanken, wanneer hom eene andere aannemelyke betrekking of eene voldoende schadeloosstelling wordt gegeven.

Wat eene aannemelyke betrekking aangaat, kan ik hem niet zoodanige betrekking beloven, want de kiezing van onderwyzers berust by de School Commissie, en ik moet slechts toezien dat de benoemde personen de vereischte bekwaamheid bezitten. Ik

kan/

kan hem wel aanbevelen: maar het feit dat de klachten tegen hem te Winburg ingebracht zyn, zal het byna onmogelyk maken dat hy gekozen worde tot eene onderwyzersbetrekking in den Vrystaat. Ik moet verder zeggen dat er geruchten in omloop zyn (gegrond of niet, daarover kan ik niet oordeelen) dat hy aan de liberale of moderne richting toegedaan is: en dit gerucht alleen zou hem het vertrouwen ontnemen dat by eenen onderwyzer boven alles vereischt is. De eenigste betrekking die, naar ik weet, hem aangeboden kan worden, is eene betrekking in den Civielen Dienst.

Wat eene voldoende schadeloosstelling zou moeten bedragen, kan ik niets van zeggen. Van zulke zaken heb ik geene ondervinding. Ik heb hem verzocht een voorstel in te zenden, hetwelk hy beloofde, na raadpleging met zynen agent, te zullen doen, maar het is nog niet ter hand gekomen.

Er zullen ook misschien moeilykheden voorkomen aangaande de intekeningsgelden. Een gedeelte daarvan is achterstallig; en volgens de opinie van den Staatsprocureur kan niemand gedwongen worden om zyne subscriptie te betalen na den 3de Juni, op welken datum de nieuwe ordonnantie in werking trad. Ik geloof echter dat de meeste intekenaren betaald hebben tot den 31 Juli.

De Heer Pos houdt nog school, maar voor zyne eigene rekening. Op Maandagmorgen, toen ik daar was, waren er slechts 10 tegenwoordig. Hy wil gaarne te Winburg blyven totdat zyne zaak tegen de Kerkeraad, die in appel gebracht is, beslist is geworden.

De Gouvernements school te Winburg moet, naar myne beschouwing gesloten blyven totdat de nieuwe School Commissie aangesteld worde; en daarna zal zy waarschyndlyk weder worden geopend. Indien de klachten nu in quaestie beschouwd worden als niet bewezen, dan kan de heer Pos herkozen worden tot Gouvernements onderwyzer te Winburg; en voor zoo verre ik over de gevoelens van de meerderheid der dorpsinwoners op

het/

het oogenblik oordeelen kan, bestaat er gevaar dat dit zal geschieden. Maar dit zou zeker zeer onwenschelyk zyn in het belang van de opvoeding der Winburgsche jeugd, hoe onschuldig ook de heer Pos moge zyn: en ik hoop dat de nieuwe Commissie in dit opzicht voorzichtig zal handelen.

Ik heb de eer te zyn,

UHEd. dienstw. Dienaar.

John Brebner M.A.

Insp. van het Onderwys O.V.S.

---oOo---

B I B L I O G R A F I E.

A. ARGIVALE BRONNE.

a) O.V.S-ARGIEF, BLOEMFONTEIN.

(i) Algemeen:

- 1) Brieweboeke van Warden: B.R. 1/1, B.R. 2/1.
- 2) Bylae tot die Vrystaatse Volksraadsnotule: V.R.
- 3) Inkomende Briewe van die Goewermentsekretaris, Bloemfontein: G.S.
- 4) Inkomende Briewe van die Goewermentsekretaris, Winburg: G.S.
- 5) Inkomende Briewe van Inspekteur van Onderwys: G.S. en O.R.
- 6) Tesourie-Generaal, Winburg: T.G. 3384-T.G. 3430.
- 7) Volksraadsnotule: 1854 - 1897.

(ii) Rapporte:

1) Britse Blouboeke:

(a) Cd. 893: "Report on the Concentration Camps in South Africa, by the committee of Ladies appointed by the Secretary of State for war; containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal 1902".

(b) Cd. 902: "Further papers relating to the Working of the Refugee camps in South Africa. 1902".

(c) Cd. 903: "Further Correspondence relating to the Affairs in South Africa. Jan. 1902".

(d) Cd. 934: "Further Papers relating to the Working of the Refugee Camps in South Africa. February 1902".

(e) Cd. 936: "Further Papers relating to the Working of the Refugee Camps in South Africa. March 1902".

(f) Cd. 1161: "Statistics of the Refugee Camps in South Africa 1902".

2) Report of the Director of Education.
November 1900 to February 1904 - O.R.C.189.

3) Verslag van den Staat van het Openbaar Onderwijs:

- (a) O.R.73 (1876 - 1885).
- (b) O.R.74 (1886 - 1894).
- (c) O.R.75 (1894 - 1898).

(iii)/

(iii) Tydskrifte:

- 1) "Cape Government Gazettes" 1848.
- 2) "De Fakkel" 1877 - 1904.
- 3) "De Tijd" 1866.
- 4) "Die Volksblad" 1927, 1931, 1938.
- 5) "The Friend of the Free State" 1850 - 1864 en 1923.
- 6) "Gouvernements Courant van den Oranje Vrijstaat" 1875 - 1876.

b) O.V.S-N.G. KERK-ARGIEF, BLOEMFONTEIN.

- 1) "Die Kerkbode": 1852 - 1918.
- 2) "Jaarboek, N.G. Kerk, 1949.

c) ARGIEFSTUKKE TE WINBURG. (PRIMÊRE BRONNE).

- 1) Brieweboeke van die N.G. Kerk, Winburg. 1853 - 1866 (Litt. A, B en C.)
- 2) Inspekteursrapporte 1904 - 1957 (Skoolhoofkantoor, Hoër- en Laerskool).
- 3) "Laws of the Orange River Colony", 1900 - 1906. (Landdroeskantoor, Winburg).
- 4) Notule van die Rietfontein N.G. Kerk: 1917 - 1923. (Skriba-kantoor).
- 5) Notule van die Winburgse Kerkraad: 1848 - 1886 (Konsistorie).
- 6) Notule van die Winburgse Kerkraad: 1914 - 1950¹⁾ (Konsistorie).
- 7) "School Log Book": 1904 - 1929 (Skoolhoofkantoor, Hoërskool)
- 8) Skoollogboeke, Hoërskool: 1929 - 1957 (Skoolhoofkantoor, Hoërskool).
- 9) Skoollogboeke, Volksskool: 1923 - 1957 (Skoolhoofkantoor, Volksskool).
- 10) Skoolkommissie-notule: 1936 - 1957²⁾ (Skoolraadskantoor, Winburg).
- 11) "Wetten van de O.R. Kolonie": 1907 - 1908 (Landdroeskantoor, Winburg).

d) DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, BLOEMFONTEIN (PRIMÊRE BRONNE).

- 1) "Report of the Director of Education/Verslae van die Direkteur van Onderwys": 1904 - 1954 (Ook in die O.V.S.-argief nagegaan).
- 2) Geboue en Terreinlêer, Winburg. E.151. (Deel I: 1923 - 1931; Deel II: 1931 - 1938; Deel III 1938 - 1948; Deel IV: 1927 - 1938; Deel V: 1932 - 1948).

B. ONGEPUBLISEERDE VERHANDELINGS.

- 1) Beukman, B. I. S: Die Geskiedenis van Onderwys in die Vrystaat voor en onmiddellik na Unie (1898-1912). O.V.S.-argief).
- 2) Malan, P. S: Onderwys in die Oranje-Vrystaat (1854 - 1874). (O.V.S.-argief).

3)/

-
- 1) Die notuleboek van 1887-1913 het verlore geraak.
 - 2) Die Skoolkommissienotule vóór 1936 het nie bewaar gebly nie.

- 3) Olwagen, J. D: Die ontwikkeling en betekenis van die Plaasskool in die Republiek Oranje-Vrystaat, 1854 - 1899. (U.O.V.S.-biblioteek.)

C. LETTERKUNDIGE WERKE.

- 1) Gerdener, Dr. G. B. A: Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep. Die Nasionale Pers Beperk, Keeromstraat, Kaapstad, 1930.
- 2) Gerdener, Dr. G. B. A: Ons Kerk in die Transgariep. Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad 1934.
- 3) Gie, Dr. S. F. N: Geskiedenis vir Suid-Afrika of Ons Verlede. Deel II 1795 - 1918. Pro Ecclesia-Drukkery, Pastoriestraat, Stellenbosch, 1928.
- 4) Hobhouse, Emily: Die Smarte van die Oorlog en wie dit gely het. (Uit die Engels vertaal deur dr. N. J. van der Merwe). Derde druk. Nasionale Pers Beperk - Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, 1943.
- 5) Malan, J. H: Die Opkoms van n Republiek of Die Geskiedenis van die Oranje-Vrystaat tot die jaar 1863. Nasionale Pers Bepk., Bloemfontein, 1929.
- 6) Otto, J. C., M.A., D.Phil.: Die Konsentrasiekampe. Nasionale Handelsdrukkery, Beperk, Elsievriër, 1954. (Gepubliseerde verhandeling).
- 7) Theal, George McCall: History of South Africa, Vol.II. Londen, Swan, Sonnenschein & Co. Ltd. 1908.
- 8) Van der Walt, A. J. H., M.A., D.Phil., Wiid, J.A., M.A., D.Phil., en Geyer, A. L., M.A., D.Phil: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I. Nasionale Pers Beperk, Kaapstad, 1951.
- 9) Van der Walt, L. B: Die Ontstaan en Groei van Winburg. Nasionale Pers Beperk, Bus 267, Bloemfontein, 1928.
- 10) Van Rensburg, Hans (Dr.): Their Paths Crossed Mine. Central News Agency Ltd. South Africa, 1956.
- 11) Walker, Eric A: A History of Southern Africa. Third Edition. Printed in Great Britian by Spottiswoode, Ballantyne & Co. Ltd. Londen and Colchester, 1957.
- 12) Walker, Eric A: A Modern History for South Africans. Maskew Miller, Limited, Cape Town, 1926.

D. ANDER STUKKE.

- 1) „Die Transvaler“ Desember 1938.
- 2) Euufeesprogram, 1837 - 1937, Groot Trek, Winburg.
- 3) Geloftedag 1953: n Publikasie deur die N.G. Kerk-uitgewers, Posbus 4539, Kaapstad.
- 4) Jubileumfees, Winburgse Weeshuis: Saamgestel deur ds. S. J. Botha, M.A. (1953) (Saamgestel uit die Weeshuisnotule en korrespondensie).
- 5) Winburg se geskiedkundige Feesterrein: n pamflet (1938) (Ook opgeneem in „Die Volksblad“ Desember 1938).

E. ALGEMEEN.

- 1) Begraafplase, Winburg.
- 2) Konsentrasiekamp-kerkhof, Winburg.
- 3) Onderhoude:
 - (a) Barnard, M., Ventersburg.
 - (b) Kok, H. S. Damplaas, Winburg.
 - (c) Loch, M. (Mev.), Paul Roux.
 - (d) Steyn, C.J., Skoolhoof, Virginia. (Oud-Skoolhoof, Volksskool, Winburg).
 - (e) Venter, B.A.G., (Mev.) (geb. Marx), Ventersburg.